Die rol van neëntiende-eeuse fotografie in eietydse bewaring: William Roe en Graaff-Reinet

Johanna Francina Malherbe

Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in Wysbegeerte in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch

Promotor: Prof M Burden

Desember 2014

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Deur hierdie proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

JOHANNA FRANCINA MALHERBE (néé DE KLERK)

Handtekening: ……

Datum: ……

Kopiereg © 2014 Universiteit van Stellenbosch
Alle regte voorbehou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Hierdie studie het ten doel om die rol wat 19de-eeuse fotografie kan vervul in die rekonstruksie van ’n era en in die bewaring van kultuurgoedere vir die 21ste eeu, aan te spreek. Die fotoversameling van William Roe van Graaff-Reinet word as voorbeeld gebruik.
Die ontstaan en ontwikkeling van Graaff-Reinet word as agtergrond behandel en belangrike gebeurtenisse soos onder meer Die Groot Trek, die koms van die spoorlyn, die Anglo-Boereoorlog, die Eerste Wêreldoorlog en die Groot Griep word uitgewys. Aspekte soos opvoeding, kerke, die biblioteek en hospitaal is aanvullend bestudeer om ’n volledige beeld van Graaff-Reinet daar te stel.

’n Oorsig oor die ontwikkeling van fotografie dek verskeie vroeë fotoprosesse soos die daguerreoproses, Talbot se papiernegatief, die calotipe-fotoproses en die gewilde carte-de-visite-foto's. Fotografie in Suid-Afrika word bespreek met spesifieke verwysing na die eerste fotograwe wat in die land werksaam was. Daar word verwys na die invloed wat belangrike gebeurtenisse soos die ontdekking van diamante en goud, asook die Anglo-Boereoorlog, op fotografie in Suid-Afrika gehad het. Die ondersoek na William Roe as mens sowel as sy nalatenskap as fotograaf vorm ’n belangrike onderdeel van die studie.

Die Victoriaanse era word bespreek aangesien dit die tydperk was waarin Roe geleef en gewerk het, en dus ’n vormende invloed op sy werk gehad het. ’n Oorsig oor die Victoriaanse era in Engeland word gevolg deur ’n beskouing van dié era in Suid-Afrika. Die stormloop na die diamantvelde, taalkwessies en heersende modeneigings word uitgewys. Baie van die modeneigings word tydens die ontleding van die kultuurverskynsels op die Roe-foto’s opgemerk en bespreek.

Die foto’s vir die ontleding van kultuurverskynsels is in kategorieë ingedeel. Die argitektuur en historiese agtergrond van kerke en openbare geboue word bespreek. Straat- en dorpsbeelde dui die ontwikkeling van en bedrywighede op die dorp aan. Kleredragfoto’s bied ’n rekonstruksie van die modes van die Victoriaanse era terwyl die foto’s van openbare geleenthede soos sportbyeenkomste, feesvieringe, toneelopvoerings asook ’n samekoms tydens die Anglo-Boereoorlog die sosiale lewe van die inwoners van die dorp aandui.

Die rol van die menslike geheue in kultuurgeskiedskrywing word vergelyk met die rol van foto’s as “geheue”. Terselfdertyd word die vermoë van foto’s om nie net fisiese kultuur te weerspieël nie, maar ook abstrakte konsepte te verteenwoordig, behandel. Die aanwending van hierdie eienskappe van fotografie in kultuurbewaring is ’n uitdaging vir bewaringskundiges van die 21ste eeu.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ABSTRACT

This study aims to understand the role that 19th century photography can play in the reconstruction of an era and in the conservation of cultural heritage in the 21st century. The photo collection of William Roe, a photographer from Graaff-Reinet, is used as an example.

The origin and development of Graaff-Reinet is used as background information and major events such as the Great Trek, the arrival of the railway, the Anglo-Boer War, the First World War and the Great Flu are touched upon. Aspects such as education, churches, the library and the hospital in Graaff-Reinet complement the study.

An overview of the development of photography covers several early photo-making processes. These include the daguerreotype process, Talbot's paper negative process, collotype and the popular carte de visite photographs. Photography specifically in South Africa is also conferred, with particular reference to the first photographers working in the country. Reference is made to the important influences major events like the discovery of diamonds and gold as well as the Anglo-Boer War had on photography. The discussion of William Roe as human being and his legacy as a photographer forms an integral part of the study.

The Victorian period is discussed since this was the period in which Roe worked and lived. It had a formative influence on his workmanship. An overview of the Victorian period in England is followed by specific focus on South Africa during this time. The rush to the diamond fields, issues with language and the trends of the times are pointed out. Many of these trends are specifically indicated and discussed as they appear in Roe's photos.

The photos have been categorized to clarify analysis of the different cultural phenomena. The architecture and historical background of Graaff-Reinet's churches and public buildings are discussed. Streetscapes and images of the town as a whole show the development and daily activities that took place. Photos of clothing represent a reconstruction of the fashions of the concurrent Victorian era and those of public events such as sporting events, celebrations, plays and a gathering during the Anglo-Boer War, display the social life of the community.

The role of human memory in the writing of cultural history is compared with the "memory" role of photographs. At the same time the ability of photographs to reflect not only physical culture, but also abstract concepts, receives attention. The use of these abilities of photography in the preservation of culture is a challenge for conservationists of the 21th century.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DANKBETUIGINGS

Graag wil ek my opregte dank uitspreek teenoor:

- Prof Matilda Burden vir haar volgehoue leiding, geduld en insette
- Johan, en my kinders; in die besonder baie dankie aan Petrus vir sy geduld en hulp
- Spesiale vriende en familie vir julle aanmoediging, ondersteuning en hulp
- Die personeel van die Graaff-Reinet Museum en in die besonder Anziska Kayster en Denise van Wyk
- Carol Hardijzer wat as kenner oor fotografie positiewe insette en deurlopende aanmoediging verleen het
- Die hele gemeenskap van Graaff-Reinet wat moeiteloos ondersteuning en hulp verleen het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

		BLADSY
INLEIDING		1
HOOFSTUK 1: KONSEPTUALISERING, METODOLOGIE EN LITERATUURSTUDIE		**7**
1.1	Inleiding	7
1.2	Konseptualisering:	7
1.2.1	Kultuur	7
1.2.2	Kultuurgeskiedenis	14
1.2.3	Kultuurlandskappe	15
1.2.4	Erfenisbewaring	16
1.3	Metodologie	18
1.4	Bronnestudie	33
1.4.1	Literatuur	33
1.4.1.1	Literatuur oor Graaff-Reinet	33
1.4.1.2	Literatuur oor fotografie	35
1.4.1.3	Literatuur oor Suid-Afrikaanse fotografie	36
1.4.1.4	Literatuur oor konsepte en teorieë	38
1.4.1.5	Literatuur oor Victoriaanse era	40
1.4.2	Verslae en manuskripte	43
1.4.3	Argivale bronne	44
1.4.4	Ter plaatse ondersoeke	44
1.4.5	Mondelinge bronne	44
HOOFSTUK 2: GRAAFF-REINET: HISTORIESE AGTERGROND		**46**
2.1	Inleiding	46
2.2	Stigting van Graaff-Reinet	46
2.3	Die Stockenströmperiode, 1806-1827	48
2.4	Die Groot Trek	50
2.5	Immigrante na Graaff-Reinet	52
2.6	Boerdery en ekonomiese depressie	54
2.7	Vervoer: Die Middellandse treindiens na Graaff-Reinet	56
2.8	Opvoeding	58

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.9 Geskiedenis van kerke in Graaff-Reinet 59
2.9.1 Nederduits Gereformeerde Kerk 59
2.9.2 Anglikaanse Kerk 62
2.9.3 Die Metodiste Kerk 63
2.9.4 Die Rooms-Katolieke Kerk 63
2.9.5 Die Joodse gemeente 64
2.9.6 Die Pastoriestraat Congregational Kerk 64
2.9.7 Die NG Sendingkerk 65
2.9.8 Die Vrye Protestante Kerk 66
2.10 Die pers 66
2.11 Die biblioteek 68
2.12 Die Middellandse Hospitaal 68
2.13 Die Waterskema 70
2.14 Die Anglo-Boereoorlog 71
2.15 Die tydperk na die Anglo-Boereoorlog 74
2.16 Die Eerste Wêreldoorlog 75
2.17 Die Groot Griep 78
2.18 Die 20ste eeu 81
2.19 Slot 84

HOOFSTUK 3: DIE ONTWIKKELING VAN FOTOGRAFIE EN WILLIAM ROE 85

3.1 Inleiding 85
3.2 ’n Oorsig oor die ontwikkeling van fotografie 86
3.2.1 Vroeë eksperimente 86
3.2.2 Daguerre en die daguerreoproses 88
3.2.3 Talbot en die papiernegatief 89
3.2.4 Amerika en die calotipe-fotoproses 90
3.2.5 Hill, Adamson en calotipe-fotografie in Skotland 92
3.2.6 Die calotipe-fotoproses in Frankryk 92
3.2.7 Die ontwikkeling van die natplaat-kollodionfotoproses 93
3.2.8 Die ambro-fotoproses 95
3.2.9 Carte-de-visite-foto’s 96
3.2.10 Die droëplaat-gelatienproses 98
3.2.11 Die koms van permanente foto’s 99
3.3 Fotografie in Suid-Afrika 102
3.3.1 Inleiding 102

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.2 Jules Léger 103
3.3.3 Fotograwe in Kaapstad 103
3.3.4 Carte-de-visite in Suid-Afrika 105
3.3.5 Die invloed van die ontdekking van diamante en goud in Suid-Afrika op fotografie 108
3.3.6 Fotografie tydens die Anglo-Boereoorlog 110
3.3.7 Fotoversamelings in Suid-Afrika 112
3.4 Die nalatenskap van William Roe 115
3.4.1 William Roe, die mens 115
3.4.2 William Roe die fotograaf 118

HOOFSTUK 4: ERFENISBEWARING EN GEHEUE 124

4.1 ’n Kort geskiedenis van bewaring 124
4.2 Die rol van museums in bewaring 125
4.3 Die rol van geheue in bewaring 128
4.3.1 Wat is geheue? 128
4.3.1.1 Geheue en geskiedenis 129
4.3.1.2 Die rol van vergeet in die geheueproses 133
4.3.1.3 Geheue en trauma 134
4.3.2 Kollektiewe en individuele geheue 136
4.4 Riglyne en tegnieke vir bewaring van materiële en nie-materiële kultuur 139
4.5 Etiek en bewaringsbeginsels 143

HOOFSTUK 5: VICTORIAANSE ERA 148

5.1 Inleiding 148
5.2 Oorsig oor die Victoriaanse era in Engeland 148
5.3 Die Victoriaanse era in Suid-Afrika 153
5.3.1 Demografiese verspreiding 153
5.3.2 Die diamant- en goudstormloop se invloed op Suid-Afrika 154
5.3.3 Taalkwessies en onderwys tydens die neëntiende eeu 156
5.3.4 Ekonomiese ontwikkeling en landboubedrywighede in Suid-Afrika 158
5.3.5 Sport tydens die neëntiende eeu in Suid-Afrika 160
5.3.6 Vermaak in Suid-Afrika 161
5.3.7 Koerantwese 161

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.8 Wet en orde in Suid-Afrika 162
5.3.9 Openbare byeenkomste 162
5.3.10 Die Victoriaanse vrou se huis 163
5.4 Slot 163

HOOFSTUK 6: KULTUURVERSKYNSELS SOOS WEERSPIEËL DEUR DIE FOTO'S VAN WILLIAM ROE 165

6.1 Inleiding 165
6.2 Analisering van fotomateriaal 168
6.2.1 Argitektuur 168
6.2.1.1 Religieuse geboue 168
6.2.1.1.1 Nederduits Gereformeerde Kerk 168
6.2.1.1.2 Nuwe Nederduits Gereformeerde Kerk (Grootkerk) 171
6.2.1.1.3 Die Anglikaanse Kerk (St Jameskerk) 175
6.2.1.1.4 Waarde en betekenis 177
6.2.1.2 Openbare geboue 179
6.2.1.2.1 Die Oriental Bankgebou 179
6.2.1.2.2 Standard Bankgebou 181
6.2.1.2.3 Wimble se winkel 183
6.2.1.2.4 Die drosdy 186
6.2.1.2.5 Die Drosdyhotel 189
6.2.1.2.6 Die ou openbare biblioteekgebou 192
6.2.1.2.7 Urquharthuis 195
6.2.1.2.8 Reinethuis 199
6.2.1.2.9 Midland Seminary skool 204
6.2.1.2.10 Waarde en betekenis 206
6.2.2 Straat- en dorpsbeelde 209
6.2.2.1 Panoramiese beelde 209
6.2.2.2 Beelde van Kerkplein as sakekern 212
6.2.2.3 Waarde en betekenis 214
6.2.3 Kleredrag 216
6.2.3.1 Troufoto's 216
6.2.3.1.1 Onbekende trougroep (1) 216
6.2.3.1.2 Onbekende trougroep (2) 219
6.2.3.1.3 Waarde en betekenis 222

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.3.2 Kinderkleredrag 223
6.2.3.2.1 Vera Bernadette Sandford 223
6.2.3.2.2 Onbekende kind 225
6.2.3.2.3 Post-mortem foto van baba 226
6.2.3.2.4 Waarde en betekenis 227
6.2.3.3 Gesin-portretstudies 228
6.2.3.3.1 Onbekende gesin (1) 228
6.2.3.3.2 Onbekende gesin (2) 231
6.2.3.3.3 Onbekende gesin (3) 233
6.2.3.3.4 Onbekende gesin (4) 236
6.2.3.3.5 Waarde en betekenis 238
6.2.4 Sport 239
6.2.4.1 Tennis 239
6.2.4.2 Sportbyeenkoms 241
6.2.4.3 Boogskiet 243
6.2.4.4 Waarde en betekenis 244
6.2.5 Feesvieringe en openbare geleentheid 246
6.2.5.1 Feesvieringe in Pastoriestraat 246
6.2.5.2 Openbare geleentheid 248
6.2.5.3 Samekoms op 10 Mei 1899 249
6.2.5.4 Byeenkoms tydens toneelopvoering 251
6.2.5.5 Waarde en betekenis 253
6.2.6 Die Anglo-Boereoorlog 254
6.2.6.1 Vonnisoplegging van rebelle 254
6.2.6.2 Soldate tydens die Anglo-Boereoorlog 256
6.2.6.3 Waarde en betekenis 258
6.2.7 Landskapsfoto's 259
6.2.7.1 Vallei van Verlatenheid buite Graaff-Reinet 259
6.2.7.2 Plaaslandskap: Wellwood 260
6.2.7.3 Waarde en betekenis 262
6.2.8 William Roe in die diamantveld 264
6.2.8.1 Diamantveld naby Kimberley 264
6.2.8.2 Delwerskamp naby Kimberley 266
6.2.8.3 Waarde en betekenis 267

HOOFSTUK 7: EVALUERING 268

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BRONNE **274**

ADDENDUM A **298**

Sensus-inskrywing in openbare register, Northampton (30/3/1851)

ADDENDUM B **299**

Sensus-inskrywing in openbare register, Northampton (ongedateer)

ADDENDUM C **300**

Advertensie van Roe se foto-ateljee in die *PE Telegraph* (7/10/1858)

ADDENDUM D **301**

Banktjeks wat Roe aan sy verskaffers uitgeskryf het

ADDENDUM E **302**

William Roe se doodsertifikaat

ADDENDUM F **303**

Grafsteen van William Roe en sy seun William Edward Roe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS VAN ILLUSTRASIES

Figuur A: Ou kaart van Graaff-Reinet xiv
Figuur B: Kaart van Graaff-Reinet xv
Figuur 1.1: Die Burden-model 24
Figuur 1.2: Die Galla-model 30
Figuur 3.1: William Roe 121
Figuur 3.2: Die Roe-woning te Somersetstraat 67 122
Figuur 3.3: Die Victoriaanse sitkamer van die Roe-familie 122
Figuur 3.4: Roe se eenmanperdekar by Barkley-Wes 123
Figuur 6.1: Derde NG Kerk (hallekerk) 168
Figuur 6.2: Vierde en huidige NG Kerk (Grootkerk) op Graaff-Reinet 171
Figuur 6.3: St Jameskerk in Somersetstraat 175
Figuur 6.4: Oriental Bankgebou 179
Figuur 6.5: Standard Bankgebou in Kerkstraat 181
Figuur 6.6: Wimble winkelgebou op die hoek van Caledonstraat en Markplein 183
Figuur 6.7: Eerste drosdygebou 186
Figuur 6.8: Victoriaanse dubbelverdieping Drosdyhotel 189
Figuur 6.9: Die Ou Biblioteek in Kerkstraat 192
Figuur 6.10: Urquharthuis op Markplein 195
Figuur 6.11: Reinethuis 199
Figuur 6.12: Die Midland Seminary 204
Figuur 6.13: Graaff-Reinet in westelike rigting (c1885) 209
Figuur 6.14: Graaff-Reinet in westelike rigting (c1888) 209
Figuur 6.15: Graaff-Reinet in westelike rigting (c1899) 210
Figuur 6.16: Kerkplein vanaf die noorde (c1880) 212
Figuur 6.17: Kerkplein en Caledonstraat (c1885) 212
Figuur 6.18: Troufoto (1) 216
Figuur 6.19: Troufoto (2) 219
Figuur 6.20: Vera Bernadette Sandford 223
Figuur 6.21: Kinderkleredrag en troeteldier 225
Figuur 6.22: Post mortem foto van baba 226
Figuur 6.23: Portretstudie van ’n onbekende gesin (1) 228
Figuur 6.24: Portretstudie van ’n onbekende gesin (2) 231
Figuur 6.25: Portretstudie van ’n onbekende gesin (3) 233
Figuur 6.26: Portretstudie van ’n onbekende gesin (4) 236
Figuur 6.27: Die Star Tennisklub 239

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 6.28: Atletiek, fietsry en boeresportbyeenkoms 241
Figuur 6.29: Die boogskietbaan 243
Figuur 6.30: Feesviering in Pastoriestraat 246
Figuur 6.31: Openbare geleentheid 248
Figuur 6.32: Samekoms met vertrek van prof Price se ballon (1) 249
Figuur 6.33: Samekoms met vertrek van prof Price se ballon (2) 249
Figuur 6.34: Toneelopvoering 251
Figuur 6.35: Vonnisoplegging 254
Figuur 6.36: Boere-soldaat 256
Figuur 6.37: Britse soldate 256
Figuur 6.38: Vallei van Verlatenheid 259
Figuur 6.39: Wellwood-plaas in distrik 260
Figuur 6.40: Delwery by Kimberley 264
Figuur 6.41: Die lewe in die delwerskamp 266

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur A: Ou kaart (1823) van Graaff-Reinet (Henning 1975:24-25)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

GRAAFF-REINET 2014



Figuur B: Kaart van Graaff-Reinet (Graaff-Reinet Toerisme 2014)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INLEIDING

Probleemformulering

Graaff-Reinet is ’n histories-gedenkwaardige dorp met baie ou geboue. Daar het egter baie van die ou geboue deur die jare verlore gegaan. Baie is gesloop as gevolg van onkunde van inwoners wat nie werklik die waarde daarvan besef het nie. In meer onlangse jare het dit ’n prioriteit geword om die sloping van gedenkwaardige geboue in Graaff-Reinet te probeer voorkom. Die vraag het ontstaan hoe historiese geboue in plattelandse dorpe aangewend kan word tot voordeel van die dorp en gemeenskap. Graaff-Reinet het nie groot nywerhede of besighede wat ekonomiese aktiwiteite kan stimuleer nie. Die dorp is grootliks afhanklik van toerisme as voedingsbron vir die ekonomie. Hierdie studie gaan poog om die rol wat fotografie in erfenisbewaring speel, te beklemtoon, met spesifieke verwysing na die potensiële bydrae van die William Roe-fotoversameling tot bewaring in Graaff-Reinet.

Nadat Camera Obscura in die vyftiende eeu reeds ontwikkel is, was dit Louis Daguerre (Frankryk) wat fotografie uiteindelik aan die massas bekendgestel het. Daguerre het in 1839 tydens die Franse Akademie vir Wetenskap se byeenkoms in Parys sy amptelike aankondiging oor die “daguerreotype”-proses (glasplaatnegatiewe) gemaak. Dit het ’n ontploffing in openbare belangstelling tot gevolg gehad (Buckingham 2004:6-8, Greenspun 2006:1-7). In Suid-Afrika is die vroegste fotografie-ateljee in Oktober 1846 deur Jules Léger in Port-Elizabeth geopen. Die voorbeelde van die vroegste plaaslike fotograwe is “daguerreotypes”, maar foto’s op papier het kort hierna gevolg (Schoeman 1996:13; Bull & Denfield 1970:33).

Die bekendste groot historiese fotoversamelings van individue as fotograwe in Suid-Afrika, is waarskynlik dié van Arthur Elliott (1870-1938), wat in die Kaapse Argiefbewaarplek gehuisves word en James Gribble (jnr) (1863-1943), wat by die Drakenstein Heemkring bewaar word. Oor albei hierdie fotograwe is heelwat inligting bekend en bestaan daar ook literatuur. Die fotoversameling van William Roe (1827-1916) van Graaff-Reinet kan as van dieselfde historiese belang as hierdie ander twee versamelings gereken word, maar geen navorsing is nog oor Roe gedoen nie. Die William Roe-fotoversameling bestaan uit ongeveer drieduisend foto’s. William Roe het in 1858 vanuit Engeland na Suid-Afrika verhuis en open kort daarna ’n fotografie-ateljee op Graaff-Reinet. Sy foto’s van die diamantdelwery in Kimberley word wêreldbekend.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Roe word gemeld in *Secure the shadow* deur Marjorie Bull en Joseph Denfield, maar enige diepergaande ontleding van sy werk ontbreek nog.

Die rol wat fotografie in kultuurgeskiedenis speel, is nog nie volledig aangespreek nie. Elizabeth Edwards som dit soos volg op: "[F]or photographs are a major historical form for the late nineteenth and twentieth centuries, yet we have hardly started to grasp what they are about, how to deal with their rawness, in both senses of the word – the unprocessed and perhaps the sometimes painful" (Edwards 2001:15,16). In hierdie studie sal die rol van fotografie in die algemeen en die Roe-versameling spesifiek geprosesseer word deur die inhoud noukeurig te analiseer en dit as historiese bron, soos Edwards dit stel, aan te wend.

Die probleem is dat wanneer erfenisbewaring toegepas moet word, daar dikwels 'n groot leemte ten opsigte van betroubare bronne bestaan. Fotografie kan in baie gevalle hierdie leemte vul, byvoorbeeld om inligting te verskaf oor dorpsuitleg, sosiale bedrywighede, korrektheid van materiële kultuurprodukte (byvoorbeeld kleredrag, vervoermiddels, argitektuur), wie die inwoners was, landbou- en ekonomiese bedrywighede, en selfs ten opsigte van nie-materiële kultuur en aktiwiteite. Probleemareas rondom bewaring, soos die wêreldwye soeke na versoening tussen bewaring en ontwikkeling, etiese aspekte wat veral in sogenaamde restourasieprosesse na vore kom, onkunde by die verantwoordelike instansies en doelbewuste misleiding sal ondersoek word.

Dit is 'n natuurlike strewe van die mens om die werklikheid waarvan hy deel vorm te probeer begryp. Die belangrikste wyse waarop die mens sy ervaringe en belewinge vasgryp, is in uitsprake oor die werklikheid. Die maak van uitsprake, formuleer van stellings, is daarom 'n intrinsieke komponent van alle betekenisvolle menslike ervaring. In die mate waarin menslike kommunikasie noodsaaklik is vir sinvolle sosiale interaksie, so is die maak van stellings ook 'n onlosmaaklike dimensie van ons menswees (Mouton en Marais 1992:3). Die noodsaaklikheid en implementeerbaarheid van navorsing, asook die aktualiteit en sosiaal ekonomiese voordele daarvan, is faktore wat die keuse van 'n onderwerp ten nouste beïnvloed. Kultuurhistoriese navorsing moet dus 'n bydrae kan lewer tot sosio-ekonomiese vooruitgang of die bewaring van kultuurhistoriese erfenis, of albei. Hierdie studie is 'n eerste oor die groot bydrae wat die Roe-fotoversameling tot die bewaring van veral Graaff-Reinet se kultuurhistoriese erfenis lewer en die moontlikheid bestaan dat dit verdere navorsing oor die Roe-fotoversameling of oor ander soortgelyke fotoversamelings kan aanmoedig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die doel van die studie

Uit ’n voorafondersoek na die kultuurhistoriese waarde van die Roe-versameling, het dit geblyk dat hierdie beeldende bronne met kritiese analisering ’n substansiële bydrae kan lewer tot kultuurhistoriese rekonstruksie in Graaff-Reinet en omgewing. Die fotomateriaal kan baie bydra om bewaring eties toe te pas in museums en daar buite. Dit kan byvoorbeeld ’n groot rol speel wanneer geboue gerestoureer word, om die argitektuur van die geboue weer na die oorspronklike vorm of ’n vorige stadium terug te neem. Norman Eaton wat as ere-argitek die restourasie van Reinethuis (1952-1956) behartig het, het die belangrikheid van foto’s benadruk: “Om so ’n hoë mate van historiese juistheid en egtheid van karakter te verseker, moet ’n sorgvuldige restourasie-prosedure gevolg word. Ek het ’n uitmuntende Roe-foto opgespoor wat gesorg het dat die rekonstruksie van die gewel eg was en die gewel dus nie verlore gegaan het vir die dorp se inwoners nie” (Eaton 1966:69, 70). Die foto waarna Eaton verwys, is ’n foto wat Roe van die Reinethuis in 1866 geneem het.

Die oorkoepelende doel van hierdie ondersoek is om deur ontleding en kontekstualisering van die foto’s die rol wat die Roe-fotoversameling in bewaring kan speel, uit te wys. Die belangrikste uitgangspunt van die studie is dus dat fotografie ’n deurslaggewende rol kan speel in die kultuurhistoriese bewaringsproses. ’n Verdere uitgangspunt is dat die Roe-foto’s ’n essensiële deel van Graaff-Reinet se geskiedenis weerspieël en daarom onontbeerlik is in historiese navorsing oor hierdie dorp en sy gemeenskap.

Vrae wat onder meer aangespreek sal word is die volgende:

Oor die navorsing:

- Watter inligting bestaan reeds oor die onderwerp?
- Gaan die bestaande inligting toeganklik wees vir die navorser?

Oor die onderwerp self:

- Wat is die stand van bewaring op Graaff-Reinet?
- Kan die Roe-foto’s ’n bydrae lewer tot die bewaring van nie-tasbare sowel as tasbare kultuur?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die studie sal poog om deur geskiedkundige notering van kultuuraspekte wat aan die lig kom deur die bestudering van die William Roe-fotoversameling, die bewaringproses van sowel tasbare as nie-tasbare kultuur op Graaff-Reinet te ondersteun en eties aanvaarbaar te maak. Burden se metodologiese model vir Kultuurgeskiedenis sluit ook direk by bogenoemde aan en sal as breë raamwerk vir die studie gebruik word.

Spesifieke doelwitte in die studie is die volgende:

- om die Roe-fotoversameling kultuurhistories te ontleed
- om probleemareas in erfenisbewaring op Graaff-Reinet te identifiseer
- om riglyne daar te stel vir die aanwending van fotografie tydens bewaringsprosesse.

Terreinafbakening

’n Voorstudie het getoon dat dié foto-versameling waardevolle kultuurelemente bevat wat kan bydra tot die uitbou van die kultuurerfenis van Graaff-Reinet en sy inwoners. Dit kan die Roe-versameling meer toeganklik maak vir navorsers en kultuurbewaring in die algemeen kan baat vind by dié studie. Fotografie en die rol van Roe se foto’s maak ’n essensiële deel van die ondersoek uit.

Graaff-Reinet is die vierde oudste landdrosdistrik in Suid-Afrika. In 1786 is die eerste landdros, Mauritz Woeke, na die gebied gestuur, wat die leenplaas van Dirk Coetzee vir sy drosdy gekies het (Nunn 2008:15). Teen die middel van die neëntiende eeu was Graaff-Reinet die belangrikste handelsentrum in die binneland (Smith 1976:66). Dit was ongeveer in daardie tyd dat William Roe hom daar gevestig het en sy fotoversameling weerspieël dus ’n belangrike fase in die ontwikkeling van die dorp. Die terrein van die ondersoek word geografies beperk tot Graaff-Reinet en distrik, alhoewel Roe rondgereis het en ook foto’s in ander dele van die land geneem het.

Die vorming van die kunstenaar se gees vind plaas in wisselwerking met die gedagtes en werke van mense in die gemeenskap, mense met wie hy in aanraking kom (Coetzee 1994:3). William Roe is beïnvloed deur die tydperk wat hy in Engeland gewoon het, korter periodes in Port Elizabeth en Kimberley, sowel as die teenwoordigheid van Hollands- en Afrikaansprekendes op Graaff-Reinet. Hierdie invloede is merkbaar in sy fotografiese werk en kan bydra tot die bruikbaarheid van sy fotoversameling ten opsigte van bewaring. Die feit dat hy ’n groot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verskeidenheid onderwerpe en voorwerpe gefotografeer het, beteken dat hy die belang van die breë sosiale konteks in die geskiedenis van ’n dorp en gemeenskap besef het, en gepoog het om dit deur middel van fotografie vas te lê.

Die tydperk wat bestudeer word, is die periode wat Roe en sy familie op Graaff-Reinet woonagtig was, dit wil sê vanaf 1859 tot sy dood in 1916.

Die Roe-fotoversameling bestaan uit ongeveer drieduisend foto’s wat in ’n groot verskeidenheid kategorieë ingedeel sou kon word, soos byvoorbeeld, natuur, argitektuur, portretstudies, sosiale gebeure, gebeurtenisse, verskeie plaasbedrywe, delwersbedrywighede, sport, grafte, vervoermiddels, reisfoto’s, foto’s van Port Elizabeth asook ’n verskeidenheid insekte.

Omdat hierdie veld uit die aard van al die genoemde temas so wyd is, word die studie beperk tot die analisering van:

- Argitektuur
- Openbare geboue
- Straat- en dorpsbeelde
- Kleredrag
- Sport
- Feesvieringe en openbare geleenthede
- Die Anglo-Boereoorlog
- Landskappe
- Diamantveld

’n Motivering vir die seleksie van die bepaalde temas word in hoofstuk 6 aangespreek. Om die omvang van die studie binne aanvaarbare perke te hou, is die meeste foto’s wat bespreek word van mense, geboue en gebeure in en om Graaff-Reinet. Daar word wel ’n foto van die delwerye by Kimberley ingesluit, aangesien Roe wêreldwye erkenning vir sy foto’s van die delwersbedrywighede by Kimberley ontvang het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Terminologie

Kernbegrippe soos *kultuur*, *Kultuurgeskiedenis*, *erfenisbewaring* en *geheue* word volledig gekonseptualiseer in hoofstuk 1. Dit is egter nodig om hier te verwys na die gebruik van die term *Boesman*. Die tendens bestaan wel in 2014 om hierdie bevolkingsgroep die *San* te noem, maar soos Le Roux en White in hul boek verduidelik, verkies ’n groot gedeelte van daardie gemeenskappe om wel as “Boesmans” aangespreek te word (2004:4). Le Roux en White se mening word bevestig deur Smith ea wat die term soos volg beskryf: “The name “Bushman” or “Bossiesman” was given to low-status people encountered by the Dutch settlers in the 1600s, and referred to those who collected their food off the land and had no domestic animals. Today, while the hunters have no single name for themselves, they have come to prefer outsiders using the term “Bushman” (Smith 2000:2). Hierdie skrywers gebruik selfs die titel *The Bushmen of Southern Africa* vir hulle boek.

Aanbieding van stof

Hoewel die hoofdoel van die studie is om uiteindelik die Roe-foto’s te ontleed en hulle potensiële rol in bewaring uit te wys, dien die voorafgaande hoofstukke nie bloot net as agtergrond nie. Die omvattende navorsing oor die basiese akademiese konsepte, Graaff-Reinet, fotografie, die Victoriaanse era en geheue word alles geïntegreer wanneer die foto’s geanaliseer word. Dié geïntegreerde kennis dien as “lanseerplatform” (Oberholster 1988:43) vir die in diepte ontleding van die foto’s, wat lei tot die aanwending daarvan in bewaringsprosesse.

’n Opname is gemaak van al die duisende glasnegatiewe en foto’s van William Roe. Die meeste van die foto’s en glasnegatiewe is in die argief en op uitstalling by die Graaff-Reinet Museum. Foto’s is geskandeer, geselekteer, ontleed, beskryf en gedokumenteer. Baie van die glasnegatiewe is beskadig en dit het sorgvuldige hantering geverg om hulle met sukses te skandeer.

Die geselekteerde Roe-foto’s wat in hoofstuk 6 bespreek word, is in die teks geplaas sodat die korrelasie tussen die foto’s en die kultuurhistoriese analisering maklik gevolg kan word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1
KONSEPTUALISERING, METODOLOGIE EN LITERATUURSTUDIE

1.1 Inleiding

Ten spyte van die daaglikse gebruik van die term *kultuur* en moontlik omdat dit die middelpunt van ’n reeks akademiese dissiplines soos antropologie, sosiologie, taalstudies en kultuurgeskiedenis vorm, bly die term kompleks en aanvegbaar. Soms lyk dit asof die term te kompleks is vir omskrywing en by tye lyk dit weer glashelder. Dit is voorwaar ’n baie moeilik definieerbare term en akademici debatteer konstant oor die betekenis en omskrywing daarvan.

In Anna Green se boek oor kultuurgeskiedenis haal sy EP Thompson aan wat die volgende sê: “Culture is a clumpish term, one which gathers up many activities and attributes into one common bundle” (2008:2). Die ontwikkelingsproses van die mens op intellektuele, geestelike en estetiese gebied bied gronde vir ondersoek na kultuur en kultuurgeskiedenis. Die studie bring alternatiewe en aanvullende inligting na vore oor die proses van beskawing en menslike samelewings (Green 2008:2).

Hierdie studie handel oor onder meer kultuur, kultuurgeskiedenis, erfenisbewaring en die rol van geheue en daarom is dit nodig om hierdie kernbegrippe te ontleed en in konteks te plaas. Die uitspraak van Mouton en Marais dat ’n konsep die konstruksie is waardeur ’n mens die werklikheid klassifiseer of kategoriseer (1992:139), beklemtoon verder die noodsaaklikheid van konseptualisering.

1.2 Konseptualisering

1.2.1 Kultuur

Daar bestaan min ander terreine in die geesteswetenskappe waaroor daar soveel uiteenlopende meningsverskille en onsekerhede bestaan as wat deur die begrip kultuur gedek word. Burke merk op: “The term ‘culture’ is even more problematic than the term ‘popular’”(2004:29). Reeds in die sewentigerjare het DF Shafer in sy Aspects of *Canadian cultural policy* ongeveer 256 definisies van kultuur byeengebring. J Knobloch het met 460 bladsye definisies van kultuur in deel drie van sy *Kultur und Zivilisation* (1967) vorendag gekom

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Cruywagen 2006:I86). Die veld van definiëring is besig om teen ’n ongekende tempo te groei namate kultuurstudies as ’n selfstandige terrein van ondersoek erken word.

Cultuur (Nederlands); *kultuur* (Afrikaans); *kultur* (Duits, Noors, Sweeds en Deens); *culture* (Engels, Frans); *cultura* (Italiaans, Spaans) – in al hierdie tale kan die begrip teruggevoer word na die oorspronklike Latynse werkwoord *colera*, wat dui op bebouing, bearbeiding en bewerking (Nel 1983:3). In teenstelling met die dier kan die mens intelligent waarneem, redeneer, voorstellings in sy geestesoog maak, leer uit sy eie en ander se ervaringe, spreek in sinvolle klanke, en kan op ’n besonderse wyse handvaardig wees (Coertze 1977:57-59). Dit sluit ten nouste aan by Burden se siening dat alle kultuur oorspronklik begin by die mens se behoeftes (2003). Hierdie behoeftes kan onder meer die behoefte aan klere, voeding, ’n skuiling om in te bly, wapens, of die behoefte om kuns te skep, insluit. Konseptualisering vind in die mens se denke plaas en dit lei hom tot die skep van ’n produk. Die manifestering van die behoefte is die oorsprong van die produk. Dit word dan kultuur en word onder meer in kultuurgeskiedenis bestudeer (Burden 2003). Maslow se motiveringsteorie verskaf ’n raamwerk waarby bogenoemde aansluit, en wat dit moontlik maak om die mens se kultuurskeppende aktiwiteite te orden. Weer eens word die mens se optrede teruggevoer na die bevrediging van basiese behoeftes (Maslow 1954:80). As voorbeeld kan die pyl en boog genoem word. Die mens het die wapen eers as ’n konsep uitgedink en dit toe mettertyd vervaardig en verfyn. Die eindproduk is die konkrete wapen wat hy geskep het. Dit is die produk van die behoefte wat by die mens ontstaan het. Dit geld vir alles wat die mens geskep het, byvoorbeeld wonings, klere, liedjies, musiekinstrumente en letterlik miljoene ander produkte van materiële en nie-materiële aard. Die Nederlandse filosoof CA van Peursen se kort omskrywing van kultuur pas hierby aan: “[A]ls de mens binnen de aardse dampkring opduikt, kom de cultuur in het zicht. Cultuur is de neerslag van de activiteit van de mens.” Deur die jare het ’n verruiming van die begrip na vore getree (Cruywagen 2006:186).

Maslow gaan van die standpunt uit dat daar ’n paar beginsels bestaan wat van belang is by die bestudering van die mens se basiese behoeftes en gepaardgaande optrede. Eerstens is daar die fisiologiese behoeftes soos onder meer die behoefte aan voedsel en water. Die seksuele behoefte van die mens is ook sterk en in die proses om bogenoemde behoeftes te bevredig, ontstaan primêre kulturele strukture soos jaggewoontes, landboupraktyke, eetgewoontes en vorme van hofmakery. Die behoefte aan beskerming teen die elemente, wilde diere, vyande, siektes en ander onseker omstandighede word vervul deur die bou van skuilings, hutte, huise

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en krale waar saam teen die vyand gewaak kan word. Daar vind ontwikkeling in wapens, gevegstegnieke en medisyne plaas (Maslow 1954:81). In die moderne tyd neem mense lewensversekering uit en sluit aan by mediese fondse en pensioenskemas om in die behoefte aan beskerming en sekuriteit te voorsien.

Die behoefte by die mens aan samehorigheid en affiliasie kan ook gesien word as ’n behoefte aan ’n liefdes- of huweliksmaat, kinders, vriende en familie. Hieruit ontwikkel onder meer huwelikstradisies, opvoedingstelsels, belangegroepe en sosiale groeperinge. In dié groepe ontstaan die behoefte aan prestasie, selfagting, bekwaamheid, onafhanklikheid, vryheid, status, erkenning, invloed en waardering (Maslow 1954:81). ’n Verskynsel tree later na vore dat huise en klere nie meer in die eerste plek ontwerp word om in skuilings- en beskermingsbehoeftes te voorsien nie, maar ook in statusbehoeftes.

Laastens kom volgens Maslow se teorie die behoefte aan selfverwesenliking. In die kulturele konteks gee dit aanleiding daartoe dat mense betrokke raak by kulturele organisasies. Bewaringsbewustheid ontstaan wat op verskeie maniere manifesteer soos betrokkenheid by bewaringsaksies en erfenisprojekte asook versameling van oudhede (Maslow 1954:82). Daar kan met sekerheid gesê word dat mense in die eerste twee stadiums van dié teorie nie in staat sal wees om te bewaar nie.

Die mens is dus die skepper, draer en verbruiker van kultuur. Soos reeds verwys, het die mens deur middel van sy verstand en handvaardigheid die eerste primitiewe artefakte en kultufakte geskep. Die skeppingsproses van die mens wat as kultuur manifesteer moet aanvaarbaar, bruikbaar en waardevol wees vir ander persone benewens die skepper self (Nel 1983:5). Die begrip *kultuur* ondergaan ’n betekenisuitbreiding in die tyd van Marcus Tullius Cicero (3 Januarie 106 vC tot 7 Desember 43 vC): dit word *cultura animi* – die bewerking, versorging, bearbeiding van die menslike gees (Nel 1983:4). Burden en Nel sluit aan by Maslow se teorieë oor behoeftes wat by die mens ontstaan.

Nel se siening stem ooreen met dié van Grobbelaar wat daarop wys dat kultuur en beskawing altwee te doen het met die mens se hele bestaan hier op aarde. Grobbelaar ondersteun die gedagte dat kultuur eerste kom en beskawing ’n ontwikkelingstadium daarvan is. Hy stel dit soos volg: “Kultuur is al die geestelike en stoflike dinge wat die mens tot stand bring deurdat hy, onder dwang van sy gees, op die natuur inwerk, waarby die bo-natuur ook ’n rol speel.”

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Grobbelaar huldig verder die mening dat kultuur die mens se lewe volkome omvat, en dat elke skeppingsdaad ’n kultuurdaad is (1974:11). Nel gee in 1984 sy omskrywing van kultuur naamlik “’n Volk se kultuur is die struktuur van verhoudinge, die patroon van denke, houding en handelswyse, en die resultaat van die arbeid van die volkslede. Kultuur is dus die innerlike en uiterlike lewensgestalte van ’n volk soos dit binne ’n bepaalde omgewing vorm aangeneem het” (1984:5). Coertze verwys ook na kultuur as alles wat deur die mens in sy verskillende volksverbande tot stand gebring word. Dit vorm die resultaat van al die skeppende werksaamhede van die mens (Coertze 1990:54). Die mens het die natuur diensbaar gemaak ter wille van menslike voortbestaan en skep daardeur ’n entiteit wat bruikbaar is vir sy geestelike en liggaamlike behoeftes. Hy skep kultuur wat dan beskou word as die sinvolle produk wat deur die menslike gees geskep word (Nel 1983:4; Hattingh 1988:7).

In 1871 het Edward Tylor in sy boek *Primitive Culture* kultuur beskryf as: “That complex whole which includes knowledge, belief, art, morals, law, custom and any other capablilities and habits acquired by man as a member of society” (Burke 2004:29). Tylor en die Amerikaner Hatch se definisies verwys slegs na die nie-tasbare aspek van kultuurskepping. Vir laasgenoemde is kultuur “the way of life of a people” wat bestaan uit die gebruiklike denk- en gedragspatrone, wat waardes, gelowe en reëls insluit (Kuyper 1985:178).

Definisies oor kultuur oorvleuel baie, maar elke skrywer het ook ’n mening wat iets tot die oorspronklike toevoeg. Gasset se formulering van ’n kultuurdefinisie verskil van dié wat tot dusver bespreek is. Hy glo kultuur dra by tot die sin van bestaan. Dit verwys na die mens se gedagtewêreld wat daagliks vereis dat besluite geneem word. Die mens word voor keuses gestel en in ’n poging om ten volle te funksioneer en voluit en sinvol te leef is dit belangrik om die regte keuses te maak (1946:43). Strauss maak in 2011 die volgende stelling wat aansluit by Gasset se standpunt dat kultuur bydra tot sin van bestaan:

> Te midde van die verskeidenheid nuanseringe en uiteenlopende kontekste waar die term kultuur aangetref word, bied die (ontiese) struktuur van die kultuur-historiese aspek inderdaad ’n eenheidsperspektief aan ons - ’n perspektief wat nie alleen rekenskap gee van die inherente struktuurelemente van hierdie aspek nie, maar wat ook erkennig verleen aan die gegewe dat alle gebeurtenisse en prosesse in beginsel in alle en derhalwe ook in die kultuur-historiese aspek van die werklikheid funksioneer (2011:648).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit kan natuurlik van persoon tot persoon verskil en maak juis die begripsomskrywing wyer oop vir verskillende denkwyses. Gasset beweer verder dat die denkpatrone van die mens nóú gekoppel is aan die era of spesifieke tydperk waarin hy leef (1946:43). Die mens behoort aan ’n bepaalde generasie en leef in ’n spesifieke era wat sy idees en totale menswees beïnvloed. Die mens en sy kultuurprodukte is dus ’n resultaat van die tydsgees van die era waarin hy hom bevind. Daarom is die rol van fotografie in die bewaring van kultuur in ’n spesifieke tydperk van groot belang. Foto’s sorg dat daar teruggekyk kan word na kultuurskeppinge van ’n bepaalde era en dra dus by tot die vertolking van die denkpatrone van daardie era.

Reeds in 1918 het Brümmer dieselfde standpunt as Gasset gestel in ’n artikel oor die Afrikaner en die Universiteit van Stellenbosch, naamlik dat die denksisteem van die mens die neutraliteit en sedelikheid, die karakter, vreugdes, ideale en oortuiginge van ’n individu vorm (1918:7).

Soos reeds genoem word die mens se karakter en leefwyse beïnvloed deur die mense saam met wie hy woon. Mense wat sekere denkwyses en handelinge in gemeen het, groepeer saam. Binne dié groep leef hulle dan volgens riglyne wat oor tyd gevorm het (Tomaselli 1986:3). Dit is nie meer heeltemal geldig in die huidige globale wêreld nie. Mense word gedwing om makliker aan te pas, mense van alle kulture word byeengebring en dit bring kruisbestuiwing van kultuurgoedere soos kleredrag, kuns, kos en tale mee. Kruisbestuiwing ten opsigte van kultuurgoedere het nog altyd plaasgevind, maar dit is die spoed waarteen dit tans plaasvind en die volume wat toegeneem het. Tegnologie lewer hedendaags ’n reuse bydrae tot die spoed waarteen veranderings plaasvind en nuwe idees uitgeruil word, wat dan tot multikulturele samelewings aanleiding gee. Nuwe ontwikkelings word gou deel van die globale samelewing en die oue moet gedurig plek maak vir vernuwing. Die vraag kan gevra word of individue nog waarde heg aan denkwyses en handelinge binne ’n groep en of daar nog in groepverband riglyne gestel word?

As daar na probleme in multikulturele samelewings verwys word, word dit dikwels vanuit ’n Westerse oogpunt beskou, byvoorbeeld met die dra van die kopdoek deur Moslemvroue (Frankryk het dit verbied), vroulike besnydenis en poligamiese huwelike. In baie Westerse lande word daar na die akkommodasie van die kulturele praktyke van immigrante in homogene Westerse samelewings as die paradoks van multikulturalisme verwys – om universele menseregte te ondersteun, moet kulturele diskriminerende gebruike laat vaar word. Aan die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ander kant dwing verdraagsaamheid, wat ’n sentrale demokratiese waarde is, ons om mense self oor hulle kulturele praktyke te laat besluit (Gouws 2012:9).

In ’n bespreking van kultuur sê Tomaselli dat kultuur die samevoeging is van praktiese gebruike wat binne groepverband of in sosiale verband op ’n eie unieke manier manifesteer. Dit is dan kultuur eie aan ’n sekere groep mense. Hier bring hy die belangrike feit na vore dat verskillende reaksies op kultuurskeppinge by verskillende groepe verkry word. Selfs groepe met dieselfde sosiale, ekonomiese asook omgewingsfaktore kan neig om verskillend op prikkels te reageer, en kultuur is baie veranderbaar; dus wanneer daar verandering, hervorming of selfs fragmentering binne ’n bepaalde kultuur-gemeenskap plaasvind, pas hulle weer hulle kultuur daarby aan (Tomaselli 1986:3). As alle kultuurpraktyke aanvaar word, lei dit tot kulturele relativisme (*everything goes*), maar as dit onwettig gemaak word, word dit gesien as ’n inmenging in ander se kultuur. Gouws is van mening dat ons moet waak daarteen om nie altyd te redeneer dat Westerse kulturele gebruike meer modern en beskaafd is nie. Dit tipeer ander kulture as pre-modern, onbeskaafd en afwykend (Gouws 2012:9).

Geoffrey Eley haal vir Raymond Williams aan wat daarop wys dat kultuur ’n alledaagse verskynsel is en dat mense dit baie meer ingewikkeld maak as wat dit is. Hy is ook van mening dat elke groep mense wat ’n samelewing vorm ’n unieke gedaante, eie doelwitte en sy eie waardestelstel ontwikkel. Elke gemeenskap druk dan hierdie uniekheid uit in sy instellings en in kuns en onderrig. ’n Samelewing word gevorm deur die vind van gemeenskaplike opvattings en beginsels; dit groei deur middel van aktiewe debatvoering en verandering wat deur die druk van ervaring, kontak en ontdekking teweeggebring word en waarmee hulle hulself dan vestig (Eley 1995:19). Edward P Thompson beskryf kultuur as ’n hulpbron wat help met die kruisbestuiwing tussen verskillende gemeenskappe soos byvoorbeeld mense van die platteland teenoor die wat in stede woonagtig is (Eley 1955:20). Die vraag kan gevra word of kultuur werklik ’n hulpbron kan wees as dit oorkoepelend alles is wat die mens skep. As kultuur weggeneem word, dan bly net die natuur oor.

Cronjé sien kultuur as: “die skeppinge, prestasies en openbaringe van die menslike gees soos dit in ’n volksgemeenskap werksaam is en soos dit die lewensprobleme in daardie gemeenskapsverband verwerk ooreenkomstig die lewenshouding wat daarin gehandhaaf word.” Kultuur is dus die uitinge van ’n besondere nasieskap soos dit die menslike bestaan belewe en verwerk ooreenkomstig bepaalde lewenswaardes (1963:98). Die dringende behoefte wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeenskappe of groeperinge binne gemeenskappe het om wat eie aan hulle is te bewaar, is nie ’n konsep wat in almal se vewysingsraamwerk bestaan nie. Dit behoort nooit met meerderwaardigheid gepaard te gaan nie, dit wil sê bewaring van eie kultuur behoort nooit ten koste van ander kultuur te gebeur nie. Daar moet ook altyd in gedagte gehou word dat kultuur nie ’n statiese proses is nie, want die mens se gees stagneer nooit.

Nog ’n antropologiese analise van die begrip kultuur is die uiteensetting van Ito wat dit beskryf as die menslike produk gevorm en verouder in ’n geïnspireerde of gekultiveerde brein en sosiale orde. Dit is die kultuurhistorikus se taak om dit wat op kulturele gebied binne die antropologiese en sosiale ordes verander, op te teken en te bewaar. Voorbeelde hiervan is mondelinge en gebare-onderrig, materiële uitdrukkings van die gees soos manuskripte, boeke, kunswerke en dan ook monumente en erfenisterreine. Die uitinge van die mens soos musiek, dans, drama en ander uitvoerende kunste is ook oorgedra van geslag tot geslag (Ito: 2003:1). Westerse samelewings in Noord-Amerika en Europa beleef ’n nuwe dinamika in kulturele praktyke as gevolg van die migrasie van mense uit nie-Westerse samelewings; in Suid-Afrika is dit ook sedert die koms van Europese setlaars en nog later beleef. Ann Philips, ’n politieke teoretikus, probeer in haar boek *Multiculturalism without Culture* (2007) hieraan aandag gee. Sy vra of ons ’n “kulturele verweer” van gedrag moet aanvaar (soos om te sê “in my kultuur doen ons dit so en basta met die res”). Verder opper sy die vraag of daar beperkings vir multikulturele akkommodasie moet wees (Gouws 2012:9). Sou dit nie beter wees as ons nie aan kulture as begrens dink nie, maar eerder dat kulture mekaar beïnvloed? Soos reeds gemeld is geen kultuur staties nie en soos wat kulture groei beïnvloed hulle mekaar en word idees uitgeruil. En namate dít gebeur, verdwyn aannames oor kulturele verskille en word gemeenskaplikhede groter.

De Valk het in 2002 moontlik uit radeloosheid oor die baie definies van kultuur, verklaar dat:

> [Wij] hebben een verzameling uitgegeven van de definities van het cultuurbegrip zoals die in de verschillende menswetenskappen door onderzoekers gebruikt worden. Zij geven...verschillende omschrijvinge. Wanneer men ze alle gelesen heeft, weet men nog minder dan toen men begon (soos aangehaal in Cruywagen 2006:186).

Ten spyte van die eeue-lange denkprosesse en wroeging, is die laaste woord oor die term *kultuur* nog lank nie gespreek nie. Daar kan geargumenteer word dat slegs die mens ’n bydrae

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tot die ontstaan en behoud van kultuur kan maak. Kultuur omsluit die mens se wysheid wat die ontstaan van kultuurgoedere bewerkstellig. William Roe het met sy fotografie hierdie resultate van die mens se werksaamheid op die nie-tasbare en tasbare vlakke, vasgelê.

1.2.2 Kultuurgeskiedenis

Denver Webb, historikus voorheen werksaam by die Kaffrarian Museum (tans die Amathole Museum) in King William's Town in die Oos-Kaap, laat hom soos volg uit oor die terme *kultuurgeskiedenis* en *kultuurhistories*:

> Firstly, it is a narrow and restrictive term which does not adequately cover the work we do with the past in museums. It is only one of many branches of History, such as diplomatic history, economic history, military history, social history and local history (Webb 1989:95).

Volgens Webb is die term kultuurgeskiedenis soos die vorige bedeling se Christelik-Nasionale Onderwys. Hy vereng en verkleineer die term kultuurgeskiedenis deurdat hy die aanname maak dat dit slegs vir Afrikaanssprekende Christene geld. Dit is 'n vreemde aanname en Grobbelaar merk tereg op dat hy nie die relevansie insien nie, want ons sit nie op christelike stoele nie en eet nog minder uit Afrikaanse borde. Die liedjies en stories wat in kultuurgeskiedenis bestudeer word kan beslis ook nie as Christelik-Nasionaal afgemaak word nie (Grobbelaar 1990:51-52). Webb se stellings vestig die aandag op die verwarring wat daar in eie sowel as aangrensende geledere oor dié vakgebied bestaan. Dit kom dan neer op die afspeel van die vakdissiplines geskiedenis teenoor kultuurgeskiedenis. Kultuurhistorici skiet nie die rol van geskiedenis in die vakdissipline kultuurgeskiedenis af nie, hoewel dit talle kere vir die kultuurhistorikus nodig is om sy vakdissipline te verdedig.

Terwyl Webb sy onkunde so met meerderwaardigheid uitgespreek het, was daar bewyse dat kultuurgeskiedenis groei as 'n selfstandige terrein van ondersoek en dat dit 'n plek in die akademiese milieu gegun word. Daar moet egter in gedagte gehou word dat dit in 1987 is dat Webb hierdie uitlatings gemaak het. Sedertdien is daar heelwat gedoen om kultuurgeskiedenis as vakgebied lewendig te hou. Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis hou jaarliks kongresse waartydens referate van hoogstaande gehalte rakende kultuurgeskiedenis en die akademiese rol van dié vakgebied bespreek word. Tydskrifte soos die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* asook die *Southern African Journal for Folklore Studies* bevorder

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

navorsing in kultuurgeskiedenis en goeie bydraes oor verskeie relevante onderwerpe word in dié tydkrifte gepubliseer.

Die term kultuurgeskiedenis word verder gekonseptualiseer onder die opskrif Metodologie.

1.2.3 Kultuurlandskappe

Kultuurlandskappe is ’n relatief nuwe term waaroor daar steeds baie gedebatteer word. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar egter slegs kortliks na die konsep verwys om aan te dui dat dit deel vorm van kultuurgeskiedenis. Dit speel ook ’n rol in die foto’s wat in hoofstuk 6 bespreek word.

Van der Merwe beskryf ’n kultuurlandskap as ’n geografiese gebied wat die kulturele en natuurlike hulpbronne wat met ’n geskiedkundige gebeurtenis, aksie, persoon of groepe mense geassosieer word, insluit. Kultuurlandskappe gee die navorser ’n sin van plek. Dit verklaar die mens se verhouding met ’n landskap oor tydperke heen; dit is deel van ’n nasionale erfenis en deel van elke mens se lewe. Die waarde van ’n kultuurlandskap lê daarin dat dit ’n verskeidenheid van diverse omgewings insluit waaruit die navorser kan put (Van der Merwe 2007:1). Die foto’s van kultuurlandskappe wat deel uitmaak van die Roe-versameling, sal ontleed word om tasbare en nie-tasbare kultuur in konteks te bestudeer. Clarke en Johnson verduidelik hoe die sterk verbintenis tussen tasbare en nie-tasbare kultuur deur middel van kultuurlandskappe uitgebring word:

> The notion of landscape encompasses connections – routes, links, events, stories, traditions – that cross the ‘boundary’ between intangible and tangible heritage, and offers opportunities for a more holistic understanding. Landscape also has the potential to be the medium that helps in understanding the commonalities and differences in the way that indigenous and non-indigenous communities perceive cultural heritage (Clarke en Johnson 2003: www.openarchive.icmos.org/...).

Die verhouding tussen landskap en kultuur, of landskap en herinnering, is tans ’n ontwikkelende diskoers in antropologie en ander interdissiplinêre velde. Gedurende die negentigerjare het tasbare en nie-tasbare aspekte van kultuur prominent geraak in besprekings oor onder meer antropologie. Daar is ’n wêreldwye beweging na ’n groter begrip vir landskap wat kultuur én natuur inkorporeer met die bewaring van identiteite van mense en plekke. Liana Müller dink

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

egter dat die beginsels en realiteite van die bewaring van nie-tasbare kultuurerfenis in Suid-Afrika misverstaan word deur die ontwikkelingsbedryf. Die belang van die nie-tasbare herinnerings en betekenis van plekke word grotendeels geïgnoreer in die formulering van huidige en toekomstige beleidstukke vir bewaring (Müller 2008:118).

Formele opleiding as ’n kultuurhistorikus en landskapsargitek bied die ideale agtergrond vir die opsteller van beleidstukke, want dit laat die navorser fokus op die fisiese asook die ruimtelike aspekte van ’n kultuurlandskap. Daaropvolgende opleiding in die veld van antropologie kan ’n bykomende aspek van die navorsing ontsluit. Kwalitatiewe antropologiese veldwerkmetodes sal die navorser toegang gee tot die nie-tasbare aspekte van die landskap. Hierdie nie-tasbare waardes van betekenis, herinnering, ondervinding en behoud, in verhouding tot die mens se verband met die landskap, verwys na die tasbare raamwerk van plek. Dit wys weer eens op die onafwendbare interaksie wat permanent tussen tasbare en nie-tasbare kultuur bestaan. Tydens navorsing word daar gefokus op die rol van herinnering binne die kompleksiteit van interpretasie van die nie-tasbare en die daaropvolgende verhouding tot die tasbare konteks (Müller 2008:118). Daar moet in ag geneem word dat navorsing al dekades lank reeds deur kultuurhistorici deur middel van veldwerkmetodes gedoen word. Dit wil voorkom asof sekere vakdissiplines nie bewus is van wat binne ander dissiplines in Suid-Afrika gedoen word nie. Daarom word uitsprake gemaak wat nie altyd geldig is nie.

1.2.4 Erfenisbewaring

Om te bewaar is wetenskaplike vakkennis nodig, maar die agtergrond wat ’n bewaringskundige vir sy praktyk skep, dit wil sê die morele gesindheid waarmee sy werk benader word, speel net so ’n groot rol (Malkogeorgou 2006:1).

Die Woordeboek van die Afrikaanse taal beskryf **bewaring** ook as die daad om iets goed op te pas, ongeskonde te hou. Dit beteken in die meer abstrakte sin om iets “in ere te hou” of “in herinnering te hou” (Odendal 1994:84-85). Een van die praktyke van bewaring wat dikwels met omstrede resultate gevolg word, is restourasie. Reeds in die neëntiende eeu het John Ruskin gewaarsku: “Restoration, so called, is the worst manner of destruction.... It means the most total destruction which a building can suffer: a destruction out of which no remnants can be gathered...” (Tschudi-Madsen 1976:47). Dit is ’n uitspraak wat hedendaagse kultuurbewaarders beslis ter harte kan neem, veral omdat dit in ’n groot mate steeds van toepassing is op huidige

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bewaringspraktyke. John Ruskin wat ook bekend staan as die groot 19de-eeuse ambassadeur vir die konsep van waarheid in bewaringspraktyke, het ’n reuse-invloed gehad op die ontwikkeling van bewaringsetiek (Malkogeorgou 2006:1).

AG Oberholster het dit baie duidelik gestel dat bewaring, en dan meer spesifiek kultuurbewaring, hoofsaaklik twee dinge beteken:

- Antimodernisering, dit wil sê om doelbewus die veranderinge wat in ’n beskawings-gemeenskap plaasvind, te probeer stuit. Gemeenskapsevolusie is egter so onstuitbaar soos die menslike gees en word deur die gemeenskap se behoeftes bepaal. Hy verwys dan na die poging om vooruitgang doelbewus te stuit as ’n oefening in futiliteit en stel voor dat dit sonder verdere bespreking daargelaat word.
- Kultuurgoedere soos huise, meubels en kunsobjekte asook musiek en die letterkunde. Daar moet wel ingeligte, konstruktiewe waardering vir tasbare en nie-tasbare kultuurgoedere bestaan wat uitdrukking vind in rekordhouding van die stadia van ontwikkeling waardeur ’n gemeenskap gegaan het.

Oberholster verwys dan ook na die belangrike rol wat bewaring in private of organisasieverband speel deur altyd daarna te streef om ’n bydrae te maak tot die behoud en waarheidsgetroue rekonstruksie van die historiese en kulturele rekord en nie tot die vernietiging of verdoeseling daarvan nie (1988:38-39).

Op haar beurt haal Clavir die definisie van kultuurbewaring uit die Kanadese etiekkode vir bewaring soos volg aan:

> Conservation: All actions aimed at the safeguarding of cultural property for the future. The purpose of conservation is to study, record, retain and restore the culturally significant qualities of the object with the least possible intervention. Conservation includes the following: examination, documentation, preventive conservation, perservation, restoration and reconstruction (1998:1).

Dit is baie duidelik dat daar met groot omsigtigheid met die bewaring van kultuurgoedere omgegaan moet word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Matero bring die woord respek vir die voorwerpe wat bewaar word na vore. As daar met respek omgegaan word met kultuurgoedere sal daar te alle tye gepoog word om so min as moontlik in te gryp en te versteur. Hy wys ook daarop dat die hele lewensverloop van die onderwerp of voorwerp beskryf en ontleed moet word (1993:17). Soms bestaan daar ’n geneigdheid om nie die toevoegings en veranderinge wat oor baie jare aan kultuurgoedere aangebring is, ook te respekteer en te bewaar nie. Daar is ook die kwessie van kultuur wat outomaties of onwillekeurig erfenis word sonder dat ’n wilsbesluit geneem word, soos byvoorbeeld met baie nie-tasbare kultuur gebeur. Foto’s kan bydra tot die hersamestelling van inligting en dien as riglyne vir die mins moontlike ingryping en versteuring waarna Matero verwys.

Dit sal in hierdie studie uitgewys word dat daar “verwagtinge” en “vereistes” is wat deur die navorser nagekom moet word. Hoewel Mouton verwys na “verwagtinge” en “vereistes” tydens navorsing (1992:196), is die term “behoeftes” in hierdie geval meer van toepassing. Daar bestaan beslis bepaalde behoeftes in die gemeenskap ten opsigte van bewaringskriteria en vertolking van bronne. Mouton se verwysing na “nie konteksloos” sluit uitstekend aan by die Burden-model wat juis dié fokus van ondersoek kontekstualiseer. Die onus op die geesteswetenskaplike navorser is om aan te toon dat die navorsing waaroor verslag gedoen word, wel aan die metodologiese vereistes, naamlik betroubaarheid, geldigheid, objektiwiteit, akkuraatheid en onbevooroordeeldheid wat in sy dissipline geld, voldoen (Mouton en Marais 1992:196). Dit sal veral in die analisering van die fotomateriaal wees dat hierdie metodologiese vereistes in die konteks van hierdie studie getoets word.

1.3 Metodologie

Wetenskap is ’n bepaalde proses van navorsing waardeur kennis opgebou en uitgebrei word – ’n dinamiese handeling. Wetenskaplike kennis is rasionele kennis, objektiewe kennis, meedeelbare kennis. Dit moet kontroleerbaar wees en volgens die regte metodes bekom word; die wetenskap gaan oor kennis en kennisverkryging wat aan ’n bepaalde sisteem voldoen. Volgens Nel is die volgende vereistes riglyne om geskiedenis aan wetenskaplikheid te laat voldoen (Nel 1984:1):

- Liefde vir die waarheid
- Gedokumenteerde, indringende, diepgaande studie
- Universele belangstelling

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Objektiwiteit
- Die integrasie van relevante kultuuraspekte
- Die insameling, evaluering en seleksie van die stof moet volgens voorskrifte geskied
- Die belangrikheid van intellektuele kritiek moet nooit onderskat word nie

Deur die eeue is baie geskryf, ooreengestem en verskil oor of geskiedenis ’n wetenskap is al dan nie. Sedert Bernheim en Max Weber aan die hand van die kousaliteitsbeginsel sterk standpunt ingeneem het ten gunste van geskiedenis as wetenskap, en Bury se stelling tydens sy intreerede aan Cambridge: “History is a science, no less and no more”, is daar minder bevraagtekening van geskiedenis as wetenskap (Nel 1984:4-5).

Geskiedenis as vakgebied word omskryf as “die wetenskap wat die feite in verband met die verlede van dinge opspoor, sif, rangskik en verwerk”, terwyl daar na geskiedenis in die algemeen verwys word as “die verhaal van iets wat in die verlede werklik plaasgevind het, veral van wat daar in die lewe van die mensheid, ’n volk, ’n individu of met betrekking tot die een of ander saak gebeur het; die totaliteit van die mensdom se verlede”. Hierdie verhaal word nooit volledig vertel nie en die totaliteit nooit gelyktydig in al sy fasette belig nie. Daar het verskillende geskiedenisterrein-benaminge ontstaan soos politieke, ekonomiese, sosiale, kultuur-, kuns-, musiek-, bybel-, mediese, literatuurgeskiedenis en nog vele meer (Grobbelaar 1990:54).

Kultuurgeskiedenis as vakdissipline word hier in oënskou geneem, omdat die bestudering van neëntiende-eeuse fotografie aan die hand van die kultuurgeskiedenis die kern van hierdie ondersoek vorm.

Verskeie historici het reeds die uitspraak gemaak dat kultuurgeskiedenis die ondersoek na die verbande tussen kultuurelemente is, en nie ’n studie van die elemente self nie. Een van die bekendste uitsprake in die verband is dié van Jan Romein, wat dit in 1951 soos volg gestel het: “[...] dat de cultuurgeskiedenis alle genoemde onderdelen omvat, evenwel met dien verstande, dat zij deze niet om zichzelfs wille onderzoekt, doch slechts speurt naar het verband dat er tussen al die onderdelen in een bepaalde periode bestaat en vervolgens haar aandacht richt op de overgang van één zo ’n periode naar een volgende [...].” Nel bevestig die siening van Romein dat kultuurgeskiedenis die onderskeie kultuurkomponente nie ter wille van hulleself ondersoek nie, maar soek na die verband tussen hulle binne ’n bepaalde kultuurperiode (Nel 1984:1). Die ondersoek na die verbande tussen kultuurelemente is belangrik, maar soos Burden

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in haar artikel hieroor opmerk, is die analisering van onderdele of komponente waarna verwys word, juis ook ter wille van hulleself belangrik (Burden 2000:16). Soveel studies in kultuurgeskiedenis handel juis oor die *onderdele* of *komponente* daarvan. Dit kan wees dat die skrywers voorkennis as vanselfsprekend aanneem, maar navorsers se probleem met kultuurgeskiedenis is juis die feit dat daar nie ’n duidelike beeld van die verskillende kultuurelemente is nie.

Kultuurgeskiedenis as wetenskap word nie deur hedendaagse veranderinge in Suid-Afrika onaangeraak gelaat nie; trouens, die aard en wese van dié vakdissipline is sensitief vir verandering in ’n gemeenskap. Ferreira het reeds in 1997 die standpunt ingeneem dat kultuurgeskiedenis in Suid-Afrika staan voor moeilike uitdagings en dat daar ingrypende veranderings plaasgevind het (1997:116). Kultuurhistorici behoort voordurend tot selfondersoek gedwing te word. Dit is nou reeds 17 jaar later en sy stelling raak al hoe meer relevant.

Ferreira meen dat daar in die tradisionele kultuurgeskiedenis meer aandag aan die verhewe kultuuruitinge soos kuns gegee is, terwyl die moderne antropologiese kultuurbegrip nou ook ondersoek word. Die domein van kultuurgeskiedenis is tot alle menslike aktiwiteite en lewensvorme verbreed en dit het tot ’n verruiming van die begrip kultuur aanleiding gegee. Met verruiming word bedoel dat die kultuurbegrip nie langer gereserveer word vir ’n bepaalde aspek van die mens se selfuitinge (die sogenaamde hoër geestesuitinge) nie, maar dat dit uitgebrei word om die menslike lewenswyse in sy geheel te omvat (1997:117). Om by Ferreira aan te sluit sê Cruywagen in 2006 dat kultuurgeskiedenis vanweë ’n sterk antropologiese onderbou, beskou word as een van die meer dinamiese terreine om transdissiplinêre navorsing oor ’n breë spektrum van dissiplines in die hand te werk. Die rede daarvoor is dat kultuurgeskiedenis interaktief van aard is en met gemak met dissiplines oor ekonomiese, sosiale en politieke vlakke heen kan skakel. Daar kan sinvolle samewerking tussen mens- en natuurwetenskappe plaasvind (2006:184).

In die hedendaagse samelewing vind daar baie kruis-kulturele-beïnvloeding plaas wat die eietydse kultuurgeskiedenis beïnvloed en dit dinamies en relevant maak. Die eietydse persepsie van kultuurgeskiedenis word voortdurend beïnvloed deur die toenemende interaktiewe kommunikasie en blootstelling van individue en groepe aan verskillende kultuur- en lewensvorme. Kultuurgeskiedenis as vakgebied behoort tred te hou met hierdie dinamika om

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

altyd relevant te bly. Daar moet egter te alle tye gewaak word teen die moontlikheid van ’n verlies aan historiese besef.

Lourdes Arizpe noem dat kultuurgeskiedenis vroeër verwys het na ’n studie van onder meer kunsvoorwerpe, argeologiese opgrawings, historiese geboue en monumente. Die begrip kultuurgeskiedenis het sedertdien verruim en kultuurlandskappe en mondelinge oorlewering het ’n groter rol begin speel. Die antropoloog en kultuurhistorikus besef deeglik dat navorsing veranderlik is, dat die navorser slegs ’n oomblik in tyd vasvang. Dit is dus ’n addisionele bydrae van die vakgebied kultuurgeskiedenis dat dit belangstellendes en navorsers in staat stel om die waarde van kultuurtendense te begryp en by die algemene publiek begrip daarvoor te kweek (2000:32).

Nie almal het egter al sekerheid oor kultuurgeskiedenis se inhoud en plek in die geesteswetenskappe nie. Die onsekerheid is nie uniek aan die Suid-Afrikaanse denkklimaat nie. In 1991 is ’n internasionale kongres met die tema *Main trends in cultural history* in Nederland gehou. Na afloop van die kongres skryf Melching en Velema:

> Cultural history flourishes as never before. [...] Yet despite all this enthusiasm and activity, nobody seems to know what exactly cultural history is. To the general educated public, the term seems to indicate either high culture (art, literature, music, great thinkers) or everything that is left over once political, social, and economic topics have been discussed. [...] The increasing sophistication of the academic debate about this discipline has not even begun to lead to a concensus about its proper methods or scope (soos aangehaal in Burden 2000:14).

Michael Pickering spreek in 1997 sy kommer uit oor die *lost ground* tussen sosiale geskiedenis en kultuurgeskiedenis (Burden 2000:14). Mense praat by mekaar verby, waar daar eintlik soveel gemene grond is wat gedeel kan word.

Begrippe soos *oral history* (mondelinge oorleweringe) bring nóg nuwe debatte na vore. Dit is ’n terrein wat die afgelope 15 jaar meer in Suid-Afrika betree word, maar wat jare reeds op wetenskaplike wyse deur kultuurhistorici beoefen word. Die behoefte bestaan dat die kultuurhistorici hulself oriënteer binne hulle eie vakgebied en dat hulle in die raamwerk van kultuurgeskiedenis hulle spesifieke terreine van navorsing kan plaas. Burden het in 2000 dié behoefte van kultuurhistorici aangespreek en ’n model daargestel wat ’n instrument geword het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om kultuurgeskiedenis as vakdissipline te leer ken en verstaan. Die model bestaan uit ’n teoretiese begronding vir kultuurgeskiedenis wat op drie-dimensionele wyse grafies voorgestel word. Uit die aanwending van die model vir ’n benadering tot kultuurgeskiedenis, vloei die metodologie van die vakgebied voort (2000:15).

Die skrywer benadruk die feit dat die model die metodologie van kultuurgeskiedenis wil uitspel en nie kultuur in kompartemente wil verdeel nie; daarvoor is daar stippellyne in die model gebruik. Die belangrikste nut van die model is om die verskillende dimensies waarbinne kultuurgeskiedenis opereer en die verbande tussen hierdie dimensies aan te dui (2000:16). Daar word deurgaans op die onderlinge verwantskap van deeldissiplines gekonsentreer omdat kunsmatige skeiding ’n verskraling, eerder as die verbreding van insigte en kennis teweegbring.

Romein, Nel en Ferreira verwys ook na die *lê van verbande* en bedoel waarskynlik die daarstel van ’n geheelbeeld van ’n bepaalde kultuurperiode in ’n spesifieke volk se verlede (Nel 1984:4). Dit sou dan daarop neerkom dat daar reusewerke oor die kultuurgeskiedenis geskryf moes word. Dit is nie altyd haalbaar nie en veral die gewone kultuurhistorikus sien nie kans daarvoor nie. Daarom is dit belangrik dat die navorser wat op ’n beperkte aspek van die vakgebied wil fokus, sal besef dat daardie beperkte terrein nie in isolasie bestaan nie, maar binne die breër konteks van die vakgebied hanteer moet word (Ferreira 1997:117). Met die *lê van verbande* met behulp van die model, word bedoel dat die navorser wat besig is met ’n bepaalde studieveld van byvoorbeeld ’n stoflike volkskultuurproduk, ook moet kyk na verskillende invloede wat nie-materiële kultuur op die studie het. Die *in konteks* plaas van ’n enkele of groep kultuurverskynsels binne die geheel van die vakdissipline, is die *lê van verbande* (Burden 2000:18).

Wat lei dan tot die model? Die alomteenwoordige filosofiese versus die praktiese siening van kultuur bring die vraag of kultuur ’n abstrakte konsep is waaroor die mens filosofeer, of is dit die produk wat hy skep? Dreyer sê in ’n artikel getitel *Verband tussen geestelike en stoflike kultuur* onder meer die volgende: “Filosofies uitgedruk: Die mens **het** nie kultuur nie; die mens **is** kultuur” (Dreyer 1987:2). Burden is van mening dat hy die titel van sy artikel hiermee weerspreek en dink dat hy eerder na die verband tussen geestelike en stoflike kultuurprodukte moes verwys (2000:18; Dreyer 1987:2). Vroeër in die hoofstuk is daar verwys na Brümmer en Gasset wat net soos Dreyer ’n meer filosofiese benadering het en kultuur as ’n denksisteem beskryf. Dit lei weer tot die rede vir die ontstaan van die Burden-model, waar sy kultuur as ’n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skeppingsproses wat voortspruit uit die menslike behoeftes sien. Die term sluit egter ook die produk wat geskep word in, sowel as ’n abstrakte denksisteem wat lei tot die skep van produkte (2000:19).

Burden gee verder ’n uiteensetting van die vakgebied: Kultuur is die skeppingsproses en die resultaat van die skeppende werksaamheid van die mens en kultuurgeskiedenis is in die wydste sin die studie daarvan. Dit sou egter problematies wees om die vakgebied te wyd te beoefen, want dit sou onder meer al die mens se prestasies op natuurwetenskaplike en tegnologiese terreine insluit. Dit is van belang vir die kultuurhistorikus, maar hy bly in wese ’n geesteswetenskaplike en is nie toegerus om in diepte studies van die natuurwetenskappe of tegnologie te maak nie. Dit is egter ook waar dat kultuurgeskiedenis een van die geesteswetenskaplike vakdissiplines is wat hom die beste leen tot interdissiplinariteit, maar het sy bepaalde benadering tot kultuur wat verskil van ander dissiplines. Dit beteken nie dat daar ’n streng afbakening van terreine moet wees nie. Dit is nie bevorderlik vir onderlinge samewerking nie. Die wese van kultuurgeskiedenis is dan die maak van ’n studie van die kultuurproduk, die skeppingsproses wat dit tot stand gebring het, die stimulus wat die proses geïniseer het, en van die samehang van of verbande tussen kultuurprodukte en die dimensies waarbinne hulle tot stand kom; dit is ’n studie waarbinne die skepper, die mens self, sentraal staan. Van watter kultuurprodukte ’n studie gemaak word, is uiteindelik irrelevant, want dit gaan in kultuurgeskiedenis oor hoe dit benader en geïnterpreteer word. Die wenslikheid van ’n geordende raamwerk is baie handig en sodoende kan die waarskynlikste produkte, onderwerpe of temas duidelik uiteengesit word (2000:19-20).

Luvuyo Dondolo het in 2005 die volgende gesê, wat aanpas by Burden se teorie dat kultuur deurentyd verander en dat daar binne ’n raamwerk wel aanpassings gemaak word: “The fact that culture is not static, but dynamic, as it changes over time and is influenced by many factors also applies to Indigenous Knowledge Systems. They are dynamic, not frozen in time, as communities and their cultures change over time” (2005:110).

Die Model

Burden se model vir kultuurgeskiedenis verduidelik in watter verhoudings verskillende aspekte van kultuur teenoor mekaar staan. Dit verskaf ook aan navorsers ’n verwysingsraamwerk waarmee hulle op ’n sistematiese wyse inligting kan klassifiseer (Van der Merwe 2007:5). Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

model bied ’n wetenskaplike metode om nie alleen aan te dui wat die hoofterreine van die menslike lewe is wat deur kultuurgeskiedenis bestudeer word nie, maar ook hoe dit benader word en hoe die verskillende dimensies met mekaar in verband gebring word (Sien figuur 1.1).

Die model is ’n voorstelling van die dimensies waarbinne kultuurgeskiedenis bestudeer word. By punt A op die vertikale as verskyn die beskrywing geestelike kultuur en by punt B stoflike kultuur. Met geestelik word bedoel nie-tasbaar en met stoflik tasbaar. Dit is belangrik om die verband tussen die twee in gedagte te hou en die eenheid van die tasbare en nie-tasbare ten opsigte van kultuur moet baie duidelik raakgesien word (Burden 2000:22-23; Dreyer 1987:3). C op die CD-as verteenwoordig patrisiërkultuur, terwyl D verwys na volkskultuur (Burden 2000:23). Die term patrisiër is deur Grobbelaar as alternatief vir opperkultuurlaag voorgestel. Dit is duidelik waarom, want die voorvoegsel opper- kan by implikasie ’n waardeoordeel uitspreek, veral wanneer dit direk teenoor onderkultuur gebruik word. Patrisiër verwys volgens Grobbelaar dan na ’n persoon wat die geleentheid tot skoling en opleiding in ’n akademiese sin gehad het, waarteenoor die term volks- in volkskultuur of volkskunde verwys na die individu of groep wat kultuurprodukte skep waarvoor hulle nie formele, akademiese opleiding ontvang het nie (Grobbelaar 1974:23; Burden 2000:23).



Figuur 1.1: *Die Burden-model*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die betekenis van die begrippe *patrisiër* en *volks* is van groot belang, omdat diegene wat in kultuurgeskiedenis en volkskunde belangstel dikwels die betekenis van "die kennis van 'n bepaalde volk" aan laasgenoemde heg. Dit word soms selfs vertolk as nasionalisme. Baie maal ontstaan die mening dat dit slegs die sogenaamde "breë onderlaag" van 'n bevolking is wat volkskultuur skep, maar die teenoorgestelde, naamlik dat elke enkele mens volkskultuur skep, is nader aan die waarheid. Daar bestaan ook die denkrigting dat kultuur slegs *volks* genoem kan word as dit reeds deur middel van oorerwing tradisioneel geword het. Burden glo die oplossing vir die verskil in denkrigtings kan moontlik oorbrug word, indien die terme *patrisiër* en *volks* vervang word met *formele* en *informele kultuur* (2000:24). In haar artikel, *Putting the "cult" in Culture*, skryf Susan Migden Socolow ook oor die verskil tussen *patrisiër-* en *volkskultuur*. Sy is van mening dat die konvensionele siening van kultuurgeskiedenis verwys na hoër kultuur en dit sluit dan die geskiedenis van musiek, kunste, argitektuur, literatuur en idees in. Die sogenaamde "nuwe" kultuurgeskiedenis sluit meer rituele, religieuse gelowe, gewilde denkrigtings van die gewone mens in (Socolow 1999:1-2). Die meer los en vernuwende denke van die "nuwe" kultuurgeskiedenis wen al hoe meer veld en Eric Van Young som dit op as hy sê: "Cultural history is a history of the production and reproduction of socially constituted meanings" (soos aangehaal in Socolow 1999:1-2). Die vernuwing in kultuurgeskiedenis het daartoe bygedra dat die definisie van kultuurgeskiedenis oor die algemeen verbreed het. Dit is egter belangrik om daarop te wys dat die bestudering van kultuurgeskiedenis in Suid-Afrika al vir baie dekades die dimensie van die volkskultuur as integrale deel van die dissipline beskou. Dit is dus van die uiterste belang dat die navorser die sinergie tussen patrisiër en volkskultuur uitwys. Kultuurgeskiedenis kan nie 'n vakwetenskap wees sonder die beskouing van beide patrisiër- en volkskultuur nie.

Op die EF-as word met die term *tradisioneel* verwys na 'n verskynsel (dit kan 'n voorwerp, 'n gebruik, 'n idee, of selfs 'n stuk taal wees) wat reeds deur die gemeenskap aanvaar is en as 'n tradisie van een geslag na 'n ander oorgegee word. *Eietyds* verwys na hedendaagse verskynsels wat nog nie as tradisies erken word nie. Daar is geen middelpunt op enige van die asse waar die een element in 'n ander oorgaan nie. Die terminologie is debatteerbaar, aangesien daar geredeneer kan word dat iets binne eietydse konteks ook reeds tradisioneel geword het. Wat ook van belang is, is die tyd-dimensie waarbinne 'n kultuurverskynsel bestudeer word. Dit help om die verskynsel in konteks te plaas asook om verbande te kan lê (Burden 2000:25).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is vir die groter akademiese wêreld belangrik om daarvan kennis te neem dat kultuurgeskiedenis hom ook met hedendaagse verskynsels en prosesse besig hou. In Suid-Afrika word dit tans op groot skaal gedoen, veral deur die vaslê van mondelinge oorleweringe. By die Graaff-Reinet Museum word byvoorbeeld baie aandag en tyd afgestaan aan die oprigting van hedendaagse kultuurgeskiedenis-uitstallings wat gebaseer is op mondelinge oorlewering. Hierdie uitstallings lê verbande tussen mense en hulle belewenisse van gebeure tydens die apartheidsera op Graaff-Reinet. Die tipologie wat verkry word deur kulturele reste of spore wat gevorm is of ontstaan het tydens of na afloop van een of ander gebeurtenis het ook ’n kardinale bron in kultuurgeskiedenis geword.

Grobbelaar skryf oor die komponente *erfgoed*, *leengoed*, en *nuutskeppinge*, wat alles deel uitmaak van die totale kultuur van ’n bepaalde groep mense. Hy beskryf ’n deurlopende proses van die omvorming of ontwikkeling van die tradisionele na die hedendaagse, wat alles deel uitmaak van die geheel (Grobbelaar 1974:38). Kirsten is van mening dat kultuur voorheen baie na aan die begrip tradisie beweeg het, maar volgens hom het dit daartoe gelei dat kultuur as ’n statiese proses voorgestel is (1984:5). Swart beweer dat kultuur altyd die twee pole van tradisie en vernuwing moet bevat (1987:339). Weer eens is die lê van verbande onlosmaaklik deel van die bestudering van historiese tydvakke, asook by die bestudering van enige gegewe historiese periode en die eie tyd (Burden 2000:26).

Die natuurlike omgewing en die bonatuur is twee nie-mensgemaakte dimensies wat direk of indirek ’n invloed uitoefen op die skep van kultuur en die kultuurproduk wat daaruit voortspruit. Die natuurlike omgewing en die bonatuur kan met reg die verwysingsraamwerk van die mens genoem word, dit is die sfeer waarbinne hy leef en skep (Burden 2000:27). Die bonatuurlike verskynsel van spoke het onlangs (2012) weer baie aandag geniet op Graaff-Reinet deurdat besoekers aan Reinethuis die aanwesigheid van onnatuurlike wesens in die museum aangevoel het. Dit het net opnuut soortgelyke ervarings van besoekers in die verlede bevestig.

Indien kultuurgeskiedenis relevant wil bly, moet die debatte daaromheen voortdurend van nuwe impulse voorsien word. Verandering is ’n wesensdeel van die kultuurverloop. Daar moet besin word oor die invloed wat kultuurgeskiedenis op die geskiedwetenskappe kan uitoefen. Soos by vorige geslagte sal verandering kultuurgewys voortstu, selfs teen ’n versnelde tempo. Nuwe vrae sal egter gevra word, veral binne die raamwerk van die modieuse studieveld van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kultuurstudies, en kennisinhoud sal verbreed en nuwe gesigspunte sal geformuleer word (Cruywagen 2006:187).

Bo en behalwe Burden se uiteensetting van materiële en nie-materiële kultuur is daar enkele ander skrywers wat ook hierdie twee aspekte van kultuur uitlig.

IN 2001 het UNESCO nie-tasbare kultuur soos volg gedefinieer:

> People's learned processes along with the knowledge, skills and creativity that inform and are developed by them, the products that they create and the resources, spaces, and other aspects of social and natural context necessary to their sustainability. These processes provide living communities with a sense of continuity with previous generations and are important to cultural identity...(Van Vuuren 2008:15).

Dondolo verwys verder na nie-tasbare kultuur soos volg: "The definition is based on intangibles per se which include cultures, traditions, rituals, indigenous knowledge systems (IKS), customs, oral history, oral traditions, language, values, beliefs, songs, music, dance, performing arts, and so forth." (2005:110).

Burke, 'n bekende kultuurhistorikus, sê dat kultuurhistorici tradisioneel baie minder aandag aan materiële kultuur gegee het. Hy verwys na Norbert Elias (1897-1990) wat die geskiedenis van die vurk en die handskoen nagevors het en in sy boek oor die beskawingsproses bespreek het, en hy noem dit baanbrekerswerk. Sedert die 1980's en 1990's het kultuurhistorici volgens Burke baie meer aandag aan die studie van tasbare kultuur gegee. Hulle het saam met argeoloë, museumkurators en spesialiste wat in werklikheid kultuurhistorici is, op die gebied van geskiedenis van kleredrag, meubels en rytuie gewerk. Dié spesialiste het al baie lank navorsing oor die betrokke onderwerpe gedoen. Navorsers oor godsdiens het meer aandag aan die verandering in kerkgeboue se argitektuur en interieur begin gee, in plaas daarvan om net die veranderende godsdienstige beskouinge te bestudeer (Burke 2004:67-68). Burke se stelling moet bevraagteken word, want kultuurhistorici het lankal reeds die argitektuur van kerke sowel as baie ander materiële kultuurprodukte bestudeer.

Grobbelaar huldig juis 'n teenoorgestelde opinie. Volgens hom kan daar oor die taak en bydrae van die kultuurhistorici en museumkundiges ten opsigte van tasbare kultuur geen twyfel bestaan nie. Daar bestaan egter wel 'n leemte met die opteken en bewaring van nie-tasbare kultuur.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Grobbelaar stel dit so: "'n Volk of volksgroep se kultuur kan nie uitgebeeld word sonder ook 'n kennis van sy geestelike kultuur nie" (1987:71). Hy verwys ook na die mens se basiese liggaamlike behoeftes soos kos en beveiliging, maar dat dit altyd gepaard gaan met basiese geestelike (nie-tasbare) behoeftes aan dinge soos skoonheid, waarheid asook geborgenheid (1987:62-71). Burden is ook van mening dat nie-tasbare kultuurbewaring baie agterweë gelaat word. Sy meld dat so onlangs as 2007 die Museumvereniging van Engeland nog 'n museum beskryf het as 'n plek wat "collect, safeguard and make accessible *artifacts and specimens*, which they hold in trust for society". Daar is geen verwysing in hulle definisie na die feit dat nie-tasbare kultuur ook bewaar moet word nie (Burden 2007:82).

In Suid-Afrika is daar sedert 1987 heelwat gedoen en opgeteken ten opsigte van die bewaring van nie-tasbare kultuur. Burden se 1991 proefskrif *Die Afrikaanse volkslied onder die bruinmense* asook Grobbelaar se publikasie *Die rooi lappieskombers* (1997) met volkskwatryne en sy boek oor volksballades *Kinders van konings* (2009) het 'n reuse bydrae ten opsigte van die opteken en bewaring van nie-tasbare kultuurgoedere gelewer. Daar het ook verskeie artikels oor nie-materiële kultuur in tydskrifte verskyn, soos byvoorbeeld Derek du Bruyn se artikel, "Oral testimonies as a source of community history, with special reference to the Batho project, Bloemfontein" wat in 2010 in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* (24(2)) verskyn het, asook Alida Boshoff se artikel, "Stories uit die grensoorlog" ('n uittreksel uit haar ongepubliseerde MA-tesis), wat in die*Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* (2002) verskyn het. Die South African Folklore Society publiseer die *Southern African Journal for Folklore Studies* wat feitlik hoofsaaklik oor nie-tasbare kultuur en in besonder oor die woordkuns van die swart tale in Suid-Afrika handel. Hierdie tydskrif word sedert 1991 deur bogenoemde vereniging uitgegee en wêreldwyd gelees.

Frank Matero het in 1993 geskryf dat die bewaring van tasbare kultuur soos byvoorbeeld monumente, geboue, argeologiese uitgrawings en landskappe, in daardie stadium 'n relatiewe nuwe professie was. Volgens hom het die bewaring van bogenoemde uit neëntiende-eeuse restourasieteorieë voortgespruit. Die bewaring en navorsing wat rondom tasbare kultuur plaasvind, bring unieke probleme na vore as gevolg van die grootte, konteks en kompleksiteit van die materiale wat gebruik word en die probleme met dokumentasie en behandeling tydens die proses (1993:15).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Luvuyo Dondolo verwys na inheemse kennisstelsels (Indigenous Knowledge IK) as ’n onlosmaaklike deel van nie-tasbare kultuur:

> Intangible heritage can be defined in association with tangible heritage, as it adds value and meaning to material heritage. The links and values - social, spiritual and non-spriritual, cultural, religious, political and historical values - of the material heritage give it intangible significance for the practising communities and imagined communities (2005:110).

Die term *praktiserende samelewing* verwys na ’n groep mense (samelewing) wat nog steeds hulle kultuur en daarmee saam hulle tradisies aktief uitleef, terwyl *nie-praktiserende* samelewing verwys na ’n groep of deel van ’n groep wat nie meer saamwoon nie, hetsy as gevolg van politieke of ander redes. Hulle beskou hulle egter nog kultureel verbind tot diegene wat die praktyke beoefen het. In die meeste gevalle is hulle nasate van bogenoemde (Dondolo 2005:110).

Tradisionele opvattings omtrent geskiedskrywing het tot gevolg gehad dat gedokumenteerde gebeure van groot belang telkens die spil was waarom die geskiedskrywing gedraai het. Die gewone mens maak hoogstens vlugtige verskynings sodat die kennis van talle fasette van die menslike lewe, sonder die tegniek van mondelinge oorlewering van nie-tasbare kultuurgeskiedenis, eenvoudig verdwyn.

’n Navorser wat ook van ’n model gebruik maak om te onderskei tussen materiële en nie-materiële kultuur, is Amareswar Galla. Hy verdeel materiële kultuur in beweegbare en nie beweegbare objekte (sien figuur 1.2).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 1.2: Die Galla-model

Galla se model kom baie onlogies voor. Hy stel nie-beweegbare objekte gelyk aan buitenshuise objekte en beweegbare objekte weer gelyk aan binnenshuise voorwerpe. Dit kan sekerlik ook oorvleuel, want nie-beweegbare objekte word ook binnenshuis aangetref. ’n Ingeboude kaggel in ’n huis is ook nie-beweegbaar en strukture en beeldhouwerke wat Galla onder nie-beweegbare objekte plaas, kan ook beweegbaar wees. In teenstelling met Galla se model kan beweegbare objekte soos voertuie, rytuie asook implemente binne- en buitenshuis aangetref word. Daar kan ook geredeneer word dat *sites* en *places* dieselfde beteken en om hulle afsonderlik te plaas, skep verwarring. As ’n skrywer ’n lys van voorbeelde opstel, staan hy ’n kans dat sekere objekte kan oorvleuel en baie maal word belangrike voorbeelde so weggelaat. Burden se kategorieë bied minder kans op verwarring.

Galla skryf verder oor onder meer beweegbare en nie-beweegbare objekte soos volg: “The challenge is to come up with principles and processes that govern the transformation of heritage institutions in the twenty-first century resulting in institutions that excel in the preservation, presentation, continuation and management of movable and immovable, tangible and intangible

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

heritage resources of rich and diverse cultural and invironmental systems" (Galla 2002:64). Hy is dus van mening dat bewaringsinstansies nie genoeg doen ten opsigte van die bewaring van alle fasette van kultuur nie, omdat hulle eers getransformeer sal moet word voordat hulle sukses sal kan behaal.

Beweegbare artefakte sluit voorwerpe in wat verwyder kan word vanaf hulle plekke van oorsprong. Die gevolg van die verwydering sluit baie maal die verlies van kwaliteit asook die konteks waarin die kultuurvoorwerp sy ontstaan gehad het, in. Die produk word geïsoleer en mag uiteindelik heeltemal vervreem word van die omgewing en plek asook samelewing van oorsprong. Dié voorwerpe word dikwels met museums en argiewe geassosieer. Hulle word te koop aan die museum gebied of geskenk en word die verantwoordelikheid van die betrokke instansie. Argeologiese voorwerpe, beendere asook artefakte van paleontologiese waarde moet met groot omsigtigheid hanteer word. SAEHA (SA Erfenishulpbronagentskap) gee leiding met die hervestiging en berging van sodanige versamelings (Naude 2012: e-pos).

Nie-beweegbare is die breë kategorie van kultuur-voorwerpe wat onder meer geboue, strukture en aktiwiteitsterreine insluit. Dit sluit ook rotsskuilings met tekeninge, slagvelde, religieuse plekke, grotte, woude wat bewaar word, bome, mere en plekke wat van geologiese waarde vir die navorser is, in. Hierdie plekke kan slegs *in situ* bestuur en bestudeer word omdat dit nie na ’n ander plek vervoer kan word nie (Naude 2012: e-pos). Uit die voorafgaande word dit duidelik dat nie-tasbare kultuur aan natuurlike sowel as kulturele hulpbronne gekoppel kan word.

In die bestuur van nie-tasbare kultuurgoedere staan museums voor die uitdaging om museum-versamelings te kontekstualiseer sowel as om dit relevant vir die hedendaagse besoekers sowel as navorsers te maak. ’n Voorbeeld hiervan is die Nasionale Museum van Etnologie in Leiden, waar nie-tasbare kultuurgeskiedenis-versamelings uit Nederland se ouer koloniale geskiedenis saam met hedendaagse multi-kulturele versamelings wat immigrasie uitbeeld, uitgestal word. Dit bewys dat nie-tasbare kultuurgoedere as voertuig vir opvoeding gebruik kan word. Meer as ooit tevore moet kurators wat met nie-tasbare kultuurgoedere werk die uitdagings aanvaar om die hele gemeenskap by bewaring te betrek. Die kurators van die UBC Museum van Antropologie in Vancouver het ’n sisteem ontwikkel waar verskillende kulture se nie-tasbare geskiedenis deel van die museum vorm. Mondelinge oorleweringe is op beeld vasgelê en gedokumenteer. Die dokumentasie wat gebruik word, is belangrik en dit moet vir alle groepe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toeganklik wees en dit is hier waar biblioteke en argiewe ’n belangrike rol speel deur ook nie-tasbare kultuurgoedere aan navorsers en besoekers beskikbaar te stel (Galla 2003:4).

In die meeste Afrikalande word nie-tasbare kultuurgeskiedenis eers van onlangs af beskerm en toeganklik gemaak vir die publiek. Dit is grootliks te danke aan oudpresident Thabo Mbeki van Suid-Afrika en sy *Afrika Renaissance* inisiatief wat deel van Nepad (The New Partnership for Africa’s Development) uitmaak. Die projek help onder meer in Timbuktu om waardevolle Afrika-erfenis te restoureer, te bewaar en toeganklik vir navorsers te maak (Motsi en Minicka 2008:42). Die geskrifte wat in Timbuktu bewaar word, het die siening dat Afrika slegs oor mondelinge geskiedenis beskik, verkeerd bewys. Hoewel baie van die geskrifte in Arabies is, is sommige wel in inheemse tale soos Songhai en Hausa. Daar is wel van die Arabiese skryfmetode gebruik gemaak. Van die manuskripte dateer uit die 16de eeu en dek ’n groot aantal onderwerpe soos tradisionele medisyne, filosofie, wiskunde, sterrekunde en studies oor Islam. Ongeveer 30 000 van die geskrifte word in die Ahmed Baba Instituut vir hoër Islamitiese studies en privaatbiblioteke in en om die stad bewaar (Geen skrywer 2010: www.smartcape.org.za/…).

In 2008 is dié manuskripte op uitstalling na Suid-Afrika gebring en het dit mense bewus gemaak van die waardevolle kultuurgeskiedenis wat bestaan en ontgin kan word. Die rondreisende uitstalling was gedurende 2008 in verskeie dorpe en stede soos Kaapstad, Bloemfontein, Pretoria, Durban en Grahamstad te sien.

Die feit dat die bewaring van tasbare asook baie belangrike nie-tasbare kultuurgoedere nie net die verantwoordelikheid van museums is nie, moet onderskryf word. Die bewaring van die nie-tasbare vereis samewerking tussen museums en ander staat- en privaatinstellings. ’n Voorbeeld is die Nasionale spoorweësentrum in Cincinnati wat ’n uiters unieke nuwe bewaarplek vir versamelings, dokumente, kuns, historiese huise, erfenisstrukture, kultuurroetes, landskappe, woonbuurte, geskiedenis van gemeenskappe asook hulle menings oor verskeie onderwerpe is. Die departement van spoorweë werk hier saam met die betrokke departemente waaronder museums val. Dit bewaar dus die tasbare sowel as die nie-tasbare. Deel van die nie-tasbare kultuurgoedere wat daar bewaar word, is die geskiedenis van slawerny in Amerika (Galla 2003:4). Al hierdie inisiatiewe om te bewaar ondersteun UNESCO se pogings om nie-tasbare kultuurgoedere te laat herleef deur geïntegreerde prosesse aan die gang te sit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.4 Bronnestudie

1.4.1 Literatuur

Benewens die metodologiese benadering tot die studie, het die navorsing en aanbieding van hierdie ondersoek ’n spesifieke **metode** gevolg.

’n Literatuurstudie is oor die volgende gedoen:

- Teoretiese benadering, teorieë en metodologie
- Die begrippe kultuur, kultuurgeskiedenis en erfenisbewaring
- Teorieë rondom geheue
- Geskiedenis van Graaff-Reinet vanaf 1786
- Geskiedenis van fotografie in die algemeen
- Biografiese inligting oor individue betrokke by die geskiedenis van Graaff-Reinet
- Geskiedenis van fotografie in Suid-Afrika
- Biografiese inligting oor individue betrokke by fotografie
- Biografiese inligting oor William Roe
- Agtergrondstudie oor Victoriaanse era in Engeland
- Agtergrondstudie oor Victoriaanse era in Suid-Afrika
- Argitektuur in Suid-Afrika
- Victoriaanse kleredrag

1.4.1.1 Literatuur oor Graaff-Reinet

’n Groot aantal bronne is vir die hoofstuk oor die agtergrond-geskiedenis oor Graaff-Reinet geraadpleeg. Die een bron wat egter as die belangrikste beskou kan word, is Cosmo Henning se doktorale proefskrif getiteld Graaff-Reinet – *A Cultural history 1786-1886* wat hy in 1975 voltooi het en later in boekvorm uitgegee het. Henning se belangstelling in die geskiedenis van Graaff-Reinet het ontstaan gedurende die jare 1963-1967 toe hy ’n dosent aan die destydse Graaff-Reinetse Opleidingskollege was. Daar bestaan net ’n beperkte hoeveelheid eksemplare van dié betrokke boek wat almal deur Henning geteken is en vandag as Africana beskou word. Henning het deeglik van argivale bronne gebruik gemaak en die illustrasies en foto’s in die boek is baie waardevol. Die belang van William Roe-foto’s in bewaring word weer eens onderskryf

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deurdat die meerderheid foto's wat Henning in sy tesis en later in sy boek gebruik, dié van William Roe is. Die boek kan in 2014 as 'n eensydige weergawe van die geskiedenis van Graaff-Reinet beskou word, want dit fokus nie op al die bevolkingsgroepe se rol in die dorp se geskiedenis nie.

Nog 'n bron wat van onskatbare waarde was, is Kenneth Smith se *From Frontier to Midlands: A History of the Graaff-Reinet District, 1786-1910* wat in 1976 deur die Instituut vir Ekonomiese Navorsing van die Rhodes universiteit op Grahamstad uitgegee is. Die bron steun baie op Henning, maar daar is ook nuwe inligting uit dié boek verkry. Daar word in 'n mindere mate van foto's en kaarte deur Smith gebruik gemaak, maar dit wat wel gebruik is, is Roe-foto's. Inligting uit *Graaff-Reinet 1786-1986* deur ADV Minnaar is aanvullend gebruik; so ook die onlangse werk deur Tony Westby Nunn, naamlik *Graaff-Reinet An Illustrated historical guide* wat in 2008 as 'n glansboek uitgegee is en 'n kort afdeling aan William Roe afstaan. Hy maak ook van Roe-foto's in sy boek gebruik. Geen een van bogenoemde bronne het 'n teoretiese benadering gevolg nie en veral Nunn se boek is geskryf om eerder die dorp as toeristebestemming te bemark as om as naslaanbron te dien.

Waardevolle inligting oor Graaff-Reinet se geskiedenis en die tydgees tydens die Anglo-Boereoorlog asook die Eerste Wêreldoorlog is uit TA Botha se verhandeling en proefskrif verkry. Hulle is getitel: *Graaff-Reinet tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (1991) en *Graaff-Reinet tydens die Eerste Wêreldoorlog, 1914-1918* (1994). Albei studies berus op deeglike, indringende navorsing hoofsaaklik uit koerante gedoen, in 'n era toe daar volstaan is met beskrywing en 'n teoretiese benadering nie vereis is nie.

Die *Lantern* tydskrif van Julie 1986 dek die tweehonderdjarige herdenking van Graaff-Reinet se bestaan. Twee skrywers het bygedra om 'n kultuurbeeld van die dorp vir die leser te bied. Norah Pitman, boorling van Graaff-Reinet, het vanweë haar antropologiese agtergrond oor die inheemse mense wat in en om die dorp gewoon het, asook die latere inwoners, se doen en late geskryf. Henning het oor die kultuurontwikkeling van Graaf-Reinet, 1786-1986 geskryf.

In 1953 het *Die Graaff-Reinet offisiële gids (Graaff-Reinet – Die Juweel van die Karroo*) verskyn waarin daar aan 'n wye verskeidenheid onderwerpe rakende die dorp en sy geskiedenis aandag gegee is. Hoewel sodanige gidse nie altyd baie volledig is nie, is daar bevind dat die inligting in dié gids 'n goeie kern gebied het waarop verdere ondersoeke kon volg. Dit dek die ontstaan van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Graaff-Reinet biblioteek en die geskiedenis van die kerke op die dorp baie volledig. Daar is opgemerk dat die skrywers in die gids se spelling van Karoo verskil van die spelling wat deesdae gebruik word.

1.4.1.2 Literatuur oor fotografie

Van die magdom werke beskikbaar oor fotografie wêreldwyd, is daar die swaarste op Frizot ea se *The new history of photography* (1994), Mulligan & Wooters se *History of photography from 1839 to the present* (2005) en Gernsheim se omvattende *The History of photography* (1955) gesteun. Frizot ea bied ’n uitstekende oorsig oor fotografie vanaf die beginjare in 1839 tot laat in die twintigste eeu. Dit is ’n diepgaande studie oor die fotoprosesse met talle foto’s ter illustrasie. Die werk van Frizot ea poog om met ’n nuwe aanslag vorendag te kom en bied ’n filosofiese blik op fotografie wat nie in baie bronne aangetref word nie. Frizot ea kan deur navorsers as ’n nastreefbare ideaal voorgehou word. Mulligan & Wooters skenk ook aandag aan die geskiedenis van fotografie en hulle brei ook uit oor spesifieke fotoversamelings soos die van George Eastman. Die boeke hierbo genoem, is deur persone met akademiese agtergrond en verbonde aan navorsingsinstellings geskryf.

Ian Jeffrey se boek *Photography* (1981) is op ’n kleiner skaal as dié van Frizot ea en Mulligan & Wooters, maar wat by hierdie bron uitstaan is die volledige bibliografie waaroor die boek beskik. Jeffrey het ook ’n insiggewende hoofstuk in Frizot ea se boek geskryf.

Hoewel Gernsheim se boek ’n baie ouer bron is, is dit steeds relevant. Dit is ’n baie deeglike naslaanwerk, maar omdat dit reeds in 1955 uitgegee is, is die drukwerk van swakker gehalte as van die nuwer bronne.

Nog bruikbare bronne oor fotografie wêreldwyd was *Looking at photographs* van Baldwin (1991), Arnold se *William Henry Fox Talbot: Pioneer of photography and man of science* (1977), Strasser se *Victorian Photography* (1942), Moholy se *A Hundred years of photography* (1939) en Buckingham se *Photography* (2004). Hierdie bronne het onder meer aandag gegee aan die ontstaan en ontwikkeling van fotografie en die verskillende fotoprosesse. Sommige skrywers behandel fotografie op ’n relatief oppervlakkige en oorsigtelike wyse. Buckingham se boek is duidelik op die algemene lekepubliek gerig, want dit bespreek baie kortliks die geskiedenis en verloop van fotografie. Die gebrek aan ’n bibliografie by bogenoemde bron is ook ’n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tekortkoming. Die kleurfoto's en illustrasies van Buckingham se boek is egter kleurvol en dien as goeie hulpmiddel by die kort beskrywings. Waardevolle inligting is verkry uit tydskrifartikels en oor fotografie was dit veral die artikel deur Hanlon in die vaktydskrif *History of Photography* (2007) wat gesorg het vir inligting oor die rol wat fotografie reeds in die vroeë jare in bewaring gespeel het.

1.4.1.3 Literatuur oor Suid-Afrikaanse fotografie

'n Suid-Afrikaanse perspektief op die land se vroeë fotografie en fotograwe is uit verskeie bronne verkry. Karel Schoeman se passie vir Suid-Afrikaanse fotografie kom duidelik in sy boek *The face of the country* (1996) na vore. Schoeman het foto's wat in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad bewaar word, gebruik. Hy bespreek die foto's en plaas hulle in historiese konteks. Die foto's – meestal portretstudies – is almal tussen 1860 en 1910 geneem. Schoeman ontleed die foto's vanuit 'n geskiedkundige oogpunt wat waardevolle historiese feite verskaf, maar nie indringend op kultuurhistoriese aspekte fokus nie. Tog maak die boek 'n impak, want Schoeman toon insig en skroom nie om sensitiewe foto's te gebruik nie.

Die boek van Marjorie Bull en Joseph Denfield wat uitsluitlik handel oor Suid-Afrikaanse fotografie, *Secure the shadow* (1970), was van groot waarde. Roe se biografiese gegewens is aanvanklik in hierdie bron nagevors. Die skrywers slaag daarin om die tydsgees van die era waarin Roe aktief as fotograaf werksaam was, vas te vang en trek nuttige verbande tussen die geskiedenis van fotografie, individuele fotograwe en die era waarin die fotograwe geleef en gewerk het. Roe het self artikels oor Graaff-Reinet gepubliseer en advertensies oor sy foto-ateljee in koerante geplaas soos in die *Illustrated Commercial* van 1905 waarin hy 'n artikel oor die dorp geskryf het en sy eie foto's ter illustrasie gebruik het. John Yeld het in die *Weekend Argus* (26/7/1986) 'n artikel "The story of a dusty little Karoo Town" geskryf wat biografiese inligting oor Roe en sy familie verskaf, maar ook die tydsgees van Graaff-Reinet tydens Roe se verblyf vasvang. In die *Lantern* van Februarie 1989 skryf Riena van Graan oor die Roe-fotoversameling en wys daarop dat daar so baie van die portretstudies sonder besonderhede gevind is. Sy doen 'n beroep op lesers om met inligting in verband met van die foto's in die artikel, asook die hele Roe-fotoversameling in die Graaff-Reinet Museum, na vore te kom en te help met die identifisering van die versameling.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bensusan se *Silver Images*, *History of photography in Africa* (1966) sluit aan by Bull en Denfield. Bensusan, ’n mediese dokter, het intens in die wetenskap van fotografie asook die geskiedenis daarvan belanggestel. Hy het in 1968 ’n museum in Johannesburg geopen wat uitsluitlik op die geskiedenis van fotografie konsentreer. In 2014 dien hierdie museum nog steeds as ’n belangrike instansie vir die bewaring van foto’s en fotografietoerusting in Suid-Afrika.

Malan se MA-verhandeling, *The use of historical photographs as source for cultural history: The Sammy Marks photograph collection,* is ’n studie wat die fotoversameling van Sammy Marks ondersoek met die doel om ’n duideliker beeld van die alledaagse lewe van ’n welgestelde Victoriaanse familie in die Transvaal gedurende die tydperk 1890 tot 1920 daar te stel. Hy besef die belangrike rol wat historiese foto’s in die rekonstruksie van die verlede speel. Malan se studie is waardevol aangesien dit ook uit ’n kultuurhistoriese oogpunt aangepak is en ’n sterk ooreenkoms met hierdie studie toon. Hy konsentreer eksklusief op die Marksfamilie se foto’s, terwyl hierdie studie meer op die hele gemeenskap van ’n dorp fokus.

Die artikel “Negentiende-eeuse fotografie as spieëlbeeld van die Victoriaanse tydgees” wat deur Lizé Kriel geskryf is en in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 1995 9(1) verskyn het, het veral gehelp om die Victoriaanse tydgees en die kamera se invloed op ’n era te begryp. Volgens Kriel was die kamera daarvoor verantwoordelik dat die gewone Victoriaanse mens se kennishorisonne verbreed is en dat daar ’n persepsie van ’n wêreld groter as net die onmiddellike omgewing begin vorm het. Kriel se artikel poog ook om die rol van fotografie in kultuurgeskiedskrywing te herwaardeer deur die wedersydse beïnvloeding tussen kultuur en fotografie vanuit die Victoriaanse oorsprong van dié uitvinding, te verken. Kriel se stelling dat fotografie die mens se kennishorisonne verbreed word bevestig in hierdie studie aangesien Roe se foto’s ’n substansiële navorsingsbron is.

Fransen verskaf in *A Cape camera* (2005) biografiese gegewens en inligting oor Arthur Elliott. Elliott se foto’s vorm deel van dokumentasie van die Kaap tydens die eerste dekades van die twintigste eeu en word in die Kaapse argief bewaar. Lighton het ook ’n boek oor Elliot geskryf naamlik *Arthur Elliott – A Memoir of the man and the story of his photographic collection* (1956). Dié boek bied ’n oorsig oor die lewe en fotoversameling van Elliott, maar tegnologies kan die bron glad nie met dié van Fransen vergelyk word nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.4.1.4 Literatuur oor konsepte en teorieë

Oor kultuur en kultuurgeskiedenis is uit die aard van die studie en studiebenadering ’n aantal literêre en ander bronne geraadpleeg. Wat literatuur betref was werke van Burke (1997; 2004), Green (2008), Grobbelaar (1974) en Coertse (1977) van groot waarde. Coertse en Grobbelaar bespreek die Suid-Afrikaanse situasie, terwyl Burke ’n globale perspektief verleen. Green se *Cultural history, theory and history* (2008) voorsien in ’n samevattende en toeganklike bron. Sy beweeg na die psigo-analitiese aspekte van kultuur en kultuurgeskiedenis en stel die leser op ’n toeganklike wyse bloot aan dié diverse veld. Haar boek verken die konsep kultuur in verhouding met onder meer die mistieke wêreld van geheue soos wat dit reflekteer in intelektuele werke, asook hoe kultuur manifesteer in die alledaagse lewe.

Van die post-modernistiese teorieë rondom geheue is van toepassing op dié navorsingsonderwerp aangesien die foto’s wat ontleed word in ’n sekere sin as geheue dien en bydra tot sinvolle bewaring. Inligting in hierdie verband is uit Green (2008) verkry en die verband tussen geskiedenis en geheue is deur Crinson (2005) en Nora (1989) getrek, terwyl Huyssen (1995) ook die sielkundige aspek van geheue in die mens se bestaan aanspreek. Crinson maak die stelling dat as geheue getrou bly aan ’n spesifieke gebeurtenis en tydperk sal dit ’n getroue weergawe van sodanige dorp, stad en gemeenskap weergee. Dit is ’n aanvegbare stelling as in ag geneem word dat geheue nooit heeltemal getrou aan die waarheid bly nie, want geheue is deel van die mens en die mens is feilbaar. Nora verwys na geheue as lewe, voortgedra deur lewende samelewings wat self grootliks op geheue steun. Beide Crinson en Nora onderskei tussen geheue en geskiedenis; laasgenoemde is vir hulle ’n hersamestelling van die verlede. Dit bly in ’n permanente staat van evolusie, onder die invloed van onthou en vergeet. Huyssen glo dat die mens aan die einde van elke eeu introspeksie doen en dat bewaring weer aandag geniet. Foto’s is eweneens ’n baie belangrike komponent van geheue, want dit hou ook die mens se nostalgiese geheue wakker. Die omstrede werk van Blake, *Boereverraaier teregstellings tydens die Anglo-Boereoorlog* (2010) gee ’n blik op selektiewe geheue. Blake wys daarop dat daar ná die oorlog selektief onthou is, want die feit dat die Boere hulle eie mense laat teregstel het, is doelbewus uit die geskiedenis weggelaat en dit was ’n taboe onderwerp waaroor nie gepraat of geskryf is nie.

’n Baie groot aantal artikels in vaktydskrifte, geskryf deur Burden, Cruywagen, Dreyer, Eley, Ferreira, Kros, Malkogeorgou, Nel, Socolow, Strauss en Swart is geraadpleeg. Dit is veral die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

artikels van Burden, “Die metodologie van Kultuurgeskiedenis” (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, November 2000), “Museums and the Intangible Heritage: the case study of the Afrikaans Language Museum” (*International Journal of Intangible Heritage* volume 2), OJO Ferreira, “Kultuurgeskiedenis by ’n kruispad” (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, November 1997), en WA Cruywagen se “Die waarde van genealogiese en familiegeskiedenis vir kultuurgeskiedenis in die Suid-Afrikaanse konteks” (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Junie 2006) en “Skakeringe van die begrip kultuur in historiese en sistematiese perspektief” (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, jaargang 52 nommer 4) wat ’n sterk invloed op hierdie studie gehad het. Dit was Burden se artikel “Die metodologie van Kultuurgeskiedenis” wat rigtinggewend was en die filosofiese aanslag van die studie gerig het. Dié artikel is die enigste bron oor Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis se metodologie, hoewel dit ook universeel van toepassing is. Die model is spesifiek vir kultuurhistoriese studie ontwerp. OJO Ferreira se “Kultuurgeskiedenis by ’n kruispad” wys daarop dat dit lank baie goed met kultuurgeskiedenis as wetenskap in Suid-Afrika gegaan het, maar voorsien reeds in 1997 dat die vakgebied voor moeilike uitdagings gestel gaan word. Dit het inderdaad gebeur en Kultuurgeskiedenis as universiteitsvak het by verskeie universiteite verdwyn. Hopelik kan die tendens in Suid-Afrika omgeswaai word en kry Kultuurgeskiedenis weer sy regmatige plek op akademiese vlak om ’n essensiële rol in erfenisbewaring te speel.

Die referaat wat AG Oberholster in 1988 in Kaapstad gelewer het, naamlik “Definisies en beginsels van kultuurbewaring: die kultuurkringloop”, was van onskatbare waarde, ten spyte van die feit dat dit ook nie ’n onlangse bron is nie. Dit het die navorser weer die belangrikheid van Maslow se motiveringsteorie as bruikbare raamwerk vir kultuurbewaring laat insien. Dr Amareswar Galla wat aan die Jawaharlal Nehru universiteit in New Delhi onder meer kultuurgeskiedenis en erfenisbewaring bestudeer het, het artikels in vaktydskrifte gepubliseer. Die artikel “Culture and heritage in development” wat in die *Humanities Research volume 9(1) 2002* verskyn het, bevat ’n model wat nie-tasbare teenoor materiële kultuurgoedere asook beweegbare teenoor nie-beweegbare objekte bespreek. Galla maak ’n lys van voorbeelde, maar dit veroorsaak dat die model nie logies voorkom nie, want te veel van die voorbeelde oorvleuel en sommiges word weggelaat. Dit is beter om voorbeelde in kategorieë te verdeel wat voorkom dat belangrike voorbeelde weggelaat word. Die artikel van MD Steinberg, “Stories and Voices: History and Theory” in *Russian Review tydskrif* 2006 wat die rol van kultuurgeskiedenis in erfenisbewaring in Rusland belig, wys daarop dat Rusland soortgelyke probleme as Suid-Afrika ervaar met erfenisbewaring en poog om Kultuurgeskiedenis as vakdissipline te bevorder.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.4.1.5 Literatuur oor Victoriaanse era

Die Victoriaanse era is gekenmerk deur industrialisasie en ongekende sosiale en intellektuele ontwikkeling. Dit is ook die tydperk waarin die William Roe-fotoversameling sy ontstaan gehad het en waarin hy en sy familie geleef het. In die boek *Victorian Chic* (2001) beskryf Anita Crane hoe oordadig die binnenshuisversierings tydens die Victoriaanse era was en wys daarop dat meubels en bykomstighede van dié era gereeld as modeneigings herleef. Judith en Martin Miller se *Victorian style* (1993) en Adam Hart-Davis se *What the Victorians did for us* (2001), het wel waardevolle agtergrond inligting oor die Victoriaanse era gebied. Hulle beskryf die tydsgees van die era goed en gaan dan albei verder om die modestyle, tendense en gebeure deeglik te bespreek. Linda Osband se boek *Victorian House Style* (1991), is ’n goeie bron wat die Victoriaanse boustyl, meubels en bykomstighede soos kaggels, muurpapier en eetgerei deeglik beskryf.

Wat die Victoriaanse era in Suid-Afrika betref, is daar baie sterk op Eric Rosenthal se *Victorian South Africa* (1975) gesteun. Hoewel dit nie ’n onlangse bron is nie, is die bron relevant, want dit raak swart en bruin mense gedurende die Victoriaanse tyd aan, terwyl nie baie mense in 1975 erkenning aan hulle rol in die verlede gegee het nie. Rosenthal was ’n bekende joernalis en skrywer en het bydraes gelewer vir beide die *Encyclopaedia Britannica* en *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*. ’n Artikel van R de Wet, “Die laat-Victoriaanse interieur 1880-1890” (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, Januarie 1984) het ook inligting oor dié betrokke era verskaf. Bykomende inligting is verkry uit Giliomee se *Die Afrikaners, ’n Biografie* (2004) asook uit Giliomee en Mbenga se *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika* (2007). Laasgenoemde boek dek die Suid-Afrikaanse geskiedenis vanaf die ontstaan van die eerste nedersettings tot die eerste dekade van die demokratiese Suid-Afrika. Die boek is ’n goeie akademiese werk wat in ’n leesbare verteltrant geskryf is en met vrug deur skoliere, studente, belangstellendes in geskiedenis asook historici gebruik kan word. Die uitleg en kwaliteit van die boek dra by tot die sukses daarvan. Dit is egter opvallend dat die verwysings by die Afrikaanse weergawe van Giliomee se *Die Afrikaners, ’n Biografie* (2004), weggelaat is. Dit is onaanvaarbaar, aangesien dit impliseer dat die Afrikaanse weergawe net as ’n leesboek gebruik kan word, maar sodra iemand ernstig navorsing wil doen, is hy verplig om die Engelse weergawe te gebruik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Geskiedenis van Suid-Afrika; Van voortye tot vandag (2012) waarvan Fransjohan Pretorius die redakteur was, het agtergrondinligting oor die minerale revolusie en die ekonomiese geskiedenis van die neëntiende eeu verskaf. Hierdie boek is ’n oorsigwerk oor Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dit is, net soos die werk van Giliomee en Mbenga ook ’n versamelwerk met hoofstukke deur verskillende skrywers. Dit vorm nie so ’n goeie samehangende eenheid soos Giliomee en Mbenga se boek nie. Sommige hoofstukke is ook ou navorsing wat woordeliks uit ander boeke oorgeneem is. Dit is egter die eerste sintesewerk om ’n oorsig van die geskiedenis tot 2011 te bied.

Die boek van Arthur Rabone, *The records of a pioneer family* (1966), het historiese inligting oor onder meer teaterproduksies, blomskoue asook die taalkwessie op Graaff-Reinet verskaf. Rabone het dagboeke en briewe van die Rabone- en Essex-families verwerk en illustrasies en foto’s bygewerk. Rabone het nie die boek geskryf met die oog op lesers buite sy familiekring nie, maar sy werk het al waardevolle inligting aan navorsers oor Graaff-Reinet asook die groter Oos-Kaap verskaf.

Om die foto’s wat tydens die Victoriaanse era geneem is, te kon ontleed, moes literêre bronne oor spesifieke artefakte bestudeer word. Argitektuur was die eerste afdeling wat bespreek is en hier was Hans Fransen se *Drie eeue kuns in Suid-Afrika* (1981) van waarde en is Désirée Picton-Seymour se *Historical buildings in South Africa* (1989) en *Victorian Buildings in South Africa* (1977) ook gebruik. Picton-Seymour se boeke is nie baie gebruikersvriendelike naslaanbronne nie, aangesien die verwysings in die boek moeilik opspoorbaar is. *Brakdak: Platdakke in die Karoo* van Gabriel Fagan (2008) bied agtergrondinligting. Hierdie bronne se hantering van style en stylkenmerke is onbevredigend. Fransen het inligting oor die ou hallekerk op Graaff-Reinet verskaf, maar die boudatum wat hy aandui, stem glad nie ooreen met bronne soos Henning, Smith asook kerkmanuskripte nie. Dit is wel moontlik, maar onwaarskynlik dat die ander bronne verkeerd mag wees. Skrywers is soms geneig om by mekaar oor te skryf en sodoende word verkeerde feite later as korrek beskou, maar in hierdie geval is die inligting in die ou kerkmanuskripte waarskynlik korrek. Fransen gee sy foto se bron as die Kaapse Argief aan, maar verwys na geen spesifieke bron waar hy die inligting oor die hallekerk sou kry nie. Fransen se groot werk oor argitektuur *The old buildings of the Cape* (2004) is egter ’n baie omvattende bron oor argitektuur en kan as sy belangrikste werk oor hierdie onderwerp beskou word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die familie-ideaal tydens die Victoriaanse era is in die familieportret vasgevang, want foto's het gedurende die laaste dekades van die neëntiende eeu en vroeg twintigste eeu makliker bekombaar vir die middelklas geword. Almal wou graag 'n foto van hulleself en hulle familie hê. In die ontleding van die kleredrag in die Roe-portretstudies was Daphne H Strutt se omvattende werk oor kleredrag in Suid-Afrika *Fashion in South Africa 1652-1900* (1975) baie waardevol. Hierdie boek beskryf nie net die kleredrag nie, maar skep 'n geskiedkundige milieu waarbinne die foto's ontleed kon word. Tortora en Eubank (1990) en Payne ea se boeke handel oor Europese kleredrag, maar het tendense uitgewys wat ook op Suid-Afrikaanse kleredrag van toepassing was. Telford se boek *Yesterday's dress*: *A History of Costume in South Africa* (1972) bestaan uit goeie sketse van kleredrag in Suid-Afrika, maar die beskrywing van die kleredrag is nie altyd volledig nie. Beaujot (2012) se *Victorian Fashion Accessories* en Malan se "Victorian weddings in South Africa, evidence from personal recollections, letters and photographs" (*Suid-Afrikaanse tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 7(1)1996) verskaf inligting oor bykomstighede. Van Severn (1963), O'Day (1974), De Marly (1989) en Brooke (1958) het as bykomende leeswerk gedien. Volkskuns was 'n integrale deel van die kultuurgeskiedenis van die Suid-Afrikaner van die neëntiende eeu. Oor hierdie aspek by die ontleding van die kleredrag in die portretstudies is J Celestine Pretorius se boek *Die Geskiedenis van Volkskuns in Suid-Afrika* (1992) geraadpleeg. Pretorius was hoof van die navorsingsafdeling van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria asook lank verbonde aan die Universiteit van Pretoria se departement Kultuurgeskiedenis. Pretorius verskaf waardevolle inligting oor kleredrag en spreek ook pikturale volkskuns aan.

F Gordon Roe se boek *Victorian Furniture* (1952) asook Clive Edwards se *Victorian Furniture*: *Technology and Design* (1993) het gehelp met identifisering van die meubels wat in Roe se portretstudies voorkom. Die belangrikste bron wat oor meubels geraadpleeg is, is Burden se omvattende boek, *Ou-Kaapse Meubels – Studies in style* (2013). Hierdie boek is die eerste oor dié onderwerp in 25 jaar en dra ook by tot die ontwikkeling van 'n Afrikaanse terminologie by die bestudering van meubelkuns. Kench se boek oor kothuismeubels, *Cottage Furniture in South-Africa* (1994) is 'n goeie bron wat nie net kothuismeubels bespreek en in kategorieë plaas nie, maar ook praktiese wenke gee oor restourasie en verskillende houtsoorte uitlig.

The History of Coaches deur GA Thrupp en boeke wat betrekking het op die leefwyse van mense gedurende die vorige eeu, byvoorbeeld AAJ van Niekerk se *Herneuter* (1975) en Bun Booyens se *Nagmaalsnaweek deur die jare* (1982) is met vrug geraadpleeg. Pieter W

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Grobbelaar (red) se boeke *Die Afrikaner en sy kultuur* (1974) en *Boerewysheid* (1977) het inligting oor die sosiale ordening van die mense van die laat neëntiende eeu en vroeg twintigste eeu, asook gebruike rondom troues en die dood, verskaf. Hoewel bogenoemde bronne nie onlangs uitgegee is nie, moet hulle waarde nie onderskat word nie. Veral met die ontleding van dorpsbeelde het hierdie tydgenootlike bronne unieke kultuurhistoriese gegewens en perspektiewe verskaf.

Vir die foto's wat aspekte van die Anglo-Boereoorlog weerspieël, moes bronne oor wapens bestudeer word. Prof Felix Lategan en Lucas Potgieter se volledige boek *Die ontwikkeling van die vuurwapen in Suider-Afrika* (1982) was 'n baanbrekerswerk op die gebied van vuurwapens in Afrikaans en bied inligting oor beide ou en nuwe vuurwapens.

James Walton in samewerking met André Pretorius se werk *Windpumps in South Africa* (1998), bied nie net historiese feite oor windpompe nie, maar wakker die nostalgie wat daar rondom windpompe bestaan aan. Die illustrasies in die boek gaan sover terug as 1848 en vul die geskrewe teks goed aan. Die boek beskik ook oor 'n goeie bibliografie wat sinvol vir verdere navorsing aangewend kan word.

1.4.2 Verslae en manuskripte

Vir die ontleding van openbare geboue op Graaff-Reinet het die verslae van die betrokke argitekte insae gegee in die werkswyses wat gevolg is en is hulle kennis van argitektuur en beskrywing van die betrokke geboue waardevol gevind. Dirk Visser het in 1977 'n verslag oor die restourasie van die Drosdyhotel geskryf. Norman Eaton het in 1981 oor Reinethuis en die plaaslike argitek Peter Whitlock het in 1993 sy verslag oor die restourasie van Urquharthuis vrygestel. Al drie argitekte het van Roe-foto's gebruik gemaak tydens die restourasie en herstelprosesse van die geboue. Die verslae was insiggewend, want hulle het gehelp om geheelbeelde van die betrokke geboue te skep. Elkeen van die geboue het baie strukturele veranderinge ondergaan en die betrokke argitekte bespreek dit breedvoerig en die inligting kon met die Roe-foto's vergelyk word. Van die Drosdyhotel bestaan daar meer as een Roe-foto en Visser se verslag het onduidelikhede oor die veranderinge opgeklaar. Sommige van Visser se terme vir argitektuurstylkenmerke was egter onduidelik en het verwarring veroorsaak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.4.3 Argivale bronne

Verdere inligting oor Graaff-Reinet is uit brosjures, pamflette, jaarblaaie van skole, berigte uit die plaaslike koerante sowel as landswyd gepubliseerde koerante en argiefstukke uit die Graaff-Reinet NG Kerk- en museumargief verkry. Baie van die argiefmateriaal soos koerantuitknipsels, foto's, brosjures en geskrifte word in houers in die kluis van die museum bewaar. Honderde navorsers besoek jaarliks die Graaff-Reinet Museum en die hantering van die argiefmateriaal wek kommer. Die kerkargief bied waardevolle inligting, maar die liaseerstelsel van die argief moet nog meer verfyn word om sodoende inligting meer toeganklik te maak. Inligting oor die Gribble-versameling is by die Drakenstein se Heemkring verkry.

Die Roe-familiegeskiedenis is in die St Gileskerk se argief in Northampton nagevors en die destydse straatadres en beroep van Roe se familie is so vasgestel. Carol Hardijzer beskik oor 'n groot privaatversameling literatuur, foto's, kameras en ander fotografie-toerusting. Met 'n besoek aan sy argief in Johannesburg is onontbeerlike agtergrondinligting oor fotografie en fotograwe ingewin. Daar is deurgaans gepoog om die verbande te trek tussen die verskillende bronne ten einde iets nuuts te skep.

1.4.4 Ter plaatse ondersoeke

In September 2008 is daar navorsing ter plaatse in Northampton, Engeland, oor William Roe en sy familie gedoen. Die begraafplaas van die St Gileskerk in Northampton, waarvan die Roe-familie lidmate was, is besoek. Die destydse straatadres en beroep van Roe se familie is só vasgestel. Op Graaff-Reinet is die grafte van Roe, sy vrou Mary en seun William in die begraafplaas in Donkinstraat besoek.

Baie van die geboue wat met die ontleding van die kultuurverskynsels in hoofstuk 6 bespreek word, bestaan nog. Daar is ter plaatse ondersoek ingestel of die stylkenmerke van die geboue behoue gebly het en of daar drastiese veranderinge deur die jare aan die geboue aangebring is.

1.4.5 Mondelinge bronne

Daar is gebruik gemaak van kundiges wat as mondelinge bronne, hetsy in persoon of deur middel van e-posse 'n groot bydrae gelewer het. Hulle mededelings het op verskeie punte met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ander bronne ooreengestem en is as goed beoordeel. Carol Hardijzer het baie waardevolle inligting oor fotografie, kameras asook die interpretasie van die foto's verskaf. Peter Whitlock het gehelp met die uitlig van fotografie se rol in bewaring, terwyl Anziske Kayster as museumkundige haar kennis oor die Roe-versameling en Graaff-Reinet se geskiedenis in die algemeen gedeel het. Dick Mulder is 'n restourasiekundige en was nou betrokke by die restourasie van onder meer Urquharthuis, Reinethuis, Drosdyhotel en die Ou Residensie. Vakkundiges soos Natie de Swardt en Mauritz Naudé het onderskeidelik inligting verskaf oor argitektuur en die rol wat geheue in bewaring speel. Referate was soms geneig om persoonlike benaderings tot die vakgebied te toon, wat nie bo kritiek is nie, maar het interessante perspektiewe verleen. Webb loods 'n aanval op Kultuurgeskiedenis as vakgebied en misken die wetenskaplikheid van dié vakgebied. Hierdie aanval was waarskynlik polities gemotiveerd en dus subjektief.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2
GRAAFF-REINET: HISTORIESE AGTERGROND

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan die belangrike mylpale en gebeurtenisse in en rondom die dorp bespreek word. Dit is belangrik dat daar ook na die menslike aspekte van die geskiedenis gekyk word, asook groot tragedies wat onder meer deur die Groot Griep en die Anglo-Boereoorlog veroorsaak is. Die wyse waarop die dorp ontwikkel het en sy geskiedenis ontplooi het, het die agterdoek geskep vir ’n nuwe wyse van dokumentering, naamlik fotografie, wat deur William Roe na Graaff-Reinet gebring is.

2.2 Stigting van Graaff-Reinet

Graaff-Reinet is naas Kaapstad, Stellenbosch en Swellendam die vierde oudste landdrosdistrik in Suid-Afrika. Daar is met sorg ’n ligging vir die stigting van ’n nuwe dorp uitgesoek. Die Sondagsrivier loop deur ’n vallei wat deur berge omring word, en dit sou meehelp dat die nuwe dorp teen die elemente beskerm word. Die nuwe distrik het omtrent ’n derde van die destydse Kaapkolonie beslaan. Mauritz Hermann Otto Woeke, ’n afgetrede burger van Stellenbosch, is op 13 Desember 1785 as eerste landdros van die nuwe distrik aangestel. Onder die heemrade was Adriaan van Jaarsveld en JG Tregardt, die vader van die Voortrekkerleier Louis Tregardt. In Oktober 1786 het Woeke die dorp Graaff-Reinet amptelik gestig. Hy het die leenplase van Dirk Coetzee vir sy drosdy gekies. Dirk Coetzee is daarop rentevry van grond in die huidige Pearston distrik voorsien. Graaff-Reinet is vernoem na goeverneur Cornelis Jacob van der Graaff, en Reinet (Rijnet) die nooiensvan van sy vrou Cornelia (Smith 1976:16; Nunn 2008:15).

Die distrik van Graaff-Reinet het aan die noordekant geen grens gehad nie, maar in die weste was die Klein Leeurivier die grens. Die noordoostelike hange van die Swartberge en die Gamtoosrivier het onderskeidelik as die suidelike en suid-westelike grense van die distrik gedien. In die ooste het die Tarka-, Baviaans- en die Visrivier die grens gevorm (Krüger 1953:1).

Daar het gou ’n skool en ’n Hollandse kerk op die dorp ontstaan. Ds JH von Manger is in September 1792 as Graaff-Reinet se eerste leraar ontvang. ’n Woonhuis is eers as plek van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanbidding gebruik. Onder die eerste ouderlinge was Marthinus Wessel Pretorius en Jan Jacobs. Van die diakens was onder andere Andries Pretorius en Barend Burger (Every gd:2).

Die eerste twintig jaar van die dorp se bestaan word gekenmerk deur ’n periode van ongekende onrus, wetteloosheid en konflik. Dit was veral die Xhosa-kaptein Ndlambe se volgelinge wat in daardie tyd honderde plase aangeval en vee gesteel het (Henning1986:10). Die Boesmans is van hulle natuurlike jagvelde ontneem en die gepaardgaande gebrek aan kos vir hulleself was die hoofrede hoekom die Boesmans die boere se vee gesteel het. Woeke het met kommando’s teen die Boesmans opgetrek. Daar word beweer dat gedurende die eerste 38 jaar van Graaff-Reinet se bestaan ongeveer 3000 Boesmans doodgemaak en nog duisende in hegtenis geneem is (Pitman 1986:9).

Die boere was van mening dat die regering van die dag nie na hulle belange omgesien het nie. Die vrysinnige invloede van die Franse Revolusie van 1789 het ook in Graaff-Reinet posgevat. Dit is waarskynlik deur ds Von Manger, Maynier en ander senior amptenare na Graaff-Reinet gebring. Die gees van ontevredenheid onder Graaff-Reinet se inwoners wat nie onder vreemde gesag wou staan nie, bereik ’n hoogtepunt met die uitroep van die “Republiek van Graaff-Reinet” in 1795. In 1796 word landdros FR Bresler ook deur die inwoners van die dorp versoek om die distrik te verlaat (Pitman 1986:10; Minnaar 1987:6).

Kommissaris-Generaal De Mist en sy dogter Augusta het gedurende 1804 op ’n inspeksietog na die binneland gereis. MHK Lichtenstein (1780-1857), ’n Duitse reisiger wat saam met De Mist en sy dogter na Graaff-Reinet gekom het, gee sy indrukke van die dorp: *About twenty houses, with gardens between, built in a straight line, form a tolerable wide street. The inhabitants of these houses are a smith, a waggonwright, a saddler, a carpenter and other handicraft workers. As well as a shoemaker, baker and butcher who attended to the needs of the community* (Nunn 2008:26).

Graaff-Reinet het ontwikkel tussen die jare 1800 tot 1816. ’n Nuwe pastorie (tans Reinethuis) en drosdy is voltooi. Daar is begin om nog erwe in die dorp uit te meet en so is 30 nuwe erwe te koop aangebied. ‘n Tweede straat naas Kerkstraat, wat later as Cradockstraat bekend sou staan, is gevorm (*Offisiële Gids* 1953:51).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

William Burchell (1781-1863), die bekende natuurkundige, botanis en reisiger, het in 1812 die volgende oor Graaff-Reinet geskryf: *Along the principal street (Church Street) a row of orange and lemon trees, at this time loaded with fruit, formed a decoration as novel to an English eye, as it was in it self beautiful by the clean glossy verdure of the foliage and the bright contrast of the golden fruit* (Nunn 2008:23).

2.3 Die Stockenströmperiode, 1806 tot 1827

Nadat die Britse Owerheid weer in 1806 aan bewind gekom het, was Andries Stockenström die nuwe landdros wat wet en orde op Graaff-Reinet moes herstel. Dit was ’n moeilike taak, en hy is dan ook tydens die Vierde Grensoorlog (1811-1812) noodlottig gewond (Gie 1932:137). Sy seun, ook Andries (1792-1864), word eers adjunk-landdros en op 12 Mei 1815 word hy as landdros aangestel. Hy beklee die pos tot 1827. Stockenström die jongere, het die plaaslike probleme aangespreek en is deur die hele gemeenskap gerespekteer en aanvaar (Henning 1986:40; Minnaar 1987:11-12). Andries Stockenström het later sir Andries geword en ook die luitenant-goewerneur van die Oostelike Provinsie (*Offisiële gids* 1953:143).

Die kerkgebou is gedurende hierdie onrusperiode (1811-1815) as barakke en stalle gebruik. Dit was in ’n vervalle toestand. ’n Bedrag van £300 is deur Stockenström aan die kerk bewillig om gemeentelike bedrywighede reg te ruk (Lichtenstein 1928:446). Twee slawe wat bedrewe timmermans was, is deur die kerkraad gekoop om die kerk te herstel. Aan genoemde WJ (William) Burchell, is in 1813 toestemming verleen om die kerkorrel, wat deur ’n lidmaat geskenk is, te bespeel (Wallis 2000:94). Ds Kicherer, die predikant gedurende dié tyd, was die eerste predikant wat in die pastorie (tans Reinethuis) gewoon het (Every gd:3).

Andries Stockenström het meer strate laat maak, erwe afgemeet en begin om die distrik se plase te verdeel. Die ontevredenheid oor die verdeling van beskikbare water is deur Stockenström met ’n kanaalstelsel opgelos, wat ’n meer regverdige stelsel meegebring het. Hy het baie energie en tyd bestee om uitbreiding van Graaff-Reinet te bevorder. Die breë strate het mekaar reghoekig gekruis en lang rye bome is aan die kante van die leivore geplant. Die plein voor die kerkgebou is deur boere en sakemanne gebruik om handel te dryf (Botha 1976:59).

MHK Lichtenstein (1780-1857), maak in sy beskrywing van Graaff-Reinet melding van die heerlike druiwe wat hy geëet het. Die wyn wat hier gemaak is, was volgens hom maar van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

middelmatige gehalte, omdat die boere nie die vrugte uitsoek voordat hulle pars nie (Lichtenstein 1928:468). Lichtenstein meld verder dat die natuurlike en aangebore beskaafdheid en sindelikheid, sowel as die netjiese, eenvoudige kleredrag, spraaksaamheid asook die ongedwonge welvoeglikheid van die inwoners hom opgeval het (Eybers gd:76).

Die belangrikste geboue was die drosdy, die pastorie en die kerk. Die pastorie was ’n groot huis met ’n ruim tuin om in al die behoeftes van die leraar en sy huishouding te voorsien. Die hofsaal en kantore vir administrasie was in die drostdy geleë. Die meeste huise was platdakhuisies met brakdakke, wat almal brandsolders gehad het (Botha 1976:59). Die tipiese Karoo-platdakhuis met kroonlys en pleister-omlysting om die voordeur en vensteropeninge is opgerig (Fagan 2008:78).

Van al die nuwe bedrywighede waarmee daar gedurende die 1820’s op Graaff-Reinet begin is, is die belangrikste die totstandkoming van die Graaff-Reinet Landbouvereniging. Hoewel ongewild, word lord Charles Somerset tog ’n toegewyde beskermheer van die landbou. Die nuutgestigte vereniging het sy goedkeuring weggedra. Die vereniging het kundige manne soos ds Andrew Murray, kaptein CL Stretch (landmeter), dr Perry, die here Leeb en Moodie en landdros Stockenström bymekaar gebring en talle pogings aangewend om die plaaslike landbou te verbeter. Daar word op klein skaal met die merinoskaap geboer. Die boere het ook huide verkoop. Boere het op jagtogte na die noorde van die land gegaan en handel in ivoor gedryf. Baie boere het ook met droëvrugte, lemoene, wyn en brandewyn geld verdien (Henning1986:41; *Offisiële gids* 1953: 51).

Andrew Geddes Bain (1797-1864) word in hierdie tyd aangestel om die bergpasse om Graaff-Reinet te bou. Bain, ’n tuiemaker van beroep, het later ’n beroemde ontdekkingsreisiger, krygsman, pasbouer en amateur geoloog geword. Hy het die Ouberg- en Van Ryneveldspasse rondom Graaff-Reinet gebou, wat vervoer baie vergemaklik het. Hy het die eerste belangrike fossiel naby Fort Beaufort in die walle van die Katrivier ontdek (*Die Burger* 24/5/2003:8; Jaff 1963:40,42).

Baie hoë regeringsamptenare het die dorp besoek, onder meer sir John Cradock (1813), lord Charles Somerset (1817), sir Rufane Donkin (1821), genl Bourke (1826), die koloniale sekretaris Bird (1827) en sir Richard Plasket (1827). Dié besoeke bied ’n verklaring vir die oorsprong van verskeie straatname (Henning 1986:42).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die pos van landdros word op 1 Januarie 1828 deur die Britse Regering dwarsdeur die Kolonie afgeskaf. Dit het vir die plaaslike inwoners as ’n geweldige slag gekom. Vir ses kort jare het die geskiedenis egter twee groot name, nl Andries Stockenström en ds Andrew Murray op Graaff-Reinet saamgebring (Henning 1986:42). Andrew Murray het in 1822 uit Aberdeenshire in Skotland as predikant na Graaff-Reinet gekom. Baie gemeentes het Skotse predikante beroep en teen 1837 het Skotse predikante die helfte van die Kaapse Sinode uitgemaak (Hofmeyr 2002:79). Andrew Murray het in 1825 met die sestienjarige Maria Susanna Stegman (1809-1889) getrou. Hulle het elf kinders gehad van wie vyf predikante geword het en vier van die vyf dogters met predikante getrou het. Vir byna 90 jaar het ’n lid van die Murrayfamilie as predikant op Graaff-Reinet gedien (Choy 2000:30).

Aan die begin van die neëntiende eeu het Graaff-Reinet belangrike status in die Kolonie geniet, en daar is in die Kaapse koerante na Graaff-Reinet verwys as die *Athene van die Ooste.* Die koloniste en inwoners het egter toenemend ontevrede geraak met die Britse Regering. Die feit dat Engels as kultuurmedium op hulle afgedwing is, het hulle baie ontevrede gelaat. Ds Andrew Murray (senior) het probeer om die mense tevrede te hou deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk uit te brei deur al meer dienste in die distrik te hou, wat ook op sy aandrang deur plaaswerkers bygewoon is. Die dienste is egter nog in Engels gehou. Dit was dan ook een van die aanleidende oorsake vir die Groot Trek (Every gd:5).

2.4 Die Groot Trek

Die Groot Trek was ’n georganiseerde fisieke landverlating van duisende Afrikaansprekende grensboere vanuit die Britse Kaapkolonie na aangrensende gebiede in die noorde en noord-ooste van die land. Die boere het getrek sonder die bedoeling om ooit weer terug te keer. Dit skakel dus aan by soortgelyke emigrasie-verskynsels elders in die negentiende-eeuse wêreld (Muller 1977:151). Die Sesde Grensoorlog en die nagevolge daarvan het die boere se ontevredenheid tot ’n punt gedryf. Die boere is deur die owerheid vergoeding belowe vir hulle groot verliese oor ’n lang periode, maar het niks ontvang nie. Hulle was egter verplig om belasting te betaal. Die vraag na grond van hul eie en arbeid was die hoofredes vir die Groot Trek (Giliomee & Mbenga 2007:112; Minnaar 1987:12). In 1833 is die wet geproklameer dat daar in geen Britse kolonie enige slawe meer aangehou mag word nie. Die boere het egter nie die inmenging van die owerheid met betrekking tot hul slawe geduld nie, en dit het tot verdere konflik gelei (Nunn 2004:26).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Graaff-Reinetters het ’n leidende rol in die Groot Trek gespeel. Uit die dorp het die sakeman Gerrit Maritz (1797-1838) na Natal getrek. Maritz was ’n wamaker en het oor kennis van plaaslike bestuur beskik wat hy nuttig in die Boererepublieke kon gebruik (Thom 1965:86). Sarel Cilliers (1801-1871) het as vyfjarige seun saam met sy ouers Carel en Elizabeth vanuit die Paarl na die huidige Nieu-Bethesda distrik getrek. Hulle het die plase Blaawkrans en Riviertjie gekoop. Cilliers was die nie-amptelike leraar van die Potgieter-trek en het hom tydens die Trek as geestelike leier onderskei. Sarel Cilliers sou tydens die Groot Trek saam met Piet Retief die vader van die Gelofte genoem word en neem op 16 Desember 1838 deel aan die slag by Bloedrivier. Louis Tregardt is op 4 November 1810 met Martha Elisabeth Susanna Bouwer op Graaff-Reinet getroud. Tregardt het tussen 1836-1838 ’n dagboek gehou waarin hy waardevolle inligting oor die lewe van die Voortrekkers, die verskillende landstreke asook oor die klimaat verskaf. G Preller het die dagboek in 1917 in boekvorm uitgegee. Piet Retief (1780-1838) se huweliksgebooie is ook in die dorp se kerk voorgelees. Piet Retief sou later die woordvoerder vir die Trekkers word. Hy reik op 22 Januarie 1837 ’n geskiedkundige manifes uit om die doel van die Groot Trek te verduidelik, maar word op 6 Februarie 1838 wreed vermoor. Andries Potgieter is op 19 Desember 1792 in die Graaff-Reinetse distrik gebore en het as leier van die tweede Groot Trekgeselskap goeie vegvermoë geopenbaar (Botha 1991:28). Die welvarende boer Andries Pretorius is op 27 November 1798 in die distrik van Graaff-Reinet gebore (Nunn 2008:29). Hy het op die plaas Letskraal geboer. Sy leierskap is reeds gedurende die Sesde Grensoorlog bewys toe hy ’n kommando Graaff-Reinetters aangevoer het. Op 40-jarige ouderdom het hy die Graaff-Reinet distrik verlaat (Pretorius 1988:24). Pretorius het ’n legendariese figuur in die geskiedenis van Suid-Afrika geword, veral na aanleiding van sy leierskap by die Slag van Bloedrivier in Desember 1838 (Scholtz 1984:26).

Op 16 Februarie 1838 het ’n advertensie in die Kaapstadse blad *De Zuid-Afrikaan* verskyn. Andries Pretorius se plaas Letskraal van ongeveer 4000 morg, waarop onder meer 7000 wingerdstokke en 100 lemoen- en nartjiebome geplant was, sowel as 1200 baster vaarlandse skape, trek- en slagosse en ’n woonhuis met meubels word te koop aangebied “aangesien mnr Pretorius van mening is om van woning te verander” (Loock 1953:30).

Met die vertrek van die Voortrekkers uit Graaff-Reinet het daar ’n tydelike agteruitgang in die ekonomie ingetree. Grondpryse het as gevolg van die groot aanbod gedaal. Baie lae pryse is vir plase betaal en ’n plaas is selfs vir ’n wa en span osse verruil. Baie plase is ontruim en die huise

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het leeg gestaan (Pitman 1986:16; Minnaar 1987:12). Vanaf 1840 het die depressie in Graaff-Reinet en distrik plek gemaak vir ’n welvarende ekonomie. Die Voortrekkers het ’n binnelandse mark geskep terwyl verbeteringe aan die hawe van Port Elizabeth die handel nog verder bevorder het (Botha 1991:30).

Teen 1848 het die dorp uit 280 huise met ongeveer 2500 inwoners bestaan. Die huise was meestal in die ou Kaaps-Hollandse styl met gewels, asook in die platdak enkelverdieping styl gebou. Baie huise het stoepe gehad en ruim tuine waar wingerde, lemoenbome en ander vrugtebome gegroei het (Henning 1986:35).

2.5 Immigrante na Graaff-Reinet

Baie boere wat as 1820-setlaars na Suid-Afrika gekom het, het weens die konflik op die Oosgrens na Graaff-Reinet verhuis. Daar het ook baie nuwe immigrante uit Engeland gekom wat op die leë plase wat die Voortrekkers agtergelaat het, ’n nuwe tuiste gevind het. Die Rubidge-, Murray-, Probart- en Southey-families het sedertdien ’n leidende rol in die boerderybedryf gespeel (Henning 1975:39).

Duits-Joodse sakemanne soos die Mosenthals word gevolg deur ander soos dr Lilienfeld en Isaac Bauman. Teen 1850 het talle opgeleide vak- en sakemanne hulle in Graaff-Reinet gevestig. Professionele persone soos ds George Brown het die eerste taalskool rondom 1852 in Graaff-Reinet geopen (Henning 1975:40). Die taalskool het spesifiek goeie onderrig in Engels en Hollands aangebied.

Die meeste van die Duitse immigrante in Graaff-Reinet is deur die bekende Duits-Joodse Mosenthal-broers (Adolph, Joseph, Julius en Herman) na die dorp gelok. Die Mosenthals het florerende besighede op die dorp bedryf. Hulle het ook geld aan die boere voorgeskiet om hulle eie besighede te begin. Hulle het hulle eie banknote gehad, en het volgehou om as bank op te tree tot kommersiële banke algemeen begin word het (Smith 1976:65). Die Mosenthal-broers het saam met die Leeb-broers en MH Benjamin die invoer van die Merinoskaap na die distrik behartig (Henning 1975:40).

Sir George Grey het teen die einde van 1854 vir Cathcart as goewerneur opgevolg. Grey het die koms van immigrante as die bevordering van kolonisasie gesien. Hy het ’n bedrag van £50 000

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir die invoer van immigrante beskikbaar gestel (Gie 1932:393). Die immigrasie-beleid van sir George Grey van 1858 het 75 nuwe inwoners na Graaff-Reinet gebring. Die immigrante was meestal jong arbeiders wat onmiddellik werk gekry het. Daar was ’n tekort aan bediendes om in die huise te werk, asook kinderoppassers. Die groter kuddes vee het ook meer intensiewe hulp vereis. Die plase was nog nie almal omhein nie en die vee moes elke aand kraal toe gebring word. Baie boere het tot drie veeposte besit waar arbeid benodig is (Pitman 1986:19).

Myndeert Noome, ’n Hollandse onderwyser, het kinderarbeiders uit Holland ingevoer. Die eerste groep het in Desember 1856 en die tweede in Desember 1858 aangekom. In totaal was daar meer as ’n honderd jong dogters en seuns tussen die ouderdom van 12 en 14 jaar wat na Graaff-Reinet gekom het. Daar is baie min oor hulle bekend, behalwe dat hulle uit arm gesinne en weeshuise gekom het (Pitman 1986:19).

Ongeveer 75 immigrante uit Engeland het met die bote *Aurifera* en *The Indian Queen* na Suid-Afrika gevaar. Onder hulle was William Roe, sy vrou en kinders wat in Augustus 1858 in Graaff-Reinet aangekom het (Graaff-Reinet Museum publikasie gd:1). William Rabone en sy vrou Harriet Essex het na baie noue ontkomings ter see in November 1853 in Graaff-Reinet aangekom. Dié egpare sou goeie vriende word en baie belangrike bydraes tot die ekonomiese en kultuurlewe op die dorp lewer. Harriet Rabone het vir baie jare aan haar niggie Agnes in Engeland geskryf. Die briewe is vervat in ’n boek *The Records of a Pioneer family* wat deur ’n kleinkind van Harriet, naamlik Arthur Rabone, saamgestel is. In die boek verwys Harriet na William Roe as ’n professionele fotograaf wat uit Engeland in Graaff-Reinet ’n foto-ateljee geopen het en baie goeie foto’s neem (Rabone 1966:124).

Die beesslagting van 1856 tot 1857 het ook ’n groot invloed op die bevolkingsgetalle van Graaff-Reinet gehad: na agt grensoorloë teen die magte van Europa was die Xhosa-mense uitgeput. In April 1856 het Nongqawuse, ’n 14-jarige Xhosa-meisie van die Gcaleka-stam in die huidige Oos-Kaap, beweer dat die voorvaders met haar gepraat het. Die voorvaders sou terugkeer en hulle land weer aan hulle teruggee, maar om hul geloof te bewys, moes die mense sekere opofferings maak. Hulle moes al hulle vee doodmaak en al hulle graan vernietig. Tien maande lank het die Gcalekas, aangemoedig deur hulle leier, Sarhili, alles wat hulle besit het, vernietig (Uys 2007:80).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit het grootskaalse hongersnood tot gevolg gehad. Duisende Xhosa-sprekendes het na Graaff-Reinet en distrik gestroom. Al die huurkamers wat op die dorp beskikbaar was, is beset en daar is besluit om ’n swart woonbuurt op te rig. Werkloosheid was reeds ’n faktor in die dorp en is deur die instroom van die mense vererger (Smith 1976:61). Baie inwoners was baie gekant teen die stroom Xhosa-sprekende mense, maar daar was ook diegene, onder meer William Southey, wat die mense gehelp het. Hy het die vlugtelinge laat klipmure bou in die distrik. Die mure het as skeiding tussen kampe of as grense tussen plase gedien. Daar is tans nog baie voorbeelde in die distrik waar stukke van die mure staande gebly het (Henning 1986:51).

2.6 Boerdery en ekonomiese depressie

Sedert 1850 het die Mosenthals pogings aangewend om Angorabokke vanuit Turkye na Graaff-Reinet in te voer. Adolph Mosenthal het ’n maandelange reis na Turkye onderneem en met slegs 14 lewende Angorabokke teruggekeer. Die heel eerste veiling van Angorabokke in Suid-Afrika is op 2 Februarie 1857 in Graaff-Reinet gehou (Minnaar 1987:74). Oor die volgende 38 jaar het die Mosenthals gereeld Angorabokke ingevoer. In 1860 was die eerste Oos-Kaap Angorahaar by die Mosenthaltak in Port Elizabeth gereed vir uitvoer. Die Angorabedryf in die Oos-Kaap het gou groter geword as dié van Turkye (Minnaar 1987:75-76).

Perdesiek het Graaff-Reinet asook ander dele van die Kaapkolonie in 1854 getref. Oor ’n tydperk van vier jaar is 40% van die perdebevolking in die land uitgewis (Van den Bergh 2010:3). Sprinkaanswerms het ook die distrik en dorp getref en alles gestroop. Die lewe vir die dorpenaar het ook duurder geword, onder meer as gevolg van die hoër vleispryse. Die hoofinkomste van die dorpsmense wat op die erwe ’n lewe probeer maak het, was die verbouing van wyn, brandewyn, asyn en rosyne. In 1859 het daar onverwags ’n siekte in die wingerde uitgebreek. Die siekte oidium tuckari het vanuit die Wes-Kaap na Graaff-Reinet versprei (Minnaar 1987:62).

Vanaf 1860 het daar ’n ekonomiese depressie op Graaff-Reinet ontstaan. Ná die beëindiging van die Krimoorlog (1854-1856) in April 1856 het die wolmark skielik geval en die boere se inkomste het drasties gedaal. Die gehalte van die wol wat die boere voorsien het, het nie goed gekompeteer met wol uit Australië nie. Wol uit die Graaff-Reinet distrik was kort en vuil asook swak verpak. Dit was die resultaat van swak boerderymetodes, asook onkunde. Die boere het hoë lenings aangegaan, en kon nie hulle skulde delg nie. Daar het ’n ernstige droogte in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

distrik geheers en die boere het ongeveer 240 000 diere verloor. Brandsiek asook bek- en klouseer het onder die vee uitgebreek (Henning 1986:53-55). Teen 1864 het die erfboere feitlik geen produksie gehad nie. Huispryse het so gedaal dat die eienaars skaars die prys van die erf sonder huis ontvang het. Die bevolking van die dorp het met ’n kwart verminder. Skole, kerke, besighede asook die munisipaliteit het daaronder gely (Henning 1975:56; Smith 1976:77).

Daar word gemeld dat nie twee skale op Graaff-Reinet wat die wol moes weeg, dieselfde gewig weergegee het nie. Die handelaars het nie altyd die boere vir hulle regverdige gewig vergoed nie. Die boere was ook nie onskuldig nie, en menige bale is swaarder gemaak met koeke beesmis of klippe. Al die wanpraktyke was skadelik vir die boer wat ’n erns van sy besigheid wou maak (Henning 1975:53). Die regering het ook ander boerderybedrywe gestimuleer en nie hulp aan die wolboer verleen nie. Daar is gepoog om boere aan te moedig om met tabak, mielies, katoen en olywe te eksperimenteer en sodoende hulle boerdery te diversifiseer (Henning 1975:55).

Buitelandse banke het besigheid in Suid-Afrika begin doen. The Standard Bank (1862) asook London and South African Bank (1865) het takke in Graaff-Reinet geopen (Smith 1977:74). Die beskikbaarheid van kapitaal het gou tot oorbesteding aanleiding gegee, en in 1865 het ’n bankkrisis ontstaan. Baie besighede in die dorp het bankrot gegaan. Mense is genoop om elders ’n beter lewe te soek. Duisende bale wol asook hope velle het opgehoop gelê en gewag op vervoer na Port Elizabeth. Daar het ’n groot behoefte ontstaan vir ’n treindiens, maar die regering was bykans bankrot. Werkloosheid het geheers, en baie Engelse en Duitse immigrante het na Suid-Amerika en Australië vertrek (Henning 1975:57).

Die ontdekking van die eerste diamant in Hopetown in 1867 en verdere vondste by Dutoitspan en Vooruitzicht het ekonomiese oplewing voorspel. Aanvanklik het baie mense die dorp verlaat en na die diamantvelde gestroom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.7 Vervoer: Die Middellandse treindiens na Graaff-Reinet

Teen 1850 het die Kaapkolonie nog oor geen treindienste beskik nie. Die vroegste vertoë vir ’n spoorlyn na Graaff-Reinet het in 1854 van Alfred Essex, die redakteur van die *Graaff-Reinet Herald,* gekom. In 1857 het dieselfde koerant ’n memorandum, opgestel deur Samuel Probart wat die voordele van ’n spoorlyn na Graaff-Reinet aandui, gepubliseer. Harry Bolus, ook ’n inwoner van Graaff-Reinet, het ’n roetekaart van die beoogde spoorlyn opgestel en die kaart is saam met die memorandum in die *Graaff-Reinet Herald* gepubliseer (Henning 1975:165). Met die ontdekking van diamante het ’n kommunikasielyn na Kimberley onontbeerlik geblyk.

In 1859 het Sir George Grey die eerste sooi gespit vir die spoorlyn van Kaapstad na Wellington. Die spoor is eers drie jaar later voltooi. Dit was egter die begin van spoorweë en ingenieurs het landwyd opnames begin doen. In September 1875 is die spoorlyn tussen Port Elizabeth en Uitenhage geopen (Nunn 2008:126).

Op 20 Maart 1875 is daar met die bou van die Middellandse spoorlyn na Graaff-Reinet begin. Die spoorlyn is ’n jaar vroeër as beplan voltooi, en teen Julie 1879 is die tweede brug oor die Sondagsrivier net buite Graaff-Reinet voltooi. Die boukoste van die spoorlyn het ongeveer £3751 per kilometer beloop (Nunn 2008:127).

Die amptelike opening van die Middellandse spoorlyn na Graaff-Reinet is regoor die Kaapkolonie in koerante bekendgemaak. Graaff-Reinet en sy inwoners het geen moeite ontsien om dit ’n spoggeleentheid te maak nie. Die dorp se geboue is opgeknap en die bruin gemeenskap het hulle huise spierwit afgekalk. ’n Boog met vlae is deur die dorp se vroue oor die treinspoor opgerig en die besoekers is met baniere verwelkom. Die hooforganiseerders was AW Howell, wat namens die spoorweë, en JA Kendrew, wat namens die kontrakteurs opgetree het (Henning 1975:166).

Op die middag van 25 Augustus 1879 het die grootste skare mense in die geskiedenis van Graaff-Reinet by die stasie vergader. Die eerste trein met 200 passasiers het presies om 5 uur namiddag gearriveer. Dit het die trein 11 ure geneem vanaf Port Elizabeth na Graaff-Reinet. Die feesvierings het twee dae geduur, en het onder meer ’n treinrit na Kendrew, sportbyeenkomste, konserte, asook ’n dansparty met ’n blaasorkes ingesluit (Henning 1975:167; Nunn 2008: 127).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Goeie wense vir sukses is in ál die koerante gepubliseer. *The Hornet*, ’n koerant van Port Elizabeth, het gerapporteer: “We have never witnessed the equal in South Africa.” Die inwoners van die dorp het egter geglo dat die trein 25 jaar te laat gekom het. Daar het volgens hulle te veel besigheidsgeleenthede vir die dorp verlore gegaan terwyl daar so met die spoorlyn gesloer is (Nunn 2008:128).

Die eerste jare wat die Middellandse treinspoor in gebruik was, het swak bestuur en oneffektiewe administrasie die diens gekenmerk. Die werkers is swak salarisse betaal en het lang ure gewerk. Die vraag na treindienste het ’n politieke kleur gekry en Graaff-Reinet was nie meer op die belangrikste treinroete na die noorde nie. Dít, tesame met die ekonomiese depressie, het die dorp ekonomies verder laat kwyn (Nunn 2008:129-130).

Die *Midland Conveyance Company Ltd* is in 1870 gestig. Harry Bolus is as sekretaris aangestel. In die prospektus van die maatskappy word daar geadverteer dat dit nou slegs 22 uur met die nuwe liggewigkoets sal neem om vanaf Port Elizabeth na Graaff-Reinet te reis. Vanaf Port Elizabeth tot by Pniël in die diamantvelde sou ’n reis slegs 72 uur duur (Henning 1975:166).

Die wamaak-industrie op Graaff-Reinet het ’n ongekende groei getoon. Daar is met die bou van kleiner skotskarre begin wat die honderde besoekers na die diamantvelde moes neem. Liggewigwaens met beter skokbrekers is vervaardig. Daar is oornagrusplekke langs die pad na Kimberley opgerig. Graaff-Reinet was ’n belangrike rusplek vir diegene wat uit Kaapstad en die Wes-Kaap gekom het. Die langdurige droogtes met gepaardgaande waterskaarste en gebrek aan weiding het vanaf 1873 vir ’n paar jaar voortgeduur en die trekdiere het baie swaar gekry (Henning 1975:166; Smith 1977:78).

Die bestaande paaie was in ’n baie swak toestand, wat dit baie moeilik vir die transportryer gemaak het. Volgens Henning is daar groter waens vir transportry gebou wat swaarder vragte kon vervoer. Die groter waens het die paaie vertrap, wat meer instandhouding vereis het en ’n groter finansiële las op die Distriksraad van die dorp geplaas het. Tolhekke is op die drie uitgaande roetes uit die dorp opgerig, maar dit het groot teenstand ontlok en die inwoners het meer as ooit die noodsaaklikheid van ’n treindiens benadruk (1975:82).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.8 Opvoeding

In die beginjare was onderwys nie ’n prioriteit vir die boere óf die dorpbewoners nie. Die Huisbybel was maar die handboek waaruit die kinders die ABC moes leer en genoeg kennis opdoen om later lidmate van die kerk te word. Die boeke *Trap der Jeugd* en *Kort begrip* is ook vir baie jare deur die kinders gebruik (*Feesbrosjure* 1936:15).

Die NG kerk het in 1840 onder leiding van PA Luckhoff ’n skool gestig. In 1850 is daar ook ’n Grammar School met ds G Brown as eerste hoof tot stand gebring. Staatsonderwys was ongelukkig in die jare 1806 tot 1863 ’n mislukking. Die Britse regering het verskeie onderwysstelsels ingevoer wat nie suksesvol was nie (Botha 1991:38).

In 1861 het die Graaff-Reinet Boys’ College sy beslag gekry. Hierdie spogskool het in die voetspore van die bekende *Grey’s Institute* van Port Elizabeth gevolg (Botha 1991:38). Later jare het daar egter ’n taalkwessie ontstaan wat gelei het tot die stigting van die Union High Skool en die Volkskool, Engelsmedium en Afrikaansmedium skole onderskeidelik.

Ds Charles Murray, wat van 1866 tot 1904 die plaaslike predikant was, het ingegryp in die onderwys op die dorp. In 1867 word ’n dubbelmediumkerkskool gestig. Hoewel in beide Engels- en Hollandsmedium onderrig word, verkies die meeste van die kinders Engels as taalmedium. M van Alpen was die eerste skoolhoof, en daarna mej Smith (1877). Nadat die skool in 1881 na ’n groter perseel in Stockenströmstraat verhuis het, word mnr Brink die skoolhoof vir die volgende 40 jaar. Charles Murray se sukses op die gebied van die onderwys en jeugwerk bly ’n monument van sy bediening (Henning 1986:55).

Ds Charles Murray het in 1876 ’n skool net vir dogters geopen. Die *Midland Seminary* moes in die voetspore volg van ’n soortgelyke skool op Wellington in die Wes-Kaap. Daar is twee Amerikaanse onderwyseresse aangestel, maar hulle kon nie dadelik hulle poste vul nie en mej Helen Murray, wat haar studies in Wellington in die Wes-Kaap voltooi het, is as skoolhoof aangestel. Sy het die pos vir baie jare (1880-1916) beklee (*Feesbrosjure* 1936:19; Hoër Volkskool *Jaarblad* 1972:9). Hierdie neëntiende-eeuse onderwysinstelling lei in 1917 tot die stigting van die Graaff-Reinetse Opleidingskollege onder dr Gie (Henning 1986:56; Roux 1991:7-16).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar het nog privaatskole die lig gesien, soos die eerste hoërskool vir dogters wat in 1873 deur mej Amstrong gestig is, en die eerste handelskool op Graaff-Reinet, wat in 1874 deur Burleigh Samuel Godbolt geopen word. Dié skool word hoog aangeskryf, veral vir die onderrig van koperplaathandskrif en handelsrekene (Henning 1986:57; Roux 1991:7-16).

Aan die einde van 1919 word dr G von Welflingh Eybers as die hoof van die Boys' College aangestel. Hy vervang Nederlands met Afrikaans en dit ontstel die Engelse ouers dermate dat hulle 'n Engelse kerkskool in die lewe roep. Soos reeds vermeld, sou dié skool later (2 November 1920) die Union High Skool word. Die Union High Skool open sy deure as kerkskool met ds J Whaits as skoolhoof. Vanaf April 1922 funksioneer hierdie skool ten volle en 'n nuwe skoolhoof, mnr AE Puttick, neem die leisels oor. In 1967 het die Union Voorbereidingskool geopen met mej EH Daly as skoolhoof (*Lantern* 1986:88).

Die Hoër Volkskool het in Januarie 1922 die eerste Afrikaans-medium skool in Suid-Afrika geword met dr G von Welflingh Eybers (wat sy doktorsgraad in Londen verwerf het) as die eerste skoolhoof. Eybers was vroeër hoof van die Boys' College voor Union High Skool gestig is (*Hoër Volkskool Jaarblad* 1972: 12). Eybers is opgevolg deur adv UJ Cronje as skoolhoof by Hoër Volkskool. Op 8 Mei 1949 tref 'n verwoestende brand die skoolgebou. Daar word besluit om 'n laerskool op die ou perseel op te rig, en die hoërskool na Plasketstraat te verskuif (*Lantern* 1986:91).

Met die stigting van die Opleidingskollege in 1917 word 'n groot leemte in die opleiding van onderwysers gevul. Dit was die enigste parallelmedium inrigting van sy soort, en ook die enigste sentrum vir die opleiding van Engelssprekende manlike leerkragte. Op kulturele gebied lewer die Opleidingskollege 'n groot bydrae op die dorp. Die Kaaplandse onderwysdepartement het in 1986 besluit om die inrigting te "omskep" in 'n Kollege vir voortgesette opleiding. Vanaf Januarie 1991 het die Suid-Afrikaanse Polisiediens die Opleidingskollege oorgeneem as Opleidingssentrum vir lede van die Mag (Lipshitz 2009: onderhoud).

2.9 Geskiedenis van kerke in Graaff-Reinet

2.9.1 Nederduitse Gereformeerde Kerk

Ds Johann von Manger is deur die Kompanjie aangestel as die eerste predikant op Graaff-Reinet. Von Manger is in Hesse Kassel in Duitsland gebore, en het sy opleiding te Utrecht

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontvang. Die stigting van die eerste gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op Graaff-Reinet dateer vanaf sy koms in 1792. ’n Woonhuis is aan die begin as plek van aanbidding gebruik. Na die burgeropstand in 1795 het Von Manger na Kaapstad vertrek. Ds MC de Vos het as tydelike predikant vanaf 1796 -1798 diens gedoen. Hy word deur ds HW Ballot, ’n Duitser van geboorte, opgevolg. Ballot het onder meer in Malakka en Batavia as predikant opgetree. Volgens notules gedateer 8 Januarie 1798, was die ou kerk wat in die woonhuis ingerig is, bouvallig en die nuwe kerk net halfpad gebou. Weens nalatigheid van die timmerman Jansen het die ou kerk (eerste kerk in woonhuis in Graaff-Reinet) afgebrand. In 1799 is die tweede kerk, wat die eerste op die huidige perseel sou wees, voltooi. Ballot is na Swellendam oorgeplaas (Every gd:2; Krüger 1953: 11-13).

Ds JJ Kicherer het die gemeente vanaf 1806 tot 1815 bedien. Hy was die eerste leraar wat in die nuwe pastorie gewoon het (Minnaar 1987:85). Die pastorie wat tans (2014) as Reinethuis bekend staan, is ’n voorbeeld van ’n Kaaps-Hollandse gewelhuis. Die pastorie is opgerig in die tyd wat lord Charles Somerset goewerneur was. Louis Michel Thibault is aangestel as die regering se argitek en landmeter, en volgens Harrop-Allin is dit baie moontlik dat Thibault ’n aandeel in die ontwerp en oprigting van die huis gehad het (1975:65). In 1815 is ds Kicherer deur ds Abraham Faure opgevolg, en laasgenoemde in 1822 deur die bekende ds Andrew Murray. Ds Murray het op uitnodiging van dr Thom van die Londense Sendinggenootskap uit Aberdeenshire, Skotland, na Suid-Afrika verhuis (Eaton 1981:3). Hy het die gemeente vir 22 jaar gedien en was ’n kerkleier van formaat wat respek afgedwing het. Hy het nie geskroom om sy mening dat slawe vrygestel moet word, te lug nie (Every gd:4).

Ds Andrew Murray het hom beywer vir die bou van ’n groter kerk. Hierdie gebou is in April 1824 in gebruik geneem en sou vir 60 jaar as kerkgebou diens doen. In 1824 is ds Andrew Murray na Kaapstad vir die eerste Algemene Sinode (Every gd: 5).

Na sy dood in 1866 is Murray deur sy vierde seun, ds Charles Murray, opgevolg. In totaal het vader en seun die gemeente op Graaff-Reinet vir 82 jaar gedien. Charles was ’n baie begaafde en geliefde predikant. Hy het, net soos sy vader, gasheer gespeel vir baie besoekers aan die dorp. Mense soos David Livingstone (1813-1973), Robert Moffat (1795-1883) en Samuel Broadbent (1794-1867) het die gasvryheid van die pastorie ervaar (Henning 1975:92). Livingstone was ’n ontdekkingsreisiger en sendeling in Afrika. Hy het homself in medisyne bekwaam en was in 1855 die eerste Europeër om die Victoria-waterval in Zimbabwe te sien.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Robert Moffat was ’n Presbiteriaanse sendeling wat naby Kuruman sy suksesvolle sendingstasie opgerig het. Samuel Broadbent, ’n Wesleyaanse Metodiste-sendeling, het baanbrekerswerk in die sendingveld gedoen, en was die eerste sendeling wat die Vaalrivier oorgesteek het (Mackenzie 2007:63).

Ds Charles se belangstelling in tuinbou het gesorg dat hy eksotiese vrugte, blomme en plante uit alle wêrelddele na sy pastorietuin ingevoer het. Dit is hy wat in 1870 die beroemde wingerdstok, ’n swart-eik-variëteit, agter in die pastorietuin geplant het. Dié wingerdstok se omtrek was vir baie jare die grootste in die wêreld. Dit is in die tyd van ds Charles Murray dat die huidige Grootkerk op 10 September 1887 ingewy is. Die kerk is die 4de kerk en die 3de op die huidige perseel en is ’n voorbeeld van Neo-Gotiese argitektuur (Henning 1986:70). Charles Freeman, ’n Kaapse argitek, het die gebou ontwerp, wat van die grond af opgebou is op die plek van die ouer hallekerk van 1818 (Fransen 1981:143). Ander bronne soos *Die Offisiële gids* (1953), Henning, asook kerkmanuskripte gee egter die boudatum van die hallekerk as 1822-1823 aan.

Na ds Charles Murray se dood in 1904 is ’n meer moderne huis aan die predikant beskikbaar gestel. Die ou pastorie is toe as ’n jeugkoshuis vir meisies gebruik, onder die bestuur van Helen Murray. Dit was sy wat die huis herdoop het na die *Reinethuis* (Eaton 1981:3-4; Harrop-Allin 1975:65).

Gedurende die 20ste eeu het baie predikante gekom en gegaan. Dr DF Malan (1912-1915) sou later Eerste Minister van Suid-Afrika word. Ds JF (Jozua) Naudé (1921-1948) het ’n groot rol in die geskiedenis van die Grootkerk op Graaff-Reinet gespeel. Ds Naude was in die Anglo-Boereoorlog veldprediker vir generaals Beyers, De la Rey en Jan Kemp. Daar bestaan ’n baie geskiedkundige foto wat Jozua Naudé van die De la Rey-gesin in hulle vlugwa geneem het. Die foto is met ’n Kodak-kamera geneem wat De la Rey as geskenk aan Naudé gegee het. Die oorspronklike weergawe van ds Jozua Naudé se boek oor sy kommandotogte saam met De la Rey, Beyers en Kemp, is in 1998 deur Hymne Weiss, ’n dogter van ds. Jozua Naudé, uit die oorspronklike Nederlands in Afrikaans vertaal. Die titel daarvan is *Veg en Vlug van Beyers en Kemp bôkant De Wet* (*Die Burger* 10/2/2001:3).

Ds Naudé was ’n groot Afrikaner-Nasionalis en ’n voorstander van Afrikaans as voertaal, ook in die kerk. Hy het sy intreepreek in 1921 in Afrikaans gehou. Dit het besware uitgelok en gelei tot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die kerkskeuring van 1921-1928. Die kerkskeuring het aanleiding gegee tot ’n nuwe gemeente met ’n eie kerkgebou en pastorie. Die skeuring sou daartoe aanleiding gee dat families en vriende vir jare nie met mekaar gepraat het nie (Naudé 1995:11; Du Toit 1993:34).

2.9.2 Anglikaanse Kerk

As gevolg van die groot hoeveelheid Engelssprekendes wat na Graaff-Reinet verhuis het, het die behoefte aan ’n Engelse kerk ontstaan. Gedurende Maart 1845 het ds William Long as die eerste predikant van die Anglikaanse kerk (*Church of England*) na Graaff-Reinet gekom. John Montagu, die destydse goewerneur aan die Kaap, het verlof toegestaan dat daar ’n kerkgebou en pastorie opgerig word. Die koloniale sekretaris het ’n erf in Somersetstraat aan die gemeente geskenk. Die gemeente het as die St James-gemeente bekend gestaan. Voordat daar ’n kerkgebou was, het die gemeente in die Staatskool in Pastoriestraat vergader (Henning 1975:108).

In November 1848 het biskop Robert Gray sy eerste besoek aan die St James-gemeente gebring. Biskop Gray het 48 mense aangeneem in die kerk, en nagmaal is ook vir die eerste keer bedien. Die kerkdiens is in die NG kerk gehou. Gedurende ’n besoek op 21 April 1850 is die eerste swart lidmaat van die Anglikaanse kerk in die Kaapkolonie aangeneem. Later in 1850 is die voltooide kerkgebou deur biskop Gray in gebruik geneem. Die Anglikaanse kerkgebou in Somersetstraat is die oudste bestaande kerkgebou in die dorp (Henning 1975:108). Die kerkgebou in die Neo-Gotiese styl is ontwerp deur Sophia Gray (1814-1871), die vrou van biskop Robert Gray (Fransen 1981:116-117).

Die groei en ontwikkeling van die Anglikaanse gemeente het baie nou saamgehang met die stabiliteit wat ds Steabler gebring het (Minnaar 2008:93). Behalwe vir agt maande verlof in 1875-1876, toe hy Engeland besoek het, het hy Graaff-Reinet nooit verlaat nie (Nunn 2008:13). Sy vrou en twee kinders is op Graaff-Reinet begrawe. Ds Andrew Murray senior, Charles Murray en ds Steabler het vir ’n totaal van 125 jaar stabiliteit in die kerkgemeenskap van Graaff-Reinet gebring (Henning 1975:108;).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.9.3 Die Metodiste Kerk

Die vroegste Metodiste Kerk se lidmate was 1820-setlaars wat buite die dorp gebly het. Hulle het ’n klein kerkie by die Brandefontein-uitspan, ’n ent buite Graaff-Reinet opgerig (Henning 1975:110).

In die *Graaff-Reinet Herald* van 15 September 1875 word die amptelike opening van die nuwe Wesleyaanse Metodiste Kerk in Caledonstraat aangekondig (Nunn 2008:134). Dit was deur die toedoen van ds Edwards dat die kerk gestig is. Ds John Edwards het in 1870 via Somerset-Oos na Graaff-Reinet gereis om die moontlikheid van ’n Wesleyaanse Metodiste Kerk te ondersoek. In 1870 is die hoeksteen deur mev Edwards gelê. Die kerkgebou is binne vier jaar voltooi en is in September 1875 ingewy (Minnaar 1987:94). Ds John Edwards het vir weke die gasvryheid van ds Charles Murray in die NG pastorie geniet, voordat daar ’n klein huisie as pastorie vir die kerk aangekoop is. In 1894 is daar aangebou aan die kerkgebou en ’n skoolkamer wat die Dudleysaal genoem is, is in gebruik geneem (Smith 1976:10).

2.9.4 Die Rooms-Katolieke Kerk

Gedurende April 1838 het die eerste biskop van die Kaap de Goede Hoop, dr PR Griffith, in Kaapstad aangekom. Hy het kort na sy aankoms op ‘n toer na die platteland vertrek en arriveer op 21 Augustus 1838 in Graaff-Reinet. Die eerste Rooms-Katolieke priester wat op die dorp gewoon het, was vader John van Cauweleart uit België. Hy het in Desember 1849 saam met sy susters Maria Theresa en Marie Antoinette asook ‘n Hollandse vriendin, mej van Decken, in Graaff-Reinet aangekom (Minnaar 1987:97).

Die Rooms-Katolieke gemeenskap van Graaff-Reinet het in Junie 1862 van die dorpsbestuur verlof ontvang om ’n kerk en ’n skool in Bourkestraat te bou. Daar is afsonderlik vir seuns en dogters skoolgehou. Teen 1850 het die Rooms-Katolieke gemeenskap uit ongeveer 100 lidmate bestaan (Minnaar 1987:97). Die kerk het op 16 Junie 1894 amptelik ’n kloosterskool in die lewe geroep, hoewel daar toe al vir jare deur die Rooms-Katolieke kerk onderwys aan die dorp se kinders verskaf is (*Offisiële gids* 1953:104). Die kloosterskool het tot sy sluiting in 1969 goeie opvoedingswerk in die gemeenskap gedoen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.9.5 Die Joodse gemeente

Sover vasgestel kon word, het die eerste Jood, Isaac Baumann, hom reeds in 1837 hier in Graaff-Reinet gevestig. Die Joodse gemeente het eers in 1856 tot stand gekom, en baie van die lidmate het met die ontdekking van diamante (1867) en goud (1886) na die noorde verhuis (Smith 1976:65). Gedurende die 1890's het die kerk glad nie meer gefunksioneer nie. Met die nuwe Joodse immigrante uit Oos-Europa en die terugvloei van Jode vanuit die Transvaal tydens die Anglo-Boereoorlog, het daar na die draai van die eeu weer 'n lewendige Joodse kerkgemeenskap op Graaff-Reinet ontstaan. Rabbi Wiskin het in 1905 by die gemeente aangesluit en mense van die omliggende dorpe soos Aberdeen, Pearston, Middelburg en Cradock het na Graaff-Reinet gekom vir kerkdienste en funksies. Graaff-Reinet was die fokuspunt van die Joodse gemeenskap in die omgewing en daar het ongeveer 30 Joodse families op die dorp gewoon (Minnaar 1987:98).

2.9.6 Die Pastoriestraat Congregational Kerk

Die ontstaan van dié historiese kerk is te danke aan die Londense Sendinggenootskap. John Edward en JT van der Kemp kom op 29 Junie 1799 in Graaff-Reinet aan. Hulle wou onder Gaika se Xhosas gaan sendingwerk doen, maar die oproer aan die oosgrens was te hewig. Hulle keer terug na Graaff-Reinet waar Van der Kemp sendingwerk onder die plaaslike bruin mense doen. Die dorp was hom glad nie goedgesind nie, want hulle het sy sendingwerk as toevlug vir werkloses en moeilikheidmakers gesien, en op 23 Oktober 1801 vind 'n rebellie teen Van der Kemp se sendingaksie plaas. Skote word gevuur en skade aangerig aan die kerk, wat as kaserne gebruik is. Van der Kemp vertrek in 1802 met 300 volgelinge na 'n nuwe sendingstasie, Bethelsdorp, waar hy op 19 Desember 1811 oorlede is (Henning 1986:129).

Dit was eers in 1845 dat eerw Joseph Gill weer 'n sendingstasie op Graaff-Reinet stig. Sy opvolger Thomas Merrington word opdrag gegee om 'n skool, 'n kerk en 'n pastorie te bou. In 1850 word die inwydingsdiens deur dr John Phillip, die Superintendent van die Londense Sendinggenootskap, waargeneem. In 1852 ruil Merrington kansels met sy swaer, eerw Joseph Kitchingman. Laasgenoemde het 'n fundamentele rol in die sukses van die sendingkerk op Graaff-Reinet gespeel. Onder sy leiding vind verdere uitbreidings plaas en in 1861, na 'n skenking van PF Bouwer, word daar ook 'n sendingkerk vir die Petersburggemeente naby Graaff-Reinet opgerig (Henning 1986:129).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ontwikkelings op nasionale vlak het ingesluit die stigting van die *Union of Voluntary Evangelical Churches of South Africa* en in 1875 verander die organisasie na die *Congregational Union of South Africa* (Henning 1986:129-130).

In 1878 word uitbreidings aan die Pastoriestraat-skool aangebring. Eerw Charles Phillips (1889-1896) is verantwoordelik vir verdere skooluitbreidings, die sloping van die eerste kerk, en die bou van ’n nuwe. Die Pastoriestraat Congregational-kerk (*Groot Londen*) is verantwoordelik vir die stigting van die eerste privaatskool vir bruin mense in 1801. ‘n Permanente skool word in ongeveer 1845 gestig (Henning 1986: 129-130).

2.9.7 Die NG Sendingkerk

Die stigting van die *Graaff-Reinetsche Zendeling Genootschap* op 1 Augustus 1819, is te danke aan onder meer landdros Andries Stockenström, ds Abraham Faure, J Mare, A van der Lingen en nog 12 direkteure. Die kerk word in 1821 voltooi en daar word sterk klem op onderwys gelê. Teen 1846 word eerw JD Andreas as onderwyser aangestel en tussen 1849 en 1852 dien hy ook as predikant. Gedurende die volgende nege jaar word die doop en aanneming deur ds Andrew Murray van die NG Kerk waargeneem. Onder die jong toegewyde eerw Karel Hendrik Corporaal (1861-1864) word die eerste basaar gehou. Volgens die notule was Corporaal in die distrik van Burgersdorp woonagtig en het op uitnodiging na Graaff-Reinet gekom (Joubert 1931:20-21). Sy opvolger, Auke Compaan (1865-1914), het met die uitbreiding van sendingwerk na die plase in die distrik begin. Compaan was ’n Hollander wat in Suid-Afrika kom onderwys gee het. Hy het eers die werk in die kerk as ongeordende gedoen, maar het later eksamens afgelê en is te Stellenbosch georden vir sy werk in Graaff-Reinet. Compaan het die gemeente vanaf 1865 tot 1914 gedien en was veral bekend as stoere vegter teen die drankeuwel in die gemeente (Joubert 1931:21).

In die sogenaamde *Ou Lokasie* bou Compaan ’n kerkie vir bejaardes en armes wat nie die dienste in die dorp kan bywoon nie. In die vroeër jare woon blankes ook gereeld die dienste in dié kerkie, wat as die *oefenhuis* bekend staan, by. Die groepsgebiede-wet het groot maatskaplike omwenteling veroorsaak en as gevolg daarvan word die deure van die *oefenhuis* en die Lingcom-skool gesluit en sou alle aktiwiteite voortaan in die bruin woonbuurt Kroonvale plaasvind (Henning 1986:132).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.9.8 Die Vrye Protestante Kerk

Die meer liberale lidmate van die NG Kerk, wat ook met die Engelssprekendes van Graaff-Reinet geassosieer het, het nie meer in die NG Kerk tuisgevoel nie en baie van hulle het na die Vrye Protestante kerk op die dorp oorgegaan. Graaff-Reinet was die enigste dorp behalwe Kaapstad waar daar ’n aktiewe Vrye Protestante gemeente was. Dr Peter C Vintcent, ’n skoolvriend en medestudent van ds DP Faure, die stigter van die Vrye Protestante Kerk in Kaapstad, het die gemeente op Graaff-Reinet in Augustus 1869 gestig. Kerkdienste is aanvanklik in die stadsaal gehou, maar daar was planne om gou ’n eie kerkgebou op te rig. Vintcent sterf in Julie 1873 en die kerkgebou word op 18 Oktober 1874 deur ds SP Naude ingewy. Die gemeente het gesukkel om predikante in die gemeente te behou. Na Vintcent se dood was die gemeente vir vier jaar herderloos. In Maart 1877 het ds HCV Leibbrandt, ’n NG predikant van Victoria-Wes, na die gemeente gekom. Hy was op Graaff-Reinet tot 1881, waarna hy as argivaris by die Staatsargief in Kaapstad aangestel is. Die Vrye Protestante was sonder die dienste van ’n predikant tot 1883, toe ds H Rawlings uit Engeland diens in die gemeente aanvaar het. Hy bedank in 1886, en dit is onseker of die gemeente weer die diens van ‘n predikant bekom het. Die gemeente se getalle het verminder en die sensus van 1904 toon dat daar net 12 lidmate van die Vrye Protestante Kerk oorgebly het (Smith 1976:105).

Prominente families uit Graaff-Reinet soos die Maasdorps, Nesers, Naudés, en sommige van die Watermeyer-familielede het tydens die kerk se hoogty aan die Vrye Protestante Kerk behoort. Die lys van die lidmate is destyds geheim gehou. NG predikant Charles Murray het daarop gewys dat lidmate nie aan twee gemeentes kan behoort nie. Hierop skryf die sekretaris van die Vrye Protestante Kerk die volgende: “[dit blyk dat] onze bestaan een doorn is in het oog der magthebende kerkelyke party die alles in haar vermogen aanwendt om onze uitbreiding te stremmen.” Die Vrye Protestante Kerk se begraafplaas is in Stockenströmstraat geleë, ’n begraafplaas met ’n unieke geskiedenis wat sedert ongeveer 1886 reeds bestaan sonder ’n kerk, gemeente of predikant (Henning 1975:110-111).

2.10 Die pers

Die vooruitgang van ’n dorp en die karakter van sy inwoners word meestal in die plaaslike koerant weerspieël. Op Graaff-Reinet het ’n aansienlike aantal koerante gedurende die 19de eeu hulle verskyning gemaak (Minnaar 1987:71). Die eerste koerant, die *Graaff-Reinet Courant*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat op 30 Mei 1851 die lig gesien het, was die negende koerant wat in die Kaapkolonie verskyn het. In dieselfde jaar word daar ’n opposisie-koerant, naamlik die *Graaff-Reinet Herald,* gestig. Die *Graaff-Reinet Banner* onder redaksie van George Bremner bestaan vanaf 7 Oktober 1857 tot 22 Februarie 1860 (Henning 1986: 60).

Die drukpers wat deur die *Graaff-Reinet Herald* gebruik is, was die oorspronklike pers van die here Fairbairn en Pringle. Lord Charles Somerset het in 1824 die betrokke pers met ysterkettings laat toesluit omdat die koerant onvleiende beweringe oor hom gepubliseer het. Die leuse van die *Herald* was: *The Press is the lever that moves the world*. Die *Herald* het gepoog om die gemeenskap op ’n doeltreffende wyse te dien (Henning 1986:60). Dit het die waarheid oor vooruitgang, asook die probleme waarmee vooruitgang gepaard gaan, aan die gemeenskap uitgespel. Dit het ook aan die onderwys en die besigheidsektor baie publisiteit gegee. Die koerant het die slegte strate veroordeel, gepleit vir ’n verbeterde waterstelsel, die boere geïnspireer, asook die swak koloniale administrasie gekritiseer (Minnaar 1987:71). Dié *Herald* het ook baie hard daaraan gewerk om die Middellandse treindiens na Graaff-Reinet te bring. Die redakteurs, Alfred Essex en William Rabone, het groot ideale vir die koerant gehad. Die kantore van die koerant was op die perseel wat later as die Plazagebou bekend sou staan. Alhoewel baie goeie beriggewing nagestreef is, het die koerant in onguns beland by die Afrikaanse deel van die gemeenskap. Die hoofredes hiervoor was dat die koerant slegs Engels as voertaal gebruik het, asook die ongenadige kritiek wat die koerant op die konserwatiewe munisipale owerheid uitgespreek het. Die koerant sluit, tot Engelstalige inwoners se spyt, in September 1884 (Blanckenberg 1953:196-198).

Die *Herald* het in 1860 gewaarsku dat Graaff-Reinet nie die ideale omstandighede bied vir ’n florerende koerant nie. Ten spyte van die waarskuwing, neem John Powell die *Banner* oor en noem die koerant die *Graaff-Reinet Advertiser.* Die *Graaff-Reinet Advertiser* spesialiseer in plaaslike nuusgebeure en het weekliks verskyn. Later neem Henry Sandford die koerant oor en tussen 1865 en 1886 publiseer hy die *Graaff-Reinet Advertiser* in Engels met ’n addisionele verkorte Hollandse weergawe aangeheg. Alle openbare en munisipale kennisgewings word nou in Sandford se koerante gepubliseer (Henning 1986:61).

In Julie 1881 verskyn die eerste volwaardige Hollandse koerant, onder redaksie van James McCusker: *De Graaff-Reinetter*. McCusker is op Graaff-Reinet gebore en die dorp se gemeenskap en politiek was nie vir hom vreemd nie. Hy veg vir die saak van die erfhouers en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die pas gestigte Afrikaner Bond. Teen 1891 bevredig sy politieke beriggewing nie meer die Afrikaner Bond nie en stig hulle die *Onze Courant* met CHO Marais as redakteur. Hierdie koerant kan beskou word as die eerste politieke koerant in die Middellande (Henning 1986:61).

Nog drie Engelse koerante verskyn binne ’n kort tydperk: *The Graaff-Reinet Penny News* in 1884, die *Cape Farmer* in 1886 en in 1900 verskyn die *Graaff-Reinet Budget.* Dié koerante het nie een lank op die toneel gebly nie (Blanckenberg 1953:199).

Die pers het die leefwyse van die inwoners van Graaff-Reinet ingrypend verander. Dit het onderlinge bespreking van onderwerpe aangemoedig en het ’n patriotiese gemeenskapsgees in die Karoo bewerkstellig. Oor ’n periode van bykans 140 jaar bly die *Graaff-Reinet Advertiser*, een van die oudste koerante in Suid-Afrika, die dorp se skakel met die verlede (Henning 1986:62). Die koerant word tans (2014) steeds weekliks uitgegee en bedien Graaff-Reinet en omliggende dorpe.

2.11 Die biblioteek

Gedurende die dienstydperk van ds A Faure, 1818-1822, het die NG Kerk ’n biblioteek gehuisves. Die volgende inskrywing is in die kerkrekords gevind: “The Chairman of the Church Council read a report to the session on the starting of a new library for the use of the members of the congregation. This was unanimously approved, and it was decided that the place for storing the books should be the vestry” (Lawrie 1953:106). Gedurende 1822 het Andries Stockenström (jnr) gepoog om ’n openbare biblioteek op die been te bring, maar die openbare biblioteek het eers in 1847 positief van die grond af gekom (Minnaar 1987:26).

Met die amptelike opening van die openbare biblioteek op 4 Augustus 1847 het daar in die *Eastern Province Herald* ’n artikel oor die biblioteek verskyn. Teen 1854 het die biblioteek 1 000 boeke, elf tydskrifte en vier Engelse koerante gehuisves. Aan die einde van 1856 het die biblioteek ’n verdere 410 nuwe boeke ontvang. Dit is aangekoop met die eerste jaarlikse toelaag van £100 uit die staatsfondse (Lawrie 1953:106).

Verskeie openbare lesings en musiekuitvoerings is in die biblioteek aangebied om fondse vir dié instansie in te samel. Jaarliks is daar ’n groot dansparty ter ondersteuning van die biblioteek op die dorp gehou (Minnaar 1987:26-28).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1903 het die biblioteek slegs 156 lede gehad, maar die getal het gegroei en twee jaar later het die ledetal op 217 gestaan. Onder die direkteure van die biblioteek het mense soos WA Way, die skoolhoof van die Graaff-Reinet Kollege, en W Roe, die plaaslike fotograaf oor wie hierdie studie handel, getel (Lawrie 1953:110).

In 1959 het die biblioteekkomitee die biblioteek aan die munisipaliteit oorgedra en is die gebou en inhoud by die provinsiale biblioteekdienste ingelyf. In die loop van 1972 is daar ook ’n biblioteek in die bruin woonbuurt Kroonvale opgerig (Minnaar 1987:28).

2.12 Die Middellandse Hospitaal

Hoewel Graaff-Reinet selde sonder die dienste van ’n mediese dokter moes klaarkom, verskyn ’n hospitaal eers baie laat in die dorp se ontwikkeling. Al hoe meer reisigers besoek Graaff-Reinet gedurende die 1870’s en daar word op ’n hospitaal aangedring. Die Engelse immigrante rig ’n onsuksesvolle petisie aan die regering vir die oprigting van ’n hospitaal. In 1875 sterf ’n gegoede vrou onder baie slegte omstandighede in die tronkhospitaal. Dit het die gemeenskap ontstel en die Vrymesselaars het die leiding geneem met die samestelling van ’n komitee, wat die inwonende landdros, die munisipaliteit, mediese dokters en plaaslike predikante ingesluit het. Daar word ’n eiendom in Stockenströmstraat by die ingang tot die dorp, oorkant die Botaniese tuine aangekoop. Die inwoners is nie tevrede met die ligging van die eiendom nie, want dit is volgens hulle te na aan die leiwatervore en vuil water uit die hospitaal sou die dorp se water besmet (*Gedenkboek van die Middellandse hospitaal* 1975: 5-6; Minnaar 1987:29).

Ten spyte van die inwoners se besware teen die ligging van die hospitaal, word dit op 25 Januarie 1877 ingewy. Die plaaslike dokters neem beurte om hospitaaldiens te doen en bied hulle dienste gratis aan (Henning 1986:60). Die hospitaal huisves aanvanklik 40 pasiënte, maar gedurende die Anglo-Boereoorlog is die hospitaal vir groter hoeveelhede pasiënte gebruik (Minnaar 1987:29).

Die groot griepepidemie wat die land en Graaff-Reinet in 1918 getref het, het gewys dat die hospitaal nie ingerig is vir groot getalle ongevalle nie. Baie gou nadat die epidemie op Graaff-Reinet kop uitgesteek het, het al die verpleegsters, behalwe die matrone en een versorger, self baie siek geword. Tydens die griepepidemie is daar baie tydelike hospitale opgerig. Dr JS

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Enslin wat die hospitaal vir baie jare gedien het, het ook aan die griep gesterf (*Gedenkboek van die Middellandse Hospitaal* 1975:40; Minnaar 1987:30).

Die hoeksteen van die nuwe Middellandse Hospitaal is op Vrydag 30 Mei 1919 gelê. Daar is ’n spesiale boufonds in die lewe geroep. Mnre Simpson en Bridgeman van Oudtshoorn is as argitek en toesighouer oor die bouwerk aangestel. Die nuwe Middellandse Hospitaal is op Woensdag 4 November 1925 deur die administrateur, sir Frederick de Waal, en sy vrou geopen. Mnr H Urquhart was die burgemeester van die dorp ten tyde van die opening van die nuwe hospitaal. JR Castilla was die voorsitter van die Hospitaalraad. Die eerste pasiënte is in Januarie 1926 in die hospitaal opgeneem (*Gedenkboek van die Middellandse Hospitaal* 1975:59).

Die Middellandse Hospitaal is deur die jare vergroot en vernuwe om in die aanvraag na mediese sorg op Graaff-Reinet te voorsien.

2.13 Die Waterskema

Toe Graaff-Reinet in 1786 gestig is, was daar geen waterprobleme nie. Die water van die Sondagsrivier was die hoofbeweegrede vir die uitleg van ’n nuwe nedersetting. Terwyl daar min erwe en baie water beskikbaar was, het geen probleme opgeduik nie. Soos die dorp groter geword het, het veral die erfhouers wat op hulle erwe geboer het, op waterregte aangedring. Andries Stockenström en sy heemrade het ’n skema vir waterverspreiding uitgewerk (Minnaar 1987:15).

Daar is twee tydelike damme in die Sondagsrivier gebou, maar met elke vloed het hulle weggespoel en was die dorp so lank as drie weke sonder water. Die leivore het ook verstop van die modderwater. Die feit dat daar nie op gereelde water staatgemaak kon word nie, het daartoe bygedra dat onder meer die wolwassery nie behoorlik kon funksioneer nie, met die gevolg dat die boere skade gely het (Smith 1976:140).

Die dorp het branddamme gehad waaruit die inwoners water kon skep vir huishoudelike gebruik sowel as vir die blus van brande – ’n gereelde bedreiging te wyte aan die feit dat die meeste dakke van dekriet was. Die branddamme is nie gereeld in stand gehou nie; hulle was dikwels

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vol slik, modder en selfs dooie diere, en die water gevolglik totaal ongeskik vir menslike gebruik (Smith 1976:141).

Gedurende die 1860's het WL Mackie, die stadsklerk van Graaff-Reinet, opdrag gegee dat daar 'n gat geboor word om na water te soek en daar is sterk water gevind. In 1880 is Harold Henchman as ingenieur aangestel om die planne vir 'n verdere verbetering van die waterwerke uit te voer (Minnaar 1989:18). Die waterwerke is egter eers in 1925 voltooi met die opening van die Van Rynevelds-pas dam. Die damwal is in 1924 voltooi en is 353 meter lank en 32 meter hoog. Daar het tot 800 mense aan die bou van die damwal en sluise gewerk. 'n Klein, tydelike dorpie is vir die werkers opgerig (*Soevenier brosjure: Opening van waterwerke 14 Julie 1925: 4).* Ná 1994 is die dam se naam na die Nqwebadam verander.

2.14 Die Anglo-Boereoorlog

Gedurende die tweede helfte van die neëntiende eeu het Brittanje 'n sterk imperialistiese beleid gevolg. In Afrika was die groot imperialis Cecil John Rhodes, wat die Britse Ryk vanaf die Kaap tot in Kaïro wou vestig. Brittanje was ook in 'n fase van voortdurende oorloë. Gedurende die hele neëntiende eeu was Britse onderdane iewers in gevegte betrokke. Om gevegsmagte te verskuif en nuwe stellings in te neem, was vir die Britte nie vreemd nie (McLeod 2000:11).

Die ZAR, voorheen 'n arm, onontwikkelde en onrustige land, word ná die ontdekking van die ryk goudriwwe aan die Witwatersrand 'n baie aantreklike trofee. Teen die einde van die neëntiende eeu het Britse imperialisme en Afrikaner-nasionalisme met mekaar gebots in 'n stryd om die politieke en ekonomiese oorheersing van suidelike Afrika. Dit het gelei tot die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899 (Pretorius 2001:7).

Enkele Graaff-Reinetters was by die openingstonele van die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 betrokke. Dr Barend Burger was 'n lid van die ambulansdiens van genl Lucas Meyer. Harry Daly was 'n manskap in die Imperial Light Horse wat aan die slag van Elandslaagte op 21 Oktober 1899 deelgeneem het. Nog 'n Graaff-Reinetter, Ashton Mansfield, is by Windsorton, langs die Vaalrivier, deur die Boere gevange geneem. Met die uitbreek van die oorlog sluit sewe mans uit Graaff-Reinet hulle by die Boeremagte in Transvaal aan (Botha 1991:59).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Met die tweede inval van die Boeremagte in die Kaapkolonie, in Desember 1900, is die Graaff-Reinetters militêr geaktiveer, nadat lord Kitchener op 20 Desember 1900 krygswet afgekondig het en 600 Coldstream troepe in Graaff-Reinet ontplooi is. Die werklikheid van die oorlog het tot die inwoners deurgedring en een van die berekenbaarste gevolge van krygswet was dat dit die inwoners totaal immobiel gemaak het. Vanaf Januarie 1901 het Graaff-Reinetters letterlik in ’n tronk geleef; alle vuurwapens, ammunisie, kos, fietse en perde moes onmiddellik aan die troepe oorhandig word. Die swaarste straf was die oorhandiging van die perde, want die perd was ’n belangrike skakel in die alledaagse lewe en besigheid kon vinnig te perd afgehandel word. Daar is ’n aandklokreël om nege-uur ingestel (Botha 1991:81). Die owerheid het die pryse van alle produkte vasgestel en die boere en erfhouers moes maar daarby aanpas. Daar is swaar boetes opgelê, selfs net vir die fluit van ’n boereliedjie (McNaughton gd:2). Daar is permitte uitgereik om met ’n fiets deur die dorp te ry, asook vir persone wat saans later as nege-uur op straat sou wees (Minnaar 1987:34).

’n Goeie idee van die omvang van die militêre personeel se rol in die sosiale lewe van Graaff-Reinet word verkry uit die dagboeke van ’n jong Engelse dame. Volgens ’n koerantberig blyk dit dat sy en haar vriendin gereeld met jong Britse offisiere van verskillende eenhede ontspan het. Die jong dames het die offisiere gereeld na danspartye, gesellige teepartytjies, gholf- en krieketwedstryde en pieknieks vergesel. Daar is ook swierige dansfunksies gehou. Koningin Victoria (1819-1901) se verjaarsdag op 24 Mei 1900 is met ’n groot dansparty gevier (*Die Burger* 21/10/2000:3).

Tydens die Anglo-Boereoorlog het besighede in Graaff-Reinet gefloreer. Dit kan toegeskryf word aan die baie boere wat om sekuriteitsredes na die dorp, waar ’n groot militêre eenheid gestasioneer was, verhuis het. Dit het meegebring dat die besighede goed ondersteun is. Veral twee firmas wat alkoholiese drank verskaf het, het goed besigheid gedoen, naamlik *The Midland Wine, Brandy and Spirit Co Ltd* wat in Caledonstraat 44 bedryf is, en *Heugh and Co,* later *Ye Olde Bottle* Store genoem (Minnaar 1987:64).

Die owerheid verwag van die plaaslike boere dat hulle alle militêre bewegings en aktiwiteite van die vyand (Boeremagte) moet rapporteer. Indien daar versuim word om die inligting te verskaf, word tronkstraf opgelê. Terselfdertyd reken die Boeremagte op hulle eie wyse met verraaiers af. Dit word ’n senu-oorlog en bring duidelik ‘n skeuring in die geledere van die plaaslike Afrikaners op Graaff-Reinet teweeg (Henning 1986:76).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op 16 Desember 1900 (Geloftedag van daardie jaar) het ’n Boeremag van 200 lede onder bevel van genl PH Kritzinger, met kmdt Gideon Scheepers as tweede in bevel, die Kaapkolonie by Norvalspont binnegeval. Scheepers was ’n heliografis van die Zuid-Afrikaanche Republiek se staatsartillerie en instrukteur by die Oranje-Vrystaatse telegrafie-afdeling. Kritzinger het Nieu-Bethesda beset, maar kon Graaff-Reinet nie beset met die groot hoeveelheid Britse troepe wat in die dorp ontplooi is nie. Kritzinger en Scheepers het egter wel sukses as guerillastryders behaal (Van Schalkwyk 2007:78-81). Gideon Scheepers is in Maart 1901 op 23-jarige ouderdom tot kommandant van sy eie kommando bevorder. Scheepers en sy kommando het rondom Graaff-Reinet en omgewing getrek en die Britse kolonnes aangeval om vars perde en ammunisie te buit. Sy kommando het dorpe beset, geboue afgebrand, treinspore beskadig en proviandtreine laat ontspoor (Koch 1998:7).

Op die groot vlaktes en in die berge rondom Graaff-Reinet vind daar skermutselings plaas. Op 13 Julie 1901 word lt Izak Liebenberg saam met 27 lede by Onbedacht in die Kamdeboo gevange geneem. Hy ontvang later die doodsvonnis. Die legendariese opmars in die berge en die daaropvolgende Slag van Petersburg vind op 5 September 1901 by Bouwershoek, naby Gondea plaas. Hier ly kommandant Johannes (JC) Lötter se kommando die nederlaag teen ’n groter Britse mag onder kolonel Henry Scobell. Daar word beweer dat ’n verraaier die posisie van die kommando aan Scobell verklap het. In dié slag word tien Engelse gedood en agt gewond. Van die Boere sneuwel 13, met 43 gewond en 61 wat gevange geneem word (McNaughton gd:11). Kommandant Johannes Lötter is tydens die Slag van Petersburg gevange geneem en na die Graaff-Reinet se gevangenis geneem. Hy is later voor ’n krygsraad gebring en na Middelburg (Kaap) geneem waar hy ter dood veroordeel is en op 12 Oktober 1901 tereggestel is (Jordaan 1944:71).

Intussen het die jong kommandant Gideon Scheepers nog meer aandag van die Britse troepe gekry. Hy het ’n dagboek oor sy daaglikse wedervaringe gehou. Dit is later in 1938 deur GS Preller as *Scheepers se dagboek en die stryd in Kaapland* in boekvorm uitgegee (Van Heerden 1963:109). Gedurende September 1901 het hy skielik siek geword, vermoedelik aan blindedermontsteking. Hy en sy kommando was in die omgewing van Prins Albert. Hy is in Oktober 1901 deur die Britte gevange geneem en via Matjiesfontein, Beaufort-Wes en Noupoort na Graaff-Reinet geneem. Die hofsaak teen Scheepers het op Woensdag 18 Desember 1901 in Graaff-Reinet se hofsaal begin. Scheepers se verweer dat hy nie ’n rebel was nie, aangesien hy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

’n burger van die Boererepublieke was, het glad nie in sy guns getel nie. Hy is weer op 27 Desember 1901 na die hofsaal gebring en is op 17 Januarie 1902 in die openbaar die doodvonnis opgelê (Preller 1940:108). Gideon Scheepers is op 18 Januarie 1902 naby die Sondagsrivier deur ’n vuurpeleton doodgeskiet en begrawe. Sy lyk is later die aand opgegrawe en op ’n onbekende plek herbegrawe. Scheepers was en is ’n groot Boereheld wie se nagedagtenis in groot geheimsinnigheid gehul is (Grobler 2008:133). Sy teregstelling het weersin by baie mense uitgelok en tot sover as in Engeland het mense protes aangeteken. Olive Schreiner, wat ’n groot kampvegter vir die Boere tydens die Anglo-Boereoorlog was, het die onnodige dood van Scheepers skerp veroordeel (Schoeman 1992:177). Op 24 Januarie 1902, sowat ’n week ná Gideon Scheepers se teregstelling, het die Coldstream Guards ’n swierige dansparty in die Botaniese Tuin gehou (*Die Burger* 21/10/2000:3). Die Coldstream Guards was die naam van ’n groep Britse troepe wat Graaff-Reinet tydens die Anglo-Boereoorlog bewaak het.

Vanaf 1901 het Kitchener sy *verskroeide aarde* beleid verskerp. Dit word vir die Boereleiers duidelik dat voortgesette weerstand die totale uitwissing van hulle mense sou meebring (Pretorius 2001:87). Afgevaardigdes van die Boererepublieke onderteken op 31 Mei 1902 ’n vredesverdrag waarop daar tydens onderhandelinge met Kitchener op Vereeniging ooreengekom is. Die ondertekening vind in Melrosehuis in Pretoria plaas. Daarmee kom die Anglo-Boereoorlog formeel tot ’n einde (Uys 2007:292).

2.15 Die tydperk na die Anglo-Boereoorlog

Vanaf die eerste dag ná die ondertekening van die vredesverdrag het die oorwonne Boereleiers geweet dat Brittanje haastig was om die unifikasie van die vier Britse kolonies teweeg te bring en dat die bedoeling ’n Britse Suid-Afrika sou wees (Giliomee & Mbenga 2007: 226,228). Milner en sy direkteur van onderwys, EB Sargant, het bepaal dat Engels die onderrigmedium in staatskole sou wees, terwyl Nederlands as ’n vak onderrig sou word. Die kurrikulum het ook ’n sterk imperialistiese partydigheid getoon. Afrikaans het al hoe meer prominent geword in die stryd teen imperialisme. Die Afrikaners het met groot ywer gewerk om die ontwikkeling van hul taal en kultuur te verseker. Dit het aanleiding gegee tot die tweede Afrikaanse taalbeweging onder leiding van Onze Jan Hofmeyr en ander Kaapse Afrikaners wat die Taalbond weer laat herleef het. Die Taalbond se doel was om die volkstaal te ontwikkel. In die noorde was daar die skrywer-joernalis Gustav Preller, en die digters Eugène Marais, Jan FE Celliers en JD du Toit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Totius), wat hulle vir die gebruik van Afrikaans in literêre werke en in die openbare lewe beywer het. Die gedig *Winternag* deur Eugène Marais is as die eerste aanduiding van die skeppende potensiaal van Afrikaans beskou. Die gedig het in 1905 verskyn en kan gelees word as ’n metafoor vir die na-oorlogse verlatenheid en bittere berusting (Giliomee & Mbenga 2007: 226-228).

Na die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog het die inwoners van Graaff-Reinet ook gesukkel om weer hulle normale leefstyl van voor die oorlog te hervat. Daar het bitterheid, haat en neerslagtigheid geheers. Die mense was nie in staat om die depressiewe emosies wat ná alle oorloë aanwesig is, te verwerk nie. Die feit dat so baie lewens opgeoffer is, het die bitter neerlaag erger gemaak. Baie families, bure en vriende het mekaar nie vertrou nie. Dit was swaar om na jou verwaarloosde plaas, sonder diere, terug te keer. Die ekonomie het baie verswak en lewenskostes is verder deur die hoë pryse opgejaag. Daar het ’n doodsheid oor Graaff-Reinet en distrik gehang. Na ’n paar maande het die lewe weer sy loop geneem, maar Afrikaner-nasionalisme het baie sterk na vore getree. Daar kan met reg gesê word dat die Anglo-Boereoorlog die Engels-Afrikaans-verdeling onder die blanke bevolking verskerp het. Dit het onder meer uitgeloop op die groot Afrikanerbond-kongres wat in April 1903 in die ou Kaapkolonie gehou is. Die doel van die kongres was die heropbou van die land en sy mense, maar die Afrikaners van die republieke, wat ook die kongres bygewoon het, was verskeurd tussen die bittereinders en die joiners; diegene van die Britse kolonies was verskeurd tussen die rebelle en die lojaliste. Hierdie verskeurdheid het tot groot bitterheid binne gemeenskappe en selfs gesinne gelei. Daar moes nou weer ’n stabiele samelewing en ekonomie opgebou word (Schoeman 1992:196-203; Smith 1976:349).

2.16 Die Eerste Wêreldoorlog

Die Engelssprekendes op Graaff-Reinet was outomaties vanaf 4 Augustus 1914 as lede van die Unie in ‘n oorlog met die Sentrale magte gewikkel. Die inwoners het met generaal Botha, Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika, saamgestem dat die Britse koning se vyand ook vanselfsprekend die Unie se vyand was. Die *Graaff-Reinet Advertiser* het in elke uitgawe die oorlogsverklaring van generaal Botha geprys. Die Graaff-Reinetters is deur dié koerant voortdurend op die regverdiging vir die oorlogstoetrede gewys. Graaff-Reinet se Afrikaanssprekendes was nie geesdriftig oor die Unie se deelname aan die oorlog nie (Botha 1994:106).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Unie se militêre verdedigingstelsel het uit drie eenhede bestaan, met twee addisionele groepe, wat aktief aan die oorlogsfront sou deelneem. Tydens die Eerste Wêreldoorlog sou die Graaff-Reinetters veral in die Aktiewe Burgermag (*Active citizen force)*, die Reserwe Burgermag (*Citizen force reserve)*, en die Nasionale Mag (*National force*) diens doen. Inwoners van Graaff-Reinet is ook betrek by die Graaff-Reinetse skietvereniging, of by die *Graaff-Reinet Rifle Association*. Die Graaff-Reinet Boys' College het oor 'n kadetafdeling beskik wat in 1882 deur WLV Bristow en J Liebman in die lewe geroep is. Volgens die verdedigingswet, nr 13 van 1912, mag seuns vanaf 13 tot 17 jaar aangesluit het, mits hulle die toestemming van hulle ouers gehad het. As 'n seun vir drie jaar in so 'n kadetafdeling gedien het, sou hy 'n sertifikaat ontvang wat sou lei tot die vermindering van sy militêre opleiding in die burgermag. Tydens periodes van vrede het die opleiding in die burgermag oor 'n tydperk van vier jaar geskied. Lede van die Boys' College se kadetafdeling het tydens die Eerste Wêreldoorlog militêre driloefeninge gedoen en by geleenthede soos onthale en die vertrek en aankoms van militêre eenhede op Graaff-Reinet opgetree (Botha 1994:108-109).

Soos reeds vermeld, het die *Graaff-Reinet Advertiser* 'n rol gespeel in die oorreding van Graaff-Reinetters tot deelname aan die oorlog: nuusberigte, advertensies, kennisgewings en die redaksionele kolomme in die koerant het alles hiervoor in die stryd gewerp. Die Duitsers is as wrede, onmenslike oorlogvoerders voorgestel, en daar is gesinspeel dat daar vir die Geallieerdes, wat Brittanje en die Unie van Suid-Afrika ingesluit het, geen keuse was as om tot die oorlogstryd toe te tree nie. Op hierdie subtiele en sielkundige manier is daar gepoog om die Graaff-Reinetter te laat aansluit. Die Duitsers se inval van neutrale België in Augustus 1914 is met skok in die koerant verwoord. Daar is 'n Belgiese noodfonds gestig en pleidooie gerig dat die Duitsers so gou as moontlik gestuit moes word. Majoor Bouwer en die werwingspan het op verskeie plekke in die Graaff-Reinetse distrik werwingsveldtogte en inligtingsvergaderings gehou. Werwing was nie net tot die toetrede as soldate beperk nie, maar daar is ook lede gewerf om militêre bystanddienste te beman. Op 21 September 1914 is die *St John's Ambulance Association Brigade* op die dorp gestig. Britsgesinde dames het met noodhulpklasse begin (Botha 1994: 110-115).

Die feit dat baie Graaff-Reinetters tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) as Kaapse rebelle opgetree het, en dat daar weer in 1914 'n Afrikanerrebellie aan die gang was, het Britsgesinde dorpenaars bekommerd gelaat. Die loodskomitee van die *Town and District Defence Force* het 'n beroep gedoen op die inwoners van die dorp om aan te sluit en indien nodig die dorp te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verdedig. Vooraanstaande Graaff-Reinetters, soos mnre H Archer, HJ Smit, FL Rubidge, J van Heerden, F Watermeyer, maj Wooler, dr Massey, asook mnr CH Hayman as eresekretaris, het by die eenheid aangesluit (Botha 1994:116-117).

Diegene in die Unie van Suid-Afrika wat beswaar teen die oorlog gehad het, het duidelik hulle misnoeë te kenne gegee. Dit het gelei tot ’n kabinetskrisis waartydens generaal Hertzog ontslaan is. Die Nasionale Party is in 1914 gestig en het Afrikaner-nasionalisme aangevuur. Die beswaardes het probeer om hulle saak te stel, maar die regering het heftig gereageer. Nadat generaal Jacobus Hercules (Koos) De la Rey (1847-1914) per ongeluk by ’n padblokkade doodgeskiet is, het van die beswaardes gerebelleer. In die Vrystaat het meer as 7 000, en in die Transvaal sowat 3 000 burgers hulle onder eertydse generaals, kommandante en offisiere van die Anglo-Boereoorlog geskaar (Hofmeyr 2002:164).

Die toestand het vererger toe generaal Manie Maritz na die Duitse magte in Duits-Suidwes-Afrika oorgestap het. Die eerste Minister, generaal Louis Botha, het krygswet afgekondig en op 27 Oktober 1914 het die eerste skote by Rooiwal naby Pretoria geklap. Die Rebellie was gou iets van die verlede: op 12 November 1914 is generaal De Wet verslaan en kort daarna in hegtenis geneem; op 8 Desember het generaal Beyers in die Vaalrivier verdrink; op 16 Desember is Jopie Fourie in hegtenis geneem en vier dae later verhoor en tereggestel, ten spyte van vertoë by generaal Smuts deur kerkleiers soos dr DF Malan om begenadiging op die vooraand van die teregstelling (Hofmeyr 2002:164; Scholtz 1984:133).

Hoewel daar geen Afrikaner in Graaff-Reinet aktief tot die Rebellie van 1914 toegetree het nie, is dit wel in gees deur baie inwoners gesteun. Sommige soldate het gedros nadat hulle vir militêre diens opgeroep is. Mnr CJ Lötter, ’n Kaapse rebel tydens die Anglo-Boereoorlog, het tydens die Eerste Wêreldoorlog saam met sy makkers in die Graaff-Reinet-distrik geskuil. Hulle het nie kans gesien om in dié oorlog betrokke te raak nie. Ander soldate wat opgeroep is en nie wou deelneem nie, is voor ’n krygsraad gedaag (Botha 1994:120). Die Eerste Wêreldoorlog is op 11 November 1918 beëindig (Kruger 1965:501).

Na afloop van die Eerste Wêreldoorlog is daar op 7 Augustus 1919 ’n onthaal vir die terugkerende soldate op Graaff-Reinet gehou. Dit sou ’n *supper and smoke concert* behels, en die soldate is versoek om musiekinstrumente saam te bring. Graaff-Reinetters was ontevrede met die reëlings vir die ontvangs van terugkerende soldate. ’n Groot na-oorlogse probleem was

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dié van werkvoorsiening aan die terugkerende soldate. Die dorp se ekonomie was onder druk en werksgeleenthede was skaars. Dit blyk uit koerantberigte dat die teruggekeerdes gevoel het dat hulle nie die volle erkenning, vergoeding en hulp ontvang het vir hulle opofferings vir *King and Country* nie (Botha 1994:151).

2.17 Die Groot Griep

Suid-Afrikaners het nie aan die gevolge van die ergste pandemie in die moderne tyd, naamlik die Spaanse griep wat in 1918 uitgebreek het, ontkom nie. Hoewel dit die Spaanse griep genoem word, lê die oorsprong van die siekte na alle waarskynlikheid in die Verenigde State van Amerika. Daar bestaan egter ook menings dat die virus aan die begin van 1918 in Asië ontstaan het. Die virus, van die subtipe H1N1, het tot die pandemie gelei. Dit word die Spaanse griep genoem, omdat koerante in Spanje, wat ’n neutrale land sonder sensuur was, eerste oor die siekte berig het (Giliomee & Mbenga 2007:242).

Die tweede, en meer kwaadaardige golf van die siekte is deur skepe reg oor die wêreld, met inbegrip van Suid-Afrika versprei. Die skip *Jaroslav* het op 13 September 1918 van Sierra Leone met 54 gevalle van Spaanse griep in die Kaapse hawe aangekom. Ses van die passasiers het van Graaff-Reinet gekom, 20 van Port Elizabeth, ses van Uitenhage, 16 van Grahamstad en ses van Klipplaat (Botha 1994:334). Teen die middel van Oktober is mense van alle dele van die Unie aangetas. Dit het veroorsaak dat die virus soos ’n veldbrand verspei het. Navorsing dui daarop dat die dodetal in die Unie tussen 250 000 en 350 000 was. Die Spaanse griep het die bevolkingsamestelling van die Unie in terme van grootte, ouderdomstruktuur en die verhouding tussen die geslagte radikaal verander en het sodoende vir die res van die eeu aan die struktuur van die Suid-Afrikaanse bevolking beslag gegee. Daar bestaan verskillende syfers vir die dodetal wêreldwyd, maar dit word op tussen 20 en 40 miljoen beraam (Giliomee & Mbenga 2007:242).

Graaff-Reinet was teen die einde van 1918 ekonomies baie swak, wat veroorsaak het dat die gemeenskap nie die mediese en gesondheidsinfrastruktuur gehad het om so ’n pandemie te hanteer nie. Onkunde, armoede en oorbesette kamers en huise het die siekte in Graaff-Reinet vinnig laat versprei (Botha 1994:333). Die rondbeweeg van mense het die verspreiding van die Spaanse griep in Graaff-Reinet verhaas: behalwe vir die goederetreine, het daar elke oggend en elke aand ’n passasierstrein van en na Port Elizabeth vertrek. Passasiers van Port Elizabeth,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uitenhage en Klipplaat het op Graaff-Reinet afgeklim, en inwoners van die distrik het die dorp besoek, dikwels per motor, wat teen 1918 al ’n algemene vervoermiddel was. Die siekte het op 4 Oktober 1918 toegeslaan, sy hoogtepunt teen middel Oktober bereik en teen die einde van November is daar geen nuwe gevalle aangemeld nie (Botha 1994:335).

Anna Neethling-Pohl, boorling van Graaff-Reinet, beskryf in haar boek hoe sy as kind op Graaff-Reinet die griep beleef het. Haar ma, Evelyn Maud Pohl, en haar ongebore sussie het nie die griep oorleef nie. Anna vertel: “Die mense se hande, soos my vader s’n, was eelt-hard gedra aan kiste grafwaarts. Die groot stadsaal was vol – een ry beddens. Dié wat gesond was het sop aangedra en verpleeg en knoffel om die nek gehang en gebid. Elke dag het die stoete verbygegaan, klein begrafnissies, en ’n wa wat van die dooies – in komberse toegedraai – kerkhof toe geneem het. Dit was asof die perd wat die wa met die bruin komberse vervoer het met sy kop baie laag gestap het. En niemand het hard gepraat nie” (1974:12).

Herbert Urquhart, wat die burgemeester van Graaff-Reinet gedurende dié tyd was, het in die *Graaff-Reinet Advertiser* van 29 November 1918 verslag gelewer oor hoe die Spaanse griep die dorp geraak het. Hy skryf onder meer: “The epidemic of Spanish influenza, unparalleled in prevalence, severity and high rate of mortality by any disease hitherto known in this country, came upon us with such appalling suddenness that the town was overwhelmed with suffering, death and sorrow to an extent which we are hardly yet able to realize” (*Graaff-Reinet Advertiser* 29/11/1918:4). Urquhart beskryf ook soos reeds genoem dat die dorpsgeneesheer, dr Enslin, reeds vroeg tydens die epidemie gesterf het. Dr Hudson het ook baie siek aan die griep geword en kon nie meer na sy pasiënte omsien nie (*Graaff-Reinet Advertiser* 29/11/1918:4).

Die matrone van die Middellandse hospitaal, EM Reilly, het beheer oorgeneem en dadelik begin om met die hulp van predikante JH Whaits en HV Taylor tydelike hospitale op te rig (*Graaff-Reinet Advertiser* 29/11/1918:4; *Gedenkboek van die Middellandse hospitaal 1975:40).* Die mense uit die bruin en swart gemeenskappe is eerste deur die siekte getref, en teen 14 Oktober was daar al meer as 1,750 gevalle in die swart woonbuurt aangemeld. Daar is onmiddellik begin om sopkombuise op te rig. Die Brink-skool in Stockenströmstraat, asook die barakke van die Heilsleër het as depots vir onder meer sop, brood en medisyne gedien (*Graaff-Reinet Advertiser* 29/11/1918:4).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Al die personeel van die Lennon's medisynefirma op die dorp het die griep opgedoen. Vrywilligers soos ds JH Whaits, bygestaan deur onder meer kaptein Daws, luitenant Haarhoff en die *Girl Guides*, het gehelp om die winkel te bestuur. Hulle moes medisyne opmaak om na die verskillende medisyne depots en hospitale te stuur. Op 26 Oktober 1918 het dr Smythe, 'n staatsgeneesheer, in Graaff-Reinet aangekom. Hy het 'n deeglike ondersoek in die swart woonbuurt gedoen, haglike omstandighede aangetref, en daadwerklik probeer om die mense se omstandighede te verbeter deur onder meer kos en medisyne uit te deel (*Graaff-Reinet Advertiser* 29/11/1918:4). Dr Smythe en 'n verpleegster het ook by siek boere en werkers in die distrik besoek afgelê. Die boere van die distrik het met elke geleentheid plaasprodukte soos vrugte, groente, skaap- en wildsvleis, melk en botter na die dorp gestuur om onder die siekes verdeel te word (*Graaff-Reinet Advertiser* 29/11/1918:4).

Mnr H Urquhart het in die koerant van die geleentheid gebruik gemaak om die Spoorweë vir hulle vinnige en spesiale diens tydens die griep te bedank. Die treine het kos en medisyne na Graaff-Reinet vervoer. Die posmeester is ook bedank, veral vir die spesiale telefoondiens wat die poskantoor in die dorp gelewer het (*Graaff-Reinet Advertiser* 29/11/1918:5).

In bylaag C van die kommissie van ondersoek na die griepepidemie word gemeld dat daar in die dorp 3445 Graaff-Reinetters siek geword het, van wie 504 dit nie oorleef het nie. Baie sterftes onder die bruin en swart bevolking in die dorp asook in die distrik is nie by die magistraat aangemeld nie. In 'n latere verslag van die Graaff-Reinet se magistraat meld hy dat daar in totaal 850 Graaff-Reinetters gesterf het. Die NG Kerk van Graaff-Reinet het in Desember 1918 'n swart-omraamde pamflet versprei waarop die name van 111 lidmate en hulle kinders wat slagoffers van die griep was, verskyn het (Botha 1994:336; Graaff-Reinet Museum-argief, lêer 9 (b)).

Die griepepidemie het die aandag op die onvoldoende mediese fasiliteite op die dorp gevestig. Gevolglik is daar besluit om 'n nuwe hospitaal op te rig. Die hoeksteen daarvan is in 1919 gelê (Minnaar 1987:31).

Aangesien William Roe in 1916 oorlede is, is Graaff-Reinet se geskiedenis tot hier meer breedvoerig weergegee, terwyl die res van die eeu net kortliks opgesom word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.18 Die 20ste eeu

Baie besighede het in die 20ste eeu ontstaan. In 1908 het WM Cuthbert die eerste skoenwinkel op die dorp geopen. Fischers Juweliers van Port Elizabeth het ’n tak op Graaff-Reinet geopen wat vir baie jare sake gedoen het. Teen 1920 maak nuwe materiële ontwikkelinge reeds hulle verskyning in Graaff-Reinet. Met twee oorloë agter die rug word die vroeë twintigerjare ’n tyd van voorspoed. Die motor is ’n algemene gesig en die dorpenaars neem kennis van vliegtuie. Dr JM Keegan het die eerste motor op die dorp besit. Dié motor se enjin het onder die voorste sitplek gepas en die stuur van die motor is deur middel van ’n stuurstang behartig. PA Luckhoff het die eerste motor (’n Fiat) gekoop wat tot bo-op die ou Oudebergpas gery het. Die groeiende belangstelling in motors het gelei tot die stigting van die *Midland Automobile Club* in 1912. Die pionier-motorhawe op Graaff-Reinet was Gem Garage van Edwin Hunt Williams wat vroeër ’n klein fietswinkel in ’n hout- en sinkskuur in Somersetstraat bedryf het. Williams het ook verskillende masjinerie en enjins versien. Hy en sy vennoot Hyman het vanaf 1908 Model T-Fords direk vanuit Kanada ingevoer (Minnaar 1987:65).

Graaff-Reinet se besigheidsentrum was feitlik geheel en al afhanklik van die welstand van die boeregemeenskap. Op die plase word daar verbeterde boerderymetodes toegepas. Volstruisboerdery kwyn en die einde van dié winsgewende plaaslike industrie breek aan. Damesmodes verander en vere is nie meer in die mode nie (Henning 1986:79). Die boere in die distrik spits hulle toe op skaapboerdery. Die Graaff-Reinetter is veral trots op die hoë kwaliteit van sy merinokuddes. Die moderne uitkyk op boerdery is te danke aan instellings soos die Merinostoettelersgenootskap van Suid-Afrika wat in Augustus 1917 in Bloemfontein gestig is. Baie boere het hulle plase met sterk drade omhein en daar is op baie plase vir water geboor, wat uitkoms moes bied in droogtetye. Boere het al hoe meer lusern en ander gewasse op landerye aangeplant. Gedurende droogtes het Graaff-Reinet se ekonomie baie gely. Die dorp en sy inwoners is veral tydens die groot depressie van 1929-1933 baie hard getref (Minnaar 1987:78).

Hierdie depressie het amper die einde van die angorabokboerdery beteken. Gedurende die 1940’s en 1950’s het die angorabokhaar nog steeds gesukkel om teen die merinoskaap se wol te kompeteer. Die oorlog in Korea het gehelp dat wolpryse gedurende 1950-1951 die hoogte in geskiet het. Dit was as gevolg van die groot aanvraag na wol om uniforms en ander klerasie vir die soldate in die oorlog te vervaardig. Die wolprys het eers in 1960 weer gedaal. Die eerste

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

angorabokram-veiling van die eeu is in 1965 op Graaff-Reinet gehou. Dit het die pendulum weer na angorabokke laat swaai en vanaf 1972 is daar rekordpryse vir bokke en bokhaar in Graaff-Reinet behaal en die ekonomie van die dorp het uiteraard daarby gebaat (Minnaar 1987:80). Wolpryse het deurentyd stabiel gebly en wolverkope het ’n goeie inkomste aan die boere verskaf.

In ’n huis in Donkinstraat, Graaff-Reinet, word daar sedert 1914 poppe gemaak. Mnr en mev Jurie Laubscher en hulle dogter Annie het die poppefabriek bedryf. Die Engelssprekende gemeenskap van Graaff-Reinet was meer welvarend as die Afrikaanssprekendes en het dus nie so ’n groot behoefte aan handgemaakte, goedkoper poppe gehad nie. Dié pop was ’n namaaksel van ’n “Dean”-lappop wat in Amerika gemaak is. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het poppe al hoe meer onverkrygbaar geword. ’n Winkel in Oos-Londen het die Graaff-Reinet-lappoppe bemark. Daar het bestellings vir die poppe uit onder meer Namibië (destyds Suidwes-Afrika), Zimbabwe (destyds Rhodesië) en Kenia gekom. Inwoners en winkeleienaars van Graaff-Reinet, wat die Engelse goedgesind was tydens die Anglo-Boereoorlog, het die poppefabriek geboikot, want mnr Laubscher het in 1908 ’n hoek in sy tuin afgestaan vir die oprigting van die Gideon Scheepers-monument. Die fabriek het ook seunspoppe sowel as swart poppe gemaak. Die storie van die pop *Riena Reinet* is deur EL en RJ van Reenen in boekvorm gepubliseer. Dit het die gewildheid van die Graaff-Reinet-pop verder aangehelp. Die fabriekswet van 1927 het die sluiting van die poppefabriek afgedwing (*Graaff-Reinet Museumbrosjure* gd:5; *Riena Reinet: Die Afrikaanse pop* gd 1-14). Die Graaff-Reinet-pop is landswyd bekend en is in baie museumversamelings opgeneem. Daar is ook poppe in privaatbesit.

In 1934 is *Die Middellandse Regiment* (DMR) gestig. Die regering het die rol van dié vrywillige militêre korps erken. Die lede van die DMR was Afrikaans- sowel as Engelssprekend en baie van hulle was Graaff-Reinetters. Die inhuldigingsparade is in Cradock gehou, waar luit-kol H Bekker as die leier van die korps aangewys is. In 1936 het luit-kol WL Kingwill die leisels oorgeneem (Nunn 2004:92).

Die Tweede Wêreldoorlog breek op 1 September 1939 uit toe Adolf Hitler se magte Pole binneval. Enkele dae na die uitbreek van die oorlog besluit Suid-Afrika se Volksraad met 80 teen 67 stemme om Smuts se mosie te aanvaar dat Suid-Afrika aan die Geallieerdes se kant tot dié konflik gaan toetree (Uys 2007:257,300).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die DMR is na intensiewe opleiding buite Pretoria per skip vanaf Durban na Egipte. Hier het die DMR deelgeneem aan die gevegte by Bardia, Sollum en Halfaya-Pas. Die regiment het na Tobruk verskuif en op 21 Junie 1942 het Rommel die opposisie, waarvan die DMR deel was, omsingel. Altesaam 82 lede van die DMR is gevange geneem en vir die res van die oorlog gevange gehou. Ander lede van die DMR was nie betrokke by die omsingeling deur Rommel nie, en het saam met die Suid-Afrikaanse Infanteriebrigade aan die aanval op El Alamein deelgeneem. Altesaam 42 Graaff-Reinetters het in die Tweede Wêreldoorlog gesneuwel (Nunn 2004:92; DMR museumpamflet gd:1-2).

Die Burgemeester tydens die Tweede Wêreldoorlog, mnr AA Kingwill, en sy vrou het baie moeite gedoen om ’n ophef van die vertrekkende soldate te maak en hulle spesiaal te laat voel. Daar is op luisterryke wyse van hulle afskeid geneem, gewoonlik in die stadsaal. Tydens die oorlog het veral mev Kingwill donasies ingesamel en gereeld pakkies na die soldate gestuur. Die pakkies het gewoonlik kos, klere, komberse, seep, skeermeslemmetjies asook medisyne ingesluit. Ook met hulle tuiskoms is ’n groot ophef van alle terugkerendes gemaak, en die gewondes is medies behandel (GR Museum Argief: plakboek van mnr AA Kingwill in DMR-lêer (141); los koerantuitknipsels in Kingwill-houer uit verskeie onbekende koerante, 1942:1, 4, 6, 7, 9, 13-25).

In die 20ste eeu lewer die verskillende akademiese inrigtings ’n groot bydrae tot die beoefening en ontwikkeling van sport op Graaff-Reinet. Die opleidingskollege speel vir byna 70 jaar lank ’n belangrike rol in die dorp se sport, veral wat rugby, krieket, netbal, hokkie en atletiek betref. Rugby is sedert die begin van die eeu ’n gewilde sportsoort op die dorp. Die jaarlikse interskole tussen Union High en Volkskool is ’n groot geleentheid en word deur ouers, oudstudente en lede van die publiek bygewoon (Henning 1986:118).

Met die aanbreek van die apartheidsera in 1948 en die stigting van die Republiek van Suid-Afrika op 31 Mei 1961, het die Oos-Kaap ’n gebied geword waar swartbewussynsorganisasies sterk leiding geneem het in die stryd teen die Nasionale Party regering. Mangaliso Robert Sobukwe (1924-1978) is ’n boorling van Graaff-Reinet. Sobukwe stig in 1959 saam met 300 ander voormalige ANC-lede die Pan-African Congress in Soweto. Sy besondere intellek en sy diep verbintenis tot sy saak het bygedra tot sy gewildheid as leier. Hy was ook ’n besondere goeie spreker. Sy lewe het tragies verloop, want na die Sharpeville-opstande van 1961 was hy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nooit weer ’n vry man nie. Robert Sobukwe is in 1978 oorlede en is in Graaff-Reinet begrawe (Nunn 2004:13,164; Roth 1999:301-305).

Gedurende die 20ste eeu het toerisme die enigste blywende inkomste van die dorp gebly. Toerisme het gegroei tot ‘n volwaardige industrie wat vandag (2014) aan baie inwoners op Graaff-Reinet werk verskaf. Die unieke karakter van die goedbewaarde dorp lok jaarliks duisende besoekers. Anthony Edward Rupert (1916-2006) was een van Suid-Afrika se suksesvolste en veelsydigste sakemanne van die 20ste eeu. Hy het homself opgewerk uit niks en ’n globale sakeryk opgebou wat hom een van die rykste mense in Suid-Afrika gemaak het. Talle historiese geboue op Graaff-Reinet is deur sy toedoen van verwaarlosing en verval gered en gerestoureer (Kapp 1999:51-53). Die rol wat Anton Rupert en sy stigting Historiese Huise van Suid-Afrika beperk (1966), asook die Red Reinet veldtog (1986), gespeel het ter bevordering van die toerismebedryf en die bewaring van Graaff-Reinet, kan nie genoeg benadruk word nie.

2.19 Slot

Graaff-Reinet het ’n hele paar waghonde wat jaloers waak oor ’n ryke tradisie en erfenis. Die *Trusteeraad van die Graaff-Reinet Museum* en die *Graaff-Reinet Erfenis-bewaringsvereniging* poog plaaslik om te keer dat grootskaalse verminking van die dorp se erfenis plaasvind. Kerkplein is die kern van die dorp, en Graaff-Reinet het as ’n besondere eenheid ontwikkel rondom die plein. Hierdie historiese kern wat bewaar gebly het, sluit ongeveer twintig aangrensende straatblokke in. Hieronder tel woonhuise, openbare geboue, kerke, winkels en ’n hotelkompleks wat uit die vorige twee eeue dateer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3
DIE ONTWIKKELING VAN FOTOGRAFIE EN WILLIAM ROE

3.1 Inleiding

Fotografie is een van die opspraakwekkendste chemiese deurbrake van die neëntiende eeu. Die bekendstelling van fotografie aan die wêreld is met groot ingenomenheid begroet. In Suid-Afrika het mense ook gereageer op die uitvinding van die kamera asof op ’n wonderwerk en lank nadat die proses nie meer as ’n nuwigheid beskou is nie, het die misterie daar rondom steeds voortgeleef.

Kort voordat fotografie op die toneel verskyn het, was die silhoeët as kunsvorm baie gewild. Hierdie kunsvorm het groot aftrek in veral Duitsland, maar ook in lande soos Holland, Engeland en Amerika gekry en is op groot skaal beoefen tot ongeveer 1840 toe dit deur fotografie vervang is (Pretorius 1992:76). Gedurende die tydperk voordat fotografie algemeen bekend was, het skilders soos Francisco Goya (1746-1828) die omstandighede van die gewone mens asook historiese gebeurtenisse op skilderye vasgevang. Hy het ook as die amptelike portretskilder vir die Spaanse koningshuis opgetree. Fotografie het egter die dokumentering van geskiedkundige gebeurtenisse asook die vaslê van die alledaagse leefwyse van mense baie vergemaklik (Markwood 2010: www.agorajournal.org).

Toe fotografie nog nie so bekend was onder die publiek nie, het fotograwe gepoog om te voldoen aan al die konvensies wat vir Victoriaanse skilderye gegeld het. Foto’s is ingespan om soos naturalistiese skilderye ’n storie te vertel. Fotograwe moes dus eers die gevestigde kunswaardes absorbeer en weerspieël in hulle werk, voordat fotografie as selfstandige medium tot sy reg kon kom (Kriel 1995:17-18). Skilderkuns en fotografie was aanvanklik in kompetisie met mekaar, maar dit het spoedig oorgegaan in ’n vennootskap en mettertyd het fotografie sy plek saam met skilderkuns as kunsmedium ingeneem. Skilderkuns het gehelp om die gebreke wat met fotografie, veral in die beginjare ondervind is, met verf te verdoesel en op sy beurt het fotografie groot skilders soos Claude Monet geïnspireer om ’n reeks impressionistiese skilderye te skep (Duggan 2013: www.bigthink.com/picture).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Roe het hom kort na die finale deurbrake in die fotografieproses in Londen in die wetenskaplike aspekte van die fotografieproses laat oplei. Hy was een van die heel vroegste pioniers wat fotografie na Suid-Afrika gebring het.

Die ontwikkeling van fotografie en die verskillende fotografiese prosesse word redelik omvattend verduidelik in hierdie hoofstuk. Dit is belangrik om in ag te neem hoe "primitief" en in watter vroeë stadium fotografie nog was in die tyd toe Roe hom in Suid-Afrika gevestig het. Roe se fotografie was desnieteenstaande van 'n hoë gehalte.

3.2 'n Oorsig oor die ontwikkeling van fotografie

3.2.1 Vroeë eksperimente

Eksperimente met optiese elemente dateer terug tot die 4de eeu voor Christus en Aristoteles het toe alreeds daaroor geskryf (Mulligan & Wooters 2005:36). Rondom 1558 het die wetenskaplike Giovanni Battista della Porta beskryf hoe optiese prosesse hulp aan tekenaars verleen. Die ligsensitiwiteit van sekere chemikalieë is in 1727 deur die Duitse natuurfilosoof Johann Heinrich Schulze ontdek (Gernsheim 1971:10,11,15,16).

Lank voor die ontdekking van fotografie het kunstenaars die camera obscura (Latyn vir "donker kamer") gebruik (Botha 1960:1). Die proses behels die inlaat van lig deur 'n klein opening in 'n donker houer of kamer. Die buitetoneel word sodoende teen 'n wand of muur aan die teenoorgestelde kant as die klein opening geprojekteer – weliswaar onderstebo, maar 'n spieël stel hierdie omgekeerde beeld reg. Daar het 'n verskeidenheid camera obscuras bestaan soos geïdentifiseer in Denis Diderot se *L'Encyclopédie (*ca. 1751*)* waarin hulle verskillende funksies ook verduidelik word (Mulligan en Wooters 2005:36). Leonardo da Vinci (1452-1519) beskryf die camera obscura deeglik in sy notaboeke, maar sy navorsing word eers drie eeue later ontsyfer en in 1797 gepubliseer (Gernsheim 1955:1-2).

Tydens die laat agtiende eeu het 'n amateurprofielmaker, Étienne de Silhouette, bekend geword vir die gebruik van skadu en vorm om 'n silhoeët van 'n persoon te produseer. Dit het al hoe belangriker vir vooraanstaande mense geword om 'n afdruk van hulself te hê en is daar voortdurend gepoog om die menslike beeld permanent vas te lê. Om 'n silhoeët te maak, is 'n ligbron voor die onderwerp of persoon geplaas en die buitelyne van die profiel is op papier afgetrek. Later, in 1786, het Gilles-Louis Chrétien 'n aftrekmasjien ontwerp waarmee 'n persoon

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

se profiel op ’n koperplaat afgedruk en dan gegraveer is. Gedurende 1807 het die Britse wetenskaplike William Hyde Wollaston ’n *camera lucida* ontwerp waarmee die beeld met meer detail ten opsigste van lig en skadu vasgelê kon word (Mulligan & Wooters 2005:38).

Chemiese en optiese prosesse is uiteindelik bymekaar gebring met die ontdekking van die fotografiese proses. Lig het die voorwerp in ’n beeld verander en só ’n nuwe kunsvorm daargestel. Slegs ’n paar persone – ’n klein binnekring van wetenskaplikes en filosowe het werklik die volle omvang en impak van fotografie verstaan, maar selfs hulle het ook nie altyd die potensiaal daarvan besef nie. ’n Masjien moes energie (in die vorm van lig) opwek en versprei (Frizot ea 1994:15). Die Fransman Joseph Nicéphore Niépce (1765-1833), wat al sedert April 1816 op sy eie gepoog het om fotografie te beoefen, was die eerste persoon om die sogenaamde ligmasjien te gebruik ten einde ’n afbeelding te produseer. Niépce het dit reggekry om die beeld van ’n camera obscura deur middel van chloried en silwer op papier vas te lê, maar die beelde was negatiewe, dit wil sê lig en skadu was omgekeer (Gernsheim 1955:36-37).

Die oudste foto, dié vanuit Niépce se studio, is in 1814 geneem (Buckingham 2004:8). Dié foto is geproduseer op ’n ligsensitiewe piouterplaat in ’n aangepaste camera obscura en die fotobeeld het ’n volle agt ure behoue gebly. Niépce het ook ’n relatief suksesvolle foto rondom 1824 van ’n natuurtoneel geneem, maar kon nooit daarin slaag om suksesvolle foto’s wat op klip, glas, koper of piouter gegraveer is, te neem nie (Gernsheim 1955:40).

Soos verwys, is daar oor baie jare pogings aangewend om fotografie ’n werklikheid te maak. Die deurbraak is in 1838 gemaak en in dieselfde jaar is fotografie amptelik aan die publiek bekend gestel (Gernsheim 1955:48). Die ontdekking het twee belangrike prosesse behels: die daguerreoproses wat deur Louis-Jacques-Mandé Daguerre (1787-1851) bekend gemaak is, asook die negatief/positief-proses wat deur William Henry Fox Talbot (1800-1877) ontwikkel is (Mulligan en Wooters 2005:36). Daar het baie verskillende menings bestaan oor die rol wat Joseph Nicéphore Niépce in die ontwikkeling van fotografie gespeel het. Baie wetenskaplikes en fotograwe glo hy is die vader van hedendaagse fotografie en dat hy nie genoeg erkenning vir sy bydrae tot fotografie ontvang het nie (Frizot ea 1994:15).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2.2 Daguerre en die daguerreoproses

Louis Jacques Mandé Daguerre (1787-1851) het vanaf 13-jarige ouderdom as leerling by ’n argitek gewerk. Hy was baie kreatief en kunssinnig en ontwerp en skilder dekor vir produksies in verskeie teaters in Parys. Een van sy bekende werke is ’n potloodskets getitel *Promenade dans les pins (Wandeling onder (die) dennebome)*, ’n voorbeeld van sy werk voordat hy fotografiese beelde begin produseer het. Vanaf 1822 tot 1853 het Daguerre saam met Charles Marie Bouton suksesvolle dioramas in Parys en Londen gehou. Dit was ’n kykspel waardeur visuele voorstellings ’n skildery of beeld met behulp van deurvallende lig realisties laat voorkom. Dit was baie gewild by die publiek. Beide Daguerre en Bouton het die skilderye geverf en met behulp van die camera obscura optiese illusies geskep. Dit het onvermydelik gelei tot eksperimentering met fotografiese elemente. Gedurende 1828 het Daguerre in vennootskap met Joseph Nicéphore Niépce gegaan en vir langer as ’n dekade saam met Niépce en sy seun, Isidore, gewerk. In Januarie 1839 het die Franse Akademie vir Wetenskap die ontdekking van die daguerreofotoproses tydens ’n publieke byeenkoms aangekondig. Daguerre het sy handtekening op die eerste kameras, vervaardig deur Alphonse Giroux en sy maatskappy in Parys en teen 425 Frank elk verkoop, aangebring (Moholy 1939:23; Buckingham 2004:8). In 1844 het Daguerre ’n boek oor fotografie die lig laat sien: *Nouveau moyen de préparer la couche sensible des plaques destinées à recevior les images photographiques* (Nuwe voorbereidingsmetode van die (lig) sensitiewe laag op fotografiese plate) (Moholy 1939:26).

Boulevard du Temple, ’n foto geneem deur Daguerre in 1838/39, is die eerste foto waarop ’n persoon verskyn. Dit is van ’n besige straat in Parys, maar as gevolg van die lang beligting, is die stadsverkeer nie helder vasgevang nie. Onder op die foto, in die linkerkantse hoek, verskyn daar egter ’n onbekende man wat lank genoeg sy skoene gepoleer het om op die foto vasgelê te word (Mulligan & Wooters 2005:40).

Daar bestaan slegs een foto van Daguerre self, want ironies genoeg wou hy homself nooit op ’n foto laat verewig nie. Dié foto waarop Daguerre byna angstig en vol afwagting voorkom, is in 1844 deur Jean Baptiste Sabatier-Blot met behulp van die daguerreotipe-fotoproses geneem. Daguerre-mania het deur die hele Europa opslae gemaak en die daguerreotipe het oor die hele wêreld heen die hoofmetode geword om foto’s te produseer (Mulligan & Wooters 2005:42).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Diegene wat tydens die Industriële Revolusie geleef het, het die ontdekking van die kamera as ’n groot evolusionêre sprong ervaar. Die kamera het ál die ontwikkelings wat tydens die Industriële Revolusie plaasgevind het, vasgevang en kon die ontdekking van baie nuwe produkte en masjienerie verewig. Dit het gehelp met die verbetering van nuwe uitvindings, want daar kon presies gesien word hoe die minder effektiewes gelyk en gefunksioneer het. Foto’s van jouself asook die wêreld rondom jou het gewys dat dit vir almal moontlik was om in elke nuwe ontdekking en uitvinding te deel (Frizot ea 1989:33).

3.2.3 Talbot en die papiernegatief

Die daguerreoproses was nie die enigste ontdekking op die terrein van fotografie nie. Gedurende 1839 het William Henry Fox Talbot (1800-1877), ’n amateur skei- en wiskundige in Engeland, en sy vriend, sir John Herschel (1792-1871), ’n wetenskaplike, hulle ontdekking van fotogeniese tekeninge aan die wêreld bekendgestel (Frizot ea 1998:61). William Henry Fox Talbot het onder meer wiskunde en klassieke tale aan die Trinity Kollege in Cambridge bestudeer (Arnold 1977:41). Hy was ’n ryk en gesiene man wat baie grond in Engeland besit het. Die meeste van sy vroeë foto’s is in Lacock Abbey Wiltshire geneem. Hy het vanaf 1844 tot 1846 die eerste geïllustreerde fotografiehandleiding, naamlik *The Pencil of Nature*, wat uit ses volumes bestaan het en waarin hy van sy foto’s vertoon het, gepubliseer (Frizot ea 1998:62). Talbot het in 1839 van sy foto’s aan die publiek vertoon tydens die uitstalling van die *Royal Institution* in Londen. Hy het nog steeds geëksperimenteer met fotoprosesse en twee jaar later met ’n verbeterde prosedure, die calotipe-fotoproses vorendag gekom. Hiervoor het hy in 1842 die Rumford-medalje van die *Royal Society* ontvang (Mulligan & Wooters 2005:90).

Die woord calotipe is afkomstig van die Griekse terme *kalos* wat “pragtig en fyn” beteken, en *typos,* wat “buitelyne” of “skets” beteken. Die calotipe-fotoproses was die resultaat van jarelange pogings om die beeld van die camera obscura op papier vas te vang. Die foto’s wat Talbot geproduseer het, is op papier wat in lig-sensitiewe silwerjodiumtinktuur geweek is, gedruk. So is negatiewe beelde gevorm om later die positiewe foto’s te produseer. Die calotipe-fotoproses was ’n verbetering op die eerste proses wat Talbot gebruik het. Hy het dié proses in 1841 gepatenteer, maar die hoë fooie wat hy vir sy produk gevra het, het aanleiding gegee tot die afname in sy produk se gewildheid. Die calotipe-fotoproses het ’n enkele negatief verskaf, waarvan menige positiewe foto’s gemaak kon word en het die basis gevorm van fotografie tot die koms van digitale foto’s (Mulligan & Wooters 2005:90).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Talbot het in 1843 ’n ateljee in Reading, Engeland geopen en dit *The Reading Establishment* genoem, bestuur deur sy assistent Nicholas Henneman (1813-1898). Talbot en Henneman het na Parys gereis om die calotipe-proses in Daguerre (’n sterk mededinger) se tuisstad aan die publiek bekend te stel. In die bekende boek, *The Pencil of Nature* wat as handleiding vir fotografie kon dien, het Talbot foto’s van ’n groot versameling Chinese porselein geplaas. Hy het die waarde van foto’s as ’n manier om te bewaar, besef en geskryf dat sou die porselein gesteel word, daar nou ’n rekord bestaan het wat kon help met die opspoor van dié waardevolle artikels (Mulligan & Wooters 2005:95). Talbot het dus reeds aan die heel vroegste foto’s van die 1840’s die rol toegeskryf wat ook met hierdie studie beoog word, naamlik die bydrae wat dit kan lewer tot bewaring. Fotografiese rekords kon uiteraard van verskeie ander waardevolle artikels, soos boeke en skilderye, gemaak word en was van groot waarde vir versamelaars.

Net voor die finale uitgawe van *The Pencil of Nature* het Talbot besluit om die lewe van die Skotse skrywer, sir Walter Scott, met behulp van sy kamera vas te lê. Hy het dié foto’s in ’n nuwe toevoeging tot sy boek, *The Pencil of Nature, Sun Pictures in Scotland* gepubliseer. Koningin Victoria van Engeland was onder die eerste 103 intekenaars vir dié publikasie (Mulligan & Wooters 2005:95).

3.2.4 Amerika en die calotipe-fotoproses

Talbot het sulke streng beperkings op die gebruik van sy patent geplaas dat dit die gebruik daarvan bykans onmoontlik gemaak het. In Amerika was daar slegs enkele fotograwe wat die metode gebruik het. Onder hulle was die broers William en Frederick Langenheim wat reeds sedert 1843 die daguerreofotoproses in hul fotoateljee in Philadelphia ontwikkel het en wat, nadat hulle Talbot se *Pencil of Nature* gesien het, navraag by hom oor die calotipe-fotoproses gedoen het. Hulle wou as Talbot se agente in Amerika optree om die nuwe calotipe-foto bekend te stel (Mulligan & Wooters 2005:98).

Die Broers Langenheim het bankrot gespeel, maar het voortgegaan om die calotipe-fotoproses te gebruik. Van hulle foto’s is by die *Crystal Palace Exhibition* in 1851 in Londen vertoon. Met die dood van William Langenheim in 1874 het hulle fotoateljee finaal gesluit. Die bekende *Eastman House Collection* in die internasionale fotografiemuseum in New York bevat ’n groot aantal calotipe-foto’s, daguerreofoto’s, negatiewe, stereo glasgrafika, mikrofoto’s asook

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hyalotype (’n uitbreiding van die proses waarvolgens albumien (eierwit) op glas aangewend is), wat die broers Langenheim ontwikkel het. Die Menschel fotografie-biblioteek in Amerika huisves ook ’n hoeveelheid manuskripmateriaal uit die Langenheims se foto-ateljee (Mulligan & Wooters 2005:99).

Die rol wat fotografie reeds in die vroeë jare in bewaring gespeel het, word duidelik weerspieël in die nalatenskap van twee jong Amerikaners, Leavitt Hunt (1830-1907) en Nathan Flint Baker (1820-1891), wat mekaar in September 1851 in Florence in Italië ontmoet het. Gegoede en welvarende jong mense soos Hunt en Baker het al hoe meer getoer om eerstehands kennis en ondervinding oor ander kulture en lande op te doen. Dié twee mans is vanaf Florence na Rome waar hulle begin het om hulle toer met foto’s vas te lê. Hulle doen ’n kort kursus in fotografie en vertrek daarna op 13 November 1851 vanaf Napels met ’n Franse stoomboot na Malta. Daarvandaan reis hulle per Engelse stoomboot na Alexandrië in Egipte. Ondanks die versengende hitte wat hulle fotografie-apparaat en kameras negatief beïnvloed het, slaag hulle daarin om *Cleopatra’s Needle* naby die hawe asook die binnehof van die Orient-hotel vir ewig vas te lê. Oorweldig deur hulle sukses en die eksotiese kultuur en landskap, vertrek Hunt en Baker na Kaïro, en daarvandaan op ’n Nylvaart van twee maande (Hanlon 2007:319-321). Die ou argitektoniese skatte van Egipte by plekke soos Philae, Edfu, Luxor, Karnak en Wes-Thebes, is deur middel van hulle foto’s aan baie mense bekendgestel – uiteraard goeie publisiteit vir Egipte, maar ongelukkig het dit ook die skattejagters na Egipte gelok. Foto’s wat deur Hunt en Baker geneem is, het direk aanleiding gegee tot die instroom van talle argeoloë na Egipte en lei onder meer tot die ontdekking van Toetankamen se grafkelder in 1922 deur Howard Carter (1873-1939) (Hanlon 2007:321; Esterhuyse 2009:62). Die verhaal van Hunt en Baker is ’n goeie illustrasie van die voor- en nadele van fotografie vir die geskiedenis. Aan die een kant kan dit aanleiding gee tot ’n toeloop van besoekers na ’n bepaalde bestemming, wat die potensiaal het om tot vernietiging van erfenis te lei; aan die anderkant kan dit lei tot die ontdekking van nuwe vondste.

As in ag geneem word hoe beperk hulle fotografiese toerusting was, is die waarde van hul bydrae soveel meer uitsonderlik. Die foto’s van Hunt en Baker kan tereg as waardevolle kunswerke beskou word (Hanlon 2007:329).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2.5 Hill, Adamson en calotipe-fotografie in Skotland

Die patentereg op die calotipe-fotoproses was nie van toepassing in Skotland nie, en daarom was dit vir David Octavius Hill (1802-1870) en Robert Adamson (1821-1848) moontlik om vrylik foto's te neem. Hill is in die skilderkuns opgelei en was 'n bekende skilder uit Edinburgh, terwyl Adamson opleiding in meganika en aptekerswese ontvang het. Hulle het 'n groot verskeidenheid voorwerpe afgeneem, en goeie landskapfoto's, gewone straattonele en portretstudies nagelaat (Beaton 1944:25-26). Die *Eastman House collection* huisves oor die 400 foto's en vyf glasnegatiewe wat deur Hill en Adamson tydens hulle vennootskap van vyf jaar geneem is (Mulligan & Wooters 2005:114).

3.2.6 Die calotipe-fotoproses in Frankryk

Nêrens ter wêreld het die calotipe-fotoproses soveel opslae gemaak as in Frankryk nie – 'n land waarin daar deurlopend navorsing oor die papiernegatiefproses gedoen is. Talbot (sien 3.1.3) het Parys gedurende 1843 besoek om patente vir sy calotipe-fotoproses te verkoop, maar slegs een daarvan is verkoop. Een van die redes, behalwe vir die buitensporige prys wat hy gevra het, was die ontduiking van die patentereg in 1847 deur Louis-Desiré Blanquart-Evrard (1802-1872), 'n Franse verkoopsman van fotomateriaal. Blanquart-Evrard het die afneemperiode (tydperk wat die kamera neem om te fokus en die foto te neem) met 75% verminder en drie jaar later 'n droë negatiefpapier ontwikkel wat vooraf vervaardig kon word – 'n proses wat hom as fotodrukker bekend gemaak het. Hy het naas sy eie foto's ook foto's van baie ander fotograwe gedruk en in 1851 'n werkswinkel genaamd *Imprimerie Photographique* by Loos-les-Lille in Frankryk ingerig waar groot getalle foto's, onder meer vir verskeie publikasies, gedruk is. Toe hy sy werkswinkel in 1855 sluit, was daar 24 albums vol foto's van bekende fotograwe in Frankryk. Baie van die foto's is ook in die Eastman House-versameling opgeneem (Mulligan & Wooters 2005:114).

In 1851 het Scott Archer sy kollodion-fotoproses-op-glas gepubliseer (Frizot 1998:65). So het die calotipe-fotoproses wat oorspronklik deur Talbot ontdek is, stadig plek gemaak vir nuwe prosesse. Tog bestaan daar calotipe-fotoversamelings uit die beginjare van fotografie wat fotograwe steeds beïndruk met hul kwaliteit en skerpte (Strasser 1942:34-35).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2.7 Die ontwikkeling van die natplaat- kollodionfotoproses

Die jaar 1851, die jaar waarin Daguerre oorlede is, het ook die begin van ’n nuwe periode in fotografie ingelui. Niépce de Saint-Victor het glasplate met albumien gesmeer, maar dit was nie ligsensitief genoeg nie. Dit was egter Frederick Scott Archer (1813-1857) van Engeland wat die kollodionfotoproses in Maart 1851 bekendgestel het (Frizot ea 1998:92). Archer se sogenaamde natplate was meer ligsensitief as die calotipe-fotoproses en ander prosesse van dié tyd. Sy metode het die beligtingstyd drasties verminder, met die gevolg dat die foto’s skerper en meer gedetaileerd was. Kollodionnitraatwatte (*gun-cotton*) wat in alkohol en eter geweek is, het verhard tydens blootstelling aan lig en lug. Tydens Archer se proses is glasplate met kollodion (’n oplossing van swakgenitreerde sellulose in swael-eter) en kalium-jodiumsuur wat in silwernitraat gedoop is, gesmeer om ligsensitiwiteit te bewerkstellig. Die foto is onmiddellik ontwikkel, gewas en vernis. Die kollodionfotoproses het later gelei na die ambrotipe- en die tintipefotoprosesse (Gernsheim 1955:151-152).

Gedurende Mei tot Julie 1850 het Archer die kollodionfotoproses in die vaktydskrif *The Chemist* geadverteer en duidelik laat blyk dat hy nou van vuurgallussuur gebruik maak. ’n Jaar later sien Archer se *Manual of the Collodion Photographic Process* die lig. Hierdie metode het ’n groot bloeiperiode in die geskiedenis van fotografie ingelui (Gernsheim 1955: 153; Strasser 1942:36).

Die negatiewe wat deur dié fotoproses verkry is, was van ’n baie hoë gehalte. Die belangrikste eienskap van die kollodionfotoproses was dat die plate nat gebruik moes word – vandaar die naam natplaatproses. Ten spyte van die struikelblokke met die fotoproses het fotografie ongekende groei tydens die kollodiontydperk getoon. ’n Verdere kenmerk van die periode was dat portretstudies minder gewild geword het – die fokus het meer na buitelugfotografie verskuif (Strasser 1942:37).

Buitelugfotografie het aanleiding gegee tot die ontwerp van meer mobiele fotografiese toerusting, insluitend die donkerkamer. Daar is waentjies en kruiwaens vir die mobiele fotografiese toerusting ontwerp, en soms kon ’n sterk man selfs die toerusting in ’n houtraam op sy skouers dra. Diegene wat fotografie as beroep baie ernstig opgeneem het, het hulle laboratoriums op ’n perdekar gelaai (Strasser 1942:37).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Roger Fenton (1819-1869) het in 1855 met sy fotografietoerusting na die Krimoorlog (1853-1856), die eerste gefotografeerde militêre konflik, vertrek (Buckingham 2004:11). Hy het foto's van die voorste-liniesoldate voor en na veldslae geneem, asook groepfoto's van die soldate in die kampe. Die relatief lang tydsduur wat dit neem om 'n beeld op die ligsensitiewe plaat vas te lê, het aksiefoto's onmoontlik gemaak. Met sy terugkeer het Roger Fenton aan gehore vertel hoe hy die foto's onder bykans onmoontlike omstandighede moes neem. Hy het ook baie probleme ondervind met die verskuiwing van sy fotografiese toerusting (Beaton 1944:21-22).

Gedurende die 1860's is daar foto's onder moeilike omstandighede in die buitelug geneem. Die uitdagende fotografie van diere het gewild geword – uitdagend aangesien diere normaalweg nie soos mense in 'n kopklamp vasgeskroef kon word nie. Geduld was die wagwoord vir buitelugfotografie. W Jerome Harrison verwys ook in *A History of Photography* (Londen 1888) na die moeisame, opdraende pad vir die suksesvolle fotograaf:

> Up to about 1853 a photograph was considered a curiosity, but the introduction and perfection of the Collodion process made photography, for the first time, a really popular pursuit. With mistaken ideas as to the ease of the new method, large numbers of amateurs purchased the necessary materials, and about 1858 the camera became as common an object as the barrel organ! But with the practice of photography came the sad knowledge that there is no royal road to the taking of good pictures. Thus the popularity of photography as an amusement for amateurs declined almost as rapidly as it had risen (Strasser 1942:40-41).

Vernon Heath (1819/1820-1895), 'n veteraan van die kollodiontydperk, het sy probleme met fotografie van diere asook van 'n groot tuinparty deeglik beskryf in sy boek *Recollections* (Londen 1892). Die foto van die tuinparty sou stiptelik om halfses geneem word. 'n Beuel sou die gaste waarsku om doodstil te sit vir die tydsduur wat die fotograaf nodig geag het, en dan sou die beuel weer aandui dat die foto klaar geneem is. Heath moes 'n paar keer probeer aangesien die gaste met die eerste beuelsinjaal so wild rondgehardloop het dat daar chaos ontstaan het: almal wou in die middelpunt van die foto verskyn. Hy was verplig om sy kamera in 'n klimopplant te versteek om 'n meer natuurlike foto te verkry. Hy verwys ook in sy boek na die opdrag wat hy van die regering ontvang het om Trafalgarplein in Londen te fotografeer en hoe hy die bykans onmoontlike reggekry het (Beaton 1944:22).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Eadweard Muybridge (1830-1904) gebore in Engeland as Edward Muggeridge, was ’n pionier van mens- en dierbewegings-fotografie (Beaton 1944:22) In 1872 word hy beroemd deur fotografies te bewys dat ’n galoppende perd se vier pote almal vir ’n fraksie van ’n sekonde in die lug is. Vir die volgende drie dekades het Muybridge voortgegaan om ’n katalogus van foto’s saam te stel, bestaande uit foto’s van dier- en mensbewegings. Aktiwiteite soos hardloop, boks, skerm en op- en afhardloop op trappe het hom veral gefassineer (Gernsheim 1955:325). In sommige van hierdie menslike beweging-studies is daar van naakte modelle gebruik gemaak.

’n Vroulike fotograaf wat ongetwyfeld ’n nuwe aanslag tot fotografie van daardie tyd gebring het, was Julia Margaret Cameron (1815-1879). Sy is in Kalkutta gebore en het haar saam met haar eggenoot, Charles Hay Cameron, in 1848 in Engeland gevestig. Haar kort professionele loopbaan, wat begin het toe sy 48 jaar oud was, het slegs oor haar laaste elf lewensjare gestrek. Die werk van die kunstenaar George Frederick Watts (1817-1904) was die inspirasie vir baie van haar komposisies, soos *Venus Removing Cupid’s Wings, The Kiss of Peace, Annunciation* en *Holy Family* (Beaton 1944:26; Gernsheim 1955:236). Sy het nie alleen daarin geslaag om werke wat mense jare later nog sou amuseer, na te laat nie, maar ook werke wat beslis tydloos in hul skoonheid is. Sy het baie modelle vir haar foto’s gebruik. So het ’n “miss” Philpott wat Margaret in Oxford raak geloop het, haar model vir die bekende foto *Daydreams* geword. Sy het ook van bekende skrywers as modelle gebruik gemaak, soos Robert Browning, Tennyson, Carlisle, Longfellow en Darwin. Sy het onder meer lang pruike, fluweeljasse en nou en dan selfs gedrapeerde matte gebruik om meer inhoud aan die foto’s te gee. Haar bekendste foto is dié van Alice Liddell, die oorspronklike Alice in Wonderland, teen ‘n agtergrond van krismisrose. Haar huis *Dimbola Lodge* op die Isle of Wight kan vandag nog besoek word (Gernsheim 1955:236). Beide Muybridge en Cameron het met groot sukses van die kollodionfotoproses gebruik gemaak.

3.2.8 Die ambro-fotoproses

Hierdie fotoproses is ’n aanpassing van die kollodionfotoproses wat Archer saam met ’n medelid van die *Calotype photo Club*, Peter W Fry, ontwikkel het. Hulle het besef dat as ’n kollodionnegatief met salpetersuur of chloried gebleik word, die swart-silwer kleur van die negatief na ’n ligter (witter), metaalagtige silwer verkleur. Dié negatief kan dan in ’n positief verander deur dit met ’n ligweerkaatsing teen ’n swart agtergrond te vertoon (Baldwin 1991:9). Die ambrofotoproses kon nie meervoudige foto’s produseer nie. Foto’s is in dieselfde groottes

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

as die daguerreofoto's gedruk, en meestal met die hand getint. Die daguerreo- en die ambrofotoprosesse is dikwels verwar en tot vandag toe kan selfs kundiges nie 'n duidelike onderskeid tref tussen hierdie twee prosesse nie. Beide die ambro- en daguerreoprosesse is uitsluitlik vir portretkuns gebruik, maar die ambroproses het baie goedkoper vir die fotograaf uitgewerk. Sodoende het dié metode die daguerreoproses geleidelik vervang en gewild gebly totdat die cartes-de-visite-metode en die tinproses ongekende gewildheid beleef het (Gernsheim 1955:168-169).

3.2.9 Carte-de-visite-foto's

Daar kan nie met sekerheid gesê word wie die carte-de-visite eerste bekend gestel het nie, maar dr Hugh W Diamond (1809-1886), 'n geesdriftige Engelse fotograaf, het daarop geroem dat dit hy was. Die carte-de-visite (5.1cm x 8.8cm) was 'n vollengte foto van 'n persoon of ander voorwerp gemonteer op 'n kaartjie. Diamond het 'n groep perderuiters wat aan koningin Victoria vertoon is, afgeneem en op die *carte* grootte aan die koningin verskaf. Die fotografiese joernaal *La Lumiére* gee die krediet vir die carte-de-visite-metode egter aan twee ander prominente fotograwe uit Parys: E Delessert en graaf Aguado (Gernsheim1955:224; Strassser 1942:48). Die grootte van die carte-de-visite-foto het gewissel, want sommige bronne beskryf dit as 10 x 6.35 cm groot, maar dit was altyd min of meer so groot soos 'n laat neëntiende-eeuse visitekaartjie.

Adolphe Disderi (1819-1890), 'n Parysenaar, het ook daarop aanspraak gemaak dat hy die carte-de-visite in 1854 aan die publiek bekend gestel het (Charnes 2004:1).

Die hoogtepunt van die gewildheid van die carte-de-visite was rondom 1859 toe selfs Napoleon III as hoof van die weermag met sy vertrek na Italië eers by Disderi se fotoateljee vir 'n fotosessie aangegaan het. Dit was uiteraard goeie blootstelling vir Disderi: hy was oornag gewild en is as die koninklike hoffotograaf aangestel (Mulligan & Wooters 2005:328). Hy het fotoateljees in Toulon, Madrid en Londen geopen en in 1861 is hy as die rykste fotograaf in Europa beskou (Gernsheim 1955:226).

Tot met die bekendmaking van die carte-de-visite het visitekaartjies slegs die naam, adres en soms die titel van die persoon wat verteenwoordig word, bevat. Die naam is nou deur 'n foto vervang. Die rede vir die besoek is op die foto aangedui. Vir 'n formele besoek het die persoon

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op die kaartjie byvoorbeeld handskoene aan, en is die persoon se kop gebuig asof die besoeker groet, soos wat die sosiale orde dit verlang het. Indien die weersomstandighede nie gunstig was nie, is die persoon op die foto met ’n sambreel onder die arm afgeneem. Wanneer die besoek as ’n afskeidsbesoek gedien het, is die persoon op die foto in sy reisklere afgeneem. So is die carte-de-visite as bewys gelaat wanneer die huiseienaar nie tuis aangetref is nie (Gernsheim 1955:224; Charnes 2004:1).

In Engeland is die carte-de-visite-foto aan die publiek bekend gestel deur die Franse firma A Marion & Co. JE Mayall het een van die gewildste fotograwe geword deur in 1860 sy *Royal Album* uit te gee. Duisende van die albums is verkoop, want almal wou foto’s besit van hulle geliefde koningin Victoria (1819-1901) en die res van die koninklike familie. Koningin Victoria het haar hofdames opdrag gegee om aan al die bekende dames in Londen te skryf en te vra dat hulle foto’s van hulle gesinne vir haar aanstuur. Sy het die mode om foto’s in albums te plaas, soos wat reeds die geval met seëls was, algemeen bekendgestel. Die uitruil van foto’s het ’n algemene praktyk geword (Gernsheim 1955:226; Strasser 1942:48).

Met die ontwikkeling van die carte-de-visite is ’n winsgewende tydperk vir fotografie ingelui. Openbare figure is gevra om vir foto’s te poseer. Elke keer as ’n bekende persoon se foto te koop aangebied is, het die fotograaf in die winste gedeel.

Die beste voorbeelde van die carte-de-visite-styl is deur Camille Silvy (1834-1910), Franse aristokraat en ywerige amateurfotograaf wat in 1859 na Londen verhuis het, geneem. Prins Albert, eggenoot van koningin Victoria, het na hom gekom vir ’n fotosessie. Koningin Victoria was die enigste koninklike wat hom nie met haar teenwoordigheid vereer het nie. Silvy het veral gespesialiseer in goeie foto’s van die vrouegeslag. Hy het die boek *The Beauties of England* in die 1860’s gepubliseer, waarvoor hy internasionale erkenning ontvang het. Hy het rekord gehou van sy kliënte en elke jaar tydens Kersfees het hy hulle name in sy *Golden Book* gepubliseer. Dié boeke word in die Nasionale Portretgalery-argief in Engeland bewaar (Gernsheim 1955:228; Frizot ea 1994:100,119).

Die koms van die carte-de-visite het groot geldelike gewin aan fotograwe besorg. Die week na die dood van prins Albert (1861) is daar byvoorbeeld 70 000 carte-de-visite van hom verkoop (Gernsheim 1955:228).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2.10 Die droëplaat-gelatienproses

Die verandering vanaf papier na glasnegatief het plaasgevind toe daar ’n bindmiddel vir die chemikalieë gevind is. Gelatien is al so vroeg as 1850 gebruik, maar aanvanklik sonder sukses. Daar is deurlopend navorsing gedoen, maar dit was eers gedurende 1871 dat dr Richard Leach Maddox (1816-1902), ’n mediese dokter wat homself onderskei het as mikroskopis, die proses in ’n fotojoernaal gepubliseer het (Strasser 1942:50-51; Jones ea 1974:199). Die belangrikste eienskap van gelatien-bromiedpapier was die spoed en gemak waarmee foto’s en vergrotings gemaak kon word deur slegs kunsmatige lig by te voeg. Daar is later in dr JM Eder se boek *History* na Maddox se werk as “small delicate, completely detailed brown negatives” verwys (Gernsheim 1955:261- 262).

In Julie 1873 het John Burgess, ’n fotograaf uit Londen, die eerste gelatien-emulsie te koop aangebied. John Burgess het die gelatiendroëplaatmetode prakties toegepas en dit het weer eens ’n nuwe era in fotografie ingelui. Burgess het ’n voorafvervaardigde gelatienvloeistof verkoop waarmee fotograwe glasplate kon smeer om sodoende hulle eie droë plate te verkry (Jones ea 1974:199). Dit het ook beteken dat daar finaal afstand gedoen kon word van die nodigheid van waens vol fotografietoerusting en tente waarin foto’s ontwikkel moes word (wat die lewe van die reisende landskap- en/of argitektuurfotograaf bemoeilik het) (Gernsheim 1955:263).

Richard Kennett (1817-1896), ’n amateurfotograaf in Londen, het vir jare met die gelatienemulsie geëksperimenteer en op 20 November 1873 is sy metode (waar hy ’n droë emulsievelletjie gebruik het) aan die publiek bekend gestel. Hy het sy patent as die *gelatino-pellicle* bemark. Dié metode het dit moontlik gemaak om vir die eerste keer die binnekant van myne, spelonke en grotte te fotografeer (Jones ea 1974:199).

Dit was eers in November 1879 dat JW Swan (1828-1914) die eerste automatiese masjien om glasplate met gelatienemulsie te smeer, ontwerp het (Kraszna-Krausz ea 1975: 1492). Nou kon fotograwe nie anders as om die potensiaal van dié metode in te sien nie. ’n Revolusie in fotografiese kringe soortgelyk aan die tydperk toe die kollodion-fotoproses bekend gestel is, het plaasgevind, grootliks te danke aan Britse vindingrykheid. Aan die beginjare van hierdie proses het uitsluitlik Britse firmas die vervaardiging van die plate behartig en het dit ’n groot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitvoerproduk vir Engeland geword. Amateurfotograwe het al hoe meer deel van die fotografiekring geword (Gernsheim 1955:267-268).

Wilhelm Vogel (1834-1898) het steeds voortgegaan met eksperimente om die kleursensitiwitiet te verbeter en het ’n rooi quinolienkleurstof ontdek wat baie sensitief was ten opsigte van die uitbring van kleur (Kraszna-Krausz ea 1975:1650-1651). Veral groen het goed vertoon. Met die gebruik van blou quinolien is die emulsie so sensitief vir kleur gemaak dat groen, geel en oranje ook deel van die kleurspektrum geword het. Vogel se kleurstof wat by die bromiedemulsie gevoeg is, is in 1884 in Duitsland te koop aangebied, maar die formule het ’n geheim gebly. Vogel se opvolgers by die Tegniese skool in Berlyn, prof Adolf Miethe (1862-1927) en sy assistent dr Arthur Traube (1878-1948), het in 1903 daarin geslaag om die sensitiwiteit van rooi te verbeter en het sodoende die eerste panchromatiese emulsie (wat al die kleure behalwe blou, wat steeds gefiltreer moes word) geproduseer. Vogel se ontdekking was ’n mylpaal in die geskiedenis van fotografie, want dit het nie net die korrekte reproduksie van kleur in skilderye, portretkuns, asook landskapskilderye vergemaklik nie, maar was die wesenlike kern van kleurfotografie soos ons dit vandag ken (Gernsheim 1955:269).

3.2.11 Die koms van permanente foto’s

Intussen is die intensiewe pogings om permanente positiewe foto’s te produseer, voortgesit; foto’s geproduseer met die calotipe-fotoproses het mettertyd baie verdof. Fenton se foto’s uit die Krimoorlog was die laaste wat van Talbot se eenvoudige soutpapier gebruik gemaak het (Beaton 1944:21). Hoewel die meerderheid fotograwe toe oorgeslaan het na foto’s op albumienpapier, was daar egter gou tekens van agteruitgang in die gehalte van dié foto’s. Prins Albert het ’n finansiële bydrae tot ’n komitee wat die saak moes ondersoek, gemaak. Hy het probeer om die foto-drukmetode van die Fransman Louis-Desiré Blanquart-Evrard (1802-1871) te bekom. Blanquart-Evrard het egter glad nie belanggestel om sy geheim aan enigiemand bekend te maak nie, waarop prins Albert vir Thomas Sutton (1819-1875) van Jersey opdrag gegee het om ook ’n permanente metode om foto’s te druk, daar te stel. Sutton se metode het geblyk goed te werk, en hy het ’n fotodrukkery, met prins Albert as beskermheer, geopen. Blanquart-Evrard het sy eie besigheid gesluit en tog in ’n venootskap met Sutton gegaan. Hulle het, weer eens met Albert as beskermheer, in 1855 ’n nuwe fotodrukkery in St Brelade’s Baai, Jersey, geopen. Blanquart-Evart het later wel sy metode bekend gemaak. Dié proses het behels

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat foto's sonder die gebruik van silwersoute gedruk is, wat permanensie aan die foto's verleen het (Gernsheim 1955:270-271).

Daar is algemeen ooreengekom dat albumien foto's verdof as gevolg van die swael van die eierwit wat op die foto's gesmeer is. Daar is toe 'n goue bo-lagie (*toning*) op die foto's aangewend wat die foto's se kleur bewaar en aan die foto's 'n aantreklike voorkoms verleen het (Gernsheim 1955:272). .

Die masjien wat vir baie jare vir die ontwikkeling van foto's gebruik sou word, het ontstaan as 'n stoomaangedrewe outomaat vir die beligting, ontwikkeling en druk van foto's. Dié masjien, wat in 1860 deur Charles Fontayne van Cincinnati ontwikkel is, het dit moontlik gemaak om ongeveer 2500 foto's per uur van een negatief te druk. Gedurende die carte-de-visite-tydperk was die masjien op sy gewildste: daar is byvoorbeeld 100 000 foto's van president Lincoln gedruk en versprei net nadat hy in 1860 die Amerikaanse verkiesing gewen het (Gernsheim 1955:290). Met die verskyning van ontwikkelingoutomate het die era van foto's op film ook aangebreek. Fotograwe het lank gesoek na 'n plaasvervanger vir glasplate, wat baie onprakties was, veral as gevolg van hulle gewig. Fotografie het twee definitiewe rigtings ingeslaan, naamlik die aftrekfilm en die buigsame film. Daar was ook 'n kort herlewing van die papiernegatief (Gernsheim 1955:290).

Verskillende kompakte en liggewigkameras is na 1880 te koop aangebied, onder meer 'n kamera met 'n omruilingskamer (*changebox*), 'n spoelfilmkamera, 'n reflekskamera, asook 'n kamera met 'n magasyn of filmplaat. Met al die genoemde kameras was dit moontlik om 'n groot aantal plate of films te neem. Die film vir die kamera is eers in 'n aparte houer gehou wat aan die kamera geheg is, maar George Eastman (1854-1932), 'n vervaardiger van droë plate in Rochester, VSA, en WH Walker het die rol met voldoende negatiewe papier om 24 foto's te neem in 1885 bekend gestel. In 1888 het hulle verder gegaan en filmrolle beskikbaar gestel wat 24 of 48 foto's kon neem (Frizot 1998:238). George Eastman is grotendeels eiehandig verantwoordelik vir die gewildheid van fotografie onder die algemene publiek. Hy het die Eastman-firma in Augustus 1888 gestig wat in 1892 die bekende Kodak-firma geword het. Eastman het die sogenaamde mik-en-druk-kameras vervaardig, asook 'n proses vir die amateurfotograaf daargestel waardeur sy foto's vinnig ontwikkel en gedruk is. Wanneer die filmrol klaar geneem is, is die kamera aan Kodak gepos, waarop die foto's, kamera en nuwe film terug gestuur is. Eastman se reklameflits het gelui: "You press the button, we do the rest."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Eastman het fotografie vir die publiek toeganklik gemaak (Kraszna-Krausz ea 1975:491; Buckingham 2004:18).

Die eerste Kodak-kamera op die mark was toegerus met ’n sluiter. Daarna het verbeterings voortdurend plaasgevind en is daar kameras met rolfilms asook Kodak-kameras wat reghoekige foto’s kon neem, vervaardig. Tot 1890 het die Kodak-kameras slegs ronde foto’s geneem en in 1891 het daar drie Kodak-kameras op die mark verskyn waar die film in daglig vervang kon word aangesien die film met ’n swart band beskerm is. Nog ’n vooruitgang was die filmspoel wat in ’n houertjie te koop aangebied is. Vanaf 1913 is die houertjies volgens spoelgroottes genommer, met *101* as die eerste grootte. Hierdie grootte is vir die sakkamera, wat in 1895 sy verskyning gemaak het, gebruik (Buckingham 2004:18). Die bekende Box Brownie-Kamera (vernoem na ’n strokiesprent-karakter), het in 1900 verskyn. Dit was Eastman se droom om ’n kamera te vervaardig wat so eenvoudig was om te gebruik dat dit selfs vir kinders toeganklik sou wees (Mulligan & Wooters 2005:347).

Die meeste van die kameramodelle was swart en boksvormig, maar kameras wat kon opvou soos die sakgrootte Kodak-kamera, en die *hawk-eye*-kamera van Kodak het die publiek se aandag getrek (Frizot ea 1998:238).

Die Kodak-firma het deurgaans navorsing gedoen om die regte produk vir verskillende behoeftes te verskaf. Daar was die duurder kameras, byvoorbeeld die *Cartridge*, in 1897 op die mark gebring, met ’n driespoedsluiter en twee beeldsoekers, asook ’n skuifkamera wat ontwerp is vir die neem van panoramafoto’s. Die gewildste kamera was die klein kamera wat letterlik in ’n onderbaadjiesak kon pas en wat in 1912 bekend gestel is. Dié kameratjie is “die soldaat se kamera” genoem, want dit is tydens die Eerste Wêreldoorlog op groot skaal deur soldate gebruik. ’n Verdere voordeel van dié kamera was dat daar teks, byvoorbeeld die datum, direk op die negatief geskryf kon word deur middel van ’n staalpennetjie wat deel gevorm het van die kamera (Frizot ea 1998:238).

Teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog was die mark gevul met goedkoper dog doeltreffende kameras. Baie kinders wat tydens die 1950’s en 1960’s grootgeword het, het by filmverenigings aangesluit en hulle eie donkerkamers bedryf. Die foto’s wat hier ontwikkel is, was meestal in swart en wit. Die Kodak- en Agfafirmas het reeds in die 1940’s met kleur begin eksperimenteer, maar hoewel daar wel al kleurfoto’s was, het kleurfotografie eers in die 1970’s

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

algemeen geword. Die gebruik van skyfieprojektors, waar die beeld teen ’n muur of skerm geprojekteer is, was ook baie gewild ná 1970. Die koms van digitale fotografie vanaf 1996 het die gebruik van ’n film en laboratorium oorbodig gemaak: foto’s word eenvoudig op ’n geheuekaart geberg en dan gedruk. Die groot voordeel van digitale kameras is dat daar dadelik na ’n foto gekyk kan word en dit dan geberg of afgevee kan word (Buckingham 2004:19, 58).

Kraszna-Krausz ea beskryf die kamera soos volg: “Camera. (Latin camera = a room) Device for making a record of the image of an object formed when rays of light pass through a lens and fall on a flat surface. The essential parts of a camera are a chamber into which light can only be admitted by a lens, when a shutter is opened, to form an image on a layer of light-sensitive material” (Kraszna-Krausz ea 1975:134). Die ontdekking van fotografie word algemeen toegeskryf aan suksesvolle eksperimente wat dit moontlik gemaak het om ’n permanente beeld daar te stel. Die woord *kamera* is dus al voor die bestaan van fotografie as vakgebied algemeen gebruik (Kraszna-Krausz ea 1975:134-135).

Daar was voortdurend wetenskaplike eksperimente om beelde vas te vang, en soos die proses gevorder het, en daar wel daarin geslaag is, het die term *fotografie* ontstaan. Kraszna-Krausz beskryf dit soos volg: “Photography. Literally “writing with light” (from the Greek, phos, photos – light + suffix graphos – writing). The term is generally accepted as referring to any method of producing a visible image by the action of light – e.g. on light-sensitive silver salts, in the camera” (Kraszna-Krausz ea 1975:1091). John Herschel het in ’n brief gedateer 28 Februarie 1839 aan William Henry Fox Talbot voorgestel om die term *fotografie* te gebruik (Kraszna-Krausz ea 1975:1091).

3.3 Fotografie in Suid-Afrika

3.3.1 Inleiding

Die eerste eksperiment met fotografie in Suid-Afrika is deur Charles Piazzi Smyth, ’n werknemer van die Kaapse Sterrewag, uitgevoer. Sy eerste fotografiese eksperimente is reeds so vroeg as November 1839 gemaak. Dit was ’n paar maande nadat Daguerre sy ontdekking van fotografie aan die wêreld bekend gemaak het. Dat Smyth die pionier van fotografie in Suid-Afrika was, is bevestig deur sy kollega William Mann. Hy sluit op 6 Desember 1842 die foto’s van Smyth by ’n brief aan sy moeder in. Hierdie versameling is in die besit van die Royal Society van Edinburgh

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en bestaan hoofsaaklik uit tonele by die Koninklike Sterrewag en ander foto's van Kaapstad (Warner 1989: gp).

Fotograwe in Suid-Afrika was nie onderhewig aan patentereg nie. Tog het fotograwe vanuit Engeland aanvanklik nie hier besighede geopen nie; tot in 1854 was die professionele fotograwe wat na Suid-Afrika gekom het afkomstig uit lande soos Frankryk, Duitsland en die Amerikas (Bull & Denfield 1970:32). Volgens Schoeman was die gehalte van fotografie gedurende die eerste dekades (van die twintigste eeu) in Suid-Afrika ongelukkig nie van dieselfde standaard as dié in ander kolonies soos Australië, Nieu-Zeeland en Kanada nie (1996:8). Hy verskaf nie 'n verduideliking vir sy stelling nie.

3.3.2 Jules Léger

Jules Léger, 'n Franse burger, kom op 14 Oktober 1846 met die skip *Hannah Codner* vanaf Mauritius in Port Elizabeth aan. Hier het hy – toe reeds 'n ervare kommersiële fotograaf (wat foto's met die gebruik van die daguerreoproses ontwikkel het) – die eerste fotografie-ateljee in Suid-Afrika geopen. Die inwoners van Port-Elizabeth kon ook na 'n uitstalling van sy fotoversameling in die Ringbiblioteek in Port Elizabeth gaan kyk. In November 1846 verhuis Léger na Grahamstad en open daar 'n fotografie-ateljee in Bathurststraat. Nadat Léger Grahamstad verlaat het, het hy 'n foto-ateljee in Kaapstad geopen. William Ring, 'n assistent van Léger in Port Elizabeth, wat ook boeke, skryfbehoeftes en tabak verkoop het, het Léger in Grahamstad opgevolg. Léger het in 1847 na Parys teruggekeer (Bull & Denfield 1970:36-38; Bensusan 1966:9-10).

3.3.3 Fotograwe in Kaapstad

Terwyl Léger fotografie aan die mense in Port Elizabeth bekend gestel het, het Carel Sparmann die beroep in Kaapstad beoefen. Sparmann se daguerreofoto's is in die tuin van St Johnstraat 29, Kaapstad geneem. Dr SNH van Zweel en A Boisse het ook elk 'n ateljee in Kaapstad geopen. Van Zweel, na wie ook verwys is as Van Sweel, was 'n mediese dokter in Graaff-Reinet en het na sy vertrek op die ouderdom van 75 jaar 'n ateljee in Kaapstad geopen. Prof Boisse, soos Bull & Denfield aandui "a Professor of Languages", het 'n ateljee in Langmarkstraat 67, langs die koper- en tinsmede J Syme en sy seun William Syme, self 'n amateurfotograaf, geopen. Van die pionierfotograwe was slegs William Waller 'n suksesvolle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rondreisende fotograaf. Hy het hom in Mei 1847 in Kaapstad gevestig. Sy ateljee was in Houtstraat 51, Kaapstad, maar vanaf 1848 het hy rondgereis met sy toerusting en het fotografie vir die eerste keer na baie plekke in en om die Kaap geneem (Bull & Denfield 1970:41-42). James Cameron, ’n bouer en elektroversilweraar van beroep, het daguerreotipe asook calotipefoto’s geneem, maar sy ateljee in Sir Lowrystraat het nie lank bestaan nie (Bensusan 1966:14). Tussen 1846 en 1870 was daar meer as 230 fotograwe aktief werksaam in Kaapstad (Hardijzer 2008b:32).

Die groot deurbraak in Kaapse fotografie het in September 1854 gekom met die terugkeer van William Syme vanaf Edinburgh. Syme, ’n kopersmid, graveerder en skilder, het voltyds fotografie in Skotland gaan studeer (Bensusan 1966:14). Hy het ’n advertensie geplaas dat hy volgens die kollodionproses foto’s van kliënte kon neem. Die advertensie in ’n koerant het soos volg gelui:

> ”Portraits - Mr W Syme advertises portraits by the collodion process. Some of which we have seen resemble the finest engravings. The likeness is first produced on glass and then transferred to prepared paper, by which means several copies are secured at one sitting” (Bull & Denfield 1970:60).

Die kollodion-proses het gewild geword, want die kwaliteit van die foto’s was duidelik van ’n beter gehalte (Bull & Denfield 1970:43-60).

Frederick York wat in Januarie 1855 met die *Meteor* in Kaapstad aangekom het, het die voordele van ’n beroep in fotografie besef. Hy was ’n opgeleide apteker en het ook oor mediese kennis beskik. In sy advertensie het hy homself as ’n opgeleide kollodion-, papier-, asook daguerreofotograaf bemark. Hy het sy foto-alteljee in Houtstraat 19-20 geopen. Vanaf die begin was York se foto’s van ’n beter gehalte en goedkoper as dié van sy mededingers en dit het sy werk baie gewild onder die publiek gemaak (Bensusan 1966:14-15). Later het York net op die neem van kollodionfoto’s gekonsentreer en selfs meer sukses behaal. WF Walter het sy vennoot geword en hulle het hul ateljee na Adderleystraat 42 verskuif. Walter se eggenote het ook vanaf 1857 ’n vennoot geword. Sy was die eerste professionele vroulike fotograaf aan die Kaap (Bull & Denfield 1970:60-63;).

Die jaar 1858 was ’n belangrike jaar in die geskiedenis van fotografie in Suid-Afrika. ’n Derde kunsuitstalling is in die Kaap gehou en die publiek is vir die eerste keer aan verskillende en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

veelsydige kunswerke blootgestel. Daar was nie net ’n groot verskeidenheid foto’s op die uitstalling nie, maar ook skilderye en kunswerke op plate gegraveer. Die fotografie-uitstalling het ’n groot impak gemaak en vir die eerste keer is die waarde van fotografie in Suid-Afrika besef en waardeer (Bull & Denfield 1970:63).

In 1858 het vier nuwe fotografie-ateljee’s geopen wat onderskeidelik aan Otto Hager, Michael Crowly, J Crosley en Thomas Adlard behoort het. Die derde kunsuitstalling het nog die mense aan die praat gehad toe daar in die *Cape Monthly Magazine* ’n advertensie verskyn dat daar vanaf Januarie 1859 ’n portretgalery gaan open wat deur die fotograaf York bedryf sou word. Daar sou nie slegs portrette en foto’s van persone uitgestal word nie, maar ook landskapfoto’s en openbare geboue in die omgewing van Kaapstad. Dié foto’s en portrette het ook in ’n tydskrif verskyn. Die gebruik van die kamera om belangrike gebeurtenisse vas te vang, is weer eens besef met die lê van die hoeksteen van Simonstad se skeepsdok en hawehoof, asook van die hoeksteenlegging van die Somerset-hospitaal. Dié foto’s is vandag unieke fotografiese Africana (Bull & Denfield 1970:64-65). Die belang van fotografie vir ’n rekonstruksie van die verlede is dus ook in Suid-Afrika vroeg reeds bewys.

Frederick York het twee assistente, J Lawley en J Holloway, vanuit Engeland gekry om hom veral met buitelugfoto’s te help. Hierdie mans was opgeleide fotograwe en van hulle bekendste werk is foto’s van Robbeneiland en die inrigting waar groepe swart tradisionele leiers, wat reeds so vroeg soos 1859 na die eiland verban is, aangehou is (Bull & Denfield 1970:66).

Prins Alfred van Engeland het Suid-Afrika in 1860 besoek. Dit het aanleiding gegee tot ’n groot aanvraag na foto’s van lede van die koningsgesin – veral foto’s van waar dié gesin tussen die publiek rondbeweeg. In Augustus 1860 het York die prins op sy Suid-Afrikaanse toer vergesel. Een van die bekendste foto’s is van ’n toneel waar die prins help om ’n vrag klippe af te laai wat gebruik sou word vir die bou van die breekwater in die Kaapse hawe (Bensusan 1966:17, 22)

3.3.4 Carte-de-visite in Suid-Afrika

In 1860 was daar ’n afname in die ekonomiese groei in Kaapstad en uiteraard het fotograwe ook hieronder gely. Die laaste foto-ateljee wat in daardie jaar in Kaapstad geopen het, verdien spesiale vermelding: dit was ’n rondreisende foto-ateljee wat aan ene Moore en vennote behoort het, met ’n hoofkwartier op die hoek van Darling- en Pleinstraat in Kaapstad. Hierdie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ateljee het foto's vanaf twee sjielings elk aan die publiek aangebied (Bull & Denfield 1970:67-68). Die eerste carte-de-visite-kamera in Suid-Afrika is in 1861 deur prins Alfred aan Frederick York geskenk. Dié kamera kon vier foto's op een plaat neem, maar kort hierna was dit selfs moontlik om agt foto's te sny en op spesiale kaarte te plak. Die naam van die fotograaf is voor of agter op die kaart aangebring. Sommige fotograwe het ook 'n klein kunswerk op die agterkant van die kaart laat aanbring (Hardijzer 2008:33). Die minder professionele fotograwe het dit nie nodig geag om hulle besonderhede op die kaarte te verskaf nie (Bensusan 1966:17). William Roe, oor wie hierdie studie onder meer handel, het 'n kunswerk met die son, volgens hom 'n fotograaf se beste bondgenoot, saam met sy besonderhede op sy kaarte aangebring.

Nie alle Kaapse fotograwe het onmiddellik die nuwe carte-de-visite-metode gebruik nie. Dit kan deels toegeskryf word aan die feit dat baie van hulle nie dadelik die nuwe fotografietoerusting aangeskaf het nie, en ook omdat hulle aanvanklik nie die winsgewendheid van die goedkoper eindproduk ingesien het nie (Hardijzer 2008c:33).

Die feit dat daar op 'n groot aantal foto's nie verwys word na wie die fotograaf was of selfs wie die sitter (persoon of persone op die foto) was nie, bemoeilik navorsing in 'n groot mate. Soos die gewildheid van fotografie in Suid-Afrika toegeneem het, het die visuele vaslê van gesinslede, familiegroepe en vriendekringe algemeen geword. Mense het ook carte-de-visite-foto's versamel en in albums gebêre. In Europa is daar na dié gier verwys as "cartomania". Soos elders, het Suid-Afrikaners ook foto's van bekende mense soos akteurs, politici en soldate versamel. Carte-de-visite-foto's was goedkoop en het foto's wêreldwyd binne bereik van miljoene mense geplaas. Politieke sentimente in Suid-Afrika, veral na die Anglo-Boereoorlog, het gelei tot die vernietiging van baie van die (dikwels) leergebinde Victoriaanse foto-albums, met die verlies van waardevolle kultuurhistoriese inligting tot gevolg (Hardijzer 2008:34).

Dit is opvallend dat persone op die carte-de-visite-foto's nie glimlag nie. Die rede daarvoor is die lang tydperk wat dit vir die fotograaf geneem het om die foto te neem; boonop sou enige beweging van die voorwerp die foto wasig laat vertoon te wyte aan die lang beligtingsperiode. Daar is selfs van kopklampe gebruik gemaak om persone se koppe doodstil te hou. Die staander met die kopklamp aan moes baie goed weggesteek word en het gewoonlik agter 'n meubelstuk of drapeersel gestaan. Kleurfotografie het nie in die neëntiende eeu in Suid-Afrika voorgekom nie, maar foto's is wel ingekleur. Sommige fotograwe het kunstenaars in diens geneem om foto's in te kleur, maar baie het dit self gedoen (Hardijzer 2008:34). Volgens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hardijzer is baie van die hand-ingekleurde foto's nie professioneel gedoen nie, met die uitsondering van die kleurfoto's van William Roe (2008:34).

Die carte-de-visite-foto's het vanuit 'n kultuurhistoriese en navorsingsperspektief baie moontlikhede. Foto's van kinders, haarstyle (insluitend baarde en snorre), kleredrag, hoede, diere, speelgoed, musiekinstrumente, meubels, boeke en rytuie is 'n paar van die onderwerpe waarop die foto's lig werp. Carte-de-visite-foto's is nie net van mense geneem nie, maar ook van straattonele, landskapstonele, geboue, skepe en historiese plekke (Hardijzer 2008:34; Schoeman 1996:40). Carte-de visite-foto's is 'n fotoproses waar foto's op 'n stuk karton van ongeveer 10 x 6,35 cm gedruk is. Dit was min of meer die grote van visite-kaartjies van daardie tyd, vandaar die naam. Foto's is ook soms in die kabinetkaart formaat gedruk, wat bietjie groter as die normale formele visite-kaartjies van daardie tyd sou wees. Baie families, of hulle ryk of arm was, het die carte-de-visite-foto's versamel, want dit was nie duur om aan te skaf nie (Hardijzer 2008:32-34).

Daar bestaan min carte-de-visite-foto's van die Suid-Afrikaanse swart bevolking in 'n informele of sosiale omgewing. Die foto's wat wel geneem is, was meestal vir navorsingsdoeleindes. Swart mense het nie altyd 'n keuse gehad of hulle gefotografeer wou word nie. Lulu Farini het baie foto's van die inheemse bevolking geneem en geskryf dat hulle bang gelyk het vir die kamera, heel moontlik omdat hulle dit met 'n wapen verwar het. Gevolglik was hy genoodsaak om op onopsigtelike wyse foto's te neem. Navorsers in Volkekunde het veral die Boesmans uitgebuit vir navorsingsdoeleindes. Die foto's wat vir navorsing gebruik is, het deeglike, volledige byskrifte gekry en baie daarvan kan in die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad besigtig word (Bensusan 1966:28).

Die kontak tussen die wit setlaars met van die groot inheemse swart stamme, soos die Xhosa-, Tswana-, Sotho- en die Zulu-stamme, is reeds so vroeg as die 1860's fotografies gedokumenteer. Gustav Fritsch en WC Palgrave was van die pionierfotograwe op hierdie gebied en het stamhoofde en leiers, soos Sandile, Moshweshwe, Kgama en Setshele gedokumenteer. Stamoorloë met gepaardgaande politieke en ekonomiese veranderinge het verhoudings tussen die wit setlaarfotograwe en die inheemse volke vertroebel. WHF Pocock het wel gedurende die 1890's 'n merkwaardige studie, wat fotografie ingesluit het, van Xhosa-stamme wat nog nie deur verwestering beïnvloed was nie, gedoen (Schoeman 1996:22).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.5 Die invloed van die ontdekking van diamante en goud in Suid-Afrika op fotografie

Die jaar 1867 was ’n belangrike jaar in die geskiedenis van Suid-Afrika. Die derde Basoetoe-oorlog het sy einde genader en hoofman Moshweshwe het die Britse regering gevra om sy land oor te neem. Suid-Afrika het ’n droogte beleef en vanaf Kaapstad tot in die binneland het koringlanderye en wingerde verdroog en beeste en skape gevrek. Die land was nog in die greep van ’n groot ekonomiese depressie toe die eerste diamant in 1867 ontdek is naby waar Hopetown vandag is. Drie jaar daarna is diamante ook naby Dutoitspan ontdek (Kruger 1965:275).

Ongeveer 50 000 fortuinsoekers het na die delwersvelde gestroom. Party mense het kameras saamgeneem en het die afsteek van die kleims en die begin van die delfproses vasgevang (Bensusan 1966:38). William Roe het ook met sy fotografietoerusting na Kimberley vertrek en na ’n paar jaar waardevolle foto’s vol inligting teruggebring. In Kimberley het J Trim ’n foto-ateljee geopen en sy advertensie het mense gelok om foto’s te koop van die myne asook die kampe waar die delwers gewoon het (Bull & Denfield 1970: 129-132). Duggan Cronin het op 23-jarige ouderdom van Ierland na Suid-Afrika gekom en het derduisende foto’s van Suider-Afrika geneem. Bepalend vir sy loopbaan was dat Cronin foto’s geneem het van mynwerkers in die Kimberleyse kampongs. Dié werkers sou hy vakansies na hulle tuisomgewings volg om ook daar foto’s te neem (Friis 2014:2).

In Mei 1886 het George Harrison van Australië ’n prospekteerlisensie uitgeneem om op die plaas Langlaagte van mnr Oosthuizen te myn. Van die eerste goud in Suid-Afrika is hier gedelf. Die plaas was in die Heidelberg-distrik in die ou Transvaal geleë. Die soeke na rykdom het mense na die gebied laat stroom en die nuwe myndorp is Johannesburg genoem. Van die eerste foto’s van die goudmyne het slegs 50 tente en hutte in ’n oop veld getoon, maar in 1889 wys foto’s alreeds dubbelverdiepingwonings. Kort daarna is foto’s van die voorstad Doornfontein geneem, met groot wonings wat aan die mynmagnate behoort het, daarop sigbaar. Op foto’s van dié tyd kan ook groot steengroewe en huise wat in die veld gebou word, geïdentifiseer word. Fotograwe het hulle foto’s in die *Diggers News* laat publiseer (Bensusan 1966:40-41,135).

Fotografie het landwyd in gewildheid toegeneem. Die eerste fotografievereniging-byeenkoms is op 9 Mei 1890 in die Greshamhotel in Kimberley gehou. Dié vereniging het uit 18 lede bestaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

’n Verwysing na dié vereniging as die enigste fotografievereniging in Afrika is in die *American Annual* gemaak. Hierna is daar fotografieverenigings, wat waardevolle bydraes gelewer het, in onder meer Kaapstad, Port Elizabeth, Johannesburg, Mosselbaai en Oudtshoorn gestig. Die verenigings het foto’s en idees uitgeruil en al elf verenigings het jaarliks byeengekom. Cecil John Rhodes het medaljes geskenk vir die beste foto’s in verskillende afdelings. Die amateurfotografiebeweging was in volle swang. Twee fotografieverenigings is selfs in 1895 in Algerië in die noorde van Afrika gestig (Bensusan 1966:33-37). Daar was ’n groot toename in belangstelling in fotografie, wat tereg toegeskryf kon word aan beter ekonomiese toestande tydens die goudstormloop na die Noorde.

Die broers Joe en David Barnett het van die meeste en van die beste foto’s van die vroeë Johannesburg geneem. Dié broers het ook ’n fotografiewinkel op die hoek van Pritchard- en Eloffstraat bedryf. Volgens ’n kenner van onder meer ou Transvaalse fotografie, Carol Hardijzer, is dit alombekend dat dié broers ander fotograwe se foto’s aangekoop het en dit as hulle eie werk aan die publiek te koop aangebied het. Hulle het dit onder meer gedoen met die foto’s van Henri Ferdinand Gros van Pretoria en ander dele van die ou Transvaal. Op baie van dié Grosfoto’s het die Barnettbroers hulle naam laat aanbring. Gros se bydrae moet nie onderskat word nie, want sonder sy fotoversameling sou daar nie ’n rekord van Pretoria tussen 1875 en 1890 bestaan het nie (Hardijzer 2011:onderhoud).

Van die ander bekende fotograwe wat gedurende dié tyd in Johannesburg sake gedoen het, was James Goch, Jack Duffus, W Erdman, RCE Nissan, Sterne, T Brittain en Marion Maxwell. Daar is na Marion Maxwell verwys as die rykste ongetroude vrou in die omgewing. In 1898 het die Lennon-firma ’n sesverdiepinggebou in Johannesburg opgerig om handel te dryf in medisyne en fotografiese toerusting. Die Lennon-firma het dan ook die eerste fotografietydskrif in Suid-Afrika gepubliseer (Bensusan 1966:41-43).

Goud as metaal het ook ’n belangrike rol in die fotografieproses begin speel, byvoorbeeld in die vervaardiging van materiale soos goue kleurskakerings op foto’s. Buise met goudchloried is na Londen gestuur, waarvan die terugvoering positief was en bestellings gevolg het (Bensusan 1966:43)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.6 Fotografie tydens die Anglo-Boereoorlog

Die Anglo-Boereoorlog was ’n keerpunt in die Suid-Afrikaanse geskiedenis op talle terreine. Ook fotografie beleef ’n metamorfose: in hierdie tyd maak die natplaat-kollodionproses plek vir die nuwe droëplaatproses; George Eastman stel die handkamera bekend en plaas fotografie só binne die bereik van die gewone mens; in die pers word fotografie meer en meer gebruik as stawende dokumentêre bewys, en in militêre konflikte word foto's vir propogandadoeleindes ingespan (Bensusan 1966:44).

Fotografie ontwikkel in die loop van die Anglo-Boereoorlog: vir die eerste keer word X-strale in veldhospitale gebruik; rolprentfotografie vang gebeure vas wat meer as ’n eeu later steeds deur navorsers bestudeer word (Bensusan 1966:44); ballonne word ingespan om op die vyand te spioeneer en foto's van hul stellings te neem; tot agt kameras is in die mandjie geplaas wat die ballonvaarder met die druk van een knop kon aktiveer om ’n foto van die hele panorama onder die ballon te neem. Ballonne word suksesvol ingespan by die Slag van Magersfontein en Paardeberg (Bensusan 1966:44,47). Schoeman gebruik ook foto’s van die Anglo-Boereoorlog in sy boek en dit is veral die foto van ’n “fietsparade” by Mafeking wat die aandag trek (1996:109). William Roe het op 10 Mei 1899 op Graaff-Reinet 'n foto geneem van ’n stygende ballon aangedryf deur die warm lug van 'n steenkoolvuur (Museumbrosjure gd:2). Omdat die foto voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog geneem is, laat dit die vraag ontstaan waarom daar toe reeds Britse soldate op Graaff-Reinet gestasioneer was.

Foto’s van die alledaagse lewe tydens die oorlog was algemeen. Met die aanbreek van die feesseisoen aan die einde van die 19de eeu is daar op ’n Sondag in Ladysmith ’n skietstilstandooreenkoms tussen die vegtende partye aangegaan. Dit sou ’n dag sonder al die gepaardgaande pyn van oorlog wees. Amateurfotograwe het foto’s geneem sonder die vrees dat hulle in die spervuur kan beland. Waardevolle inligting oor die doen en late van soldate aan beide kante is gedokumenteer (Bensusan 1966:44). Sommige van die oorlogfoto’s kom amper landelik-rustig voor. ’n Goeie voorbeeld is die foto *Burghers slaags,* ’n baie misleidende titel vir hierdie bloedlose foto uit die Anglo-Boereoorlog. Hierdie foto dra eerder by om die oorlog te verromantiseer. In teenstelling met bogenoemde foto is die bekende foto van Britse gestorwenes na die Slag van Spioenkop. Hierdie foto wat in Januarie 1900 geneem is, is ’n baie beter weergawe van wat werklik tydens ’n oorlog gebeur (Kriel 1995:19-20).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kriel wys in haar artikel “Negentiende-eeuse fotografie as spieëlbeeld van die Victoriaanse tydgees” daarop dat die Victoriaanse foto, met sy ouwêreldse sjarme, ’n trekpleister vir die breër publiek kan wees. Die foto bied ’n ander invalshoek om ’n groter kultuurhistoriese bewussyn in die gemeenskap aan te wakker. Sy wys ook op Mona de Beer se publikasie van foto’s getitel: *A vision of the past*. *South Africa in photographs 1843-1910* (1992). De Beer het ’n groot aantal Victoriaanse foto’s breër bekendstelling gebied deur dit in boekvorm saam te stel (1995:19).

Saam met die jongman uit Brittanje, Winston Churchill, wat verslaggewer vir die Britse koerante was, het nog ’n spesiale verteenwoordiger van die Britse pers gekom, naamlik HC Shelley. Later sou dit blyk dat Shelley se fotodokumentasie van die Boereoorlog uniek was omdat hy foto’s tydens veldslae geneem het. Hy was dikwels gedurende veldslae in lewensgevaar. Met die veldslag by Vetrivier het skrapnel hom rakelings gemis. Sy fototoerusting was swaar en daar was nie altyd skoon water om in die ontwikkelingsproses te gebruik nie. Hy kon nie so dikwels foto’s na die media stuur nie. Ander fotograwe en kunstenaars het slegs illustrasies gemaak terwyl hulle myle verwyder van die gevegstrook was. So het daar baie verkeerde feite deur middel van illustrasies rondom oorlognuus versprei. Dit het die vraag laat ontstaan of selfs foto’s wat nie skerp is nie, nie nog steeds meer realisties is as die sketse wat die oorlogskunstenaars gemaak het nie (Bensusan 1966:46). Dit het duidelik die belangrikheid van foto’s in dokumentasie van feite na vore gebring.

Horace W Nicholls van Goch foto-ateljee, Van Hoepen van Pretoria en David Barnett was Suid-Afrikaanse fotograwe wat goeie foto’s van die oorlog geneem het. Van Hoepen het bekendheid verwerf vir die grusame tonele van afgestorwe Britse soldate wat hy by Spioenkop gefotografeer het. Hulle foto’s is vandag waardevolle Africana en van die foto’s word in die koninklike fotografievereniging-argiewe in Londen gehuisves. Hulle het onder andere foto’s van die Slag van Colenso geneem (Bensusan 1966:48).

Foto’s van die Anglo-Boereoorlog was gewild in Engeland. Foto’s van koningin Victoria saam met haar soldate is op metaal gedruk en het gedien as lapelwapens of is op snuisterye soos juweelkissies aangebring. JW Beaufort, ’n fotograaf van Birmingham, Engeland, het meer as 250 duisend van die snuisterye per week verkoop. Die gewildste foto wat die publiek teen die einde van die 19de eeu kon koop, was dié van Lord Baden-Powell in sy sagte vilthoed. Foto’s van Paul Kruger en generaal Piet Joubert was ook in aanvraag. Baden-Powell het gedurende die oorlog van die foto’s gebruik vir die druk van posseëls en geldnote (Bensusan 1966 :49-52).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stereofoto's geneem gedurende die Anglo-Boereoorlog het ook groot aftrek gekry onder mense wat dié oorlog met belangstelling gevolg het. Hierdie foto's het 'n driedimensionele beeld gewys wanneer daar deur 'n spesiale apparaat daarna gekyk is (Hardijzer 2011:onderhoud).

3.3.7 Fotoversamelings in Suid-Afrika

Om die waarde van die Roe-versameling ten volle te begryp, is dit belangrik om kennis te neem van die konteks waarbinne sy werk ingepas het. Dit is dus nodig om te kyk watter ander dorpe in die laat neëntiende eeu deur middel van foto's gedokumenteer is, en ook watter ander bekende fotograwe groot fotoversamelings nagelaat het.

Daar is min stede in Suid-Afrika wat hulle volledige geskiedenis deur middel van foto's gedokumenteer het. Kleiner dorpe is meer bevoorreg en daar bestaan volledige fotodokumentasie van sommige klein dorpe. Molteno in die Oos-Kaap is een van die dorpe waarvan sy hele geskiedenis deur middel van foto's vasgevang is. Die dorp is in 1874 gestig en Weaver, 'n opgeleide apteker en amateurfotograaf, het die hele dorp en sy mense asook die omgewing op duisende glasnegatiewe verewig. Die negatiewe is vyftig jaar later ontdek en die bekende kunstenaar en skrywer Johannes Meintjies, wat grond in die Molteno-distrik besit het, is gevra om 'n boek die lig te laat sien wat reg aan die foto's sou laat geskied. Ambrose Lomax was ook in die vroeë bestaan van die dorp 'n fotograaf op Molteno en in 1964 het daar 'n boek met sy foto's verskyn (Bensusan 1966:99).

In die Ou Huismuseum in Durban word 'n groot fotoversameling gehuisves. Dié versameling bestaan uit ongeveer 3000 glasnegatiewe en 5000 gemonteerde foto's. Die fotoversameling is goed gedokumenteer en bestaan grotendeels uit foto's van Natal en Durban en sy vroeë inwoners se bedrywighede. Foto's van die bou van die Durban-hawe asook foto's uit die Anglo-Boereoorlog is in dié versameling opgeneem (Bensusan 1966:99-100).

Nog 'n groot fotoversameling kan in die Duggan Cronin Kunsgalery in Kimberley besigtig word. Dié versameling dek die kulturele, sosiale en ekonomiese leefwyse in die laat neëntiende eeu en vroeg twintigste eeu en verteenwoordig ook byna al die inheemse stamme in Suider-Afrika. Die versameling is die werk van Alfred Martin Cronin wat in 1897 uit Ierland na Suid-Afrika gekom het. Cronin het groot afstande met sy kamera-toerusting deur Suider-Afrika afgelê. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nagenoeg 4000 negatiewe wat deel van die versameling uitmaak, het tekens van verweer begin toon en daar is in 1965 begin om duplikate op filmrolle te maak in ’n daadwerklike poging om die waardevolle fotoversameling te bewaar (Bensusan 1966:102-105).

Die nagenoeg 2250 negatiewe van die Barnett-broers is vandag die eiendom van die Argus Drukkers en Uitgewersfirma in Johannesburg. Die meeste van die foto’s beeld die vroeë dae van Johannesburg uit toe dit nog ’n klein myndorp was. In die fotoversameling is ook goeie foto’s oor die Anglo-Boereoorlog asook ’n paar grusame foto’s van die liggame van swart mense nadat hulle in 1896 by Fort Mangene tereggestel is (Bensusan 1966:105).

Die Campbell-versameling in Durban word in ’n huis genaamd *Muckleneuck* bewaar. Dié huis het aan Killie Campbell se vader, die suikermagnaat en politikus sir Marshall Campbell (1848-1917), behoort. Die Campbell-versameling is deur Marshall Campbell se seun William (1880-1962), asook sy dogter Killie (1881-1965), gevestig. Killie was ’n bekende Africanaversamelaar en het tot haar dood in *Muckleneuk* gewoon. Sy het die versameling aan die Universiteit van Natal bemaak. Die Campbell-versameling bevat ongeveer 20 000 boeke, historiese foto’s, joernale, koerante, skilderye, kaarte, pamflette sowel as manuskripte (Herd 1982:13; Tyrell 2010: www.ezakwantu.com/...).

Dr J Denfield, ’n amateurfotograaf, het sy versameling foto’s van Oos-Londen in ’n boek *Pioneer Port* gepubliseer en dit word in die Oos-Londen Museum bewaar (Bensusan 1966:105). Die Oos-Londen Museum is in Selborne, Oos-Londen, geleë en fokus op natuur- en kultuurhistoriese geskiedenis en huisves ook ’n foto-uitstalling met foto’s oor die geskiedenis van Oos-Londen, waarvan Bensusan se fotoversameling deel vorm.

Seker die bekendste fotoversameling in Suid-Afrika is die unieke een nagelaat deur Arthur Elliott. Dié versameling bestaan uit honderde vergrote en gemonteerde foto’s van sy nagenoeg 10 000 negatiewe. Die foto’s en negatiewe is ná Elliott se dood in 1938 deur die Historiese Monumente Kommissie vir bewaring na die Kaapse Argiefbewaarplek (tans die Wes-Kaapse Argief- en Rekorddienste) geneem en raak daagliks meer waardevol vir historici en navorsers (Bensusan 1966:100; Lighton 1956:7-12). Die Elliott-versameling bestaan uit glasnegatiewe, wat baie hoë kwaliteit afdrukke verseker.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Elliott, gebore in 1870 in New York, se foto's is al deur studente uit Nederland, Engeland en Australië beskryf as een van die waardevolste fotoversamelings ter wêreld. Elliott het gespesialiseer in die vaslegging van die geskiedenis van die Kaap en aangrensende binneland deur middel van foto's. Hy het negatiewe van ouer fotograwe versamel en dit het hom 'n beter insig in die gebeurtenisvolle geskiedenis van Suid-Afrika gegee. Wat begin het as 'n belangstelling in die romantiese geskiedenis, het gegroei tot 'n behoefte om die geskiedenis vir die nageslag te bewaar. Sy foto's, tesame met die Morrison- versameling, vorm feitlik 'n ononderbroke fotodokumentasie van die Kaap in sy vroeë jare. W Morrison het Elliott se werk waardeer en verwerk vir 'n foto-uitstalling van 1930. Morrison was 'n professionele waardeerder met 'n belangstelling in fotografie en die rol van fotografie in die geskiedenis. Elliott het vyf foto-uitstallings gehou. Dit is vreemd dat Elliott versuim het om beskrywings soos veldnotas, plaasname, name van die plaaseienaars, datums op die gewels, grondplanne asook die binnekant van die huise neer te skryf. Sy foto's is ongedateer en die negatiewe is nie in chronologiese of tematiese volgorde nie (Fransen 2005:9; Lighton 1956:7-23). Die versameling is wel geïndekseer en die beskrywings is ook gerekenariseer, sodat spesifieke onderwerpe met trefwoorde op die rekenaar gevind kan word.

Nog 'n waardevolle foto-versameling is die Gribble-versameling van die Paarl. James Gribble het in 1859 vanuit Cornwall, Engeland, na Suid-Afrika verhuis. Hy het 'n foto-ateljee in Hanoverstraat in Kaapstad se Distrik Ses geopen. Sy seun, ook James Gribble, het in 1882 Paarl toe verhuis en daar 'n ateljee geopen. James Gribble (junior) het tot in die verste uithoeke van die ou Kaapkolonie met sy fototoerusting gereis. Soos hy van dorp tot dorp gereis het, het hy vir die nageslag waardevolle beskrywings van mense en geboue, wat elke dorp se kerkie ingesluit het, nagelaat. Drie geslagte Gribbles het 'n waardevolle register van die Paarl opgestel voordat daar met volskaalse sloping van die ou geboue begin is. Harold Quick Gribble, seun van James Gribble (junior), asook sy dogter Yvonne Fischer, was ook fotograwe op die dorp. Yvonne het die nagenoeg 25 000 glasnegatiewe aan die Drakenstein Heemkring geskenk. Dit is 'n onuitputlike bron van inligting oor die geskiedenis van die Paarl en distrik se mense (*Die Burger* 22/8/1994:6; Pamflet van Drakenstein se Heemkring gd 1-5).

In Polokwane, voorheen Pietersburg, word die Hugh Exton-fotoversameling in die eerste NG-Kerkgebou op die dorp bewaar. Hugh Exton het 23 000 glasnegatiewe met waardevolle inligting nagelaat. Hy het foto's oor 'n breë spektrum van mense en hulle doen en late afgeneem: wit mense, swart mense, Jode, jagters, en nomadiese werkers. Van sy belangrikste foto's is dié

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van trotse families van alle rasse. Exton het in die strate van die destydse Pietersburg rondgeloop en die daaglikse lewe van al die mense van die dorp vasgevang (Hardijzer onderhoud: 2011). Kultuurhistories is dit van groot waarde vir navorsing.

3.4 Die nalatenskap van William Roe

3.4.1 William Roe, die mens

Die destydse klein dorpie Graaff-Reinet was op die roete van baie reisigers na die binneland. Reeds in 1852 het James Hensley, ’n meubelhandelaar op Graaff-Reinet, daguerreo-foto’s van inwoners en reisigers geneem. Die Hollander, Pieter de Kok, asook James Hall, Arthur Green en James Bruton het ook fotografie op Graaff-Reinet beoefen, maar hierdie fotograwe was slegs vir kort periodes daar werksaam (Bensusan 1966:20). Bull & Denfield het die volgende name gelys van fotograwe wat vanaf die 1850’s op Graaff-Reinet werksaam was:

- Hensley, J (1852)
- Selby (1857)
- Bruton, JE (1858)
- De Kok, P (1858)
- Green, A (1858)
- Roe, W (1859)
- Schmidt, CHJ (1864)
- Hale en Cronin (1868)
- Ffennell, TG (1868)

Sommige van genoemde fotograwe, soos Green, het foto’s geneem voor hy sy reis verder die binneland in voltooi het (Bylaag in Bull & Denfield 1970:222-255). Schoeman verwys ook na Ivie H Allan wat tydens die Anglo-Boereoorlog foto’s van veral die Boeremagte geneem het (1996:114).

In 1859 het William Roe na Graaff-Reinet verhuis en ’n besigheidsonderneming begin wat vir baie jare daar suksesvol sou wees (Bull & Denfield 1970:208). William Roe is beskryf as ’n bekwame kamera-operateur met ’n baie fyn kunsaanvoeling. Die meeste van sy foto’s is voorbeelde van hoë gehalte fotografie. Vir bykans ’n halwe eeu het hy die groei en ontwikkeling

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van Graaff-Reinet op alle terreine fotografies gedokumenteer. Hy was ’n bekende fotograaf en het gedurende sy leeftyd duisende foto’s geneem.

William Roe is op 25 Maart 1827 in Northhampton Engeland gebore. Northampton is vandag ’n moderne stad in Engeland met ’n baie hoë werkersklasbevolking (Bull & Denfield 1970:208). Gedurende die Industriële Revolusie het Northampton baie bekend geword vir sy stewel- en skoenmakersbedryf. Die skoenfabrieke se produkte is deur almal, insluitend die Britse troepe van daardie tyd, vanaf Kanada tot in Australië gedra. Daar is nog bewyse van klein skoenfabrieke met buitekamers as slaapkwartiere vir die werkers in van die agterstrate van Northampton (Andrews ea 2004:738-740).

William Roe se familie was ook gedurende dié periode skoenmakers in Northampton. Navorsing in die kerkargiewe van die St Gileskerk van Northampton het die beroep van William Roe se vader in 1841 as skoenleesmaker aangegee. Roe self word as ’n leerlingskoenleesmaker genoem. William en sy vrou Mary Ann het in Mountstraat 1 in St Giles, Northampton gewoon. Die egpaar is op 25 September 1847 in Manchester, Engeland, getroud. Mary Ann se ouers was James en Mary Ann Durham van Northampton. James Durham is in 1796 gebore en het saam met sy vrou in Wellingtonstraat, St Giles Northampton gewoon. Die Roe-familie het aan dié gemeente behoort (Public Record Office (VK): HO 107/814/1: Northampton).

Die St Gileskerk is deel van die Church of England. Die kerk is van klip gebou en is aan die begin van die 12de eeu opgerig en tussen 1613 en 1633 herbou. In Engeland is daar ongeveer 150 kerke opgedra aan St Giles. Daar kan met sekerheid gesê word dat die gebou en kerkterrein reeds in die tyd van die Roe’s (voor 1859) vir musiekkonserte en ander gemeentlike bedrywighede, soos pieknieks gebruik is (Serjeantson 1911: 3-4, 45-47). Daar is ook ’n groot begraafplaas op die terrein van die St Gileskerk. Baie van die grafstene is so verweer dat hulle nie meer leesbaar is nie (ter plaatse ondersoek: 2008).

William Roe het vroeg in sy lewe reeds belanggestel in die natuurwetenskap en het later ’n opgeleide skeikundige geword. Hy verlaat Northampton om analitiese wetenskapstudie by die firma H Turner in Manchester te gaan studeer. Later het William ook ’n kursus in fotografie aan die Londense Skool vir Fotografie gevolg (Bull & Denfield 1970:208; *Weekend Argus* 26/7/1986:1,3).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

William Roe, sy vrou Mary Ann, (gebore in 1826) en hulle drie kinders het in 1858 na Suid-Afrika geëmigreer. Die egpaar se vier kinders was Alfred, William Edward, Friede Afied en Mary Ellen. Alfred is kort na sy geboorte in 1840 oorlede. Die tweede seun, William Edward, is rondom 1849 in Northampton gebore. Hy sterf op 12 September 1914 op Graaff-Reinet en is op dié dorp begrawe. Hy het sy pa in hulle fotografiebesigheid gehelp. Mary Ellen is in Derby gebore en sterf in 1861 op Graaff-Reinet in die ouderdom van sewe jaar en nege maande. Mary Ellen het per ongeluk oksaalsuur waarmee klere skoongemaak word, ingeneem. Die ander oorlewende kind was Friede Afied wat op 3 Augustus 1856 in Derby gebore is (Van Graan 1989:51,55-56). Daar kan nie met sekerheid vasgestel word wanneer en waar Friede Afied oorlede is nie, aangesien daar geen rekords bestaan wat na haar verwys tydens die Roe's se verblyf in Graaff-Reinet nie (Van Graan 1989:55; *Weekend Argus* 26/7/1986). Arthur Rabone, 'n nasaat van William en Harriet Rabone wat in die ou Residensie gewoon het en huisvriende van die Roe-gesin was, verwys in 'n artikel wat hy in 1968 vir die *Graaff-Reinet Advertiser* geskryf het, na net twee kinders van die Roe-egpaar (*Graaff-Reinet Advertiser* 5 /9/1968:4).

Roe en sy gesin het in Augustus 1858 met die *Aurifera* in Algoabaai aangekom. Hy het op 7 Oktober 1858 sy eerste fotografie-ateljee in Port Elizabeth geopen. As natuurkundige het hy onderneem om minerale in waterbronne, asook die waterbronne rondom Port Elizabeth, chemies te ontleed. Vanaf Port Elizabeth het Roe Bloemfontein toe verhuis, maar het nie lank daar gewoon en gewerk nie, want in 1859 het hy en sy gesin hulle op Graaff-Reinet gevestig (Van Graan 1989:55). William Roe se fotografie-ateljee was langs die biblioteek in Kerkstraat geleë. Hy was oor 'n tydperk van bykans vyftig jaar betrokke by die plaaslike biblioteek, en vir baie jare voorsitter van die biblioteekvereniging. Hy het slegs enkele maande voor sy dood as voorsitter bedank (*Weekend Argus* 26/7/1986:3; Museumbrosjure gd:1).

Sy vrou, Mary Ann, was in haar latere leeftyd gedeeltelik verlam, maar het oor 'n ontembare persoonlikheid beskik. Sy het een keer saam met Roe in sy een perdekarretjie tot in Kimberley en daarna tot in Pretoria gereis. Die reis alleen het etlike maande geduur. Een keer toe William Roe se gesondheid baie sleg was, het die dorp se besigheidsmense saamgespan en 'n opgeleide verpleegster gehuur om na hom om te sien. Mary Ann het dit glad nie goedgekeur nie en het die deur in die verpleegster se gesig toegemaak. Sy het aan omstanders verklaar dat sy al byna vyftig jaar na haar man omsien en was bevoeg om dit nog veel langer te doen (*Graaff-Reinet Advertiser* 5/9/1968:4).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

William Roe was ’n groot natuurliefhebber en was op sy gelukkigste as hy in die natuur rondom Graaff-Reinet met sy kamera kon rondloop. Sy landskapfotografie word tereg as sy heel beste fotografie beskou (Van Graan 1989:57).

3.4.2 William Roe die fotograaf

In ’n tydperk toe fotografie nog nie algemeen in Suid-Afrika was nie, het William Roe met groot sukses met dié nuwe medium geëksperimenteer en deurgaans sy eie vaardigheid verbeter. Hy het onder meer stukkende muntstukke wat onbruikbaar geword het, opgekoop en dit dan in nitraatsuur opgelos om sodoende fotografieplate te vervaardig (*Graaff-Reinet Advertiser* 5/9/1968:3).

Roe was van die eerste fotograwe wat na die Noord-Kaap se diamantvelde gegaan het. In 1869 het hy met sy eenmanperdekar gereis en al sy fotografietoerusting met ’n ossewa na Kimberley vervoer. Hy het van die eerste foto’s van die diamantdelwery, kleimbewerking asook die panorama rondom die delwery geneem. Dié foto’s het baie aandag getrek in Londen. Die vroegste foto’s van diamantveldtonele deur Roe het in Maart 1872 in die *Illustrated London News* verskyn. Die delwery het vir Roe geïnteresseer en hy is in 1870 en weer in 1872 terug na Kimberley, die laaste keer vir twee jaar (*Weekend Argus* 26/7/1986:3).

Tussen Maart en Junie van 1874 adverteer Roe sy dienste as fotograaf in Pretoria. Hy spesifiseer dat hy sowel kabinetkaart as carte-de-visite-foto’s neem. Hy adverteer ook sy verkope van homeopatiese medisyne. Dit is nie duidelik of hy hom permanent in Pretoria wou vestig nie, en of dit net ‘n lang besoek aan die stad was nie. In die *Volkstem* van 1874 word daar verwys na die foto wat Roe van ’n groep vrymesselaars in Pretoria geneem het (*Volkstem* 27/06/1874:2; Hardijzer 2011:onderhoud).

William Roe het, soos ook die geval was met ander immigrantkunstenaars en fotograwe, ’n waardering gehad vir die skoonheid van die Suid-Afrikaanse landskap. Hy het die plaaslike inwoners van Graaff-Reinet bewus gemaak van die natuurskoon wat hom deur die hele land aangegryp het. Roe se landskapfoto’s was so indrukwekkend dat mense daarna as kunswerke verwys het. ’n Groep foto’s getitel *Sunrise, Dawn and Sunset* is in ’n Britse tydskrif gepubliseer en het baie goeie kommentaar uitgelok. William Roe het toekennings ontvang by die Parys-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitstalling van 1878, asook die Koloniale en Indiese uitstalling in 1886 in Londen. In Suid-Afrika het hy tydens die Suid-Afrikaanse uitstalling in 1885 in Port Elizabeth ook ’n toekennning vir sy uitstaande fotografie ontvang (Van Graan 1989:57; *Weekend Argus* 26/7/1986:3; Bull & Denfield 1970:208-209). Kopieë van die bekende foto’s van landskaptonele asook panoramas hang vandag nog in baie van die ouer inwoners van Graaff-Reinet se huise. Daar het ook ’n herlewing in die belangstelling in sy foto’s plaasgevind en baie afdrukke daarvan is al die wêreld oor versprei.

William Roe was een van die bekendste en mees gerespekteerde inwoners van Graaff-Reinet, waar hy vir meer as 50 jaar as fotograaf gewerk het. Sy besigheid het die naam van pa en seun gebruik naamlik *Roe and Son*, maar dit bly onbekend of sy seun William (Willie) ooit ’n groot aandeel in die firma gehad het (Bensusan 1966:21). Bull & Denfield beweer egter in die boek *Secure the shadow* dat die seun Willie later jare baie van hulle firma se foto’s geneem het (1970:208). In ’n berig in die *Graaff-Reinet Advertiser* word gemeld dat toe Willie oud genoeg was om sy vader in die ateljee te help, het William snr die naam agterop sy foto’s van *William Roe and sun* na *William Roe and son* verander. Die embleem van die opkomende son asook die woorde *Portrait of our Senior Partner* het egter onveranderd gebly. Dit het verwys na hoe belangrik die gebruik van sonlig vir William in sy fotografie was. Hier het sy liefde vir en dankbaarheid teenoor die natuur ook weer na vore gekom (Bensusan 1966:21; 5/9/1968:3).

William Roe het na homself as ’n kunsfotograaf verwys, ’n miniatuur- sowel as portretkunstenaar en het geadverteer dat hy lewensgroot portrette kon maak, sowel as olie- en waterverfskilderye. Hy het bestellings van mense om foto’s te vergroot en in te kleur, verwelkom, want dan kon hy genoeg tyd bestee om die foto of skildery ’n kunswerk te maak. Kleurfotografie het nog nie bestaan nie en die fotograaf het die hulp van ’n kunstenaar benodig, of self die foto’s ingekleur. As daar in hierdie geval na 'n skildery verwys word, is dit basies 'n ingekleurde foto, wat dan soos ’n skildery lyk. Volgens Hardijzer, ’n plaaslike kenner van fotografie, was William Roe van die min fotograwe van sy tyd wat foto’s suksesvol ingekleur het (2008:34). Hy het ’n hegte vriendskap met die Rabone- en Essex-families in Graaff-Reinet gesluit; Charles Essex het in die 1860’s as kunstenaar Roe se foto’s ingekleur. Roe het dit wel later self ook gedoen (Bull & Denfield 1970:209; Rabone 1966:124).

In 1905 verskyn daar ’n berig in die *Commercial review of the Cape Colony* oor William Roe se fotografie-ateljee, wat soos volg lui:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> The business is one of the oldest of its kind in South Africa, having been started by Mr William Roe, the senior proprietor, in 1860. This gentleman is one of the best known and most respected inhabitants of Graaff-Reinet; and we are under very great obligation to him for compiling the portion of our book dealing with the history of the town. We may also mention that our pictures of local scenery are from photographs taken by him. In his studio the utmost attention is devoted to the comfort of clients; and it is needless to say that there is an abundance of artistic accessories at hand as well as backgrounds suited to every requirement (*Commercial review of the Cape Colony* 1905:62).

Na die dood van William Roe in 1916 het sy versameling verwaarloos en is dit byna vernietig. Arthur Rabone skryf in 1968 in die *Graaff-Reinet Advertiser* dat hy op duisende fotografieplate en foto's in die agterplaas van William Roe se foto-ateljee afgekom het. Die nuwe eienaars van die huis waarin Roe se fotografie-ateljee was, het die foto's, negatiewe asook sy kameratoerusting in die agterplaas gegooi met die doel om dit later heeltemal te vernietig (*Graaff-Reinet Advertiser* 5/9/1968:4). Daar kan net dankbaarheid wees dat dit nooit gebeur het nie, want Roe se foto's was reeds en gaan nog vir jare 'n waardevolle bron wees vir geskiedkundiges, argitekte en navorsers. Die hele fotografieversameling is raakgesien deur 'n onbekende inwoner van Graaff-Reinet en in 'n veilige plek van bewaring geberg.

Die baie bekende argitek Norman Eaton wat in die vyftigerjare van die 20ste eeu Reinethuis van verval gered het, het die volgende oor William Roe gesê: *Fotografie waarvan daar in werklikheid eers teen 1850 beperkte gebruik gemaak is, mag dalk as 'n onbetroubare bron van inligting vir 'n gebou uit die begin van die 19de eeu beskou word. Dit is egter 'n uitmuntende foto wat in 1866 deur 'n plaaslike fotograaf, Roe, (wat volgens my mening net so voortreflik was as sy beroemde Kaapstadse tydgenoot, Arthur Elliott) geneem is, wat sonder enige redelike twyfel die voorkoms van die oorspronklike vooraansig van die Pastorie, wat verdwyn het, bepaal het* (Eaton 1981:10).

William Roe sterf 12 April 1916 in Graaff-Reinet. In die *Onze Koerant* van 13 April word daar soos volg oor sy dood gerapporteer:

> Met leedwezen hebben wij melding te maken van het afsterven, gisteren namiddag, van de heer W. Roe, na een ziekbed van enige weken, in de ouderdom van 89 jaren. De overledene was alom bekend en geerbiedigd in de stad, en in zyn tyd

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stelde hy lewendig belang in de zaken en algemene welvaart van de stad. De begrafenis vindt plaats heden namiddag om 4 uur. Aan de weduwee, die enige maanden ouer is, bieden wij onze innige zympathie aan.



Figuur 3.1: William Roe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 3.2: Die Roe-woning te Somersetstraat 67

Figuur 3.3: Die Victoriaanse sitkamer van die Roe-familie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 3.4: Roe se eenmanperdekar by Barkley-Wes

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4
ERFENISBEWARING EN GEHEUE

4.1 ’n Kort geskiedenis van bewaring

Die Romeinse keisers was die eerste heersers wat regulasies vir die beskerming van monumente afgekondig het. Keiser Alexander het in 222 ’n dekreet uitgeroep wat die verkoop en sloping van ’n ou huis verbied het. Hadrianus en Konstantyn het verbied dat versierings aan geboue verwyder word. Gedurende die Middeleeue het alles om die Kerk gedraai en is skatte in die 7de en 8ste eeu in skatkamers van die kerke, kloosters en katedrale byeengebring en bewaar. In 1174 is ’n katedraal in Engeland herstel nadat dit afgebrand het. Gedurende die Renaissance het daar hernude belangstelling in bewaring plaasgevind. In 1534 is daar ’n sentrale kommissie aangestel om na die bewaring van antieke monumente om te sien. Koningin Elizabeth 1 het in 1560 ’n verbod op die afbreek van historiese geboue geplaas (Van der Merwe 1988:170-171).

Die neëntiende eeu word ook die Eeu van Verligting genoem. Dié tydperk is gekenmerk deur die wetenskaplike ontdekkings wat bygedra het tot die Industriële Revolusie. Verstedeliking, meganisasie en ekonomiese groei was aan die orde van die dag. Dit was nie noodwendig goed vir bewaring nie. John Ruskin skryf in *The seven lamps of architecture* dat dit verkeerd is dat geboue wat nog in volle prag en praal gestaan het, sommer oornag platgeslaan word. Ruskin is dankbaar dat hy nog die sketse van dié geboue in sy besit het om as bewys te dien hoe hulle gelyk het (1907:4). Die foto’s van William Roe dien in 2014 dieselfde doel as die sketse van Ruskin. Dit is gedokumenteerde bewyse van die era en ’n samelewing van ’n eeu en meer gelede.

Die mens het met romantiese nostalgie na die antieke wêreld gekyk en dit het gelei tot die totstandkoming van museums vir bewaringsdoeleindes – soos ons dit vandag ken. Die eerste museums het voorwerpe uit die Antieke Oudheid bewaar en ten toon gestel. Gedurende die neëntiende eeu het openbare museums wat vir die publiek toeganklik was, in Engeland geopen. Ander lande soos Frankryk, Duitsland en die Verenigde State van Amerika het ook al hoe meer kunsskatte, geboue en monumente bewaar en die publiek kon dit besoek en bewonder (Van der Merwe 1988:174).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ná die Eerste Wêreldoorlog (1918) het daar wêreldwyd, en ook by die Amerikaners, belangstelling ontstaan in skrywers, kunstenaars, historici asook in plaaslike argitektuur. Mense het meer ag geslaan op hulle verlede en daaroor opgelees. So het daar ’n reeks kulturele projekte ontstaan wat die Amerikaanse kultuurgeskiedenis aan die algemene publiek bekendgestel het. Mense het belanggestel in bewaring en mondelinge oorleweringe het ’n rol begin speel om tasbare sowel as nie-tasbare kultuurgeskiedenis te verstaan en te bewaar (Blumenson 1989:30).

Die eerste bewaringswetgewing in Suid-Afrika is in 1911 ingestel. Dit het bekend gestaan as die *Boesman Overblijfselen Beschermingswet*, en was op die bewaring van Boesman-rotstekeninge en argeologiese vondste gemik. Met die *Natuurlike en Historiese Monumenten Wet* van 1923 is daar vir die eerste keer voorsiening gemaak vir die behoud van ou geboue, en dit het gepaard gegaan met die instelling van die eerste Historiese Monumentekommissie. In 1934 het die *Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede* op die wetboeke gekom, en het die kommissie nou die mag gehad om ou geboue as gedenkwaardighede te proklameer. Met die *Wet op Nasionale Gedenkwaardighede* van 1969 is die ou Historiese Monumentekommissie deur die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede vervang. Die Stigting Simon van der Stel is in 1959 gestig en het as bewaringsliggaam die publiek meer verantwoordelik teenoor bewaring gemaak (Van der Merwe 1988:178-179).

Die *Wet op Nasionale Erfenishulpbronne* (Wet nommer 25 van 1999) het op 14 April 1999 van krag geword. Die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbron agentskap (SAEHA) moet sorg dat die beginsels van dié wet toegepas word. Daar word ook nou baie meer gesteun op provinsiale en plaaslike owerhede om toe te sien dat bewaringsaksies wel plaasvind, maar daar bestaan baie kommer oor die stand van erfenisbewaring wat onder meer die bewaring van argitektuurskatte insluit. Nie-regeringsorganisasies speel wêreldwyd ’n groot rol om gemeenskappe te ondersteun in die bewaring van erfenis (Sahra.org.za).

4.2 Die rol van museums in bewaring

Die vroegste bewaarders van erfenis is ongetwyfeld museums. Museums is vir die kultuurhistorici van allergrootste belang, want dit is die plek waar oorblyfsels van tasbare sowel as nie-tasbare kultuurerfenis bewaar word. Museums is tradisioneel gesien as versamelaars van oudhede wat ook ’n opvoedkundige rol in die samelewing moet speel. Dit moet toeganklik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wees vir die publiek om navorsing te doen en openbare deelname van die publiek word aangemoedig. Die bewaringsbeginsels wat vir museums geld, sluit onder meer die volgende in:

- Veilige bewaring van waardevolle materiaal deur middel van registers wat volle besonderhede oor die inhoud van die betrokke museum bevat. ’n Museum moet sy eie geskiedenis noukeurig bewaar deur middel van onder meer koerant en tydskrifuitknipsels.
- Vakkundige navorsing moet plaasvind om sodoende ’n volledige beeld van spesifieke museumeiendom op te stel. Navorsing deur middel van mondelinge oorlewering speel ’n al groter rol; dit help om geskiedenis wat nie voorheen opgeteken is nie, te dokumenteer.
- Nuwe navorsing moet deur middel van uitstallings, publikasies en lesings aan die algemene publiek bekend gestel word. Die museum het ’n plek van deelname geword en is lankal nie meer die stil gebou waar slegs deur glas na goedere gestaar word nie (SAMA brosjure 2006:7-8).

Museums speel ook ’n rol om die samelewing te help om bewaring op die mees korrekte manier moontlik toe te pas. Hier help sketse, foto’s, koerante, tydskrifte en ander argiefmateriaal wat in veilige bewaring in museums gehou word om dit moontlik te maak.

Lewis stel dit in sy handleiding vir museums dat daar in ag geneem moet word dat museums vir die hele gemeenskap toeganklik moet wees. Hoewel alle museums se klem nie op dieselfde bewaringsaspekte val nie, behoort erfenisbewaring te alle tye die oorkoepende einddoel en strewe te wees. Sommige museums kan byvoorbeeld op kleredrag en spesifieke artefakte fokus, terwyl ander huismuseums die alledaagse lewe van mense uit ’n vorige eeu uitbeeld. Sommige museums dien as navorsingsentrums en fokus meer op die opvoedingstaak van museums (Lewis 1976:62). Alle museumversamelings moet deurlopend versorg en beskerm word teen elemente wat bewaring kan belemmer. Daar moet verhoed word dat roes op metale voorkom, dat verf, kleurstowwe en ink verdof asook voorkomend opgetree word teen insekteskade op hout en tekstiele. Die instandhouding van geboue wat museums huisves, moet nie agterweë gelaat word nie.

Lewis noem ook die volgende paar basiese stappe:

- Daar moet te alle tye toegesien word dat elke voorwerp wat in ’n museumversameling opgeneem word, reg behandel word om die bewaringsproses te vergemaklik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Die voorwerpe moet in veilige omstandighede bewaar word.
- Daar moet gereeld seker gemaak word dat die voorskrifte vir veilige bewaring nog toegepas word.
- Indien nodig moet behandeling gereeld geskied sodat agteruitgang nie kan plaasvind nie (Lewis 1976:62).

Hoewel Lewis dit soveel jare gelede al voorgeskryf het, is die beginsels nog net so geldig. Dit is die plig van elke museum om alle versamelings in hulle besit sorgvuldig vir toekomstige geslagte te bewaar en dit waar moontlik toeganklik te maak.

Die instandhouding, katalogisering en uitstal van foto's as deel van 'n museumuitstalling behoort meer aandag te geniet. Foto's gaan verlore weens onkunde en word nie genoeg aangewend in kultuurhistoriese navorsing nie. Om ou foto's te digitaliseer en as navorsingsbron aan te bied kan 'n blywende oplossing bied, want dit verhoed beskadiging van reeds kwesbare oorspronklike foto's en foto-albums.

Bogenoemde verwys meer na die tasbare kultuurgoedere, maar die nie-tasbare goedere in museums speel deesdae 'n al groter rol as in die verlede. Mondelinge oorleweringe of *oral history* soos dit algemeen bekend staan, word deurlopend opgeteken. Baie van die oorleweringe wat so ingesamel word, word gedigitaliser en ook in boekvorm aan navorsers en besoekers in die museum beskikbaar gestel.

Die Afrikaanse Taalmuseum in Paarl is 'n goeie voorbeeld van 'n museum wat slegs uit nie-tasbare kultuurgoedere bestaan. Burden is van mening dat kultuurgoedere nie aangebied kan word sonder om dit in konteks met die gebeure en omgewing waarin dit ontstaan en gegroei het te plaas nie. Vervolgens moet die nie-tasbare kultuurgoedere aan die publiek gewys word in die oorspronklike vorm waarin dit ontstaan het byvoorbeeld as liedjie, volksvertelling, volksdans of taal. Dit vereis meer vaardighede van die museumkundige om so 'n uitstalling tot sy reg te laat kom (2007:82-83). Met die opteken van mondelinge oorleweringe moet die gegewens ook altyd in konteks met die omstandighede en omgewing waarbinne dit plaasgevind het, gebring word.

Museums moet te alle tye objektief in die aanbieding van stof wees. Dit help nie om die onregte van die verlede te ontken of dit toe te smeer nie, maar dit is ook nie sinvol vir museumkundiges om net daarop te fokus en die res van die land se geskiedenis te misken nie. In Georgië, 'n land

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat vir baie jare deel van die ou Sowjet-Unie uitgemaak het, is daar ’n museum in die dorp Gori wat op Josef Stalin fokus. Op die bord by die ingang na die museum staan: *“This museum is a falsification of history”.* Tog besoek duisende mense die museum jaarliks. Die museum bestaan uit ’n uitstalling van materiële kultuurgoedere wat Stalin se doodsmasker, leesliggie en ander persoonlike besittings insluit. Die foto-uitstalling, skilderye en koerantuitknipsels slaag daarin om ’n geheelbeeld van ’n spesifieke tydperk in die geskiedenis van Stalin asook die land daar te stel. Uit die foto’s wat in die uitstalling gebruik word, kan die besoeker ook nie-materiële kultuuraspekte waarneem, want sosiale gebruike soos patriotiese danse en ander seremonies word uitgebeeld. Die mense se strak gesiguitdrukkings kan geïnterpreteer word as ’n weerspieëling van hulle gemoedstoestand (Malherbe 2012: onderhoud). Dit is ’n bevestiging dat foto’s dien as geheue, want dit verskaf ’n prentjie op die lewe, oorleef mense en hou geheue sodoende lewend. In dié studie word daar ook gekyk na die rol van geheue in die onthou en herbeleef van oorloë en ander tye van onderdrukking van die mensdom.

4.3 Die rol van geheue in bewaring

4.3.1 Wat is geheue?

Op die vraag wat telkemale gevra word naamlik: “wat is geheue?”, het die Hollandse psigoloog Douwe Draaisma gewys op die denkbeeldige wiel van tyd wat deurentyd ook in die kultuurgeskiedenis en geskiedenis draai en nuwe terreine blootlê. Hy stel dit so: “churnings of the metaphor mill [that have] projected constantly changing images of our representations of memory. Memory was once a wax tablet, codex or magic slate, then again an abbey or theatre, sometimes a forest, or on other occasions a treasure chest, aviary or warehouse.” (Green 2008:81). Sedert die middel van die neëntiende eeu is dié metafore bygestaan deur nuwe tegnologie – eerste van almal was fotografie en films en toe, na die Tweede Wêreldoorlog, het die rekenaar gekom en ’n groot invloed op geheue gehad. Net soos wat die geval met geskiedenis is waar die woord *geskiedenis* twee betekenisse kan aanneem, naamlik dit wat regtig gebeur het teenoor die historici se weergawe van dieselfde gebeurtenis, is dit ook met geheue die geval. Geheue word gebruik om die fisiese prosesse sowel as die geskrewe of verbale uitdrukking van die verlede wat onthou word, weer te gee (Green 2008:82).

Neuroloë en historici deel die standpunt dat geheue die algehele middelpunt van menswees uitmaak. Die neuroloog Steven Rose beklemtoon dat geheue definieer wie ons is en die weg baan vir hoe ons reageer en optree – meer as enige ander aspek van ons menswees; as jy jou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geheue verloor, verloor jy jouself en hou jy vir alle praktiese doeleindes op om te bestaan. Daniel Schacter sluit hierby aan en verduidelik dat geheue baie verskillende fasette aanneem en dat dit deurentyd ’n aktiewe, selektiewe en konstruktiewe proses van die daaglikse bestaan van die mens uitmaak (Green 2008:83). Geheue is dus ’n abstrakte konsep wat verskeie vorme kan aanneem. Die verstandelike proses van onthou neem ’n realistiese vorm aan in die brein, maar die resultaat daarvan is onsigbaar vir die blote oog. Geheue kan toeganklik gemaak word vir ander deur dit mondelings of skriftelik oor te dra.

4.3.1.1 Geheue en geskiedenis

Daar het wêreldwyd ’n nuwe dinamika na vore getree in die verhouding wat stede en dorpe met hulle verlede het en dit word goed deur Mark Crinson verwoord. Hy verwys na die feit dat daar nooit tevore in die geskiedenis so baie bewaringsbewuste groepe, genealoë, argeoloë, museumkundiges, amateur sowel as professionele historici soos tans geopereer het nie. Daar is baie meer erfenisgebiede en nasionale gedenkwaardighede wat voltyds deur kultuurhistorici en geskiedkundiges bewaak word. Die verlede is oral en tog is dit soms moeilik om te vind, want ’n mens word oorweldig deur die magdom kennis wat in onbeperkte kennisargiewe op die wêreldwye webwerwe beskikbaar is. Die vrees bly egter bestaan dat die geheue van ’n dorp of stad verlore sal gaan saam met vernietiging van die omgewing wat in die naam van sogenaamde vooruitgang plaasvind (Crinson 2005:xi). Dit is waar die rol van foto’s in bewaring inkom, want die omgewing verander voortdurend en die hele proses kan deur middel van foto’s gedokumenteer word.

Daar is reeds verwys na die magdom kennis wat tot ’n navorser en belangstellende se beskikking gestel word deurdat toegang tot kennis die afgelope tyd soveel makliker geraak het. Argiewe is gedigitaliseer en inligting vrylik beskikbaar op die internet. Dit laat die vraag ontstaan hoe objektief en akkuraat al die beskikbare inligting is. Foto’s bly een van die betroubaarste bronne, want ou foto’s kan nie leuens vertel op dieselfde wyse as eietydse digitale foto’s nie. Soms het die fotograaf wel die objek en toneel gemanipuleer wat as nie heeltemal “eg” beskou kan word nie, maar dit is nie op dieselfde wyse en skaal as wat met die hedendaagse digitale fotografie moontlik is nie.

In baie dorpe en stede, soos ook in Graaff-Reinet, is historiese geboue slegs die raamwerk van wat dit eens was. Vandag is dit spasies gevul met nuwe toebehore soos ligskakelaars, ligte,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vloerplanke en moderne meubels. Dit is slegs die fasades van baie van die historiese geboue wat oorgebly het, terwyl die binnekante van die geboue geheel en al herbou is. Museums word byvoorbeeld in sulke ou geboue soos onder meer meulgeboue, kragsentrales en selfs fabrieksgeboue gehuisves.

Crinson verwys na bogenoemde tendens as *nostalgie de la boue* – geheue waar die pyn van die verlede verwyder word. Dit is die paradoks waarmee bewaring hedendaags te doen kry (Crinson 2005:xii). Relevante vrae is of verskillende gemeenskappe die verlede op dieselfde manier onthou, en bestaan daar ’n geskiedenis van geheue? In watter mate het tegnologiese ontwikkeling die rol van geheue beïnvloed?

Verskillende gemeenskappe onthou op verskillende maniere, want die verwysingsraamwerk van gemeenskappe verskil. Vir baie gemeenskappe is dit makliker om die alledaagse gebruike en tradisies te onthou terwyl ander gemeenskappe weer byvoorbeeld Tudor-tuine en Victoriaanse stoomtreine onthou. Politiek, kultuur en ekonomie speel almal ’n rol tydens die onthouproses.

Dit blyk dat geheue en geskiedenis hoegenaamd nie dieselfde konsep is nie. Hulle span wel saam. Geheue is lewe, voortgedra deur lewende samelewings wat self op geheue gegrond is. Dit bly in ’n permanente staat van evolusie, onder die invloed van onthou en vergeet. Geskiedenis kan eerder as ’n rekonstruksie, altyd problematies en onvolledig, van dit wat nie meer bestaan nie, beskryf word. Geheue is meer ’n voortdurende wesentlike verskynsel, ’n band wat die mens aan die ewig-teenwoordige bind; geskiedenis is meer ’n hervoorstelling van die verlede (Nora 1989:7). Dit is egter ’n feit dat die geheue van indiwidue en kultuurgroepe ook onvolledig kan wees en daarom in hierdie opsig nie baie van geskiedenis verskil nie, want geheue word baie dikwels beïnvloed deur faktore wat die indiwidu of groep wie se geheue dit is, subjektief en onakkuraat maak.

Die sosioloog Maurice Halbwachs het in sy boek, *La Mémoire Collective*, (1950), alreeds geskiedenis as ’n instrumentele en oorrasionele weergawe van die verlede gesien, in teenstelling met geheue wat volgens hom meer intiem verbind word met kollektiewe ondervindings in die samelewing. Geheue, volgens Halbwachs, snoer mense saam as gevolg van ’n spesifieke moment in die kollektiewe geheue van die groep (Halbwachs in Crinson 2005:xiii). Dit is wel so dat ’n groep mense wat deur die belewenis van dieselfde ervaring gebind word, dit nie altyd op dieselfde wyse onthou nie. In teenstelling met wat Halbwachs beweer, kan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gebeure selfs mense van dieselfde agtergrond verdeel. Dit was beslis die geval na die Anglo-Boeroorlog. ’n Groot groep mense het die gesag van Brittanje erken en aanvaar, terwyl die trauma van dié oorlog ook ’n voortslepende bitterheid by geslagte Suid-Afrikaners daarna ontketen. Die wyse waarop die twee groepe wat verskillend gereageer het na die Anglo-Boereoorlog, die gebeure daarna onthou het, sou dan ook skerp verskil.

Crinson verwys na Aldo Rossi wat verder op Halbwachs se geheue- en geskiedenis-teorieë uitbrei. In Rossi se boek, *The Architecture of the City* (1966), trek hy die verband tussen ’n stad wat deur middel van sy geboue sy verlede onthou, en die menslike geheue wat herinneringe bymekaarmaak en so sy verlede onthou. Die proses van deurlopende verandering is die domein van die geskiedenis, maar die opeenvolging van gebeure maak deel uit van ’n dorp se geheue en dit is die psigologiese sy van ’n plek. Identiteit van ’n plek is dan die somtotaal van geskiedenis en geheue. Na die Tweede Wêreldoorlog is daar so baie veranderings aan dorpe en stede aangebring dat ’n identiteitsloosheid ontstaan het. Mense se geheue moes help om die verlede se tradisies en gebruike asook tasbare kultuur vir die nuwe geslag ’n werklikheid te maak (Crinson 2005:xiii). Graaff-Reinet is in werklikheid ’n uitstekende voorbeeld van ’n Suid-Afrikaanse dorp wat volgens Rossi se siening deur middel van sy geboue sy verlede onthou, omdat daar nie soveel drastiese veranderinge ingetree het na die Tweede Wêreldoorlog nie. Verder is Graaff-Reinet die bevoorregte besitter van ’n fotoversameling soos dié van Roe, wat bydra tot die behoud van herinneringe.

In die Sosiologie word geheue gedefinieer as die aksie om die verlede te herroep en om as beskrywer van gebeurtenisse te dien. Dit is “… a residue of past experiences that somehow stuck or become active in the mind and thus in our sense of ourselves” (Crinson 2005:xii). Die Duitser Andreas Huyssen tesame met die Franse historikus Pierre Nora verstaan geheue as meer as net ’n persoon se vermoë om die verlede te herroep. Nora beskryf geheue as “life, borne by living societies founded in its name, open to the dialectic of remembering and forgetting, unconscious of its successive deformations, vulnerable to manipulation and appropriation, susceptible to being dormant and periodically revived”. Nora voeg by dat geheue ’n konstante vloei by die mens beleef. Dit veroorsaak samehorigheid by ’n gemeenskap en struktureer hulle identiteit (Nora 1989:8). Huyssen stem saam met Nora dat geheue lewe is en beskryf geheue as die brug tussen die verlede en die hede (Huyssen 1995:3).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nora gaan verder en skryf: “Memory is a actual phenomenon, a bond tying us to the eternal present” (Nora 1989:8). Om te onthou is deel van die lewe en dien as verbinding tussen die hede en verlede, maar sonder die wil om te onthou sal geheue nie deel van ’n persoon en/of gemeenskap vorm nie.

Volgens Crinson het Halbwachs die onderskeiding tussen geheue en geskiedenis goed saamgevat deur daarop te wys dat geskiedenis ’n instrument is om die verlede in die hede toeganklik te maak, terwyl geheue ’n meer intieme ondervinding weergee (Crinson 2005:xiii). Olick sluit hierby aan deur na geskiedenis te verwys as ’n verbinding met ’n verlede waaraan ons geen deel gehad het nie en dit dus vir ons as onbelangrik kan voorkom, teenoor geheue wat beleef is en volgens hom as lewendig beskou kan word (Olick 2008:7). Die verskil kom in tussen verre verlede en die meer onlangse verlede tot waar die mens wat nog leef, se geheue strek. As die mens nie deel aan die verlede gehad het nie, wat onthou hy dan? Dan is dit onder meer literatuurstudies, foto’s en mondelinge oorlewering wat die verbinding tussen die verre verlede en hede oorbrug.

Dit is waar dat geheue in ’n permanente staat van evolusie verkeer. Dit is ’n spontane dialoog tussen onthou en vergeet. Geheue is spesifiek vir die groep wat dit ontwikkel en daaraan identiteit gee, en is in die hede geanker deur realiteite soos geboue, kultuurlandskappe, voorwerpe, foto’s en gebruike. Hierteenoor is geskiedenis ’n rekonstruksie of voorstelling van die verlede wat aan niemand spesifiek behoort nie. Dit verklaar die universele mag wat geskiedenis homself toe-eien en daaroor is geskiedenis dan ook die brug tussen verskillende gebeure wat in die verlede plaasgevind het (Nora 1989: 8,9). Op Graaff-Reinet kan die Roe-fotoversameling dus ’n brug word wat die hede in die verlede anker.

Geskiedenis word gebruik om die verlede te organiseer en om dit meer verstaanbaar te maak. Geheue maak op geskiedenis staat om deur middel van fisiese plekke en ander tasbare kultuurgoedere die geheue te hernu en te verfris. Foto’s speel ’n rol in sowel geskiedenis as geheue, want hulle verfris die geheue en help ook om geskiedenis lewendig en betroubaar te maak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.1.2 Die rol van vergeet in die geheueproses

Om te vergeet maak ’n baie belangrike deel uit van geheue. Sigmund Freud, die vader van psigoanalise het die volgende gesê: “…memory and forgetting are indissolubly linked to each other, that memory is but another form of forgetting, and forgetting a form of hidden memory” (Huyssen 1995:6). Die rol van vergeet kan gesien word as ’n filter vir die geheue wat net die belangrikste inligting behou (Huyssen 1995:6). Dit is ook waar dat daar soms sekere goed doelbewus uit die geheue gewis word juis omdat dit nie onthou wil word nie. Dit is vir sommige mense moeilik om gebeure wat tydens die apartheidsjare in Suid-Afrika plaasgevind het in herinnering te roep, en dieselfde geld vir gebeure tydens die Tweede Wêreldoorlog en ook ander oorloë. Juis omdat geheue so veranderlik is, is dit so dinamies.

Ons hedendaagse verstaan van die aard van geheue en vergeet is herontdek aan die einde van die twintigste eeu. Baie van die menings wat daar vandag gehuldig word, is egter ontwikkel in die vroeër jare van die twintigste eeu. Pionierswerk oor geheue is deur Richard Semon in 1904 gedoen met sy navorsing oor watter rol die mens se omstandighede speel in dit wat hy onthou. Dit is egter die werk van die psigoloog Frederic Bartlett en die sosioloog Maurice Halbwachs, na wie reeds verwys is, wat die grootste invloed op die akademiese sienswyse rondom menslike denke gehad het. Beide bogenoemdes is geskool en beïnvloed deur akademiese mentors wat belangstelling by hulle aangewakker het om die verhouding tussen menslike gedrag en geloof met die sosiale en kulturele omgewing te ondersoek. Bartlett en Halbwachs het tydens hulle loopbane nooit afgesien van die siening van die groot rol wat kultuur in die menslike geheue speel nie. Bartlett het ’n boek, *Remembering*, in 1932 die lig laat sien waarin hy die mens se geheue as ’n aktiewe, selektiewe en konstruktiewe proses beskryf en daarop wys dat dit nie slegs ’n passiewe of meganiese reaksie op al die invloede en stimulering van die omgewing is nie. Hy wys ook daarop dat dit onmoontlik is om alles akkuraat te herroep en som dit soos volg op:

> Remembering is not the re-excitation of innumerable fixed, lifeless and fragmentary traces. It is an imaginative reconstruction, or construction, built out of the relation of our attitude towards a whole active mass of organized past reactions or experience [schema], and to a little outstanding detail which commonly appears in image or in language form (Bartlett soos aangehaal deur Green 2008:85).

Die mens se houding teenoor wat hy onthou, speel dus ’n fundamentele rol. Die gevoelens wat geheue aanwakker laat die mens sekere emosies beleef. Nie almal beleef dieselfde emosies

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tydens die onthou-proses nie. Geheue word direk beïnvloed deur sosiale invloede op die individu. As verskillende individue na foto's van William Roe sou kyk en weergee wat hulle in die foto's sien, gaan die foto's waarskynlik verskillende emosies uitlok.

Die Spaanse filmvervaardiger Luis Buñuel het die volgende stelling gemaak:

> You have to begin to lose your memory, if only in bits and pieces, to realize that memory is what makes our lives. Life without memory is no life at all… Our memory is our coherence, our reason, our feeling, even our action. Without it, we are nothing…(Huyssen 1995:1).

Die vraag kan met reg gevra word of dit enige sin maak om geheue en vergeet teenoor mekaar te stel, want is vergeet nie maar net die onafwendbare uitvloeisel van geheue self nie? Volgens Huyssen bestaan die paradoks dat alles wat ons onthou onmiskenbaar afhanklik is van afstand en vergeet, maar dan terselfdertyd stabiliteit en betroubaarheid in geheue teweegbring. Dit is juis geheue se sterk punt dat dit aanvegbaar is en altyd nuwe perspektiewe na vore laat kom. Baie maal is die geheue wat doelbewus uitgeblok was juis dié wat die meeste perspektief in die hede bring. Daar sal altyd dialoog en interaksie plaasvind tussen die verlede en die hede en daar moet besef word dat die hede noodwendig 'n fundamentele impak sal hê op hoe en wat ons onthou. Terselfdertyd moet in ag geneem word dat die verlede wat deel van die hede vorm, soms die vorm van 'n mitiese geheue kan aanneem. Geheue is nie bestand teen verstokking nie en daar bestaan die gevaar dat die geskiedenis dan eerder as struikelblok kan dien as wat dit die vloei na die hede vergemaklik (Huyssen 1995:250). Die Roe-fotoversameling voorkom juis verstokking van geheue en geskiedenis, aangesien dit onder meer die werklike styltendense van die Victoriaanse era uitwys.

4.3.1.3 Geheue en trauma

Die grootste argief van die menselike geheue is opgeteken deur navorsers wat onderhoude gevoer het met oorlewendes van die uitwissingsbeleid van die Jode deur die Nazi's (1939-1945). Dié herinneringe van die oorlewendes van die konsentrasiekampe is stelselmatig sedert die 1970's opgeteken. Hulle herinneringe dui daarop dat wanneer 'n mens geen kontrole oor jou eie lewe meer het nie, dit jou psige in so 'n mate beïnvloed dat die slagoffers nie die verlede logies kan weergee nie. Die wreedhede wat aanskou is asook die verlies van familielede dra by tot die verwarring (Green 2008:97).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die post-apartheid-era het daar ook traumatiese herinneringe van slagoffers na vore gekom. Die Waarheids- en Versoeningskommissie is as instrument gebruik om deur middel van mondelinge oorleweringe die verskillende rassegroepe in Suid-Afrika nader aan mekaar te bring deurdat almal hulle pyn in die openbaar kon deel. Na die Anglo-Boereoorlog was daar nie ’n Waarheids- en Versoeningskommissie of iets soortgelyks nie en het die Afrikaner baie gesukkel om die verliese wat dié oorlog gelaat het, te verwerk. Mondelinge oorleweringe het gehelp om dit te verwoord en sodoende te verwerk, en baie betrokkenes by die Anglo-Boereoorlog het hulle belewenisse neergeskryf, waarvan sommiges in boekvorm uitgegee is.

Daar kan ook gekyk word na die traumatiese gebeure wat gepaard gegaan het met die terreuraanval op Amerika op 11 September 2001 om die rol van trauma in geheue te illustreer. Die twee geboue in New York wat in die aanval verwoes is, was voor die gebeurtenis slegs deel van die bekende New Yorkse stadsprofiel. Ná die voorval het dié geboue en veral die beelde van die verwoesting van die geboue gedien as hulpmiddel vir die Amerikaners om hulle identiteit opnuut te ontdek. Hoe kan die verwoesting van ’n gebou help in die vorming van identiteit? Die antwoord lê miskien in ’n opmerking van Freud dat identiteit soos ’n begraafplaas van afgestorwe geliefdes en vorige gewaarwordings is, wat tydens trauma weer met dankbaarheid en goeie herinneringe onthou word. Die verwoesting van die geboue het ’n radikale impak op die Amerikaanse psige gehad en dit is teen dié agtergrond van die nou afwesige geboue dat daar ’n nuwe gevoel van Amerikaanse nasionale identiteit na vore getree het. ’n Baie interessante aspek van argitektuur kom hier na vore naamlik dat geboue en ook monumente, of hulle nog bestaan al dan nie, deur hulle afwesigheid of teenwoordigheid ’n stel algemene waardes simboliseer en ’n kollektiewe identiteit laat ontstaan (Leach 2005:169).

Geheue vorm dus die verbintenis met die verlede en die verskillende maniere waarop onthou word, definieer die huidige konteks. Vir individue sowel as vir mense in groepsverband binne samelewings is die verlede nodig om ’n anker te verskaf om altyd bewus te wees van ’n eie identiteit en visie vir die toekoms (Huyssen 1995:249).

Die voorbeeld van verraaiers tydens die Anglo-Boereoorlog wat in eie geledere om die lewe gebring is, is vir jare deur die Afrikanergemeenskap misken. Daar het dus nie ’n behoorlike ondersoek na en verwerking van die gebeure plaasgevind nie. Historici is dit vandag eens dat dit waarskynlik daartoe bygedra het dat die ontwikkeling van ’n tradisie van kritiese

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

selfondersoek onder Afrikaners lank aan bande gelê is. Daar is ook nie veel waarde aan die impak daarvan op die latere Afrikanerpolitiek geheg nie. Daar is gemeen dat die onderlinge verdelingslyne van die oorlog nie ’n betekenisvolle uitwerking op die politiek van die eerste 50 jaar van die vorige eeu gehad het nie. Albert Grundlingh kom egter in sy baanbrekerswerk *Die “Hendsoppers” en “Joiners”* tot die gevolgtrekking dat die verraaiers so gou as teen 1907 al ten volle in Afrikaner-politieke partye geïntegreer is. Dit is egter nooit uit die verlede uitgewis nie en die onthou van daardie gebeure het permanente letsels op die Afrikaner gelaat. Dié onverwerkte oorlogstrauma het ook gehelp om Afrikanernasionalisme te versterk (Blake 2010:259-263).

William Roe het tydens die Anglo-Boereoorlog foto’s op Graaff-Reinet en omliggende dorpe geneem. Een van hierdie foto’s (in 1901 geneem), wys hoe ’n groot aantal belangstellendes en Britse soldate op die dorp se kerkplein byeenkom om die vonnisoplegging van die sogenaamde rebelle aan te hoor. Dit is ’n uitstekende voorbeeld van hoe foto’s ’n rol kan speel in die proses van in herinnering roep van trauma vir mense wat dit nie self beleef het nie (die kyker van vandag).

4.3.2 Kollektiewe en individuele geheue

Die term *geheue* het as akademiese konsep al hoe meer posgevat in die laaste dekades van die twintigste eeu. Green verwys na Andreas Huyssen wat in die middel 1990’s oor die toename in belangstelling in geheue en erfenisbewaring geskryf het. Daar het uitbreidings by baie Europese museums plaasgevind, nuwe monumente is opgerig en die ou monumente is skoongemaak en meer toeganklik gemaak vir die algemene publiek. Historiese landskappe is gerestoureer en in sommige gevalle is hele woonbuurte na hulle oorspronklike of so na as moontlik daaraan gerestoureer. Geheue het ’n al groter rol in erfenisbewaring begin speel en uiting gevind in retro-kleredrag, film en televisieproduksies. Dit was asof die verlede groter populariteit as ooit tevore geniet het, wat gemanifesteer het in baie kultuurhistoriese aktiwiteite soos danstradisies en storievertelling wat herleef het (Green 2008:99). Ou foto’s het ook gewild geword en mense het dit as kosbare kleinode begin beskou. Die aanwending van geheue in erfenisbewaring is duidelik sigbaar in die optekening van onder meer tradisionele medisyne en rate, geskiedkundige kookboeke, liedere en stories. Baie van die navorsing word in boekvorm uitgegee. Wat materiële kultuur betref is die rol van geheue in erfenisbewaring ook duidelik sigbaar wanneer restourasiewerk aan geboue gedoen word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die film-historikus Robert Rosenstone skryf oor die rol wat films, televisie en ander visuele bronne speel en stel dit soos volg:

> All this activity has hardly led to a consensus on how to evaluate the contribution of the "historical" film to "historical understanding". Nobody has yet begun to think systematically about what Hayden White has dubbed *historiophoty* – the representation of history and our thought about it in visual images and filmic discourse (Green 2008:99).

Geheue word in twee kategorieë verdeel, naamlik kollektiewe en individuele geheue. Kollektiewe geheue kan as die geheue van ’n groep – hetsy ’n gemeenskap, ’n familie of ’n instansie – manifesteer. Dit is die saamvloei van ’n groep se geheue wat onbewustelik struktuur en identiteit aan so ’n groep verleen. Hierdie kollektiewe geheue word deur Nora en Huyssen as die belangrikste komponent van identiteitsvorming van ’n samelewing beskou, beide vir die individu en die groep. Kollektiewe geheue het die vermoë om gebeure wat nie self beleef is nie, vir individue en groepe lewendig te maak. Maurice Halbwachs, na wie vroeër verwys is, het gehelp om die konsep van kollektiewe geheue te omskryf, en hy is van mening dat dit baie moeilik vir ’n individu is om ’n duidelike geheue te hê sonder die hulp van ’n groep mense, of dan ’n samelewing. Hy stel dit dat "… it is in society that people normally acquire their memories. It is also in society that they recall, recognize, and localize their memories" (Olick 2008:7).

Baie kultuurhistorici verwys na die term *kollektiewe geheue* as hulle die verskillende maniere waarop gemeenskappe die verlede onthou, aanspreek. Volgens Green is die term kontroversieel en stem alle historici nie saam oor ’n definisie vir kollektiewe geheue nie. Sy sê die volgende: "One definition of collective memory is very open-ended, the representation of the past and the making of it into a shared cultural knowledge by successive generations in vehicles of memory, such as books, films, museums, commemorations and others". Dié definisie, gee sy toe, is baie problematies, want dit sluit ’n groot verskeidenheid van verskillende kreatiewe prosesse onder die term *kollektiewe geheue* in (Green 2008:104).

Die definisie strook nie met die konseptualisering van die term *kollektiewe geheue* deur Maurice Halbwachs nie. Hy glo nie dat individuele geheue ’n bydrae tot kollektiewe geheue kan maak nie. Volgens hom is dit eerder die omgewing wat individuele geheue saamvoeg in kollektiewe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geheue. Sy mening is ’n verwysing na die toename in sinergie tussen geheue, geografiese plekke en tasbare voorwerpe soos monumente en gedenktekens (Green 2008:104-105). Wulf Kansteiner, wat deur Green aangehaal word, huldig ’n ander mening en glo wel dat individuele geheue ’n bydrae tot kollektiewe geheue maak. Hy wys op verskillende historiese faktore wat ’n rol speel in individuele bydrae tot die kollektiewe geheue, naamlik die intellektuele en kulturele tradisies wat die raamwerk van alle weergawes van die verlede vorm, asook die mense wat geheue wakker hou. Hulle manipuleer en pas bogenoemde tradisies aan wat dit dan vir ’n groot deel van die samelewing aanvaarbaar en interessant maak. Dit maak geheue dus ’n voortdurende proses eerder as ’n besliste eindresultaat (Green 2008:106).

In teenstelling met die geheue van ’n groep, is individuele geheue die mens se eie persoonlike geheue van ervarings. Individuele geheue word saamgestel uit ’n versameling herinneringe wat die aktiewe verlede van die mens vorm. Nora stel dit dat in moderne samelewingsgroepe vinnig hulle kollektiewe geheue verloor omdat sosiale veranderings teen so ’n vinnige pas plaasvind dat groepe nie kans kry om kollektiewe geheue op te bou nie. Individuele geheue word nou volgens Nora meer verantwoordelik vir die daarstel van spesifieke identiteit selfs binne groepsverband. Hy gaan verder en verwys na die geheue wat nie doelbewus nie, maar per toeval gebeur en dan die kern van gewoontes, tradisies en gedrag vorm (Nora 1989:16). Dit is duidelik dat geheue ’n inherente deel van kultuurgeskiedenis uitmaak en ’n belangrike rol in bewaring speel. Daar kan met reg geredeneer word dat omdat die mens se geheue nie altyd betroubaar is nie, foto’s ’n groot rol speel om die geheue aan te vul.

Die kompleksiteit van kollektiewe geheue word goed vasgevang in die drieledige model wat Wulf Kansteiner beskryf:

> The result of the interaction among three types of historical factors: the intellectual and cultural traditions that frame all our representations of the past, the memory makers who selectively adopt and manipulate these traditions, and the memory consumers who use, ignore, or transform such artifacts according to their own interests (Kansteiner soos aangehaal deur Green 2008:106).

Die dilemma van die manipulasie van geheue deur die “memory makers” en die “memory consumers”, kan ook tot ’n mate beperk word deur die aanwending van foto’s in bewaringsprosesse.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

’n Onlangse versameling van opstelle deur sosiololoë met historiese agtergrond staaf bogenoemde bewerings, maar definieer kollektiewe geheue meer as ’n proses as wat dit die eindresultaat verteenwoordig. Dit is meer soos ’n toneelstuk met akteurs wat die werklikheid uitleef en dan kan volkskundiges, sosioloë en kultuurhistorici die gebruike tydens die proses waarneem en ontleed. Dit alles dra by tot die eindresultaat en studie van hoe samelewings kollektief die verlede onthou (Green 2008:107).

Baie historici stem saam dat die twintigste eeu die pad gebaan het vir die rol van geheue as belangrike komponent om die verlede te besoek, te ondersoek en dan te interpreteer. Daar moes dus riglyne en tegnieke daargestel word om bogenoemde prosesse te ondersteun.

4.4 Riglyne en tegnieke vir bewaring van materiële en nie-materiële kultuur

Die daarstelling van algemene riglyne vir erfenisbewaring het eers in die twintigste eeu regtig posgevat. Daar het vrese bestaan dat bewaringsprosesse tot ’n volkome vals nuwe voorkoms van die oorspronklike kultuurproduk kan lei. Dié vrese het aanleiding gegee tot verskillende bewaringshandveste (Matero 1993:15-16)

Wanneer daar oor erfenis en die bewaring van tasbare en nie-tasbare kultuur gepraat word, is dit belangrik om te kyk na die Suid-Afrikaanse sowel as die wêreldwye inisiatiewe wat aanleiding gegee het tot verskeie wetgewende raamwerke. Die vernaamste fokus in Suid-Afrika val op die post 1994-periode en op die United Nations Educational Scientific and Cultural Organisation (UNESCO) se 2003 verslag. Die witskrif van die wet vir kuns, kultuur en erfenis is in 1996 aanvaar. Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, nr 25 van 1999 vervang dié witskrif. In die aanhef tot die wet staan die volgende:

> Ons erfenis gedenk ons prestasies en dra daartoe by om onbillikhede van die verlede reg te stel. Dit voed op, dit verdiep ons begrip van die samelewing en moedig ons aan om empatie te toon vir die ervarings van andere. Dit fasiliteer genesing en materiële en simboliese herstel en dit bevorder nuwe en voorheen verwaarloosde navorsing oor ons ryk mondelinge tradisies en gebruike (Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, nr 25 1999:3).

Hoofstukke in die wet handel oor kuns en kultuur en verwys direk na die rol van die Nasionale Kunsvereniging om mondelinge oorleweringe en storievertel te bevorder. In die wet staan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitdruklik: “Means must be found to enable song, dance, storytelling and oral history to be permanently recorded and conserved” (Van Vuuren 2008:14). In die wet van 1999 word daar ook na “oorgeërfde” kultuur verwys wat uit kulturele tradisies, mondelinge oorleweringe, optredes, rituele, algemene geheue, vaardighede en tegnieke sou bestaan (Motsi & Minicka 2008). Motsi & Minicka beklemtoon juis die feit dat manuskripte en dokumente wat saamgestel word uit mondelinge “oorgeërfde” kultuur en tradisies met groot sorg bewaar moet word. Kultuurhistorici maak staat op geheue as hulle die verskillende wyses waarop gemeenskappe die verlede onthou, opteken en bewaar. Geheue kan aangewend word om fisiese prosesse sowel as die verbale woord van die verlede in die hede vas te vang.

Aspekte wat in die wet aangeraak word sluit verder kennis oor inheemse kennisstelsels en die holistiese benadering tot die natuur in. Dit is belangrik dat materiaal van kultuurerfeniswaarde reg hanteer en bewaar word en so min as moontlik verandering daaraan aangebring word. Daar word verwys na die gebruik en “genieting” van en toegang tot erfenishulpbronne op so ’n wyse dat dit versoenbaar is met die beskerming van sodanige hulpbronne. Die hoop word uitgespreek dat erfenisbronne tot maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling in die land sal bydra. Die wet word ’n paradigma-skuif genoem en bewys dat die post-apartheids-ANC-beheerde regering ’n poging aanwend om kultuurgoedere en erfenishulpbronne te bewaar en te beskerm (Van Vuuren 2008:15). Dit sluit nou aan by die belangrikheid van toerisme wat erfenis benut, maar terselfdertyd ’n bewusmakingsrol moet speel om die publiek se aandag op die verantwoordelikheid wat daarmee saam gaan, te vestig. Die bepalings en riglyne van die wet is nie altyd maklik uitvoerbaar nie, want kundige mense ontbreek en erfenishulpbronne word nie met omsigtigheid hanteer nie. Bewaringswetgewing is noodsaaklik, ongeag die problematiek rondom die implementering en toepassing daarvan.

Internasionale pogings om kultuurerfenis deur wetgewing te bewaar het in 1989 in werking getree. Op 17 Oktober 2003 is daar ’n verdrag vir die bewaring van nie-tasbare kultuurerfenis deur UNESCO onderteken. Volgens dié konvensie se riglyne sluit dit mondelinge oorleweringe, uitdrukkings en idiome wat taal bevorder, uitvoerende kunste, sosiale praktyke, tradisionele vakmanskap, rituele en feeste in. Kennis en hantering van natuurlike hulpbronne het ook aandag geniet. Die riglyne wat daar gestel is, sluit prosesse soos identifikasie, dokumentasie, navorsing, bewaring, beskerming asook bekendmaking in (Van Vuuren 2008:15). Dit is moontlik om deur middel van die regte benadering bogenoemde prosesse vir die algemene publiek toeganklik te maak en terselfdertyd ’n opvoedingsproses aan die gang te sit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar bestaan belangrike bewaringstegnieke wat in gedagte gehou moet word wanneer die bewaring en behoud van erfenis onderneem word:

- Geskiedkundige navorsing
- Voorraadopname en dokumentasie van die bestaande inligting
- Gebiedsanalise en evaluasie van integriteit en belangrikheid
- Ontwikkeling van die behandelingsplan
- Ontwikkeling van bestuurspan en bestuursfilosofie
- Ontwikkeling van ’n strategie vir aaneenlopende en volhoubare instandhouding
- Voorbereiding van ’n rekord vir behandeling en toekomstige aanbevelings vir navorsing (Van der Merwe 2007:58).

Die stappe in hierdie proses is nie afhanklik van mekaar nie, en volg nie noodwendig op mekaar nie.

AG Oberholster gee ’n deeglike bespreking van die bewaringsprosesse van materiële kultuur soos neergelê deur JM Fitch.

- Behoud, dit wil sê die instandhouding van die kultuurvoorwerpe in dieselfde toestand waarin dit gevind is.
- Restourasie, die proses om die kultuurvoorwerp te herstel tot die vorm wat dit in ’n bepaalde stadium van sy ontwikkeling gehad het.
- Bewaring en versterking, wat ’n ingreep in die struktuur van byvoorbeeld ’n gebou behels om die voortbestaan daarvan te verseker.
- Hersamestelling, wat neerkom op die rekonstruksie van ’n struktuur op dieselfde of op ’n geskikter terrein, uit oorspronklike stukke.
- Aanpassing van ’n gebou by die behoeftes van nuwe gebruikers in gevalle waar dit die enigste wyse is om die struktuur te bewaar.
- Rekonstruksie, dit wil sê wanneer ’n historiese gebou wat reeds verdwyn het, op dieselfde terrein opgerig word met behulp van sketse, planne en foto’s.
- Nabootsing, oftewel die oprigting van ’n identiese kopie van ’n struktuur of gebou op ’n ander terrein as die oorspronklike (Oberholster 1988:39).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die meeste van hierdie prosesse kan ook op nie-materiële kultuur toegepas word. Die nie-tasbare kultuurprodukte soos volksgebruike, volksliedjies, volksgewoontes ensovoorts bestaan hoofsaaklik in die geheue van lewende mense en die bewaringsproses behels dat die inligting deur ’n proses van kennisinsameling en -ontsluiting bewaar sal word. Die feit dat belangrike inligting oor nie-tasbare kultuurgoedere gedigitaliseer word, het multimedia-databasisse tot gevolg, wat toegang tot kultuurversamelings en ander geskiedenisterreine baie vergemaklik.

Grobbelaar het verdere prosesse vir die bewaring van nie-tasbare kultuurgoedere daargestel.

- Draers van inligting moet geïdentifiseer en besoek word.
- Mondelinge oorlewering moet aangeteken, gekontroleer en ontsluit word.
- Die ingesamelde inligting moet in konteks geïnterpreteer en bekendgestel word deur onder meer publikasies en uitvoerings (Grobbelaar 1984:10).

Kultuurerfenis is soos ’n anker wat sterkte en selfvertroue vir die gewone mens bied en veranderinge in ons samelewing in perspektief plaas. Dit is dus noodsaaklik dat daardie kultuurerfenis nie net materiële kultuur is nie, maar ook die abstrakte aspekte van kultuur sal bevat. Laasgenoemde berus tot ’n groot mate in die mens se individuele of kollektiewe geheue en moet deur die proses van onderhoudvoering (soos hierbo deur Grobbelaar aangedui) vasgelê word. Die onbetroubaarheid van geheue waarna Green (2008:107), Huyssen (1995:6), en Nora (1989:16) verwys, is nie ’n struikelblok as die volkskundige deel van kultuurerfenis (en dit is veral die deel wat selfvertroue en identiteit versterk) ter sprake is nie. By hierdie deel van erfenis is daar nie werklik “reg” of “verkeerd” nie.

Op 29 Mei 2011 het Dan Roodt van die organisasie Praag (Pro-Afrikaanse Aksiegroep) in ’n onderhoud met Cobus Bester tydens die radioprogram *Monitor* op Radio Sonder Grense na die webwerf (www.digitaal.org.za) verwys en ’n beroep op luisteraars gedoen om met inligting na vore te kom oor ’n speurreeks genaamd Olaf Bouwer, wat rondom 1965 baie gewild in Suid-Afrika was. Daar wil gepoog word om die reeks te laat herleef, maar die skrywer het onder ’n skuilnaam geskryf en kan nie opgespoor word nie (Dan Roodt radio-onderhoud: 2011). Dit is ’n goeie voorbeeld van hoe hedendaagse tegnologie kan help om nie-tasbare kultuurgoedere te bewaar. Nog ’n voorbeeld waar digitalisering deel word van die bewaringsproses, is die poging

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die Universiteit van Wes-Kaap om Ruth First se versameling briewe en skrywes te digitaliseer. Ruth First (1925-1982) was ’n anti-apartheids aktivis (Pike 1988:499).

Dit is belangrik om te besef dat kultuurbewaring en erfenisbewaring nie altyd heeltemal dieselfde is nie, want alle kultuur word nie erfenis nie. Erfenis is die totale besit van ’n individu, groep, volk of nasie wat aan ’n volgende geslag nagelaat word. Die nalatenskap van ’n individu kan bates sowel as laste insluit; net so kan die nalatenskap of erflating van ’n volk of nasie ook bates en laste insluit. Dit is waarom dit so belangrik is om te weet en te verstaan wat kultuur is. Kultuur is alles wat deur die mens geskep word, en erfenis is daardie deel van die kultuur wat oorgedra word en dus erfenis word. As daar ’n begrip bestaan vir wat kultuur is, kan daar onderskei word tussen die elemente in die erflating en ’n ingeligte besluit geneem word oor wat behou en bewaar moet word, en waarmee weggedoen kan word (Burden 2008:2).

Bewaring en die behoud van erfenis, versterk deur die medium van fotografie, is die fundamentele kern van hierdie ondersoek. Die post-modernistiese teorieë rondom geheue is van toepassing hierop aangesien die foto’s wat ontleed word as geheue dien, bewaring vergemaklik en in die meeste gevalle selfs moontlik gemaak het.

ICOMOS (International Council on Monuments and Sites) stel ook riglyne vir bewaring en verwys na erfenisbewaring as ’n kombinasie van wetenskaplikheid, kennis van kultuur en ondervinding van restourasie as ’n noodsaaklikheid by die bestudering van erfenisbewaring. Dit wys daarop dat bewaring deur ’n multidissiplinêre span bestuur moet word. Samewerking tussen bewaringsorganisasies is van kardinale belang en daar is sterk leiding nodig by dié organisasies om mense bewus te maak van die teoretiese en akademiese sy van kultuur, erfenis, bewaring en navorsing (Geen skrywer 2011: www.blog.icomos-uk.org/...).

4.5 Etiek en bewaringsbeginsels

Om te kan bewaar is wetenskaplike vakkennis nodig, maar die morele gesindheid waarmee die bewaringspraktyke aangepak en toegepas word, is van kardinale belang (Malkogeorgou 2006:1).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Burden omskryf die begrip *etiek* met die volgende eienskappe:

- abstrak, dus nie-tasbaar, ’n konsep
- dis ’n benadering tot die lewe
- dit worstel met wat reg en verkeerd is
- dit het raakpunte met die konsep moraliteit

Hoewel moraliteit en etiek nie dieselfde konsep is nie, het die twee begrippe in baie opsigte dieselfde eienskappe. Thomas Nagel se siening van moraliteit is direk van toepassing op die konsep van erfenisbewaring. Hy sê dat moralitieit (in hierdie geval gelyk aan om ’n etiese gedragskode uit te leef), aanspraak maak op die vermoë van die mens om onbevooroordeeld op te tree, hoewel hierdie motivering meestal moet kompeteer met uiters selfsugtige motiewe in ons optrede (Burden 2008:3). Etiek behels dus totale onbevooroordeelde optrede, eerlikheid en integriteit, gekombineer met respek vir ander mense, besittings en erfenis.

Die proses van bewaring moet volgens beginsels en voorskrifte gedoen word. Hierby sluit die konsep van etiek baie nou aan. Etiek kan gesien word as die neerslag van ’n soort studie: Dit is die uitkoms van ons pogings om te verstaan wat dit inderwaarheid is wat ons in staat stel om reg en verkeerd en goed en kwaad van mekaar te onderskei. Etiek is iets waaroor ons moet nadink en probeer verstaan en toepas. Die waarde van etiek-kennis moet nie onderskat word wanneer ons gedwing word om oor moeilike morele probleme te besin en gewigtige besluite daaroor moet neem nie. ’n Goeie basis in etiek bring mee dat mense minder grond onder hulle voete sal hê as hulle by bedenklike aktiwiteite betrokke raak (Van Niekerk 2011:9). Daar word dus ’n beroep op ’n dieperliggende eienskap van die mens gedoen om te kies tussen reg en verkeerd.

Daar kan met reg gevra word: Hoekom moet beginsels en etiek geld as daar ’n wet vir die beskerming van erfenis bestaan? Die voor die hand liggende antwoord kan wees dat mense nie wette nakom nie, maar dit is ook waar dat mense nie etiese kodes nakom nie. Dit gebeur egter wel dat mense aangespreek word deur iets wat aanspraak maak op hulle respek vir ander mense, eerder as deur ’n wet wat op hulle afgedwing word. Die verskil tussen wet en etiek is dat, hoewel etiek ’n wetlike bepaling kan beïnvloed, dit nie wetlik bindend is nie (Burden 2008:3-4).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Etiese kodes is kardinaal vir erfenisbewaring, want ’n stel etiese kodes in bewaringsprosesse gee geloofwaardigheid en sorg dat dit respek in die samelewing afdwing. Vir die eerlikes wat wil weet watter ander moets en moenies daar in die proses van bewaring of ontwikkeling is, wat nie deur die wet gespesifiseer word nie, is ’n etiese kode dus die aangewese dokument (Burden 2008:3). In die proses van die opstel van ’n etiese kode is daar talle faktore wat in aanmerking geneem kan word, maar dit sal baie baat om onder meer te kyk na etiese optrede by:

- die verkryging van erfenismateriaal
- die aanwending daarvan
- beginsels rondom bewaring versus ontwikkeling
- holistiese bewaring
- die rol van navorsing
- kommodifisering van erfenismateriaal vir toerismebedryf
- verwringing/wysiging van erfenismateriaal ter wille van toerisme (Burden 2008:8).

Soos gemeld gaan etiek en beginsels hand aan hand. Om aan te sluit by die voorstelle van Burden in dié verband kan daar ook gekyk word na die volgende fundamentele bewaringbeginsels soos deur SAHRA (The South African Heritage Resources Agency) uiteengesit.

- Ons erfenis is baie waardevol en onvervangbaar en moet daarom met sorg bewaar en bestuur word.
- Elke generasie het ’n morele verantwoordelikheid om as trustee van ons natuurlike en kulturele erfenis op te tree om dit vir die volgende geslag te bewaar.
- Suid-Afrika beskik oor ’n ryke erfenis wat beide natuurlik en mensgemaak is. Dit op sigself is waardevol en moet bewaar word.
- Suid-Afrika met al sy diverse kulture beskik oor ’n verskeidenheid erfenis wat deur al die verskillende kulture tot stand gebring is.
- Die verantwoordelikheid vir die bewaring van die hele spektrum van erfenis berus dus op alle Suid-Afrikaners en elke persoon en die hele gemeenskap het die verpligting om natuurlike en kulturele erfenis na die beste van hulle vermoë te bewaar en te voorkom dat dit beskadig word (SAHRA.org.za).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Om by bogenoemde aan te sluit, moet in gedagte gehou word dat die waardering van die karakter van ’n landskap of plek of enige ander erfenishulpbron, die geleentheid skep om wettige kontrole en beheer in plek te stel. Gemeenskappe moet poog om deur middel van onder meer bestuursplanne owerhede bewus te maak van die noodsaaklikheid van gemeenskaps-betrokkenheid by erfenisbewaring. Die regering kan wetgewing instel wat van statutêre mag gebruik maak om bewaringsplanne in plek te stel. Die ideaal is dat daar na ’n afdwingbare bewaringskontrole gewerk word. Die plaaslike owerheid en gemeenskap-betrokkenes kan sorg dat daar vir elke bewaringsarea ’n behoorlike karakterwaardering gedoen word. Bestuursplanne vir die belangrikste toeriste-aantreklikhede en Wêrelderfenisgebiede moet behoorlik opgestel word en goed funksioneer (Van der Merwe 2007:52).

Bewaring kan slegs suksesvol gedoen word as daar ’n bewaringsplan bestaan asook die wil om dit eties uit te voer. Strategieë moet in plek gesit word vir die uitvoering van sodanige bewaringsplanne. Die grootste probleme rondom etiek in bewaring in Suid-Afrika is geldsug, en ’n algemene gebrek aan etiese optrede. Onkunde bly ook een van die grootste probleme by bewarings-kwessies. Burden is van mening dat daar heeltemal te min goed opgeleide kundiges is. Wat argitektuur betref, is daar min mense in die bewaringswêreld wat opgeleide navorsers is, en nog minder wat kennis van historiese argitektuurstyle het. Antiekhandelaars het dikwels nie genoeg kennis van die artefakte om dit na behore te dateer en te ontleed om sodoende korrekte inligting aan kopers deur te gee nie (Burden 2008:6).

As dit by mondelinge oorlewering kom, is daar ook baie potensiaal tot onetiese optrede wat bewaring teëwerk. Navorsers wat onderhoude voer om sekere inligting te bekom, gaan soms oneties te werk deur hulle informante onder die verkeerde indruk te bring, of hulle nie volledig in te lig oor die einddoel van die navorsing nie. Die probleem van oneerlikheid steek baie maal sy kop uit en meestal is dit met die oog op geldelike wins vir die sogenaamde navorsers (Burden 2008:7).

Daar is wel bewaringsorganisasies wat erns maak met die bewaring van Suid-Afrikaanse erfenis, maar onderlinge samewerking ontbreek. Sterk leiding is nodig by hierdie organisasies om mense bewus te maak van die teoretiese en akademiese sy van kultuur, geskiedenis, bewaring en van navorsing. Aandag sal geskenk moet word aan akademiese opleiding in die veld van bewaring en erfenis, maar die algemene publiek het ook inligtingsessies nodig (Burden 2008:8).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Onetiese handel kom ook by foto's voor. Volgens Carol Hardijzer wat 'n groot versameling foto's en fotografiese toerusting besit, stel oorsese handelaars baie in Suid-Afrikaanse fotoversamelings belang. Dit is veral foto's van die Anglo-Zuluoorlog (1879-1896) en die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) wat wêreldwyd groot belangstelling onder versamelaars geniet. Die grootste fotoversameling oor die Anglo-Zuluoorlog is dan ook in die privaatbesit van Ron Sheeley in die Verenigde State van Amerika. Hardijzer is bewus van museums wat fotomateriaal teen groot pryse aan buitelanders verkoop. Die museums sien glad nie die kultuurhistoriese waarde van die ou foto's raak nie en glo dat die geld eerder op ander projekte spandeer kan word. Op hierdie wyse is skaars foto's land uitgeneem en het daar 'n groot kultuurskat vir Suid-Afrika verlore gegaan. Baie Suid-Afrikaners besef nog nie die erfenis- en kultuurwaarde van ou foto's nie (2014:onderhoud).

Clavir beklemtoon nie net die outentisiteit van artefakte as noodsaaklik vir bewaring nie, maar ook dat die integriteit van 'n artefak behou moet word. Sy stel dit soos volg: "Conservation is all actions aimed at the safeguarding of cultural property for the future. The purpose of conservation is to study, record, retain and restore the culturally significant qualities of the object with the least possible intervention" (1981:1). Daar moet altyd gestreef word om etiese beginsels en integriteit tydens die bewaringsproses aan die dag te lê.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5
VICTORIAANSE ERA

5.1 Inleiding

Die Victoriaanse era was ’n periode van ongekende sosiale, intellektuele en tegnologiese ontwikkeling. Dié tydperk (regeringstydperk van koningin Victoria, 1837-1901) kan rofweg in drie tydperke verdeel word naamlik die vroeë (1837-1855), middel- (1855-1875), en laat-Victoriaanse tydperk (1875 tot die begin van die twintigste eeu) (Vickers 2008: 44-45). ’n Ander term wat ook dikwels gebruik word, “Hoog Victoriaans”, dek gewoonlik die middel-Victoriaanse tydperk en het spesifieke stylkenmerke soos Hoog Victoriaanse Gotiek en Hoog Victoriaanse Eklektisisme (Rossouw 2003:1).

Die Industriële Revolusie was reeds vir meer as sewentig jaar onderweg toe Victoria (1818-1901) die troon in 1837 bestyg het. Sy het vir meer as drie en sestig jaar regeer en tydens dié periode het daar groot omwentelinge op politieke, ekonomiese, industriële, sosiale asook geestelike vlakke van die samelewing plaasgevind. Engeland, sowel as sy kolonies in onder meer Australasië, Indië en Suid-Afrika kon ook die voordele wat die Industriële Revolusie gebring het, benut.

Die diamant- en goudstormloop in Suid-Afrika asook die aanvang van spoorweë het as stimulante vir die bou-industrie gedien. Nuwe stede het in Suid-Afrika ontwikkel en die nuutgevonde rykdom asook beter kommunikasiemiddels het daartoe gelei dat nuwe idees en nuwe materiale vinniger versprei het.

5.2 Oorsig oor die Victoriaanse era in Engeland

Alexandrina Victoria is op 24 Mei 1818 gebore en het die Britse troon in 1837 op die jong ouderdom van 18 jaar bestyg en tot 1901 regeer. Sy is op 10 Februarie 1840 met prins Albert van Saxe-Coburg-Gotha getroud en hulle het nege kinders gehad. Prins Albert is in 1861 aan ingewandskoors oorlede. Konigin Victoria is op 22 Januarie 1901 oorlede (Hart-Davis 2001:7).

Die oorheersende geestestroming van die neëntiende eeu was die Romantiek, wat ’n besliste invloed op die Victoriaanse tydperk gelaat het. Hiervan was die belangstelling in die verlede een

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die opvallendste manifestasies, met ’n gevolglike herlewing van historiese style soos veral die Gotiek en Klassisisme. Die Neo-Gotiek en Neo-Klassisisme kom sterk tot uiting in die woonhuise en interieurs, maar so ook die Neo-Renaissance, Neo-Barok en Neo-Rococo (De Wet 1984:23). Engeland het nie net homself van goedere voorsien nie, maar het die meerwordende verskeidenheid goedere soos stowe, baddens en tekstielmateriaal na Europa, Amerika, Afrika asook Asië uitgevoer (Rossouw 2003:1).

Die gees van die Romantiek het ook tot uiting gekom in ’n verlange na en ontvlugting in die natuur. Een van die manifestasies hiervan in die Victoriaanse interieur was die gebruik van potplante en die bou van ’n spesiale kweekhuis (“conservatory”). Blomme en plante is algemeen binnenshuis gebruik. In Engeland was blomme soos affodille, viooltjies en dallelies (“Lily of the Valley”) baie gewild (De Wet 1984:23).

Kenmerkend van die Romantiek was ook die verlange na verre, onbekende streke wat in die versameldrang tot uiting kom. Voorwerpe uit veral die Ooste maar ook uit ander kolonies van die Britse Ryk is ywerig versamel en uitgestal. Jagtrofeë was ’n statussimbool en die Oosterse invloed was merkbaar in die gebruik van rottangmeubels en –skerms, waaiers en vase, kopervoorwerpe en Oosterse matte (De Wet 1984:23).

Argitektoniese style en argitekte is na die kolonies uitgevoer. Jong mans, met hulle kennis van patroonboeke en voorafvervaardigde materiale, het na verre stede van die Britse ryk vertrek. Baie van die jong argitekte het hulle moederland verlaat as gevolg van kwynende gesondheid of met die hoop op en nastrewe van rykdom in die nuwe stede wat besig was om te ontwikkel (Picton-Seymour 1977:5).

Met industrialisasie het daar ’n groot verskuiwing van die bevolking uit die platteland na die groter dorpe en stede plaasgevind. Die tekstielfabrieke, keramiekfabrieke en die steenkoolmyne het aan groot getalle mense werk verskaf. Die uitbreiding van die spoorweë het die verspreiding van goedere asook die vervoer van mense vergemaklik (Miller & Miller 2005:9). Hier moet die naam van George Stephenson genoem word. Hy was ’n lokomotiefbouer, maar het in 1826 met die bou van die spoorlyn tussen Liverpool en Manchester begin. Hier sou die wêreld se eerste stoomaangedrewe passasierstrein diens doen en later het die Londen na Birmingham spoorlyn gevolg (Clare 1993:18-19). Die koms van die spoorlyn het ook die noodsaaklikheid van ’n universele horlosietyd meegebring. Voor die treine geloop het, het elke dorp sy eie tyd bepaal

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met horlosies gemonteer op die kerk of stadsaal. Dit het verwarring veroorsaak en die oplossing was om oor te skakel na “spoorwegtyd” (Hart-Davis 2001:16).

Behuising in die stede het ’n probleem geword en die feit dat mense meer welvarend geraak het, het die aanvraag vir meer huise laat toeneem. Teen 1851 het die helfte van Engeland se bevolking in dorpe en stede gewoon en teen 1901 het die syfer gestyg na driekwart. Die sigbare groei in welvaart tydens die Industriële Revolusie kan toegeskryf word aan die voordele wat die uitvoer van plaaslik vervaardigde produkte na die kolonies ingehou het (Miller & Miller 2005:8-9, Evans 1992:10).

Alhoewel mense in hierdie tydperk nie graag wou glo dat daar groot verskille tussen verskillende groepe van die samelewing bestaan het nie, het die verskeidenheid beroepe met gepaardgaande wisselende inkomste veroorsaak dat daar ’n groot klasseverskil onstaan het. Die verskillende beroepe het gewissel van selfgemaakte ryk nyweraars tot laag besoldigde klerke, maar almal het dieselfde droom gedeel, naamlik om ’n huis met ’n tuin van hulle eie te kon besit. Omdat vervoer goedkoper en makliker toeganklik vir die man op straat geword het, is daar na die goedkoper woonbuurte aan die buitewyke van dorpe en stede uitgewyk. Dwarsdeur die Victoriaanse era is daar groot imposante huise vir die adel gebou, asook eenvoudige huise vir die mindergegoedes van die samelewing. Dit was egter die middelklas wat die vinnigste in getalle gegroei het en eie huise wou besit (Osband 1991: 9-15).

Aan die een kant was daar diegene wat die nuwe welvarendheid van die industrialisasie uitstraal en woon in woongebiede met geplaveide paaie, groot stadsale en winkels wat luukse artikels verkoop; daarteenoor was daar areas in elke dorp en stad waar mense in haglike omstandighede moes woon. Sanitasie het hier feitlik nie bestaan nie en ernstige siektes soos tering en kolera het onder die arm mense uitgebreek en misdaad het hoogty gevier in dié oorbevolkte woonbuurtes (Clare 1993:26-27). Die Duitse besigheidsman en aktivis, Friedrich Engels, beskryf hoe Manchester se arm mense in 1840 gewoon het:

> Heaps of refuse, offal and sickening filth are everywhere interspersed with pools of stagnant liquid... A horde of ragged women and children swarm about the streets and they are just as dirty as the pigs which wallow happily on the heaps of garbage and the pools of filth...on average twenty people live in each of these little houses... of two rooms, an attic and a cellar. One privy... is shared by about one hundred and twenty people (Morgan 2006:309).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gedurende die Victoriaanse tydperk is daar dekoratiewe materiale soos byvoorbeeld houtbalustrades en industriële gietyster vervaardig om die huise te verfraai. Die meubels in die Victoriaanse huis het ook meer dekoratief geword. Massaproduksie, ook wat meubels, muurpapier en materiaal betref, het die goedere goedkoper aan die algemene publiek beskikbaar gestel. Mense het ’n hoër inkomste verdien en kon al hoe meer bekostig om hulle huise gerieflik en volgens die modegier van die tyd in te rig. Teen die tweede helfte van die neëntiende eeu het binnenshuis-versiering ’n groot deel van die mense se tyd in beslag geneem (Miller & Miller 2005:11).

Opvoeding het ’n belangrike rol begin speel, die steeds groter uitvoermark asook die moontlikheid om oorsee te reis het daarvoor gesorg dat onder andere argitekte, ontwerpers en ingenieurs se velde verbreed het (Miller & Miller 2005:9). Hiermee saam het die manier van kommunikeer verbeter en het die elektriese telegram onmiddellik boodskappe versend deur middel van drade wat naby die spoorlyne gespan is (Hart-Davis 2001:9). Die eerste foto van ’n koninklike is in 1854 deur Roger Fenton geneem toe hy koningin Victoria en haar man, prins Albert, professioneel afgeneem het (Morgan 2006:315).

Een van die belangrikste gevolge van die reise oorsee was die verskillende stylherlewingstendense wat ontstaan het. In Engeland het die Klassieke styl wat gegrond was op die antieke Griekse en Romeinse style baie gewild geraak. Die Gotiese herlewingstyl wat deur die argitektuur van die Middeleeue geïnspireer is, het ’n hoogtepunt bereik tussen 1850 en 1870 (Miller & Miller 2005:10).

Vanaf 1870 het die Arts en Crafts Beweging van William Morris (1834-1896) asook die Queen Anne-herlewingstyl die toneel oorheers. Die Arts en Crafts Beweging het sinoniem met die Victoriaanse era geword. Morris het geglo dat goeie kuns en ontwerpe slegs met handvakmanskap daargestel kon word. Hy het muurbehangsels, materiale, gekleurde glas, tapyte, meubels en metaalwerk geskep wat nie net dekoratief was nie, maar ook bruikbaar. Morris se eie woning *The Red House* het die prototipe van die Queen Anne-herlewingstyl geword. Dié huis het donkerrooi bakstene met kontrasterende wit klipwerk, groot erkervensters, loodpanele, ’n teeldak, hoë skoorstene en Hollandse gewels as versieringsmotiewe gebruik. Die Queen Anne-herlewingstyl het ook deel gevorm van die estetiese ontwerpbeweging wat aanvanklik deur Charles Eastlake in sy boek *Hints on Household Taste* (1878) bekend gestel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is. Eastlake het verklaar dat massaproduksie van goedere gedurende die voorafgaande dekades daartoe gelei het dat individuele smaak verlore gegaan het (Osband 1991:11-13).

Die ontwikkeling van nuwe boumateriale en nuwe verbeterde boumetodes saam met die behoefte om vernuwend op te tree, het daartoe gelei dat die stylvermenging (eklektisisme) by uitnemendheid voorgekom het. Al was dit verskillende style in een, was dit onmiskenbaar Victoriaans (Miller & Miller 2005:10). Engeland se insette, veral wat die boukuns betref, was op ’n groot skaal en het groot trefkrag en invloed wêreldwyd gehad (Rossouw 2003:2).

Boustyle in die Verenigde State van Amerika en die Britse Kolonies, soos byvoorbeeld Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika en Indië, het meestal die style van Engeland nagevolg. In dié lande is die boustyle vermeng met inheemse invloede. Daar is noodwendig aanpassings gemaak om die beskikbaarheid van boumateriaal, die bekwaamheid van die vakmanne en die verskillende klimaatstoestande te akkommodeer. Voorbeelde van bogenoemde is in Indië waar die Klassieke herlewingstyl en Neo-Gotiek gekenmerk is deur verskillende inheemse motiewe en patrone. Kruisbestuiwing in die boukuns het ook plaasgevind en dit was ’n modegier om in Engeland Oosterse veranda’s aan huise te sit en buitehuisies (*bungalows*) op te rig. In die Britse Kolonies waar die klimaat baie warm was, soos in Australasië, Suid-Afrika asook die suidelike state van Noord-Amerika, het die stoepe met breë veranda’s algemeen voorgekom. Die balkonne van huise was ook merkbaar groter as dié in Engeland (Miller & Miller 2005:10). Daar het interessante resultate gevolg met die vermenging van inheemse idees en die idees van jong argitekte van Europa. Die Europese tradisies is by die omstandighede van die land aangepas en daar kan in hierdie opsig ook verwys word na stilistiese verskeidenheid, waar argitekte verskillende style saam gebruik het (Picton-Seymour 1977:5).

Dié uitgevoerde argitektoniese style waarna hierbo verwys word, het egter lank geneem voordat dit in die kolonies mode geword het. Wat reeds mode was in Europa kon tot tien jaar neem voordat dit die uiterste dele van die wêreld bereik het. Nog ’n rede vir die lang vertraging van tydgenootlike argitektuur om pos te vat, was die tradisionele boumetodes wat nog in die kolonies gebruik is (Rossouw 2003:2).

Teen die einde van die Victoriaanse era in Engeland het eenvoudiger ontwerpe met klassieke lyne, soos aan die begin van die eeu mode was, voorgekom. Die siklus van al die verskillende style wat ’n invloed op die era gehad het, is voltooi en daar het ’n reaksie ontstaan teen die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oorvloedig versierde modestyl wat op sy beurt plek gemaak het vir die ontstaan van die Moderne Beweging en die sagter lyne van die twintigste eeu (Osband 1991:13).

5.3 Die Victoriaanse era in Suid-Afrika

Vanselfsprekend het die Industriële Revolusie nie dieselfde impak op Suid-Afrika as in Engeland gehad nie, maar aangesien Suid-Afrika ’n Britse kolonie ten tyde van die Victoriaanse era was, is daar wel ’n invloed op die alledaagse lewe van die mense te bespeur. Daar het ’n sigbare groei in die welvaart van die middelklas plaasgevind, want saam met die Victoriaanse era het geleenthede gekom. Beroepe soos vakmanne, bouers, fotograwe, onderwysers, predikante en algemene handelaars het sterk na vore getree.

Dit is belangrik dat daar agtergrond verskaf word oor hoe Suid-Afrika teen die laat Victoriaanse era daar uitgesien het. Dit is die tydperk waartydens William Roe met sy gesin vanuit Engeland na Suid-Afrika verhuis het. Die kultuurverskynsels wat op William Roe se foto’s verskyn, dateer gevolglik uit die Victoriaanse era. Baie van die Britse gebruike en seremonies het oorgespoel na Suid-Afrika en dit moes daartoe bygedra het dat Britse immigrante in hulle nuwe land tuis gevoel het. In die Boererepublieke het die Victoriaanse era aanvanklik nie dieselfde invloed gehad nie en het daar in ’n groot mate ’n eie identiteit onder die inwoners van dié twee Republieke ontstaan. Sedert die ontdekking van diamante en goud het Victoriaanse modes egter vining posgevat.

5.3.1 Demografiese verspreiding

In 1820 het ongeveer 4 000 setlaars uit Engeland met behulp van ’n staatshulpskema na Suid-Afrika gekom. In 1857 het Sir George Grey met ’n ander skema begin waarvolgens Duitsers en nog Engelse nedersetters na Suid-Afrika gebring is. Die meeste immigrante van Britse afkoms is in die oostelike distrikte gevestig, waar hulle bygedra het tot die ontwikkeling van veeboerdery en handel bevorder het. Die ontwikkeling van Port Elizabeth, Grahamstad en Oos-Londen as handelsentra was aan hulle ondernemingsgees te danke (De Villiers 2012:93-94).

In 1852 was die Europese vestiging in Suider-Afrika twee eeue oud. In 1853 is verteenwoordigende regering in die Kaapkolonie ingestel. Daar was toe ongeveer vyftig dorpe in die kolonie, wat in die voorafgaande halfeeu aansienlik ontwikkel het. Die ontwikkeling van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die finansiële stelsel, die besnoeiing van die koloniale skuld en die verbeterde openbare onderwys het baie tot die kolonie se ontwikkeling bygedra. Die aantal kinders op skool het gestyg van 4 000 in 1842 tot amper 20 000 in 1860 (Giliomee 2004:162).

Ongeveer 200 000 Afrikaners het teen die 1860's oor die hele Suid-Afrika gewoon. Van hulle was 136 000 of ongeveer twee derdes in die Kaapkolonie. Sowat drie uit vier wit mense in die kolonie was Afrikaners en in die twee Boererepublieke was die verhouding nege uit tien (Giliomee 2004:162).

Baie van die dorpe het 'n hoofsaaklik Engelse karakter gehad, maar die Afrikanerkoloniste is glad nie uit die stedelike ekonomie in Kaapstad gedruk nie. Baie kapitaal het beskikbaar geword nadat kompensasie vir die vrygestelde slawe betaal is. In Kaapstad het Afrikaners op groot skaal in eiendom belê. JAH Wicht het honderde huise in Kaapstad besit, wat hy soms in 'n baie swak toestand uitgehuur het. Juis om hierdie rede het hy as 'n "slum landlord" bekend gestaan (Giliomee 2004:163).

Tydens die sensus van 1875 was die totale bevolking van die Kaapkolonie 720 000, maar daar moet in ag geneem word dat daar in 1880 vir die eerste keer 'n sensusopname in die Oranje-Vrystaat gehou is en nog later in Natal en Transvaal. Die eerste sensus in 1890, ná die ontdekking van goud in die Transvaal, het 119 000 wit mense getel, maar die res van die bevolkingsgroepe se getalle het op raaiwerk berus (Rosenthal 1975:1-3).

Kaapstad was in 1875 die grootste stad in Suid-Afrika met 32 907 mense van alle rasse. Port Elizabeth het gevolg met 13 000 waarvan die helfte van die inwoners wit was. Graaff-Reinet, met 5 322 mense, was groter as Pretoria en Bloemfontein wat elk omtrent 3 000 inwoners gehad het (Rosenthal 1975:3). Behalwe vir die normale aanwas in die bevolkingsgetalle, was die toename ook aan immigrasie te danke.

5.3.2 Die diamant- en goudstormloop se invloed op Suid-Afrika

In 1852 is 'n begin gemaak met die ontginning van basiese mineraalneerslae toe 'n Britse maatskappy koper in Namakwaland begin ontgin het. Diamante is in 1867 ontdek en dit is gevolg deur die opkoms van 'n diamantnywerheid in die verlate streke rondom die middelloop van die Vaalrivier. In 1870 is daar by Barkley-Wes spoeldiamante gevind en in dieselfde jaar het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die grootstkaalse ontginning van diamante in Kimberley begin. Diamantuitvoer het net so belangrik soos wolproduksie geword en het gesorg dat die uitvoerhandel van die kolonie verdubbel het. Kimberley het ’n mark vir boere geword en Kaapse koring, wyn, brandewyn, lewende hawe, groente en hout is op groot skaal na die delwersgebiede gebring. Die ekonomiese welstand van boere het baie verbeter. Daar het ook baie oorsese kapitaal die land binnegekom en ’n gees van roekelose spekulasie in diamantaandele en plaasgrond het ontstaan. Vanaf 1881 het daar egter ’n ernstige prysdaling in die diamantbedryf plaasgevind (De Kock 1971:17).

Die Struben-broers, Fred en Harry, het die Witwatersrandgebied van 1883 af stelselmatig vir goud deursoek. Die hoofrif op die plaas Langlaagte (waar Johannesburg se sakegebied vandag is) is egter deur George Harrison, ’n delwer uit Australië, asook die Brit, George Walker ontdek. Spoedig het twee mynkampe aan die Witwatersrand ontstaan. Tentedorpe het net soos die geval by Kimberley was, soos paddastoele opgeskiet en later is sinkpondokkies oral opgeslaan (Grobler 2012:177).

Teen 1886 was Suid-Afrika besig om van ’n ekonomiese depressie (1882-1886) wat deur oorspekulasie in diamantaandele veroorsaak is, te herstel. Die eens arm Transvaal was skielik verseker van voorspoed en welvaart. Sakeondernemings het floreer, nuwe markte is vir die boere se produkte geskep en meer werksgeleenthede het op die myne, fabrieke en plase ontstaan. Die uiteenlopende agtergronde van die mense wat aan die rand saamgetrek het, het gelei tot botsende lewens- en wêreldbeskouings. Kulturele en politieke verskille het ook tot heelwat wrywing aanleiding gegee (Grobler 2012:177).

Die ontdekking van diamante en later goud het verreikende gevolge vir Suid-Afrika gehad. Baie mense het van oorsee na die land gestroom en het verskillende invloede gebring. Daar het baie vakmanskap die land ingekom en immigrante het as handelaars en sakemanne in Suid-Afrika die toon aangegee. Daar het nuwe stede ontstaan en daarmee saam het die nuwe ekonomiese welvaart ook beter kommunikasie moontlik gemaak. Nuwe idees en materiale het landswyd meer toeganklik geword en argitekte soos onder andere Herbert Baker, De Zwaan, Frans Soff en Vixseboxse het op die argitektuur-toneel verskyn (Picton-Seymour 1977:5).

Een van die onmiddellike gevolge van die minerale-revolusie was dat infrastruktuur soos paaie, spoorweë, hawegeriewe en telegraafverbindings opgegradeer en uitgebrei moes word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Spoorlyne is van Kaapstad, Port Elizabeth en Oos-Londen na die binneland aangelê. Die koms van die spoorweë het ’n skerp daling in die pryse van voedsel en goedere meegebring, want hierdie kommoditeite kon nou vinniger en goedkoper vervoer word. Dit het egter weer die wit en swart transportryers se inkomste tot niet gemaak (Visser 2012:194).

Die vinnige ekonomiese vooruitgang wat op die ontdekking van diamante en goud gevolg het, het ook sosiale euwels in Kimberley en Johannesburg veroorsaak. Oorvol woonplekke, onhigiëniese toestande, alkoholmisbruik, prostitusie en algemene sedeloosheid het wyd voorgekom. Daar was ook ’n verlies aan tradisionele waardes en rassisme, wapensmokkelary en ander misdaad het hoogty gevier (Visser 2012:195-196).

5.3.3 Taalkwessies en onderwys tydens die neëntiende eeu

Immigrante het met die inwoners van die land gemeng en moes by nuwe omstandighede aanpas. Vir diegene van oorsee was tweetaligheid onbekend en baie het daarmee gesukkel (Rosenthal 1975:3). Daar is geskat dat ongeveer ’n driekwart van die Afrikaners in die Kaapkolonie gedurende die 1860’s nie Engels verstaan het nie. Desnieteenstaande het die gebruik van Engels as die openbare taal toegeneem. Kandidate vir die ongeveer 4 500 poste in die sentrale regering en plaaslike besture moes Engels vlot praat, maar nie Hollands nie. In die howe is alle Hollands in Engels getolk. Die swak stand van die onderwys is onder meer veroorsaak deur die regeringsbeleid oor die voertaal. Die groot meerderheid van die Afrikaanse kinders kon nie Engels verstaan nie; tog het die regering Engels in 1865 die verpligte voertaal in skole gemaak. Ouers het gekla dat hulle kinders skaars kan lees en skryf ná ’n paar jaar op skool en dat hulle slegs gebrekkige kennis opgedoen het (Giliomee 2004:190).

Die onderrig in die Hollandse taal was uiters swak en in 1865 het die regering besluit dat alle onderrig in staatskole in Engels moet plaasvind. In 1870 het net drie skole in die westelike deel van die kolonie Hollands as vak aangebied. Om die krisis af te weer, het party ouers privaatskole gestig en teen 1889 was daar 146 sulke skole in die westelike deel van die kolonie. Die regering het nie daarop aangedring dat gekwalifiseerde onderwysers ’n behoorlike kennis van Hollands moet hê nie. By die Kaapse Onderwyserskollege was Hollands slegs ’n keusevak soos Sesotho en isiXhosa. In 1875 het ’n afvaardiging van die kerk die onderwysowerheid gevra dat die staat Hollandsmediumskole ondersteun, maar die versoek is geweier (Giliomee 2004:191).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die uitsoekskole wat deur kinders van die wit elite bygewoon is, was sterk onder Engelse kulturele invloed. Onder hulle was die Diocesan College in Kaapstad (1849), St Andrew's in Grahamstad (1856), die Grey Institute in Port Elizabeth (1856) en die Stellenbosch Gymnasium (1866) (Schirmer 1981:146-153). Selfs in skole op klein dorpies het Engelse en Skotse onderwysers net Engels met Afrikanerkinders gepraat. Kinders is selfs gestraf as hulle Hollands gepraat het (Giliomee 2004:163). In die Republiek van die Oranje-Vrystaat is die Grey Institute in 1856 in Bloemfontein gestig. In Natal het die Pietermaritzburg High School (later Maritzburg College) sy deure in 1863 geopen, en die Durban High School is in 1886 geopen. In die geheel was die gehalte van wit onderwys baie swak. In 1875 is bevind dat 75% van die wit kinders in die Kaapkolonie ongeletterd was. In die Republieke en Natal was dit nog erger (Giliomee & Mbenga 2007:190).

Byna alle opvoeding vir bruin en swart kinders was in die hande van kerke en sendinginrigtings. Hulle het byna sonder uitsondering voorrang gegee aan die onderrig van Engels. In 1891 het 'n derde van die wit kinders in skole in die Kaapkolonie sendingskole bygewoon waarin daar geen kleurslagboom was nie. Zonnebloem College in Kaapstad is deur die Anglikaanse Kerk gestig; dit het met wit, bruin en swart leerlinge begin en later 'n oorwegende bruin skool geword. In die Xhosa-gebied in die Oos-Kaap was daar ook etlike sendingstasies wat die Engelse kultuur, werkingesteldheid en individuele fatsoenlikheid uitgedra het. Gedurende die 1850's het die Kaapse goewerneur sir George Grey geld vir swart skole by Healdtown, St Matthews, Salem, Mount Coke en in Grahamstad bewillig en in 1887 het reeds meer as 2 000 swart studente by Lovedale 'n sendingopvoeding ontvang (Giliomee & Mbenga 2007:190-191).

Geen opvoedkundige instelling was 'n outonome instelling nie, en dit geld selfs vir die Universiteit van die Kaap de Goede Hoop wat in 1873 gestig is. Die eerste matriekeksamen wat erkenning geniet het, is in 1875 geskryf en in 1876 het Frances ME Fryer van Clanwilliam die eerste dogter in Suid-Afrika geword om matriek te skryf. Vroue het nie professionele beroepe beoefen nie en dr Jane Waterston van Kaapstad wat oorsee studeer het, was die eerste vrou wat as mediese dokter begin praktiseer het en wel in 1883 in Kaapstad (Rosenthal 1975:7). Die eerste vroulike tandarts in Suid-Afrika was Anna Grace Stott wat met Nicholas Johannes Laubscher van Graaff-Reinet getroud was (Laubscher 2013: onderhoud).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

’n Student wat ’n leraar in die Nederduitse Gereformeerde kerk wou word, moes in Edinburgh of Holland gaan studeer. Dit was ook die geval met die ander denominasies soos die Metodiste Kerk en ander Engelse kerke. Mediese studente het onder andere in Edinburgh, Guy’s en die St Bart’s hospitale in Londen hulle opleiding ontvang. Mense wat in die regsprofessie wou ingaan, is in Londen opgelei, maar daar was ’n kleiner groep studente wat in Leyden, Utrecht en Amsterdam hulle regsopleiding ontvang het (Rosenthal 1975:7).

Hollands as taal het wel nog sy plek gehad. Die meeste kerkdienste in die NG kerk was in Hollands. In Kaapstad was daar Hollandse koerante en buite Kaapstad was daar teen 1871 vier en twintig koerante wat gewoonlik twee keer per week verskyn het en wat van Hollands en Engels gebruik gemaak het. Tog het Engelse koerante soos die *Cape Argus* en die *Cape Monitor* ’n strydlustige kulturele imperialisme aan die dag gelê. Die koerante was van mening dat Hollands min status onder die tale van Europa geniet het en dat dit stadigaan besig was om te kwyn. Afrikaans was in die woorde van die *Cape Argus* ’n “miserable bastard jargon” wat nie die naam taal enigsins werd is nie (Giliomee 2004:164).

Op dorpe soos Graaff-Reinet het die inheemse “Cape Dutch” ook soms verwarring veroorsaak, want die taal is algemeen gepraat en die huisvrouens moes vinnig leer om die taal met die plaaslike inwoners en huiswerkers te praat. Een van die immigrant-vrouens op Graaff-Reinet, Harriet Rabone, verwys op komiese wyse na haar gesukkel om met die *washvrouw* ’n sinvolle gesprek te voer (Rabone 1966:119).

5.3.4 Ekonomiese ontwikkeling en landboubedrywighede in Suid-Afrika

Aan die begin van die neëntiende eeu het Suid-Afrika se bevolking hoofsaaklik uit landbouers en veeboere bestaan. Die Groot Trek van 1836-1838 was verantwoordelik vir die verspreiding van die wit bevolking na die binneland.

Na die koms van die Britse Setlaars het ’n gesonde handelsomgewing in die Oos-Kaap ontstaan waarin swart boere ook deel gehad het. Handelaars en winkeliers het gehelp met die uitvoer van landbouprodukte en het verbruiksgoedere ingevoer vir die snelgroeiende bevolking aan die Oosgrens. Welvarende swart boere wat meer graan, groente of vleis geproduseer het as wat hulle benodig het, het dit aan die handelaars begin verkoop. Hulle het ook nuwe gewasse verbou en teen 1868 groot hoeveelhede mielies, sorghum, koring, hawermout,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

boontjies en aartappels op die plaaslike markte verkoop. So het die Oos-Kaap in die laaste helfte van die neëntiende eeu ’n belangrike sentrum van ekonomiese bedrywighede geword wat in ’n goeie posisie was om die nuwe mark in Kimberley van noodsaaklike lewensmiddele te voorsien (Verhoef 2012:204). Sedert die laat 1860’s was daar ’n groot vraag na volstruisvere, aangesien dit toe hoogmode in Europa was. Teen 1886 was daar ongeveer 150 000 volstruise wat vere vir die mark verskaf het (Rosenthal 1975:119).

Wolskape is reeds in 1795 deur die Nederlandse goewerneur ingevoer, maar dié boerdery is eers sedert die 1830’s kommersieel beoefen. Die woluitvoer het in die 1850’s en 1860’s ’n groot oplewing beleef. Dit was ’n groot inspuiting vir die Kaapse ekonomie en het die struktuur van uitvoer verander van hoofsaaklik voedsel en drank na grondstowwe soos wol en huide (Verhoef 2012:205; Giliomee & Mbenga 2007:189).

Die vernaamste ekonomiese bedrywighede in die suidelike deel van die Kaapkolonie was landbou. Teen 1865 het 78,9% van die Kaapse bevolking in die landbou gewerk. Boere het vrugte, koring, wintergrane soos gort, rog en hawermout, en wingerd verbou en wyn gemaak, asook bietjie suiker en mielies geplant. Daar was ook vee- en skaapboerdery, maar dit was eers met die uitbreiding na die Oos-Kaap dat skaapboerdery werklik op groot skaal beoefen is (Verhoef 2012:205; Giliomee & Mbenga 2007:189).

Die kolonie Natal het eers ’n rol in die plaaslike ekonomie begin speel nadat die Voortrekkers hulle teen 1838 daar gaan vestig het. Die nuwe Britse immigrante het ook gehelp om die ekonomie te vestig wat aangesluit het by die Britse belange in die Kaap (Kruger 1955: 218). Natal is tot 1856 nog as ’n onderdeel van die Kaapkolonie bestuur. Die inheemse inwoners van Natal was die Zulu’s, wat wel gewasse soos mielies en sorghum verbou het, maar oorwegend veeboere was (Verhoef 2012:208-209). Vanaf 1850 is suikerriet in Natal geplant. Dit het gou suksesvol geblyk te wees en dit was nie meer nodig om suiker uit Mauritius in te voer nie. James Hulett het hom in 1857 in Natal gevestig. Hy het katoen en koffie gekweek en later teeplante uit Indië ingevoer. In 1892 het hy die Hulett-maatskappy gestig, wat groot suikerrietplantasies sowel as suikerraffinaderye beheer het (Schirmer 1981:111).

Die twee Boererepublieke wat in die 1850’s tot stand gekom het, het hoofsaaklik ook op ’n landbou-ekonomie staatgemaak. Dit het lank geduur voordat ekonomiese bestendigheid in dié Republieke bereik is (Böeseken 1966:287,291).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die jagbedrywighede het egter geblyk winsgewend te wees, en jagters het in 1880 al byna 100 000 kg ivoor net in die Soutpansberggebied versamel. Seekoeitande, buffelhorings, renosterhorings en heuning is uitgevoer. Daar is ook olifante gejag wat baie gesog was onder ivoorhandelaars (Grove 1967:31). Tussen die huidige Bela-Bela (Warmbad) en Rustenburg is sout in die sogenaamde "soutsee" ontgin. Dié sout is gebruik om die vleis wat gejag is, te preserveer (Verhoef 2012: 208-211).

In die laaste helfte van die neëntiende eeu kon die Kaap as industrieel vooruitstrewend beskryf word. Vervaardiging was eenvoudig, maar daar was steenmakerye, visverwerking vir uitvoer, graanmeulens, seep- en kersfabrieke, snuifvervaardiging en yster- en kopersmelterye (Visser 2012:195). Die Kaap het wel 'n agterstand gehad, gemeet aan die vlak van industrialisasie in Europa. Aan die ander kant het Kimberley al in 1882 elektriese straatligte gehad terwyl Londen wat 'n wêreldstad was nog van gasligte gebruik gemaak het (Van Jaarsveld 1976:180). Vervoer en verkeer was aanvanklik swak en dit het ekonomiese vooruitgang gestrem. Die algemene vervoermiddel van goedere was die ossewa. 'n Kort spoorlyn is in 1860 tussen Kaapstad en Wellington aangelê, en later is spoorlyne, onder meer tussen die Kaap en Transvaal via die Oranje-Vrystaat gebou, wat vervoer van goedere en passasiers na die binneland vergemaklik het (Grobler 2012:180).

5.3.5 Sport tydens die neëntiende eeu in Suid-Afrika

Wat sport betref het krieket vinniger posgevat as rugby en is daar reeds in die 1840's in Port Elizabeth krieket gespeel. Die Britse garnisoen was daar gestasioneer en hulle het mense aangemoedig om dié spel te speel. Port Elizabeth se krieketklub is in 1843 gestig, en is een van die oudstes ter wêreld (Schirmer 1981:198). Tennis, wat op gras gespeel word, het in 1881 in Natal ontstaan, maar dit het tien jaar geneem voor tennisbane landswyd beskikbaar was. Die eerste nie-amptelike tenniskampioenskappe het in 1891 in Port Elizabeth plaasgevind (Schirmer 1981:202). Rugby is vir die eerste keer in Suid-Afrika in die 1860's by Bishop's skool in Kaapstad gespeel en die eerste rugbyklubs in die land het vanaf 1870 ontstaan. Toe rugby eers posgevat het, het daar gou toere van oorsee gekom en in 1889 is die Curriebeker-toernooi vir die eerste keer gespeel. Die toernooi is deur sir Donald Currie, hoof van die Castle Mail stoomskipmaatskappy, geborg (Rosenthal 1975:7-8).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gholf is ook deur lede van die Britse weermag aan Suid-Afrikaners bekendgestel en die eerste Kaapse gholfklub is in 1886 deur twee Skotte, sir David Gill en generaal H D'Oyley Torrens van die weermag gestig. Britse soldate in hulle kenmerkende rooi uniforms het as baljoggies opgetree (Rosenthal 1975:7-8). Kimberley se perderenbaan is in 1872 aangelê en verskeie sosiale klubs is gestig (Visser 2012:196).

5.3.6 Vermaak in Suid-Afrika

Suid-Afrika was nie ver agter die res van die wêreld wat vermaak betref nie. Akteurs het met toneelgeselskappe deur die land kom toer, sirkusgeselskappe asook musici soos byvoorbeeld die bekende Eduard Remenyi, vriend en student van Franz Liszt, het hier opgetree (Rosenthal 1975:8). Harriet Rabone skryf hoe gewild teateropvoerings in Graaff-Reinet was. Daar het noue kulturele bande tussen Graaff-Reinet en Port Elizabeth bestaan en daar is oor en weer teaterproduksies opgevoer. *Robinson Crusoe* en *Box and Cox* is van die toneelstukke wat opgevoer is (Rabone 1966:111, Henning 1975:202, 206). In Kimberley is hotelle opgerig waar maaltye voorgesit is en waar danspartytjies en konserte gehou is. Teaters waar konserte, revues en melodramas opgevoer is, het ook daar tot stand gekom (Visser 2012: 196).

5.3.7 Koerantwese

Hoewel Suid-Afrika baie ver vanaf Europa en Amerika geleë is, het die Suid-Afrikaanse koerantwese tydens die Victoriaanse era 'n relatiewe hoë standaard gehandhaaf. Daar het min koerante in die land bestaan. In Kaapstad is dagblaaie soos die *Cape Argus* (1857) en die *Cape Times* (1876), gepubliseer. In Kimberley het die *Diamond Fields Advertiser* in 1878 verskyn en in Pietermaritzburg is die *Natal Witness* alreeds in 1846 gepubliseer. Pretoria en Bloemfontein het nie daaglikse koerante gepubliseer nie, maar in Johannesburg het *The Star* in 1871 sy verskyning gemaak. Voor 1879 het daar geen kabelverbinding tussen Suid-Afrika en die res van die wêreld bestaan nie, met die gevolg dat oorsese nuus deur middel van die posdiens Suid-Afrika bereik het (Rosenthal 1975:8). Daar is ook Hollandse koerante soos *De Onderzoeker*, *De Zuid-Afrikaan*, *De Volksvriend* asook *Het Volksblad* uitgegee. *De Volksvriend* skryf in 1865 dat daar geen rede is om 'n swart seun toegang tot enige opvoedkundige inrigting te weier nie, indien sy vader vir hom kan betaal (Giliomee 2004:166). Op 15 Januarie 1876 verskyn die eerste uitgawe van *Die Afrikaanse Patriot* wat tot die vroeë jare van die twintigste eeu die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

enigste Afrikaanse koerant in die land was. Die blad se styl was helder, bondig en vars, met eenvoudige sinne (Giliomee 2004:178).

5.3.8 Wet en orde in Suid-Afrika

Die weermag was bedrywig en sigbaar gedurende dié tydperk in Suid-Afrika. Die Britse soldate het nog nie kakiekleur klere gedra nie en hulle helderrooi uniforms, of *rooibaadjies* soos daar na hulle verwys is, is landswyd opgemerk. Selfs as daar vrede geheers het, het die teenwoordigheid van Britse soldate finansiële voordele vir dorpe soos King Williamstown, Grahamstad, Newcastle en Ladysmith ingehou. Sodra die soldate in ’n koloniale dorp of stad aangekom het, het hulle die hele plek aan die praat gehad. Almal het na die kerkparades op Sondae gestroom en ook na die militêre orkes op die markplein gaan luister (Rosenthal 1975:57). Dit het beslis ook op Graaff-Reinet gebeur en groot byeenkomste is vir die soldate op die dorp gereël.

Die hoogste gesag in die Victoriaanse Suid-Afrika was koningin Victoria, wat deur ’n goewerneur verteenwoordig is. Die goewerneur het tydens die parlementsopening in ’n koets deur die strate van Kaapstad gery. Weermagorkeste het gespeel, daar was geweersalute en regters, kerkleiers en geregsdienaars het in prosessiemarse marsjeer. Die huidige Parlementsgebou is ook in hierdie tyd opgerig en is met ’n swierige geleentheid in 1885 ingewy. Victoriaanse wetgewende vergaderings het vir baie jare sonder ’n handsard gefunksioneer en koerantberigte in *Cape Times* en *Cape Argus* was die enigste permanente rekords van toesprake en besluite wat in die parlement geneem is (Rosenthal 1975:83-84).

5.3.9 Openbare byeenkomste

Openbare byeenkomste was baie gewild en daar is gereeld onder meer hoeksteenleggings, tuinpartye, openbare prysuitdelings, parades, dans- en musiekvertonings gehou. Lang toesprake oor sake van die dag is in die openbaar gehou met gehore wat entoesiasties saamgesels het (Rosenthal 1975:88). Daar is ook gereeld blomskoue gehou waar mense hulle blomme in rankskikkings ten toon gestel het en tuinbouverenigings het tuine beoordeel. Die sade en bolle vir baie van die tuinplante is uit Engeland ingevoer (Rabone 1966:120). Die meeste van die dorpe en stede het ’n botaniese tuin gehad waar van die teepartye en konserte gehou is. William Roe het baie van hierdie soort geleenthede met sy kamera vasgelê.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.10 Die Victoriaanse vrou se huis

Die Suid-Afrikaanse vrou wat enigsins in staat was om soos haar Britse eweknie te leef, het die mode nagevolg. Die middelklas woning in Suid-Afrika het goed vergelyk met dié in Engeland. Willam Roe het ’n foto van sy vrou in hulle sitkamer geneem waar die kenmerke van die Victoriaanse interieur baie duidelik sigbaar is.

Omdat daar nie van die Victoriaanse vrou uit die middelstand verwag is om buitenshuis te werk nie, het sy haar ledige ure verwyl met onder meer borduurwerk, skilder, klavierspeel en die maak van allerlei versierings van plantemateriaal en skulpe. Dit verklaar die groot hoeveelheid artikels soos geborduurde stoeloortreksels, stoelrûe, vuurskerms en derglike artikels wat in die Victoriaanse interieur aangetref word. Om dieselfde rede was geen middelklas Victoriaanse woning sonder ’n klavier nie. Dit was die vrou wat verantwoordelik was vir die talle familieportrette wat teen die mure gehang of op meubels en kaggels gestaan het en vir die versierde godsdienstige spreuke wat so tipies van die Victoriaanse tyd was. Die mure was met swaar muurpapier versier, maar dit het skaars uitgesteek agter al die skilderye, famileportrette en ander versierings. Die vroue-sitkamer (*drawing-room)* was die mees versierde vertrek in die huis en het ’n aanduiding gegee van die inwoners se status in die gemeenskap (Karusseit 2007:179).

5.4 Slot

Teen die einde van die neëntiende eeu het mense in Suid-Afrika uitgesien na ’n beter toekoms en het rede tot hoop gehad. Die instroming van buitelanders na die ontdekking en ontginning van goud en diamante bring ’n instroming van buitelanders mee, ekonomiese welvaart en daarmee saam ’n versterking van Victoriaanse invloede met die grootskeepse invoer van onder meer Victoriaanse meubels (De Kock 1971:23). Met die ontdekking van goud en diamante het die plaaslike inwoners na die stede gestroom. Baie van hulle het egter in die stede verarm en sosiale en ekonomiese probleme het ’n al hoe groter wordende probleem geword. Die verstedeliking het ongekende kerklik-maatskaplike gevolge gehad en die lewensomstandighede en gesondheidstoestande van die delwers en hulle gesinne was haglik. Die waterskaarste en gebrek aan behoorlike sanitêre geriewe het tot epidemies gelei (Hofmeyr 2002:128). Die ekonomiese welvaart wat deur die ontdekking van die minerale gegenereer is, was dus nie vir almal beskore nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Alex Strasser het in 1942 die Victoriaanse era soos volg beskryf:

> At a glance and from a distance the Victorian age appears very mature, respectable and ceremonious... Look at it closer and you will find a lot of grain in that smooth negative. The Victorian age was not mature at all; it was not even grown-up. It was an age of endless technical inventions, of changing manufacturing processes, of growing markets and dwindling frontiers, of great wars and enormous social problems in the making. It was an age of unconfessed revolutions, an age never really at ease. All that dignified behaviour was just camouflage. To appear more than or at any rate something different from one's backgroud, habits and thoughts, was quite the rule (Strasser 1942:12).

Hoewel dit 'n raak beskrywing van Victoriaanse Engeland mag wees, was dieselfde gees nie vaardig in Suid-Afrika nie. Die bevolking was nog heeltemal te arm en landelik om soveel pretensie aan die dag te lê.

Die ekonomiese opbloei en welvaart het nie oral deurgewerk na boere in die landelike gebiede nie. Tog het mense in die tweede helfte van die neëntiende eeu probeer om by fotograwe uit te kom om hulle te laat afneem, bloot omdat die fotograwe nou beskikbaar was. Dit het gelei tot die skep van talle foto's van individue en groepe, ook van tonele, wat 'n erfenis daargestel het vir die nageslag.

Jennifer Green-Lewis sê dat die mense van Victoriaanse era vandag vir almal toeganklik is, want ons sien hulle deur middel van foto's. Die Victoriane leef voort in fotografie, anders as wat die geval met mense voor hulle was toe daar net op skilderye en ander pikturale kuns staat gemaak is om die geskiedenis lewendig te hou (Green-Lewis 2000:31).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6
KULTUURVERSKYNSELS SOOS WEERSPIEËL DEUR DIE FOTO'S VAN WILLIAM ROE

6.1 Inleiding

Fotografie, wat in die Victoriaanse era uitgevind is, het die mense van daardie era se lewe onomkeerbaar verander en beïnvloed. Die misterie rondom foto's het gemaak dat, lank nadat die proses nie meer as 'n nuwigheid beskou is nie, fotografie nog steeds bygedra het tot onder meer sosiale hervorming. Fotografie het die navorser se verwysingsraamwerk verbreed en daarom moet die Victoriaanse foto-bronne wat William Roe nagelaat het, optimaal benut word.

Die foto's wat in hierdie studie bestudeer word, is nie net die voor die hand liggende Roe-foto's wat al oorbekend geword het nie. Baie van die materiaal wat gebruik word, is beskadigde glasnegatiewe wat ná Roe se dood van vernietiging gered is. Om die gewone mens van daardie era en sy omgewing te ondersoek, is dit nodig om verteenwoordigende foto's uit die hele versameling te kies.

In hierdie studie word die kategorieë met argitektuur, straat- en dorpsbeelde, kleredrag, sport, feesvieringe, openbare geleenthede, die Anglo-Boereoorlog, landskapsfoto's en William Roe se reise geanaliseer. Daar is gepoog om met die geselekteerde foto's 'n verteenwoordigende kultuurbeeld van die dorp en sy mense te gee. Ander kategorieë wat ook deel van die fotoversameling uitmaak, sluit ander aspekte van sport, soos sporttrofeë, die waterwerke in die dorp, die bou van die spoorlyn, verskeie grafte, insekte asook boerderybedrywighede in. Nie net die individuele foto's nie, maar selfs die kategorieë is te veel om in so 'n studie te ondersoek.

Die Roe-fotoversameling is 'n groot bate vir die Graaff-Reinet Museum. In die museum is 'n goeie uitstalling van sy foto's wat jaarliks baie mense na die Museum lok. Die museum bied ook 'n diens aan die publiek deur afdrukke van sy foto's te koop aan te bied. Dit is 'n diens wat waarskynlik met groot sukses uitgebrei kan word om op groter skaal foto's aan die publiek beskikbaar te stel sodat dit as bron van inkomste vir die museum kan dien.

Die versameling bestaan uit ou fotoalbums, los foto's asook glasnegatiewe. Hierdie foto's is uiters waardevol, maar is ook 'n kwesbare hulpbron. Foto's vereis deurlopende sorg en daar mag nie versuim word om die fotoversameling te beskerm en te bewaar nie. Daar kan met reg

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gevra word waarom daar in die bewaringswêreld so ’n groot verskil tussen die behandeling van ou foto’s en die bewaring van skilderye en boeke is. Vir so baie mense het foto’s ten onregte nog nie dieselfde waarde as ander historiese bronne nie. Tydens die ondersoek na geskikte foto’s vir hierdie hoofstuk is baie van die glasnegatiewe se positiewe gedigitaliseer en sal dit as bron vir toekomstige navorsing kan dien. Die los foto’s, fotoalbums asook die glasnegatiewe word in die museumargief geberg, maar weens ’n tekort aan fondse kon daar nog nie temperatuurbeheer in die argief geïnstalleer word nie. Die groot wisseling in temperatuur is baie nadelig vir die fotoversameling.

Roe-foto’s is ’n nuttige aanvullende bron om die sosiale leefwyse van die mense in Graaff-Reinet tydens die Victoriaanse era na te spoor. Die meeste van die foto’s het min of geen bykomende inligting beskikbaar nie. Sonder verdere navorsing sou hulle waardeloos gebly het, en dan slegs as interessante foto’s beskryf kon word. Die navorser moes vertroud raak met die omstandighede waartydens Roe in Graaff-Reinet gewoon het, waarvoor dokumente oor Roe se lewe en doen en late op Graaff-Reinet bestudeer is.

Die vorming van die kunstenaar se gees vind plaas in wisselwerking met die gedagtes en werke van mense in die gemeenskap met wie hy in aanraking kom. William Roe is beïnvloed deur die tydperk wat hy in Engeland gewoon het, korter periodes in Port Elizabeth en Kimberley, sowel as die teenwoordigheid van Hollands- en Afrikaansprekendes op Graaff-Reinet. Hierdie invloede is merkbaar in sy fotografiese werk en kan bydra tot die bruikbaarheid van sy fotoversameling ten opsigte van bewaring. Die feit dat hy ’n groot verskeidenheid onderwerpe en voorwerpe gefotografeer het, beteken dat hy die belang van die breë sosiale konteks in die geskiedenis van ’n dorp en gemeenskap besef het en gepoog het om dit deur middel van fotografie vas te lê.

Roe het dus ’n breë spektrum van die samelewing gefotografeer en daar is foto’s van welvarende mense, maar ook van die minder welvarendes. Wit, bruin en swart mense verskyn almal op die foto’s, wat dit verteenwoordigend maak van die samelewing van daardie tyd. Daar kan met redelike sekerheid aanvaar word dat die mense van Graaff-Reinet almal mekaar tydens die Roe-era geken het. Selfs oor die kleurgrens het mense mekaar geken en belanggestel in mekaar se doen en late, want die totale bevolking van die dorp rondom 1880 was net meer as vyfduisend inwoners.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die historiese, ekonomiese en sosiale konteks, die tydsgees of *zeitgeist*, is belangrike agtergrond waarteen die foto's bestudeer moet word. Die tydperk waartydens William Roe in Suid-Afrika gewoon en gewerk het, was tydens die Britse bewind in Suid-Afrika. Dit was wêreldwyd 'n tydperk van verandering. Ekonomiese en sosiale veranderinge het ook vinnig in Suid-Afrika plaasgevind. Dit is belangrik om kennis te neem van die omstandighede tydens dié tydperk in Engeland, want die omwentelinge daar het uiteindelik ook oorgespoel na die Britse kolonies. Wanneer neëntiende-eeuse foto's bestudeer word, word heelparty tipies Victoriaanse tendense en eienskappe daarin herken. Die gebruik om 'n foto van 'n bestaande foto te neem het ook op Graaff-Reinet aftrek gekry. Dit was hoogmode om foto's van leiersfigure en lede van die koningshuis te herfotografeer en aan die publiek te koop aan te bied. Roe het byvoorbeeld foto's van president Paul Kruger en koningin Victoria afgeneem en as in aanmerking geneem word in hoeveel fotoalbums die foto's verskyn, het Roe 'n groot aantal verkoop.

Op baie van Roe se foto's van argitektuur sowel as natuurtonele maak hy gebruik van mense wat op die foto's verskyn. Daar kan nie met sekerheid gesê word wat sy doel daarmee was nie, maar dit is moontlik diegene wat sy swaar toerusting gehelp dra het wat hy dan sou gebruik op die foto's. Hy wou dalk deur mense op sy foto's te gebruik die menslike faktor inbring, want anders sou die foto's net strukture of ongeskonde natuur bevat. Dit wil voorkom asof hy 'n komposisie wou skep met die mensfigure. Op sommige foto's, soos die drosdy se eerste foto (c1878), is daar kinders wat speel en omdat hulle beweeg, word 'n "spookbeeld" geskep. Die langer blootstellingstyd in vroeër fotografiese prosesse het die "spookbeelde" veroorsaak. Mense wat poseer het, is gevra om nie te beweeg nie, maar dit was nie altyd moontlik nie. Roe het mense van die hele gemeenskap op sy foto's gebruik en dit dra by tot die geloofwaardigheid van sy foto's.

Die doel met die ontleding van die foto's is om dit meer toeganklik te maak en die relevansie en akademiese waarde daarvan uit te wys. Die uitwerking van fotografie op die mens se beskouing van die geskiedenis word ondersoek, want dit het uiteraard neerslag gevind in die mens se kultuurbeskouing. Dit is juis die vermoë van die foto om blikke uit die verlede in die egte outentieke kultuurhistoriese milieu waarbinne dit plaasgevind het, aan te bied, wat nie net die waarde van foto's in kultuurgeskiedskrywing herbevestig nie, maar ook hierdie ondersoek na die interaksie tussen kamera en kultuur regverdig. Die bydrae van foto's tot bewaring sal uitgelig word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In hierdie hoofstuk is die doel nie in die eerste plek om al die kultuurhistoriese kenmerke of elemente uit te wys nie, maar om geselekteerde foto's in diepte te analiseer en dan die waarde daarvan vir die studie van 'n era uit te wys, sowel as die waarde vir bewaring in die eie tyd.

6.2 Analisering van fotomateriaal

Ontleding van foto's is 'n bevestiging van die rol daarvan in bewaring nadat die agterdoek geskep is deur die stand van Graaff-Reinet as dorp, die stand van fotografie asook die stand van bewaring te ondersoek.

6.2.1 Argitektuur

6.2.1.1 Religieuse geboue

6.2.1.1.1 Nederduitse Gereformeerde Kerk

Figuur 6.1: Derde NG Kerk (hallekerk) (Gebou: 1822-1823; Foto: c1885)

Historiese agtergrond

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dié kerk met sy gewels, strooidak en wit gepleisterde ringmuur was vir sy tyd ’n sierlike en deftige kerk. Dit was die tweede kerk op dieselfde perseel. Die strooidak kerk is in 1823 voltooi en rondom 1885 gesloop. Hierdie foto van die hallekerk (’n kerk waarvan die syskepe net so hoog is as die middelskip) op Graaff-Reinet is belangrik vir kultuurhistorici en ander navorsers omdat daar baie min van hierdie argitektuur in Suid-Afrika voorgekom het. Hans Fransen noem dit die enigste voorbeeld van ’n hallekerk met twee ewewydige aangrensende skepe elk met ’n staandak (Fransen 1981:112).

Ds Andrew Murray (senior), wat in 1822 vanuit Skotland na Suid-Afrika verhuis het om die gemeente van Graaff-Reinet te bedien, was tydens die bou van die kerk die dienende predikant. Die gebou het die gemeente vir ongeveer sestig jaar gehuisves (Nunn 2008:95). ’n Kanselstoel word in 1827 aan die kerk geskenk. Daar was ook ’n mooi galery-horlosie wat jare later aan Reinethuis geskenk is. In 1845 ontvang die hallekerk ’n nuwe kanselbybel, gedruk en uitgegee deur die provinsiale kerkbestuur van Noord-Holland en geteken deur die sekretaris Henricus Weyland (Kerkbrosjure gd:6).

So vroeg soos 1869 het die kerkraad reeds hul bekommernis uitgespreek oor die toestand van die kerkgebou. Die moontlikheid om die strooidak met sink te vervang is genoem, maar teen £1200 was dit onbekostigbaar en daar is getwyfel of die mure die swaarder dakstruktuur sou kon steun. Gedurende 1871 is daar met herstelwerk aan die strooidak begin. BA Meintjies het as leier van die bouspan opgetree, maar tydens die herstelwerk val hy deur die plafon van die kerk en sterf ’n paar dae later. Nog teenspoed het die kerkgebou getref met ’n brand wat in 1878 in die gebou uitbreek en in 1883 sterf ’n jong seun byna toe ’n ysterstaaf uit die kloktoring hom rakelings misval (Henning 1975:105). Volgens Krüger het die mense van Graaff-Reinet besluit om nie die noodlot verder uit te lok nie en daadwerklik begin met planne vir ’n nuwe kerkgebou (1953:7).

Dit is belangrik om te noem dat bogenoemde kerk as plek vir aanbidding deur al die mense van Graaff-Reinet, ongeag hulle ras, gebruik is. Baie ure is egter in die kerkraad bestee aan die bespreking van moeilikhede in verband met sitplekke in die kerk. Daar is ook van kerse vir beligting gebruik gemaak, want dit sou vir die gemeente te duur uitwerk om die kerse met gaslampe te vervang (Krüger 1953:30).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die foto is baie belangrike getuienis van hoe die kerk gelyk het, aangesien dié kerk nie meer bestaan nie. Die foto is kort voor die sloping van die kerk geneem, en William Roe het dit heel waarskynlik geneem met die komende sloping van die kerk in gedagte. Hierdie foto is belangrik aangesien die foto deel vorm van ’n klein hoeveelheid bronne wat inligting oor die kerkgebou aan navorsers kan verskaf. Daar leef nie meer mense wat die gebou gesien het nie, dus moet daar staat gemaak word op geskiedskrywing en foto’s. Foto’s uit die tyd van William Roe help om as objektiewe en akkurate geheue te dien, anders as die digitale foto’s van die een en twintigste eeu wat maklik gewysig kan word.

In die *Graaff-Reinet Advertiser* van 5 September 1968 verskyn ’n artikel deur Sidney Rabone wat jare vantevore ook in dieselfde koerant verskyn het. Daarin vertel hy dat hy as jong seun in sy geliefde bergpruimboom in die agterplaas van hulle Plasketstraathuis gesit het, toe hy toevallig sien hoe ’n klomp mans die tou trek wat om die toring van die kerk vasgemaak was en hoe die toring skielik grond toe plof in ’n reuse-stofwolk. Dit het ’n onuitwisbare indruk op hom as jong kind gemaak (Rabone 1968:3).

Stylkenmerke

Op die Roe-foto is die invloed van die Kaaps-Hollandse boukuns baie duidelik sigbaar by dié kerk, met twee gewels aan elke kant van die gebou. Die *konkaaf-konvekse* gewels, ook bekend as die holbolgewel, is saamgestel uit konvekse sowel as konkawe kurwes. Die gewels van die hallekerk het ’n driekhoekvorm heelbo wat weerskante gevolg word deur die konkawe vorm en ’n konvekse vorm. Dit is nie ’n driehoekige pediment nie, maar slegs die bo-punt van die gewel het ’n driehoekvorm.

Die bokant van die gewel pas by die vensters met Gotiese spitsboë. Die vensters is simmetries gerangskik. Die strooidakkerk het baie sitplek gehad met twee ewewydige aangrensende skepe, elk met ’n staandak. Tog is daar na die kerk as “De kleine kerkie” verwys.

Die koringstrooi vir die kerk se dak is van koringlande in die dorp en distrik verkry. Die plaas Nooitgedacht in die Graaff-Reinet-distrik se woonhuis is in dieselfde tyd as die strooidakkerk opgerig en tydens restourasieproses aan dié plaashuis is gevind dat die huis se dak ook van koringstrooi was (Whitlock 2013:onderhoud; Mulder 2013:onderhoud). Aan die voorkant was hierdie dakvorm logies uitgedruk in twee gelyke frontons met tandlyste (Fransen 1981:112).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die toring van die kerk was ’n klok wat 1720 pond (782 kg) geweeg het, asook ’n horlosie. Vir die eerste keer het Graaff-Reinet amptelike tyd gehad. In die kloktoring kom daar ook Gotiese spitsboogvensters voor. Met die bou van die kerktoring is muntstukke onder die fondamente geplaas (Kerkbrosjure gd:7). Heelbo op die kloktoring het ’n weerhaan gestaan. Die weerhaan is ’n belangrike Christelike simbool en dit dui ook die windrigting aan. Dit witgekalkte ringmuur rondom die kerk is saam met die kerk afgebreek.

6.2.1.1.2 Nuwe Nederduitse Gereformeerde Kerk (Grootkerk)

Figuur 6.2: Vierde en huidige NG Kerk (Grootkerk) op Graaff-Reinet (Gebou: 1886; Foto: c1887)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Historiese agtergrond van die Grootkerk op Graaff-Reinet

Die foto van die Grootkerk op Graaff-Reinet is waarskynlik nie lank na die inwyding van die kerk geneem nie, want die terrein rondom die kerk is nog nie bewerk nie. Die kerk is op 11 September 1887 ingewy.

Die vorige kerk op dieselfde perseel (figuur 6.1) het tydens die bediening van Andrew Murray snr te klein geword. Die nuwe groter kerk sou die derde kerkgebou op dieselfde perseel wees. Net soos die geval met die vorige kerkgebou was, het hierdie kerk ’n hele blok beslaan aan die bo-punt van Kerkstraat.

Gedurende die vroeë 1880’s het die ekonomie van Graaff-Reinet en distrik merkbaar verbeter. Daar is besluit om met die bouplanne van die nuwe NG Kerk voort te gaan. Fondsinsamelings is gehou deur die ongeveer 2000 lidmate van die gemeente, wat boere en inwoners van die dorp ingesluit het. Die hoeksteen van die kerkgebou is op Maandag 12 April 1886 gelê (Henning 1975:106). Die koste van die boumateriaal is laag gehou aangesien die klip plaaslik verkry is, en lede van die gemeenskap die vervoer voorsien het. Die klip is uit die steengroef by Kriekbult naby Adendorp uitgehaal. Die eienaar van die grond, A Neser, het al die bouklip vir die kerk en ringmuur gratis voorsien. Die klip is by die steengroef in die verlangde vorms gekap en dan na die bouperseel vervoer (Museumbrosjure gd:1; Reklamevereniging-brosjure gd:1).

Die Roe-foto van die Grootkerk kan tydens restourasieprosesse as riglyn en kontrole dien om te verseker dat die oorspronklike voorkoms behou word.

Stylkenmerke

Daar bestaan verskillende menings oor wie die argitek van dié imposante gebou is. Hans Fransen en Picton-Seymour sê dat dit ’n produk van die argitek Charles Freeman is, maar Henning en Nunn verwys weer na J Bisset en James Read van Kaapstad as die argitekte van dié kerkgebou (Fransen 1981:143; Picton-Seymour 1989:92; Henning 1975:107). Daar is goeie rede om te glo dat Freeman inderdaad die hoofargitek was en Bisset hom bygestaan het. Charles Freeman was die agent in Suid-Afrika vir die MacFarlan-gietery en sy pakhuis was in Strandstraat, Kaapstad. Hans Fransen het bevestig dat dit baie onwaarskynlik is dat Bisset die argitek kon wees, want hy was glad nie ’n bekende argitek in Suid-Afrika nie. Daarenteen sou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daar eerder van so ’n bekende argitek soos Charles Freeman by ’n groot bouprojek soos die Grootkerk gebruik gemaak word (Fransen 2013:onderhoud). Volgens Henning was AH Teid van Port Elizabeth die toesighoudende argitek terwyl Grant en Downey van Uitenhage as kontrakteurs en A Ross as opsigter opgetree het (1986:70).

Daar word beweer dat die nuwe kerkgebou deur die argitektuur van die Salisbury-katedraal in Engeland geïnspireer is (Nunn 2008:95). Volgens die foto is dit duidelik dat die kerkgebou in die Neo-Gotiese herlewingstyl gebou is. Dit was veral in religieuse geboue waar die Neo-Gotiese styl in die laat neëntiende eeu nog sterk na vore gekom het, en die Grootkerk is by uitstek ’n voorbeeld hiervan. Fransen noem dit die mees “ornate” Neo-Gotiese kerk in Suid-Afrika (Fransen 1981:143; Fransen 2006:113).

Die hoofkenmerke van hierdie styl is die vertikale neiging, veral die spitsboog, die ribgewelf, stutwerk en torings. Daar word klem gelê op vertikale lyne wat moontlik gemaak word deur talle spitstorings en spitsboë. Verdere Gotiese kenmerke wat by die Grootkerk voorkom, is gekleurde glasvensters, drie-, vier- en vyflobmotiewe, traseerwerk, kanteelwerk en stutmure.

Die Grootkerk het ’n baie hoë spitstoring (45,72 meter) met ’n Victoriaanse gietyster weerhaan op die bo-punt (Reklamevereniging-brosjure gd:1). Die kerktoring word deur talle spitsvormige pilasters en Gotiese vensters versier, asook gietysterversierings. Groot ronde horlosies kom op die kerktoring voor. Rustiekwerk verbreek die gladde oppervlakte van die mure en geprofileerde lyswerk, beelde, reliëfwerk en spitstorinkies kom as versierings aan die buitekant van die kerk voor. Die dak is van verskillende kleure leiklip en dit pas aan by die grys klipwerk van die kerkgebou. Die gekleurde leiklip is in stroke en patrone gepak en met gietysterwerk versterk en versier. Die gietyster is voorafvervaardig en uit MacFarlan se katalogus bestel (Picton-Seymour 1989:93).

Dit is duidelik sigbaar op die foto dat daar van strukturele polichromie gebruik gemaak is. Dit is wanneer veelkleurigheid aangewend word om die struktuur van ’n gebou te beklemtoon. Die gebou bestaan uit klip- en geverfde pleisterwerk, wat deurgaans dekoratief aangewend word. In hierdie geval is die klip gryskleuring, terwyl die gepleisterde dele wit geverf is.

Die kerkgebou is simmetries en in ’n kruisvorm gebou. Die twee sy-skepe is duidelik sigbaar op die foto asook die lang skip van die kerk. Die mure word op talle plekke onderbreek deur groot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

spitsboog- sowel as roosvensters. Gebrandskilderde glas met loodstawe in is in al die vensters van die kerk gebruik. Daar is van diep ryk kleure gebruik gemaak, veral robynrooi en saffierblou. Aangesien die glaspanele en loodrepe te onbuigsaam is om storms te weerstaan, moes sterk ysterstawe vir versterking gebruik word. Hierdie stawe maak deel uit van die ontwerp as geheel. Die vensters is ook met Gotiese motiewe versier (Herholdt 1994:11-17).

Die hoofingang van die Grootkerk is aan die suidekant. Die teruggesette deure (drie) is spitsboogvormig en is omlys met pilasters. Die deure is binne ’n driehoek spitsgewel geplaas met ’n klein lugrooster in die middel bo. Weerskante van die deure is stutmure, met polichromie van grys klip met wit pleister omlyning. Op die Roe-foto van die Grootkerk is die hoofingang se deure duidelik sigbaar.

Die gedenknaald links voor die kerk is ter ere van ds Andrew Murray opgerig en is sigbaar op die foto. Na die dood van ds Charles Murray in 1904, is ’n tweede gedenknaald voor die Grootkerk opgerig. Vader en seun het vir ’n tydperk van altesaam 82 jaar die gemeente gedien (kerkbrosjure gd:5). Charles Murray het in 1866 by sy pa Andrew Murray oorgeneem as predikant van die Grootkerk.

Die grootste verandering wat oor die jare aan die Grootkerk aangebring is, is die verskillende kleure verf wat aan die buitemure tydens die verskeie opknappingsprosesse gebruik is. Dit het gewissel van roomkleurig tot spierwit. Die Grootkerk bied sitplek vir 1500 mense. Daar bestaan ook ’n goeie Roe-foto van die interieur van Grootkerk waar die kandelare wat in later jare afgehaal is, nog te siene is. Die gebou is op 21 Maart 1975 as ’n Nasionale gedenkwaardigheid verklaar (Reklamevereniging-brosjure gd:1). Die Grootkerk se erfenisstatus het ná 1994 verander en val in 2013 onder die beskerming van die Oos-Kaap se Provinsiale Regering, volgens artikel 27 van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, nr 25 van 1999. Dit is nie bekend wanneer die tuin en paadjie rondom die kerk aangebring is nie, maar in 2010 is daar ’n muur van herinnering opgerig.

Die Roe-foto van die Grootkerk is ook van belang omdat dit waarskynlik deel van ’n stel stereo-foto’s uitmaak. Aan die bokant van die foto is ’n halwe sirkel wat ’n kenmerk is van dié betrokke fotometode wat gedurende die 1860’s wêreldwyd baie gewild geword het. Foto’s (twee identiese afdrukke op glasnegatiewe of op karton gedruk) is deur ’n spesiale toestel bekyk. Hierdie toestel het die twee foto’s laat saamsmelt tot ’n drie- dimensionele beeld. Daar het verskeie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

handmodelle bestaan waardeur na hierdie stereo-foto's gekyk kon word en dit het vir baie vermaak gesorg. Strokiesverhale, spotprente en selfs spookbeelde wat met die stereo-tegniek gemaak is, het groot aftrek gekry (Hardijzer 2013:onderhoud).

6.2.1.1.3 Die Anglikaansekerk (St Jameskerk)

Figuur 6.3: St Jameskerk in Somersetstraat (Gebou: 1850; Foto: c1896)

Historiese agtergrond van die St Jameskerk

Die St Jameskerk is die oudste bestaande kerkgebou in Graaff-Reinet. Die kerk is in 1850 voltooi (*Graaff-Reinet offisiële gids* 1953:27). Dit was die kerk van die gemeente waaraan William Roe en sy gesin behoort het. Hulle is ook in dié kerk se begraafplaas, wat in Donkinstraat geleë is, begrawe. Ds William Steabler was vir 'n lang tydperk die predikant tydens Roe se verblyf op Graaff-Reinet.

Hierdie foto is waarskynlik teen die einde van die neëntiende eeu geneem, aangesien die kerk al vergroot is en die pastorie, wat in 1895 voltooi is, ook op die foto sigbaar is. Dié pastorie is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opgedra aan ds William Steabler wat vanaf 1854 tot 1894 die St James-gemeente gedien het. In 1885 is die strooidak teen ’n koste van £200 met ’n sinkplaatdak vervang (Minnaar 1987:94).

Baie Britse setlaars het ná 1820 na Suid-Afrika geïmmigreer en uit die Oos-Kaap na Graaff-Reinet verhuis, en dit het ’n Engelse gemeente op die dorp genoodsaak. In November 1848 het die eerste Anglikaanse biskop van Kaapstad, Robert Gray, sy eerste besoek aan die binneland gebring, waartydens hy ook Graaff-Reinet besoek het (Nunn 2008:102).

Tydens dié geleentheid is die planne goedgekeur vir die bou van ’n Anglikaanse Kerk. Sophia Gray, die vrou van Robert Gray, het haar man op vele gebiede in sy werk bygestaan. Sy het eenvoudige planne opgetrek vir kerke wat binne die klein gemeentes se finansiële vermoëns geval het. Sy was ’n kunssinnige vrou en haar sketse van Engelse Middeleeuse dorpskerke kon sonder veel moeite vir gebruik aan die Kaap aangepas word (Fransen 1981:116-117). Die oorspronklike kerk kon slegs 250 mense huisves en het £1 600 gekos, wat goedgunstiglik deur barones Angela Burdett-Coutts aan die gemeente geskenk is (Picton-Seymour 1977:166) Angela Burdett-Coutts (1814 – 1906) was een van die rykste vroue tydens die Victoriaanse era in Engeland en het as filantroop geld vir die oprigting van kerke in Suid-Afrika geskenk (Banerjee 2010: www.victorianweb.org/...).

Dié Anglikaanse Kerk het groot rol in die geskiedenis van Graaff-Reinet gespeel, veral op onderwysgebied. In 1896 was daar ’n St James Hoërskool vir dogters wat deur die kerk bestuur is. In die argief van die Anglikaanse kerk wat na George verskuif is, is daar ook Roe-foto’s van die kerkgebou, wat ook dáár, buite die Roe-versameling, kan dien as navorsingsbron vir diegene wat belangstel in die kerkgeskiedenis en dan in besonder die geskiedenis van die St Jameskerk op Graaff-Reinet (Nunn 2008:103).

Deur die jare is daar ook restourasiewerk aan die binne- en buitekant van die kerkgebou gedoen en die Roe-foto’s het aangedui hoe dit in die Victoriaanse era gelyk het. Daar bestaan meer as een foto deur Roe van die St Jameskerk. Soos reeds aangedui, was hy en sy gesin deel van die St James-gemeente op Graaff-Reinet en het hy baie tyd in en om die kerkgebou deurgebring. Een van sy interieur-foto’s toon die kerkbanke, altaar en koorgedeelte.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stylkenmerke van die gebou

Die St Jameskerk is in tipiese vroeë Engelse idioom van die Neo-Gotiese styl ontwerp en van growwe klip gebou (Fransen 1981:116). Die dak is spits en die vensters is lansetvormig. Daar is swaar stutmure teen al die buitemure aangebring. Die geprofileerde spitsboog aan die agterkant van die kerkgebou bestaan uit twee spitsboogvensters en een roosvenster. Die vensters se gekleurde gebrandskilderde glaspanele beeld godsdienstige simbole uit.

Die volgende vensters is aan die kerk geskenk:

- Die venster aan die westekant van die kerk is ’n voorstelling van Christus in die tempel en is deur die Probart familie ter nagedagtenis aan Edward Probart geskenk
- Een van die vensters wat aan die suidekant van die kerk voorkom, is ’n voorstelling van St John, die evangelis, en is geskenk deur die familie van Fanny Turner
- Nog ’n suidekantvenster is ’n beeld van St Peter en is ter nagedagtenis aan Hougham Hudson geskenk
- Die Madonna en kind is in die noordelike muur en is geskenk ter nagedagtenis aan Rose Enid Watermeyer
- Aan die oostekant van die kerk is drie vensters, waarvan die middelste een die kruisdood van Christus uitbeeld (Els 1953:27-28).

Die kerkgebou is in 1868 vergroot met die bou van die heiligdom (*sanctuary*) en in 1874 is die ingangsportiek aangebou. Die portiek is gepleister en het spitsboognisse en klein spitsboogvensters as versieringsmotiewe. Dit verskaf ’n sydeur waarin ’n spitsboog-houtdeur ingebou is. In 1894 is daar met die bou van die pastorie van die St Jameskerk begin (Els 1953:27-28).

6.2.1.1.4. Waarde en betekenis

Foto’s kan grepe uit die verlede in die outentieke kultuurhistoriese milieu waarbinne dit geneem is, aanbied, wat nie net die waarde van foto’s in kultuurgeskiedskrywing bevestig nie, maar ook hierdie ondersoek na die interaksie tussen foto’s en kultuur regverdig.

In hoofstuk 1, wat onder meer oor bewaring en kultuur handel, word daar verwys na hoe kultuur by samelewings ontstaan. Hier word weer daarna verwys aangesien die totstandkoming van ’n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemeenskap noodgedwonge die beoefening van kultuur en dan ook onvermydelik religieuse uitlewing meebring. Dit handel oor ’n groep mense wat saam woon, aan bepaalde gemeenskaplike omstandighede blootgestel is, relatief enersdenkend is, en daarom saamstem oor hoe en wat gedoen moet word. Dan ontwikkel daar sekere gebruike en gewoontes op ’n nie-materiële vlak. In verhouding tot ander groepe is daar duidelik uitkenbare verskille wat aan elke groep ’n bepaalde identiteit verleen, en van buite gesien, die groepe herkenbare eenhede maak. Godsdiensbeoefening asook die oprig van kerkgeboue om in te aanbid, maak deel uit van die gebruike van so ’n groep mense. So het die gemeenskap wat op Graaff-Reinet ontstaan het, hul eie gemeentes gestig en kerkgeboue opgerig om in hulle behoeftes te voorsien.

Die foto’s van religieuse geboue se bydrae tot bewaring kan as méér as bewaring beskryf word, want die belangrikheid van die interpretasie van die foto’s binne die holistiese siening van kultuurgeskiedenis en religie in die algemeen, mag nie nagelaat word nie. Mense se verwagtinge, drome en religieuse beskouings word dikwels in die boukuns versinnebeeld, soos in baie fasette van die mens se tasbare kultuurgoedere.

Christelike kerke, Boeddhistiese pagodes, Islamitiese moskees, Tibetaanse kloosters – elke godsdiens het sy eie argitektoniese styl wat kenmerkend is van sy aanbiddingsplekke. Dit is belangrik om die boustyle wat eie is aan sekere religieuse groeperinge te bewaar, omdat dit bepaalde godsdienskulture verteenwoordig.

Etiese beginsels behoort gehandhaaf te word wanneer bewaring ter sprake is. Clavir verwys na die fundamentele kern van bewaring waar die integriteit van voorwerpe en in besonder hulle fisiese integriteit nie aangetas mag word nie. Volgens Clavir sluit konseptuele integriteit die metafisiese eienskappe kultuur en religie in (Clavir 1996:1). Terwyl Clavir kultuur en godsdiens naas mekaar op dieselfde vlak plaas, wys Burden tereg daarop dat godsdiens, net soos musiek, woordkuns, geneeskunde, genealogie, wetenskap en talle ander voorbeelde, ’n onderdeel van kultuur is en dus nie gelyk daarmee gesien kan word nie (Burden 2003:2). Clavir se verwysing na die metafisiese eienskappe is dus na die nie-tasbare komponent van kultuur.

Burden verwys ook na die behoud en instandhouding van fisiese integriteit by bewaring van materiële kultuur soos die kerkgebou self. Sy sê dat met die prosesse van hersamestelling en rekonstruksie die fisiese en historiese integriteit nie werklik behou kan word nie, maar wel die estetiese en konseptuele integriteit (Burden 2003:1-5). By al die religieuse geboue wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bespreek is, het daar nie groot strukturele en estetiese wysigings plaasgevind nie. Die kleur van verf wat oor die jare op die geboue aangewend is, het wel gewissel, maar aangesien dit slegs wisseling van skakerings was, het dit nie groot visuele impak gehad nie. Die aanbouings by die St Jameskerk het nie die essensie van die voorkoms van die gebou gewysig nie. Dit was dus opknappingsprosesse wat hier ter sprake was, en nie ingrypende veranderings nie.

Godsdiens is dus ’n belangrike onderdeel van die mens se kultuurlewe en die behoud van ’n materiële kultuurproduk soos ’n kerkgebou wat tasbare sowel as nie-tasbare kultuur verteenwoordig, is van wesenlike belang vir die bestudering van daardie kultuur.

6.2.1.2 Openbare geboue

6.2.1.2.1 Die Oriental Bankgebou

Figuur 6.4: Oriental Bankgebou (Foto: c1885)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Historiese agtergrond

Hierdie bank-groep het in 1873 die South African Central Bank oorgeneem en later ook met die Bank of Africa en Barclays Bank saamgesmelt (Henning 1975:48). Daar kon nie meer historiese agtergrond oor die bank-groep opgespoor word nie.

Die bankgebou was in Somersetstraat geleë en was ‘n baie eenvoudige staandak-gebou. Dié Roe-foto is tydens die later Victoriaanse periode op Graaff-Reinet geneem, want regs van die bankgebou kan Victoriaanse stylkenmerke op die naasliggende woonhuis gesien word. Die belang van die foto lê in die feit dat dit die eenvoud en volksaard van die meeste van die vroeë bankgeboue op die platteland uitwys. Baie van die klein bankgeboue het stylloos daar uitgesien. Die gebou is tans (2014) reeds gesloop en die foto kan dus nie ’n rol speel by bewaring van die spesifieke gebou nie, maar kan wel ’n groot bydrae maak tot verskeie ander studie-onderwerpe, byvoorbeeld Graaff-Reinet in die laat neëntiende eeu, straatbeelde, plattelandse bankgeboue in die neëntiende eeu en koloniale Victoriaanse argitektuur.

Dit is ’n duidelik geposeerde foto met die ses mans op die stoep, van wie een ’n koerant vashou. Sake van die dag is heel waarskynlik onder bespreking. Twee van die mans kyk direk na die kamera. Die mans was moontlik amptenare en/of kliënte van die bank. Die stamme van bome op die foto lyk oud en hulle is waarskynlik kort gesnoei om blare uit die geute te hou.

Stylkenmerke

Skoorsteen-entgewels kom op die kante van die gebou voor. Dit is waarskynlik omdat die gebou in so ’n eenvoudige styl gebou is, dit nooit ’n voorgewel gehad het nie. In die entgewel wat sigbaar is op die foto, kom ’n rondeboog gewelvenster voor. ’n Eenvoudige kroonlys met hoekrustiekwerk dien as versiering. Rustiekwerk in die vorm van blokke verbreek dus die gladde oppervlakte van die muur by die hoeke van die gebou. Rondom die vensters en deur van dié simmetriese gebou is pleisteromlystings aangebring.

Die voordeur is nie duidelik sigbaar nie, maar dit was waarskynlik ’n dubbeldeur wat horisontaal verdeel was en met kussingpanele as versiering. Bo die voordeur is ’n bolig sigbaar. Die gebou het groot skuifraamvensters (*transitional Cape transomeless*) waarvan die ruitstafies wit geverf is. Die vensters het twaalf klein ruitjies per skuifraam.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is nie ’n baie groot gebou nie en dit kan ’n aanduiding wees dat die bank nie soveel kliënte getrek het soos wat byvoorbeeld met Standard Bank die geval was nie. Die meeste van die bankgeboue van daardie tyd was egter sulke klein geboutjies, behalwe hier en daar is groter geboue soos dié deur Standard Bank opgerig. Die naam van die bank is bokant die vensters en deur aangebring.

6.2.1.2.2 Standard Bankgebou

Figuur 6.5: Standard Bankgebou in Kerkstraat (Gebou: 1853-1855; foto: c1911)

Historiese agtergrond

Hierdie dubbelverdieping gebou is in Kerkstraat oorkant die NG Grootkerk geleë. Dit huisves tans (2014) Absa Bank.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die huis met Georgiaanse invloed is tussen 1853 en 1855 opgerig as woning vir die eerste eienaar, JL Leep, die offisiële landmeter op die dorp. Dit was ook in dié huis waar Helena, dogter van die prominente sakeman Carl Wille, in 1904 met dr Massey in die huwelik getree het. Die onthaal is agter die huis in die tuin gehou.

Standard Bank het in 1873 ’n tak in Graaff-Reinet geopen. Bankure was vanaf negeuur soggens tot vieruur smiddags in die somer en net tot drieuur smiddags gedurende die wintermaande. J Merriman, die broer van die bekende Eerste Minister van die Kaapkolonie, John X Merriman (1841-1926), was bankbestuurder van Standard Bank op Graaff-Reinet gedurende die vroeë 1880’s. Na die Cape of Good Hope Bank in 1890 gesluit het, was Standard Bank vir ’n kort tyd die enigste bank op die dorp (Minnaar 1987:58-59; Henning 1975:48).

Kort ná 1910 is die huis aan Standard Bank verkoop en die foto is waarskynlik kort daarna geneem. Standard Bank het die gebou in 1955 aan “The Colonial Mutual Assurance Society” verkoop, waarna die voorloper van Absa Bank naamlik Volkskas Bank, dit in 1968 gekoop het. In 1990 is die gebou na sy oorspronklike voorkoms en styl gerestoureer (Mark Senekal 2013:onderhoud). Dit kon plaasvind danksy William Roe se foto van die gebou asook verskeie straatbeelde wat hy gefotografeer het. Dit was vir Absa as bankgroep belangrik dat hulle die gebou volgens die Roe-foto kon herstel.

Stylkenmerke

Soos reeds genoem is die invloed van die Georgiaanse styl duidelik in Graaff-Reinet se geboue sigbaar. Tipiese kenmerke is ’n eenvoudige dubbelverdieping met reguit lyne, simmetrie, en by die oos-Kaapse Georgiaanse styl wat nog baie Britse invloed getoon het, was ’n sinkstaandak tipies.

Hierdie dubbelverdieping gebou op die foto het ’n sinkstaandak. Dit is ’n eenvoudige gebou met min versieringsmotiewe. Die hele gebou is wel met rustiekwerk in die vorm van blokke versier en rondom die voordeur kom gepleisterde geprofileerde deuromlysting voor. Hoewel die deur nie simmetries op die straataansig tussen die vensters sit nie, vergoed die ander eweredig-geplaasde vensters daarvoor. Die vensters het luike van die hortjie-tipe wat die hele venster toe maak. Die vensters kan opskuif en het twaalf ruite per skuifraamvenster. Die hortjies hou die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gebou koel gedurende die warm somerdae en in die wintermaande help dit om die hitte binne te hou.

Die deur van die gebou se bolig is met houtwerk versier. Die voordeur was waarskynlik ’n dubbeldeur met houtpanele wat geprofileer is. Daar is ’n klipstoep rondom gebou en reg langs die gebou is ’n muurtjie met ’n boogvormige hek wat na die erf lei. Op die klipstoep staan netjies geklede mans wat waarskynlik kliënte of werknemers van die bank is. Dié mense poseer duidelik vir die foto. Daar loop ’n watervoor voor die gebou en een van die mans rus sy been op die trap oor die voor.

6.2.1.2.3 Wimble se winkel

Figuur 6.6: Wimble winkelgebou op die hoek van Caledonstraat en Markplein (Foto: c1885)

Historiese agtergrond

Hierdie Roe-foto van SE Wimble se winkel wat op die suidelike hoek van Caledonstraat en Markplein geleë was, bied aan die leser ’n blik op hoe handel gedryf is gedurende die later jare van die neëntiende eeu op Graaff-Reinet. Daar is baie handelsware op die stoep van die winkel wat te koop aangebied word. Dit wil dus voorkom asof dit goed gaan met die handel op die dorp. Graaff-Reinet het as hoof deurgangsroete na die noorde gedien. Daar kan nie met sekerheid gesê word presies wanneer dié foto geneem is nie, maar dit word geskat op c1885.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar kon nie inligting oor die boudatum van dié winkelgebou opgespoor word nie, maar daar is vasgestel dat die gebou in 1853 deur Heugh en Wimble aangekoop is en as “Wimble’s Corner” bekend gestaan het (Minnaar 1987:61). Die winkel het die vertoonvenster van die dorp se handelaars geword en ’n groot verskeidenheid goedere is hier te koop aangebied. In ’n advertensie wat in die *Graaff-Reinet Herald* van 1855 verskyn het, word onder meer die volgende ware aangebied: koffie, suiker, rys, tee, sop en meel asook blom- en groentesaad. Dan word daar ook verskillende alkoholiese dranksoorte soos brandewyn, port en wyn te koop aangebied. Die advertensie wys ook op die beskikbaarheid van geelhoutplanke, ysterprodukte, steenkool en *eagle* ploeë (Henning 1975: Figuur 10).

Die winkel het vir dertig jaar handel gedryf voordat dit in 1883 afgebrand het. Nadat dit herbou is, het dit van eienaars verwissel en Wille en Wertheim het dit gekoop, wat dit op hulle beurt weer in 1896 aan twee vroue genaamd Tunstall en Grant verkoop het. Laasgenoemdes het tot in 1914 besigheid in die gebou bedryf. Op 29 Augustus 1929 het die winkelgroep Bergers hulle besigheid in die gebou geopen en het hier handel gedryf tot nog ’n brand die gebou op 10 November 1985 in puin gelê het (Minnaar 1987:61). Die gebou is daarna weer herstel en is nog steeds (2014) deel van die dorp se sakekern. Dit is nie seker of daar van die Roe-foto gebruik gemaak is tydens die herstel nie, maar die voorkoms het drasties verander. Die groot ronde pilare is afgebreek en die boonste verdieping is ook verwyder.

Graaff-Reinet, met ’n bevolking van 4562 inwoners in 1875, was met die neem van die foto die belangrikste handelsentrum in die binneland van Suid-Afrika. Algoabaai was die hawe wat deur die mense van die binnelandse streek gebruik is en die hawebedrywighede en handel met die binneland het na die ontdekking van diamante vinnig toegeneem. In ’n gids (*directory*) wat inligting oor Graaff-Reinet en omgewing verskaf, staan die volgende geskryf oor Graaff-Reinet van daardie tyd: “It has made more rapid advancement towards commercial importance than any other town in the Colony, and the inhabitants are particularly notable for their enterprise and business energy” (Schoeman 1996:62). Koetse wat spesiaal vir passasiers daargestel is, het gereeld vanaf Port Elizabeth na Graaff-Reinet en Kimberley vertrek en ossewaens het goedere stadig en moeisaam na alle dele van die binneland vervoer (Schoeman 1996:62).

Op die foto kan baie van die handelsware wat te koop aangebied is, gesien word. Dit wil voorkom asof boerderybenodigdhede soos ploeë en watertenks buite die winkel uitgestal is. ’n Groot span osse staan en lê rustig voor die winkel en ’n werker staan met sy rug na die kamera.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy is waarskynlik aangestel om na die osse om te sien. Roe het nie met hierdie foto gebruik gemaak van mense wat vir die foto poseer nie, aangesien die paar osse die nodige voorgrond verskaf.

Dié foto is baie waardevol vanuit kultuurhistoriese perspektief, want die landbou-implemente wat voor die winkel staan, die spanne osse asook die ossewa bied belangrike inligting vir die navorser. Die foto kan bestudeer word om ’n idee van die atmosfeer van ’n plattelandse dorp gedurende die laat neëntiende eeu te kry. Die foto dui Graaff-Reinet se identiteit as ’n handelsentrum vir omliggende dorpe en plase gedurende die laaste dekades van die neëntiende eeu aan.

Nadat die winkelgebou op 10 September 1883 afgebrand het, het daar ’n liedjie daaroor ontstaan wat soos volg gelui het: *“Mr Wimble’s store in flames I saw – Dear me! Is it possible? I jumped down the chimney and blew out the flames – Dear me! Is it possible?” (*Henning 1997:69*).* Die groep *Bone and Sambo* het die liedjie tot groot vermaak van die toeskouers tydens ’n konsert op die dorp gesing (Henning 1975:69). Ná ’n ramp word dikwels grappe daaroor gemaak of soms word ’n liedjie of gedig daaroor geskryf. Dit het gehelp om die gebeure te verwerk en dit was waarskynlik ook met bogenoemde liedjie die geval.

Stylkenmerke

Hierdie dubbelverdieping staandakgebou het ’n Georgiaanse voorkoms en lyk met die eerste oogopslag simmetries, maar op die stoep links is die houtdeur met bolig nie simmetries tussen die vensters geplaas nie. Die deure is waarskynlik verskuif toe dit ’n winkel geword het. Die vensters op die onderstoep is skuifraamvensters met hortjies wat kan toemaak. Dit lyk asof die houthortjies die hele venster toemaak. Op die regterkantste stoep kom nog ’n houtdeur uit. Rondom die stoep kom daar dik ongegroefde Doriese suile voor wat die veranda ondersteun. Die boonste verdieping het groot skuifraamvensters waarvan die meeste op die foto effens opgeskuif is. Die eerste verdieping is moontlik ook as uitstalruimte vir die winkel gebruik, of die winkeleienaar kon dit as woonhuis gebruik het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.1.2.4 Die drosdy

Figuur 6.7: Eerste drosdygebou (Gebou: 1806; Foto c1878)

Historiese agtergrond

Roe het hierdie gebou in verskillende tydperke afgeneem. Twee van die tydperke in die bestaan van die gebou word bespreek. Daar bestaan ook Roe-foto's van die drosdy nadat die grasdak met 'n sinkplaatdak vervang is, die gewels verwyder, en 'n Victoriaanse veranda op die stoep aangebring is.

Toe daar tydens die Interregnum van die Bataafse Republiek onder kommissaris-generaal De Mist besluit is dat nuwe drosdye opgerig moes word, is Louis Michel Thibault, 'n Franse argitek wat as 'n milltêre ingenieur na die Kaap gekom het saam met die Franse weermagregiment De Meuron, opdrag gegee om die ontwerpe vir Graaff-Reinet en Tulbagh se drosdye te doen (SESA Vol 10 1975: 489-490).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Thibault kon nie self oor die bouprojek van die drosdy toesig hou nie en daar is afgewyk van sy oorspronklike ontwerp-planne. Die projek is in 1806 voltooi (Nunn 2008:52). Volgens Visser is daar wesenlike verskille tussen Thibault se ontwerp en die drosdy soos dit gebou is (1977:2).

In die tydperk wat die gebou amptelik as drosdy gebruik is, het onder meer lord Charles Somerset (1817), sir Rufane Donkin (1821), generaal Bourke (1826) en sir Richard Plasket (1827) daar oornag (Henning 1986:42). Vanaf 1819 tot 1847 is die gebou as amptelike woonhuis vir die plaaslike magistrate gebruik, waarna dit saam met die groot erf op ’n amptelike veiling van die hand gesit is, en JF Ziervogel die gebou gekoop het. Die gebou is verdeel en het ’n paar maal van eienaar verwissel tot Henry Kromm dit in 1878 gekoop en met die nodige veranderings dit in ’n hotel verander het. Die gebou het toe bekend gestaan as die Kromms Drostdy Hotel. Kort na 1900 is dit in ’n dubbelverdieping verander met ’n Victoriaanse fasade. Kromm het die hotelgebou in 1903 verkoop, maar dit is nog altyd as hotel bedryf (Nunn 2008:52).

In 1975 het Historiese Huise van Suid-Afrika onder die vaandel van die Oude Meestergroep die huis bekom en is dit onder leiding van die argitek Dirk Visser van die Kaapstadse firma Munnik, Visser, Black en Fish tot sy oorspronklike voorkoms gerestoureer (Visser 1977:1).

Die foto wat hier bespreek word, is geneem voor die gebou vervictoriaans is. Hy het wel die gebou ook met sy Victoriaanse fasades afgeneem en dit bevestig weer eens die belang van sy werk, aangesien daar vir bewaringsdoeleindes duidelike bewyse is van hoe die gebou deur die jare verander het. Toe daar in die 1970’s begin is om die gebou na sy oorspronklike vorm terug te neem, is daar van Roe-foto’s en ’n potloodskets deur die reisiger William Burchell in die Gubbins-versameling in die Museum Africa in Johannesburg, gebruik gemaak (Visser 1977:3). William Burchell het die skets gemaak tydens sy besoek aan Graaff-Reinet in 1812 (Fransen 2006:112). In bronne soos dié van Hans Fransen van 1981 en 2005, asook in die werk van Tony Nunn wat in 2008 gepubliseer is, verskyn die Roe-foto wat circa 1880 geneem is.

Stylkenmerke

Die drosdy is ’n Kaaps-Hollandse gewelhuis in die vorm van die letter U, met vleuels van gelyke breedte wat ’n *gaanderij* of eetkamer met plat dak omsluit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Louis Michel Thibault se gewel-ontwerp vir die drosdy op Graaff-Reinet het herinner aan die werk van die Neo-Klassieke Franse argitek Etienne-Louis Boullée. Volgens Visser het die gewel die voorkoms van ’n koepel bo ’n trapvormige koepelmuur met ’n klassieke fronton: ’n verwerking van die fasade van die Panteon in Rome. Die Graaff-Reinet-ontwerp van ’n drosdy is volgens Visser meer geslaagd as Thibault se ander gewelontwerpe en toon dit ’n mate van begrip vir die Kaapse volksboukuns waarvan die Kaaps-Hollandse boukuns deel was (1977:1). Dit is dan ook baie duidelik op die foto sigbaar. Dit is debatteerbaar of Kaaps-Hollandse boukuns werklik volksboukuns is, omdat dit stylelemente bevat wat patrisiërkultuur verteenwoordig.

Die fasade van die gebou is proporsioneel ontwerp – Visser noem die ontwerp “sober” met net genoeg ornament om nie strak te lyk nie. Die sentrale motief bestaan uit twee pilasters met triglief-vormige elemente in plaas van kapitele wat die fronton dra met die koepel (gewel) daarbo. Die muurvlak onder die fronton is effens teruggesit en bevat die deur. Die deurpilasters en kroonlys dra ’n vierkantige paneel met die wapenskild van Graaff-Reinet daarop (Visser 1977:1). Visser se beskrywing is nie heeltemal juis nie, want dit is in werklikheid sterk geprofileerde kapitele aan die bokant van die pilasters, en beslis nie trigliewe nie. Fransen beskryf die fasade met die geometriese patrone en motiewe as die werk van ’n sonderlinge argitek (2005:220).

Die hoeke van die gebou is in die vorm van groot pilasters met lyswerk op dieselfde hoogte as dié van die voorgewel. Hierdie komposisie staan op ’n breë stoep ongeveer een meter hoog en met ’n trap ongeveer agt meter breed tussen kubusvorminge blokke, elk so wyd soos ’n venster. Daar is ’n stoepbank van tradisionele ontwerp aan beide kante van die stoep (Visser 1977:1).

Dit is sigbaar op die foto dat die rand van die gewel omlys is met ’n primitiewe geprofileerde kroonlys en op die muurvlak van die gewel is blommotiewe aangebring. Thibault het lae, amper vierkantige vensters in sy ontwerp voorgestel, maar daar is hoë skuifraamvensters ingesit. Tydens die restourasieproses is oorblyfsels van draboë in die messelwerk gevind, presies op die hoogte waar hulle verwag word indien die vensters soos op Thibault se ontwerp sou gewees het. Hierdie vier skuifraamvensters was die enigstes in hulle soort in die oorspronklike gebou (Visser 1977:2). Die vensters het luike wat net die onderste vensters toemaak en soliede plankluike is, nie die hortjie-tipe wat by so baie geboue in Graaff-Reinet voorkom nie. Die luike is met profilering op die houtwerk versier.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die voordeur bestaan uit twee swaar houtdeure wat deur die jare oorspronklik gebly het. Die houtpanele in die deure word met profileerwerk versier. Op die foto is daar regs op die stoep nog ’n dubbeldeur sigbaar.

In 2014 word daar weer aan die drosdy gewerk en is die hotel ’n onbepaalde tydperk gesluit. Die foto wat hierna bespreek gaan word is die drosdy circa 1905 nadat dit in ’n dubbelverdieping omskep is**.**

6.2.1.2.5 Die Drosdyhotel

Figuur 6.8: Victoriaanse dubbelverdieping Drosdyhotel (gebou: 1806; verander na dubbelverdieping 1904; foto: c1905)

Veranderinge aan die drosdy oor die jare

Inligting oor die veranderinge aan die drosdy is beskikbaar gestel deur die argitek Dirk Visser wat waardevolle inligting aan die kultuurhistorikus sowel as argitekte bied. Soos vroeër vermeld, het William Roe die drosdy in verskillende style afgeneem en dit bewys weer eens die groot waarde van die Roe-foto’s in bewaring.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op die Roe-foto van die drosdy, ná sy verandering van ’n Kaaps-Hollandse gewelhuis na ’n enkelverdieping Victoriaanse gebou, na ’n heelwat groter Victoriaanse hotelgebou, is daar soveel kultuurhistoriese inligting waar te neem. Op die foto verskyn minstens 24 mense. Op die veranda op die eerste verdieping staan deftig geklede vroue wat poseer vir die fotograaf. Voor die hotelgebou staan rytuie. Een van die rytuie wat deur ’n blink perd getrek word, is waarskynlik die koets waarmee passasiers in die dorp rond en veral stasie toe en terug vervoer is. Die drywer van die koets hou die leisels van die perd vas. Die ander rytuig lyk meer na ’n wa waarmee goedere vervoer kon word. Die hotel se voorrade asook die hotelgaste se bagasie is heel moontlik met hierdie wa, wat deur twee wit perde getrek is, vervoer. Links op die foto is ’n waentjie wat moontlik gebruik is om groente en selfs steenkool vir die hotel se kombuis aan te ry .

Van die eerste veranderinge aan die gebou was die aanbring van twee kaggels, een teen elke endgewel, en die gangvormige aanbouings met plat dakke langs die vleuels aan weerskante van die binnehof van die gebou. Hierdie veranderinge is moontlik deur Ziervogel gedoen kort nadat hy in 1847 die eienaar van die gebou geword het. Toe Kromm’s Hotel in April 1876 geopen het, is die ou kombuis in die noordvleuel omskep in ’n kroeg, maar kort daarna is hierdie funksie na die voorkant van die gebou verskuif nadat twee vertrekke regs van die voorhuis uitgebreek is om een groot vertrek te vorm. Die noordvenster is verander in ’n ingangsdeur vir die kroeg. Die kroegrakke is na hierdie lokaal gebring asook die toonbank wat verleng is deur ’n geronde gedeelte by te voeg. Die kroeg het op dieselfde plek in die gebou gebly tot met die aanvang van die restourasie in 1975-76 (Visser 1977:3).

In 1879 word groot veranderings aangebring. Die gebou is vergroot om tien nuwe slaapkamers en ’n biljartkamer te voorsien. Die eetkamer is vergroot sodat vyftig gaste gelyktydig kon aansit vir ete. ’n Sitkamer vir dames is ook ingerig. Dit was heel waarskynlik met hierdie verbouings dat die strooidak afgegooi is, die gewels gesloop en ’n sinkdak en veranda aangebring is (Visser 1977:3).

Vroeg in die twintigste eeu word die toe reeds honderd jaar oue mure hoër gebou om ’n eerste verdieping met agtien bykomende slaapkamers te verskaf. Hierdie kamers is bo-op die voorste en noordvleuels (op regterhand) gebou; die suidvleuel (op linkerhand) het enkelverdieping gebly. Die oorblywende gewelmure, met die uitsondering van die suid-westelike (links agter), is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toe gesloop. Die boonste verdieping was ’n heeltemal nuwe struktuur, gebou bo-oor die ou soldervloer wat dus gelukkig behoue gebly het. Ongelukkig is die skuinsdakkonstruksie en balke van die *gaanderij* toe verwyder. Hierdie mooiste vertrek van die ou drosdy is verder geskend deurdat dit onderverdeel is in twee klein sitkamertjies met ’n trapportaal in die middel. Die suidelike buitemuur van die kombuis is gedeeltelik gesloop, ’n gedeelte van die wes-muur van die *gaanderij* is verbreek om ’n erkervenster in te sit en die noord-muur na Parlementstraat is verbreek om ’n sonkamer aan te bou (Visser 1977:3).

In die *Commercial review of the Cape Colony* van 1905 word berig dat die Drosdy-hotel as een van die bestes in die land beskou word. Die skrywer verwys na die verbeterings wat die vorige jaar aan die hotel gedoen is, daarom kan daar met sekerheid gesê word dat dit in 1904 plaasgevind het. Na die vergroting van die gebou in 1904 beskik die dubbelverdiepinghotel oor onder meer 30 kamers, ’n groot eetkamer, biljartkamer, damessitkamer asook ’n leeskamer. Baie van die kamers het op die stoepe uitgeloop. Daar word ook melding gemaak van die goeie kos wat voorgesit is, asook die groot verskeidenheid dranksoorte wat beskikbaar was (1905:57).

Die sinkdak, ruim stoepe met verandas wat met balustrades en versierde houtsnywerk versier is, is baie duidelik op die foto sigbaar. Daar is ook seile wat kan afrol op die onderste stoep se veranda aangebring om die son se hitte van die hotelgaste af te keer.

Dit is min of meer hoe die drosdy in 1974 nog daar uitgesien het toe daar met die beplanning vir die restourasie van die hotel begin is. Roe se panoramiese foto’s van Graaff-Reinet was van onskatbare waarde omdat heelwat inligting in verband met die oorspronklike vorm van die gebou uit dié foto-panoramas verkry is.

Danksy baie rolspelers, van wie William Roe een is, speel die gerestoureerde Drosdyhotel ’n betekenisvolle rol in die geheelbeeld van Pastoriestraat op Graaff-Reinet. Soos Reinethuis die straatbeeld aan die oostekant afsluit, so sluit die Drosdyhotel dit aan die westekant af.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.1.2.6 Die ou openbare biblioteekgebou



Figuur 6.9: Die Ou Biblioteek in Kerkstraat (Gebou: 1847; Foto: c1880)

Historiese agtergrond

Gedurende die bediening van ds A Faure (1818-1822) is daar ’n klein biblioteek in die konsistorie van die NG Kerk gehuisves. Dit was egter eers in 1847 dat daar ’n groter gebou spesiaal as biblioteek gebou is en vir die inwoners van die dorp beskikbaar gestel is. In Mei 1853 beskryf die *Graaff-Reinet Herald* die biblioteekgebou as die enigste openbare gebou op die dorp (Lawrie 1953:106).

Dit is gepas dat Roe ’n foto van die biblioteekgebou geneem het, want die biblioteek op die dorp het hom na aan die hart gelê en hy het vir baie jare op die biblioteek-komitee gedien. Hierdie foto is rondom 1880 geneem, want die suidelike vleuel is reeds aangebou, maar die Victoriaanse veranda is nog nie aangebring nie. Met die dood van Roe in 1916 het die destydse voorsitter van die biblioteek-komitee, mnr E Welsh, die volgende huldeblyk gelewer: “During the year the Committee lost the services of its oldest and most valued member through the death of Mr W Roe, and they would like to record their sense of the great loss the Institution sustained by

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

the event. By his death a landmark in the history of the town has passed away" (Lawrie 1953:111).

Die sentrale deel van die biblioteekgebou is op 4 Augustus 1847 geopen. Die suidelike vleuel is in 1878 aangebou en die noordelike vleuel (op die hoek van Kerk- en Somersetstraat) in 1926. Gemeet aan huidige standaarde was die oorspronklike biblioteek klein, maar dit het aan die behoeftes van 'n uitgelese kring van lesers voldoen. Die biblioteek-komitee het gepoog om belangstelling te stimuleer, kennis te vermeerder en die inkomste van die biblioteek aan te vul. Daar is gereeld lesings gehou oor literêre en wetenskaplike onderwerpe deur plaaslike asook besoekende deskundiges. Konserte en danspartye is aangemoedig om geld vir die biblioteek in te samel, asook om die dorp se sosiale en kulturele lewe te stimuleer (Henning 1986:58).

In 'n koerantberig wat in 1968 in die *Graaff-Reinet Advertiser* verskyn het, vertel die skrywer Rabone dat mej Caroline Liesching baie jare bibliotekaresse van dié biblioteek was, en dat na haar dood, mnr SC Hayman die pos gevul het. Hy was die eerste hoof van die biblioteek wat die stelsel van uit- en inteken van boeke vir 'n sekere leentydperk geïmplimenteer het. Dit het vir die eerste keer kontrole oor die inhoud van die biblioteek gebring (Rabone 1968:4). Mej I Lawrie het egter in 'n rubriek wat in 1953 verskyn het, verwys na twee Liesching-susters, Betty en Caroline, wat vir 30 jaar (1872-1903) in beheer van die biblioteek was en dat mnr Hayman in 1903 vanuit Engeland gekom het om beheer oor die biblioteek oor te neem (Lawrie 1953:110). Die twee weergawes van 'n fragment van die biblioteek se geskiedenis wys op die kwesbaarheid van geheue as bron, aangesien albei artikels op die skrywers se geheue berus het. Hoewel dit nie hier oor die gebou as sodanig gaan nie, vorm die geskiedenis van die personeel 'n integrale deel van die holistiese beeld van die biblioteek.

Beligting in die biblioteekgebou was aanvanklik net kerslig, maar in 1868 is daar olielampe aangekoop wat in 1904 deur asetileen-gaslampe vervang is (Nunn 2008:70). Die plek van die oorspronklike montering van die gaslampe is steeds sigbaar bokant die voordeur van die gebou.

Delco elektrisiteit is lig wat deur middel van 'n battery-aangedrewe onstekingstelsel verskaf word (Barach gd: www.motorera.com/...). Hierdie delco elektrisiteit is in 1918 in die biblioteek aangebring en die aansluiting by die dorp se elektrisiteit het in 1925 plaasgevind (Nunn 2008:70).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die gebou het die dorp tot in 1981 as biblioteek gedien toe daar na die biblioteekgebou in Pastoriestraat verhuis is. Die munisipaliteit het die gebou aan die Graaff-Reinet Museum geskenk om deel van hulle kompleks te word. Die gebou huisves tans (2014) ’n groot verskeidenheid Karoofossiele en rotskuns asook ’n nuwe spesialis-uitstalling oor Robert Mangaliso Sobukwe (1924-1978), ’n boorling van die dorp. Sobukwe het ’n groot rol tydens die anti-apartheidsvryheidstryd gespeel en hy het die PAC (Pan African Congress) gelei tydens massabetogings teen paswette. Sobukwe is op Graaff-Reinet begrawe, waar sy familie steeds woon. Daar is ook uitstallings oor slawerny, veral met betrekking tot slawe van Graaff-Reinet en distrik, in dié gebou te sien.

Stylkenmerke

Die staandakgebou wat op die Roe-foto verskyn is asimmetries. Daar kom wel simmetrie voor by die aantal vensters aan weerskante van die voordeur, maar regs op die foto is ’n erkervenster. In 1926 is daar ook aan die noordekant (links op die foto en op die hoek van Kerk- en Somersetstraat) ’n vleuel met ’n erkervenster gebou wat die gebou simmetries gemaak het.

Die erkervleuel het ’n driehoekige Neo-Klassieke gewel met pleister-tandlysversierings op die geprofileerde kroonlys van die gewel. Hierdie tandlysversierings word by die dakkie bokant die erkervenster herhaal. Die onderste kroonlys van die pediment word onderbreek met pleisterwerk in die vorm van ’n halwe sirkel. Pilasters vanuit die grond kom aan weerskante van die gewel voor. Die pilasters eindig in ’n geprofileerde kroonlys. Profileerwerk op die pilaster kom ook ongeveer 75cm van die grond af voor. Die hele gebou is met rustiekwerk, in die vorm van groot blokke, versier. Dit kan wees dat die rustiekwerk as versiering later aangebring is, aangesien rustiekwerk ’n uitvloeisel van die Victoriaanse invloed op die argitektuurstyle was. ’n Skoorsteen van ’n kaggel is regs bokant die dak sigbaar.

Die erkervenster bestaan uit drie skuifraam-houtvensters waarvan die middelste venster die grootste is met agt ruite. Die vensters aan weerskante van die middelste groter venster kom as skuifraamvensters voor. Dit bevat elk twee ruite. Die vensters word ondersteun aan die onderkant deur ’n paneel met reghoekige versieringsmotiewe en profilering.

Daar is duidelik opgehewe rustiekwerk rondom die dubbelhoutdeur sigbaar. Die bolig is boogvormig met ruitstafies wat in die vorm van ’n waaier ingesit is. Die deur is ’n swaar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dubbelhoutdeur waarvan die houtpanele met profileerwerk versier is. Die skuifraamvensters aan weerskante van die voordeur het houtluike by die onderste deel van die skuifraamvensters. Bokant die bolig van die voordeur is daar ’n versiering aangebring wat nie duidelik sigbaar is op die foto nie.

6.2.1.2.7 Urquharthuis

Figuur 6.10: Urquharthuis op Markplein (Gebou: 1806-1821; Foto: c1878)

Historiese agtergrond

Die Roe-foto van Urquharthuis is rondom 1878 geneem. Op die foto verskyn ook ’n man op ’n perd. Die perd het nie stil gestaan nie, dus is die man uit fokus. Roe het die komposisie vir die foto, wat nou al ’n duidelike kenmerk van sy foto’s is, opgestel. Hy het weer mense op verskillende plekke geplaas. Daar is ook ’n leer staangemaak teen die muur van die huis en twee houtsitbanke aan weerskante van die voordeur. Die foto is geneem toe die gebou as hotel gedien het, dus kon van die mense op die foto besoekers aan die dorp gewees het. Die ruiter en perd kon een van die besoekers gewees het, want daar is in die hotel omgesien na ruiter en perd. Die hotel het perdestalle asook kos en water voorsien.

Die erf waarop Urquharthuis opgerig is, is op 1 Januarie 1806 aan Johan Hendrik Gryling toegeken. Gryling was vanaf 1815 tot 1822 ’n lid van die heemraad op Graaff-Reinet. Hy het in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1816 ook die aangrensende erf langs die huis van Godlieb Pichel aangekoop. Die presiese jaar waarin daar met die bou van die huis begin is, is onseker, maar dit moes tussen 1806 en 1821 gewees het. Die bekende Thompson 1823-kaart van Graaff-Reinet dui ’n huis aan wat aan die beskrywing van Urquharthuis voldoen (Whitlock 1993:4).

Daar is baie min bekend oor die volgende twee eienaars van die huis. Samuel Oertel het die eiendom gekoop uit die insolvente boedel van Jan Cornelis. Oertel wat in Nurenberg gebore is en met ’n Wilke-vrou getroud was, was ’n handelaar op die dorp. Charles James Spiller, ’n 1820 setlaar, het op 22 November 1836 oordrag van die huis geneem. Hy het veranderings aan die huis aangebring. Spiller was ’n prominente sakeman in Graaff-Reinet en het ’n platdakgebou as winkel langs die huis opgerig. Die winkel is duidelik op die foto van Urquharthuis sigbaar. Spiller is op 14 Mei1866 in die huis deur rowers oorval en met ’n assegaai doodgesteek. Hierna is die huis oorgedra in die naam van ses persone. Die huis het dus vanaf 1870-1874 aan Wimble, Nathan, Weinthal, Bauman, Schönfeld asook die boedel van oorlede James Parkes behoort (Whitlock 1993:6; Museumbrosjure gd:1).

Dié konsortium het die huis vir ’n kort ruk besit en op 4 September 1874 koop David Schultz die huis. Dit is dan ook Schultz wat die groot Victoriaanse veranderings aan die gebou aangebring het. Schultz het die huis in ’n hotel, die Clegg’s Midland Hotel, omskep, maar dit het nie vir baie jare as hotel diens gedoen nie (Whitlock 1993:5-7). Die Roe-foto van die huis wat hier afgebeeld word, is tydens dié tydperk as Clegg’s Midland Hotel geneem.

Urquharthuis is in 1912 ná die afsterwe van Schultz deur Herbert Urquhart aangekoop. Hy was vanaf 1915-1936 die burgemeester van Graaff-Reinet. Hy was ’n gesiene sakeman en baie geliefde inwoner van die dorp. Herbert sterf op 23 September 1943, maar sy weduwee Mabel Sophia Urquhart (gebore Van Niekerk) het aangebly in die huis tot haar dood in 1964 (Whitlock 1993:8). Die Urquharts het die huis “Kensington” genoem, na Herbert Urquhart se geboorteplek in Londen, Engeland. Nadat die munisipaliteit dit in 1964 aangekoop het, is daar besluit om die gebou Urquharthuis te noem.

Die Graaff-Reinetse munisipaliteit het die eiendom vir R19 000 aangekoop, maar het skynbaar nooit geweet wat om met die gebou te maak nie en dit is aanvanklik as koshuis vir toergroepe en later as kantoorruimte gebruik. Die huis het vir lang tye leeg gestaan en vervalle begin raak. In 1987 het die munisipaliteit die eiendom aan die Graaff-Reinet Museum verkoop vir die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

minimale bedrag van R2. Die voorwaarde was dat die huis binne vyf jaar na sy ou Kaaps-Hollandse voorkoms terug verander moes word en die museumtrusteeraad het die voorwaarde aanvaar (Whitlock 1993:22).

Peter Whitlock, ’n plaaslike argitek, het as hoof van die projek daarin geslaag dat die restourasieproses so akkuraat as moontlik uitgevoer is. Die foto van die huis asook panoramiese foto’s deur Roe van Graaff-Reinet het tot die sukses van die eindresultaat bygedra.

Objektiwiteit, eerlikheid asook kennis is die nodigste eienskappe van enige restourateur. Tydens restourasie word daar ingegryp in die ontwikkelingsgeskiedenis van ’n struktuur en word ingrypende veranderings aangebring. Hierdie veranderings moet op ’n verantwoordelike, eerlike en objektiewe wyse gedoen word sodat die publiek nooit mislei word nie.

Stylkenmerke

Urquharthuis is ’n tipiese Kaaps-Hollandse huis, met ’n Neo-Klassieke voorgewel. Dié gewels het ook volop voorgekom in die Wes-Kaap. Die huis is in ’n H-plan gebou. Daar is geen bewys dat die huis ’n agtergewel gehad het nie.

Twee pilasters ondersteun die driehoekige pediment van die gewel. Die reghoekige sentrale deel van die gewel het ’n dubbele swaairaamvenster in. Die venster bestaan uit twee kleiner vensters met ruitjies wat kan oopmaak. Die onderskeidende kenmerk van hierdie gewel is die pilasters wat die pediment ondersteun en wat herhaal word tussen die vensters asook op die hoeke van die huis. Dit is eenvoudige ongegroefde pilasters. Tussen die twee pilasters is reliëfversiering met pleisterwerk aangebring, waarvan die onderste ’n festoenmotief is. Die ankermotief op die gewelveld is nie op die foto duidelik sigbaar nie. Dit is ’n ongewone motief om op ’n gewel in die binneland aan te tref. Waarskynlik hou dit verband met die plek van oorsprong van een of meer van die mense wat betrokke was by die bou van die huis. Die twee entgewels van die huis is albei skoorsteengewels. Entgewels is by die Kaap-Hollandse huise aangebring om te keer dat sterk storms die grasdakke sou afruk.

Die huis het vier skuifraamvensters wat simmetries weerskante van die voordeur aangebring is. Die vensters het klein ruitjies, asook hortjies wat help om hitte en koue uit te hou. Die voordeur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is ’n staldeur met ’n uit-en-tuis venster. Dié venster is gebruik om lig in te laat, maar terselfdertyd die wind uit die huis te hou wanneer dit afgeskuif was. Dit was ook ’n teken dat die inwoners van die huis hulle wel tuis bevind, en kon opgeskuif word om besoekers in te laat. Twee voorbeelde van huise wat soortgelyke uit-en-tuis vensters het, is Goedemoed in die Weskaap (Bo-Bergrivier) en Klein Constantia in Kaapstad (Obholzer ea 1985:217, 113).

Schultz het die gebou weer later as woonhuis gebruik en daar is van die strooidak van die gebou ontslae geraak. Dit het al hoe moeiliker geraak om goeie gehalte strooi en riet in die Graaff-Reinet omgewing te kry; die grootste rede hiervoor blyk die droogtes wat daardie jare ondervind is, te wees. Die onderhoud van die strooidakke het ook op gereelde basis die kennis en vaardighede van opgeleide vakmanne wat die dakke moes oordek of herstelwerk doen, vereis. Die gebruik om strooidakke met sinkdakke te vervang, het ’n hoogtepunt beleef op Graaff-Reinet in die laaste twintig jaar van die neëntiende eeu. Nog ’n voordeel vir die huiseienaars was die maklike manier waarmee reënwater nou vanaf die sinkdakke deur middel van geute en tenks opgevang kon word (Whitlock 1993:8).

Die inwoners van Graaff-Reinet het ook meer modebewus geword wat betref stylkenmerke van argitektuur en meubels. So is baie huise se ou deure en vensters met meer moderne weergawes vervang. Saam met die vervanging van die dakke, vensters en deure het ook die afbreek van die Kaaps-Hollandse gewels gekom en die huise se dakke se nokke is verlaag. Die gewels het kleiner driehoekige gewels geword en is slegs vir ornamentele doeleindes gebruik (Whitlock 1993:8). Urquharthuis het al die hoog Victoriaanse veranderinge soos die geboë veranda met swierige hout figuursaagwerk en spitsversierings beleef gedurende die eienaarskap van Schultz. Nadat Herbert Urquhart die huis gekoop het, het hy die houtveranda met wit gepleisterde pilare en balustrades vervang.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.1.2.8 Reinethuis

Figuur 6.11: Reinethuis (Gebou: 1812; Foto: 30 Augustus 1866)

Historiese agtergrond

Hierdie Roe-foto is op Donderdag 30 Augustus 1866 geneem, tydens die geleentheid van die verwelkoming van ds Charles Murray as nuwe predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op Graaff-Reinet. Die datum staan agter op die foto. Charles se vader, dominee Andrew Murray (senior), is kort vantevore oorlede en op die foto is dit duidelik dat daar uit respek vir hom besluit is om sy studeerkamervenster toe te hou. Die venster word in 2014 steeds toe gehou; dit het nou al ’n kenmerk van die gebou geword. Dié gebaar uit respek vir Andrew Murray (senior) is nêrens formeel opgeteken nie; die kerkraad en inwoners van die dorp het dit spontaan begin doen (Kayster 2013:onderhoud).

Op die foto is die boog en banier versier met takke, wat voor die huis tussen die ystertralies aangebring is, duidelik sigbaar. Op die banier staan geskryf *Welkom aan onzen Leraar*. Die dorp se kinders uit verskillende skole het vanaf 12 uur die middag op die stoep en in die straat rondom die huis vergader. Dogtertjies, almal in wit rokkies geklee, het met blomruikers in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hand langs die trappe gestaan. Mee Auret, Muller en Baselt het verantwoordelikheid geneem dat die verwelkoming van ds Charles vlot sou verloop (Luscombe gd:14).

Baie van Graaff-Reinet se inwoners het op dié dag van die aankoms van ds Charles, met perde, kapkarre en koetse gery van sover as Pienaarsrivier om hom en sy gesin welkom te heet. Daar het ’n stilte by die pastorie neergedaal toe ds Charles met sy seuntjie Andrew in sy arms saam met sy vrou en ander kinders uit hulle rytuig klim. Die kinders het *There is a Happy Land* gesing en almal het om die egpaar saamgedrom om gelukwensinge oor te dra. Op Sondag 2 September 1866 is daar net een erediens op die dorp gehou sodat lidmate van die Engelse Kerke ook in die feesvieringe kon deel (Luscombe gd:15).

Benewens die talle voorbeelde van materiële kultuur wat op die foto waarneembaar is, weerspieël die foto ook nie-tasbare kultuur, soos die gebruike rondom die aankoms van ’n nuwe leraar. Die mense is netjies in hulle Sondagsdrag geklee en baie dra ’n hoed. Die mense se respek vir hulle leraar as dienaar van God is duidelik. Daar is waarskynlik tydens die geleentheid ’n diens op die stoep van die huis gehou waaraan al die mense wat die predikant ontvang het, deelgeneem het.

Reinethuis, die eerste pastorie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, is in 1812 gedurende die bediening van ds Kicherer opgerig. In 1812 was die ontdekkingsreisiger, William Burchell, ongesteld tydens een van sy reise en het vir ’n lang ruk by ds Kicherer en gesin aan huis aangesterk. Verskeie inskrywings in sy dagboek wat hy tydens dié tydperk gehou het, verwys na die goedgunstige ontvangs wat hy by die Kicherers gekry het. Daar is ook ’n verwysing na die bouproses van ’n nuwe pastorie (Museumbrosjure gd:1). Dit het alle onsekerheid uit die weg geruim oor wanneer presies Reinethuis opgerig is. Die staat het die geld vir die bou van die pastorie verskaf. Vanaf 1812 het dit as tuiste vir drie predikante gedien totdat ds Andrew Murray (senior) van Skotland dit in 1822 betrek het. Na sy dood het sy seun Charles dit tot sy dood in 1904 bewoon (Museumbrosjure gd:1; Nunn 2008:55).

Vanaf 1906 is die gebou as ’n losieshuis vir voornemende onderwyseresse gebruik. Dit is gedurende hierdie periode dat Helen Murray, die suster van Charles Murray en hoof van die Midland Seminary-skool, die gebou “Reinethuis” gedoop het. Later is die gebou as koshuis vir manstudente van die Opleidingskollege gebruik totdat dit in 1944 vanweë bouvalligheid ontruim is (Museumbrosjure gd:1).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1949 het die Graaff-Reinetse reklamevereniging die huis, wat intussen intensiewe argitektoniese veranderings ondergaan het, vir R4000 van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aangekoop. Dié geld saam met ’n ekstra R350 vir die erf agter die huis, is deur die inwoners van die dorp ingesamel (Museumbrosjure gd:1). Toe dit onbewoon was en vinnig verval het, is daar voorgestel dat die gebou gesloop word om plek in te ruim vir ’n moderne woonstelblok. Dit het ’n klein groep mense, onder andere Isobel Lawrie, kleindogter van Charles Murray en mnr AA Kingwill, bekende boer in die Graaff-Reinet se distrik, aangespoor om fondse in te samel en die gebou as ’n Nasionale Gedenkwaardigheid te laat verklaar (Eaton 1981:5).

Die bekende argitek Norman Eaton van Pretoria het aan die hoof gestaan van die groot taak om die huis te restoureer. Hy verwys in sy verslag oor die restourasie van Reinethuis na die foto van William Roe. Eaton beweer dat fotografie as ’n onbetroubare bron beskou kan word, maar dit is direk in teenstelling met wat in hierdie ondersoek bevestig is – fotografie is ’n baie betroubare bron in bewaring en dit word bewys deur die groot rol wat Roe se foto’s speel om eerlike en objektiewe restourasieprosesse op Graaff-Reinet uit te voer.

Tydens die restourasie-periode het Eaton die 1866 Roe-foto en ’n foto wat in 1952 geneem is, vergelyk, en met teleurstelling opgemerk dat dit haas ondenkbaar is dat daar toegelaat is dat ’n historiese gebou so kon verval (Museumbrosjure gd:5).

Nadat Eaton en sy span vier jaar aan die huis se restourasie gewerk het, is die Reinethuis in 1956 amptelik as die Graaff-Reinetse museum deur dr EG Jansen geopen (Clinton Harrop-Allin 1975:65). Bart Burger, inwoner van Graaff-Reinet, was in beheer van die bouery. Hy het as kind by die pastoriekinders gekuier en het veral die tuin se vrugtebome onthou. Sommige van die bruin mense wat tydens die restourasieproses aan die huis gebou het, was afstammelinge van die slawe wat die pastorie oorspronklik gebou het (Museumbrosjure gd:5; Caltex-brosjure 1966:gb). A Kingwill bevestig dat slawe met die bou van Reinethuis gehelp het en verwys na *Outong,* die slaaf, wat drie jaar na die pastorie voltooi is, vir ’n groot bedrag verkoop is (1953:43). Dr Hans Fransen, bekende kultuurhistorikus en kenner van argitektuur, het na die restourasie van Reinethuis as ’n mylpaal in die geskiedenis van argitektoniese bewaring in Suid-Afrika verwys (2004:566).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Oorspronklik het Reinethuis ’n uitgebreide tuinery gehad bekend vir sy sappige vrugte en druiwe. Een ou wingerdstok, ’n swartakkerdruif wat in 1870 deur Charles Murray aangeplant is, het behoue gebly. Na bewering was dié druiwestok in ’n stadium die grootste wingerdstok ter wêreld. Charles het groot belangstelling in eksotiese vrugte, blomme en plante gehad en het uit alle dele van die wêreld plante ingevoer (Museumbrosjure gd:2; Eaton 1981:3).

Op 1 Mei 1980 het ’n verwoestende brand die gebou amper in puin gelê. Die agterste gedeelte van die huis het afgebrand asook waardevolle meubels en ander museumstukke. Danksy die hulp van die publiek is daar daarin geslaag om baie van die waardevolle inhoud van die huis te red. Met behulp van donasies is die huis weer ten volle herstel en in Oktober 1981 heropen.

Die Roe-foto wat tydens die restourasieproses in die 1950’s deur Norman Eaton gebruik is, is weer ná die brand van 1980 gebruik om die huis na sy oorspronklike vorm te restoureer. Daar is geen twyfel dat die foto van onskatbare belang vir bewaring van nie net die Reinethuis is nie, maar ook vir die geskiedenis van die dorp as geheel.

Volgens Carol Hardijzer is dit ’n baie goed bewaarde vroeë Suid-Afrikaanse foto. Volgens hom bestaan daar nie baie goeie foto’s wat rondom 1866 geneem is, wat in die buitelug en met ’n groot groep mense, met soveel welslae geneem is nie (2013:onderhoud).

Stylkenmerke

Reinethuis, wat aan die onderpunt van Pastoriestraat, Graaff-Reinet, regoor die drosdy geleë is, is na die voorbeeld van groot Bolandse Kaap-Hollandse plaashuise gebou. Die gebou is ’n dubbelverdieping gebou, want die grondvloer is gedeeltelik onder die grond met net ’n deel daarvan wat sigbaar is. Dit is in ’n H-vorm, maar die gedeeltes tussen die bene van die H is van die begin af toegebou, wat die huis reghoekig in vorm maak (Fransen 2004:566).

Die huis se voorgewel is ’n pedimentgewel, tipies van die plattelandse Kaap-Hollandse styl. Dit is ’n driehoekige pediment wat met ’n kroonlys omring word. Die buitelyne van die gewel is konkaafvormig en eindig in bogies wat rus op twee kort pilasters. Volgens Fransen is daar ’n ooreenkoms tussen die voorgewel van Reinethuis en dié van die jonkershuis by Groot Constantia in Kaapstad, se gewels (2004:566).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die boonste driehoekige pediment van die voorgewel is ’n uurglasmotief wat simboliseer dat tyd baie vinnig verbygaan. Daar is ook ’n skuifraamgewelvenster in die voorgewel van die huis. Die entgewels is gekurf en eindig ook met pilasters wat aan die kant van die huis tot op die grond loop. Op die pilasters van die entgewels is vaasvormige versierings op die bo-punte aangebring. Die vaas-motief word op die pilasters van die voorgewel herhaal. Die beskrywing hierbo is hoe die huis in 2014 daar uitsien. Op die foto van 1866 lyk dit of die vase op die pilasters afgebreek het.

Die pilasters loop langs die vensters teen die voordeur tot op die grond. Al die vensters is skuifraamvensters. Die vensters direk langs die voordeur is minder as ’n halwe breedte van die ander vensters aan die voorkant van Reinethuis, tipies van die Kaaps-Hollandse styl. Die voordeur se bolig is aan die onderkant gekurf en vertikaal verdeel. Die voordeur word gevorm deur twee swaar houtdeure (’n bo- en onderdeur) met ’n geelkoperdeurknop en deurhandvatsel en die vensters het luike.

Op die Roe-foto strek die luike oor die totale vensters, maar tans (2014) het net die onderste gedeelte van die vensters luike. Die luike oor die hele vensters is deur ds Andrew Murray aangebring om die skerp sonlig uit te hou (Museumbrosjure gd:6).

Eaton verwys in sy verslag oor die restourasieproses na die veranderings wat oor die jare aan die huis aangebring is. Hy skryf dat daar ná 1866 ’n groot droogte in Graaff-Reinet geheers het. Die dak van die pastorie het aandag gekort en is daar besluit om die dak met sinkplate te vervang en is die ses gewels afgebreek. Die sinkdak het die opvang van reënwater in die geute baie vergemaklik. Een van Charles Murray se kleindogters het vertel dat haar oupa altyd sy spyt uitgespreek het dat hy ingestem het om die gewels af te breek. Terselfdertyd is die groot vensters met kleiner vensters vervang en is daar luike gemaak wat die hele vensters bedek (Museumbrosjure gd:5). ’n Groot stel kliptrappe loop vanaf die stoep tot in die straat. Die ysterrelings op die stoep en langs die trappe af is in 1835 aangebring (Nunn 2008:55).

Aan die agterkant van die huis is twee stelle gekurfde kliptrappe wat na die groot tuin lei. Plaveiklippe vir al die stoepe en trappe is langs die Gatsrivier naby die dorp verkry. Die tuin was oorspronklik 5,4 hektaar groot en het bestaan uit vrugteboorde, groente- en blomtuine, krale vir kleinvee asook die bekende wingerdprieel (Nunn 2008:55).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.1.2.9 Midland Seminary meisieskool

Figuur 6.12: Die Midland Seminary (Gebou: 1876; Foto: c1880)

Historiese agtergrond

Sekondêre opleiding vir dogters is in die 1870's in die ou Kaapland baie verwaarloos en daar is begin om daadwerklike pogings aan te wend om die leemte te vul. In 1874 open daar 'n skool vir dogters op Wellington en dié skool sou later die bekende Hugenote-kollege word (Henning 1986:56). Die behoefte om ook so 'n skool op Graaff-Reinet te hê, het al hoe groter geword.

In 1875 word die hoeksteen van 'n nuwe skool, die *Midland Ladies' Seminary,* deur die weduwee van ds Andrew Murray (senior) gelê. Die skoolgebou was op die hoek van Somerset- en Cradockstraat geleë. Die skoolgebou en toerusting tesame met 'n koshuis vir 40 leerders, het £4000 gekos en is deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk befonds. Die skool is na die voorbeeld van die *Mount Holyoak*-skool in Amerika gebou (Henning 1975:129).

Ds Charles en sy broer ds John Murray, beide seuns van ds Andrew Murray (senior), het in 1876 'n oorsese reis onderneem. Hulle het onder meer Nederland, Skotland en Amerika besoek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Henning 1986:56). Daar kan aangeneem word dat hulle kerkskole in bogenoemde lande besoek het om kennis in te win oor hoe om die *Midland Ladies' Seminary* suksesvol te bestuur.

Op 1 April 1876 open die skool sy deure. Charles Murray se toespraak by hierdie geleentheid openbaar sy houding jeens kulturele leierskap en die rol van die NG Kerk:

> "Our Church is the oldest in the Colony, and has long borne the blame for being behindhand in education and moral training of her children; but we intend that she shall take a first-class place in the future, in discharging the duty we owe to the young. Graaff-Reinet is the oldest congregation in this part of the country, and must set an example in this matter. The town is the centre of a considerable trade for a region of thousands of square miles, it must also be the centre of an enlightened and spiritual development to hundreds who live in this area, as it has the means in hand to make itself a sharer in all the privileges connected with such a position" (Henning 1975:129).

Dit het 'n bloeitydperk vir opvoedkunde op Graaff-Reinet ingelui, want die skool en kerk het 'n leiersrol in die gemeenskap vervul.

Helen Murray (1849-1937), die suster van Charles Murray, is eers as waarnemende skoolhoof aangestel. Sy is bygestaan deur juffrou Phillips en by die koshuis het haar ma Maria as koshuismoeder opgetree. Twee vroue uit Amerika het vanaf 1876 tot 1880 by die personeel aangesluit en met hulle vertrek is Helen Murray as permanente skoolhoof aangestel; 'n pos wat sy tot haar aftrede in 1916 sou beklee. Sy word deur mejuffrou Macmillan opgevolg (Henning 1986:56). Die geskiedenis van hierdie skool is ten nouste verweef met die lewensgeskiedenis van Helen Murray. In haar boek, *The joy of service*, sit sy haar streng godsdienstige opvattings uiteen en verklaar onomwonde: "My object in being a teacher was to win souls for Christ" (Henning 1986:56).

Die skool se leuse was *Ut Prosim* (sodat ek kan dien) en die skool het onder meer vakke soos wiskunde, botanie, Latyn, Frans, Duits, kuns, godsdiensonderrig, gimnastiek asook klavier- en vioollesse aangebied. Hollands is as vak aangebied, maar onderrig het in Engels geskied (Henning 1975:129).

Daar kan nie met sekerheid gesê word hoeveel dogters in die skool onderrig ontvang het nie, maar bronne dui daarop dat die skool in 1898 reeds 33 koshuisgangers gehuisves het. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skool het verskeie huise in die dorp, waaronder Reinethuis, as koshuise gebruik (Henning 1975:129).

Die skool verskuif mettertyd na Somersetstraat, waar die Laer Volkskool tans (2014) staan en die oorspronklike skoolgebou het as ’n losieshuis en koshuis vir studente gedien voordat dit in die 1940’s gesloop is. Dit beklemtoon weer die waarde van die Roe-foto aangesien daar nou slegs op ’n foto gesien kan word hoe die gebou daar uitgesien het.

Stylkenmerke

Hierdie skoolgebou is ’n Georgiaanse dubbelverdieping gebou. Rustiekwerk in die vorm van blokke verbreek die gladde oppervlakte van die muur en kom as versiering op die hele gebou voor. Die rustiekwerk op die gebou is ’n uitvloeisel van Victoriaanse invloed op die skoolgebou. Rondom die deur en op die hoek van die gebou kom gegroefde pilasters voor. Die gebou het ’n geprofileerde kroonlys, wat tussen die verdiepings asook bokant die voordeur herhaal word. Rondom die vensters kom opgehewe rustiekversiering voor met ’n sluitsteen motief in die middel bo. Die vensters is skuifraamvensters met ses ruite in elke raam. Die voordeur het ’n bolig met twee groot ruite. Dit is nie duidelik op die foto hoe die deur lyk nie, maar hortjietipe luike is sigbaar.

Die stoep van die gebou was waarskynlik van plaveistene of klip gemaak. Die stoep strek nie om die hele gebou nie. Dit wil voorkom asof daar ’n kombers of tapyt op die stoep gesprei is om te verhoed dat die dogters se deftige rokke vuilsmeer. ’n Paar van die dogters dra voorskote as beskerming bo-oor hulle rokke.

Regs op die foto is ’n geut met ’n afvoerpyp. Die skool het waarskynlik van tenkwater wat deur die geute opgevang word, gebruik gemaak.

6.2.1.2.10 Waarde en betekenis

Foto’s van die openbare geboue weerspieël fasette van die alledaagse lewe van ’n gemeenskap. Wimble se winkel en die bankgeboue verteenwoordig handel en ekonomie. Opvoedkunde word weerspieël deur die biblioteek en die skoolgebou en openbare

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

akkommodasie en die verbintenis van die kerk met die gemeenskap word deur die hotelgeboue en Reinethuis (pastorie) verteenwoordig.

Die stylbeskrywings van die geboue stel ’n nuwe rekord beskikbaar aan toekomstige navorsers, omdat nie al die eienskappe op die foto’s waargeneem kan word nie. Soms word daar ’n vermenging van Georgiaanse, Kaaps-Hollandse en plattelandse Victoriaanse styl op dieselfde foto aangetref. Al die style het vanaf die Wes-Kaap en die Oos-Kaap se kusgebiede dieper die binneland in versprei. Tydens restourasie van geboue is daar met behulp van Roe-foto’s gepoog om die dorp se straatbeeld so getrou moontlik aan die oorspronklike te hou.

Frank Matero wys daarop dat die identifikasie van kultuurgoedere noodsaaklik is, want dit help die bewaringsproses aan. Hy stel dit so: *Today broader definitions of significance allow many examples of cultural property to diverse times, places, and cultural groups to be considered for preservation* (Matero 1993:16). Matero verwys na die *broader definitions of significance,* dit wil sê nie na ’n definisie wat die bewaring van argitektuur omskryf nie, maar eerder ’n definisie wat die *betekenis* of *waarde* van ’n kultuurvoorwerp uitwys.

Patrisiërkultuur sowel as volkskultuur kan op die foto’s waargeneem word. Soos reeds verwys, verteenwoordig die eenvoudige Oriental bank-gebou die volksaard van die meeste van die vroeë bankgeboue op die platteland. Reinethuis en die Drosdyhotel is weer voorbeelde van patrisiërkultuur.

Soms word *patrisiër* ook die *opperkultuurlaag* genoem. Dit kan egter as neerhalend beskou word om daarteenoor van ’n *onderkultuurlaag* te praat. *Patrisiërkultuur* verwys volgens Grobbelaar na die persoon wat die geleentheid tot opleiding in ’n akademiese sin gehad het (Grobbelaar 1974:23). Die volksmens skep kultuurprodukte waarvoor hulle nie formele akademiese opleiding ontvang het nie, maar is nie noodwendig minderwaardig teenoor patrisiër nie.

Daar bestaan ’n denkrigting dat kultuur slegs *volks* genoem kan word as dit reeds deur middel van oorerwing tradisioneel geword het. Volgens Burden sluit dit aan by Abel Coetzee se siening dat volkskultuur gebonde is aan ’n spesifieke volk, want dit is slegs by ’n familie of volk waar daar sprake kan wees van *oorerwing.* Daar kan egter aanvaar word dat *tradisioneel* nie noodwendig slegs van toepassing is op iets wat oorgeërf is binne familie- of volksverband nie,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maar tradisies kan ook deur ’n groep oorgedra word wat glad nie binne familie- of volksverband val nie. Dit bevestig die siening dat iets wat volks is nie noodwendig tradisioneel hoef te wees nie. In hierdie konteks word met die term *tradisioneel* bedoel ’n verskynsel wat reeds deur die gemeenskap aanvaar is en as tradisie van een geslag na ’n ander oorgegee word. *Eietyds* verwys dan na hedendaagse verskynsels wat nog nie as tradisies erken word nie. Die dimensie van tyd is nie altyd voor die hand liggend om toe te pas in ’n kultuurstudie nie, omdat die oorgang tussen tradisioneel en eietyds baie vaag kan wees (Burden 2000:24-25).

Die tydgleuf waarbinne ’n kultuurverskynsel geskep is, in hierdie geval die openbare geboue op die Roe-foto’s, is belangrik om dit in konteks te kan plaas. Dit help om ’n holistiese beeld van die gemeenskap van Graaff-Reinet gedurende die laaste dekades van die neëntiende eeu daar te stel. Wanneer dit in die breër konteks van die hede saam met die moderne of eietydse geboue op Graaff-Reinet bestudeer word, kom die waarde van erfenisbewaring na vore. Dan word die EF-as, of die tyd-dimensie, van die Burden-model die medium waarmee tradisioneel en modern, of oud en nuut teenoor mekaar afgespeel kan word.

As die kwessie van tasbare en nie-tasbare kultuur weer bedink word, kan die mening van Grobbelaar waardevol wees. Hy stel dit dat stoflike (tasbare) kultuur op die een of ander manier deur die mens gevorm word. Die mens werk liggaamlik op die omringende natuurwêreld in, maar nie sonder dat daar eers in sy gees die een of ander idee ontstaan het oor hoe hy dit gaan doen nie (1987:37). Dreyer sluit aan by Grobbelaar as hy skryf: “’n Gebou is die eenheid van die idee van die bouer en die materie waarmee gebou is” (1987:3). Hierdie onlosmaaklike verbintenis tussen die geestelike prosesse en die materiële kultuurproduk (die AB-as van die model) word duidelik uitgebeeld in die besprekings van die openbare geboue op die Roe-foto’s.

Ingeligte en konstruktiewe waardering vir geestelike en materiële samelewingstrukture kan help met die bewaring van onder meer huise, meubels, gebruiksvoorwerpe, kunsobjekte, asook geestelike kultuur wat musiek, letterkunde en vele meer insluit. Dit dra by tot die behoud en waarheidsgetroue rekonstruksie van die historiese en kulturele rekord van ’n dorp.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.2. Straat- en dorpsbeelde

6.2.2.1 Panoramiese beelde



Figuur: 6.13: Graaff-Reinet in westelike rigting (Foto: c1885)



Figuur 6.14: (Foto: c1888)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Figuur 6.15: (Foto: c1899)

Panoramiese beelde van Graaff-Reinet in ’n westelike rigting

Hierdie panoramiese fotobeelde van Graaff-Reinet is in ’n westelike rigting vanaf dieselfde bergkoppie agter die huidige Cypress Grove-woonbuurt tydens verskillende fases in die dorp se ontwikkeling geneem. Die waarde van ’n foto in die dokumentering en bewaring van die geskiedenis van die dorp se ontwikkeling word duidelik in hierdie foto’s weerspieël. Baie keer het van die fotograwe van daardie tyd saamgestelde foto’s geneem om ’n 180º perspektief te gee. Daar is wel bewyse dat Roe sulke saamgestelde foto’s geneem het.

Op die eerste foto (figuur 6.13) bestaan die hallekerk (A) nog. Dit is ’n aanduiding dat dié foto voor 1886 geneem is. ’n Kaaps-Hollandse huis (B) is op Markplein sigbaar. Op dié foto kan onder meer ook die Anglikaanse kerk (C), Urquharthuis (D), Reinethuis se buitegeboue (E) asook die gewel (F) van die ou Residensie gesien word.

Die stoomrollermeul (G) by die ingang na Cypress Grove is sigbaar op die foto. Dit is die hoë toringgebou in die middel van die foto’s. Die stoomrollermeul het koring gemaal om meel aan die dorp en omgewing se inwoners te voorsien.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tussen 1858 en 1874 is daar verskeie toneelstukke in die stoomrollermeul opgevoer, want die meul was groot genoeg dat 300 mense die toneelbyeenkomste kon bywoon (Henning 1986:94).

Die huidige Grootkerk (H) wat in 1887 ingewy is, verskyn op die tweede foto (figuur 6.14). Daar verskyn ’n windpomp (I) op die foto, asook ’n plaashek (K) met krale (J) en landerye (M). Van so vroeg as 1861 het Robert Kearns windpompe in die *Graaff-Reinet Herald* geadverteer, en het die dorp as een van die eerste verspreidingspunte vir die verkoop van windpompe gedien (Walton 1998:18). Dit is opvallend dat die treinspoor-verlenging na die Noorde nog nie gebou is nie. Dieselfde Kaaps-Hollandse huise wat op (figuur 6.13) verskyn, is ook op dié foto aanwesig. Daar is nog nie sigbare tekens van geboue wat vervictoriaans is nie. Langs die strate is die kenmerkende sipresbome (L) geplant.

Op (figuur 6.15) is duidelike dorpsontwikkeling sigbaar. Daar is heelwat meer huise gebou en die treinspoor (P) na die noorde is voltooi. Graaff-Reinet se spoorverbinding is in 1898 uitgebrei om by die spoorlyn na die noorde aan te sluit (Smith 1976:363). In ’n artikel oor Graaff-Reinet wat Roe vir die *Commercial review of the Colony* geskryf het, maak hy melding van die uitbreiding van die spoorlyn na Middelburg en Oudtshoorn (1905:40). Die windpomp (O) is afgebreek, slegs sy toring is nog sigbaar. Die Kaaps-Hollandse huise (N) is vervictoriaans en verandas in twee kleure word opgemerk terwyl die sipresbome merkbaar gegroei het. Die nou eenspoor grondstraat (Q) is uitgetrap deur onder meer perdekoetse en ossewaens. Dié drie foto’s van dieselfde panorama van Graaff-Reinet is van onskatbare waarde aangesien dit nie baie algemeen by dorpe voorkom dat dorpsontwikkeling deur die jare op film vir die nageslag vasgelê is nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.2.2 Beelde van Kerkplein as sakekern

Figuur 6.16: Kerkplein vanaf die noorde (Foto: c1880)

Figuur 6.17: Kerkplein en Caledonstraat (Foto: c1885)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie Roe-foto (Figuur 6.16) van Kerkplein is geneem voordat die stadsaal opgerig is, en waarskynlik voor 1887, aangesien die hallekerk (A) nog op die foto verskyn. Kerkplein was ’n belangrike kultuur- en handelsentrum van die dorp. Dit is hier waar reisigers en handelaars uitgespan het voordat hulle weer hulle tog na die binneland kon voortsit. Op die volgende foto (figuur 6.17) is meer waens sigbaar en kan die Dewdney-broers se winkel (E) in Caledonstraat gesien word. Van hierdie foto kan afgelei word dat Roe bo-op een van die ossewaens gestaan het om die foto te neem.

Veral gedurende nagmaalsnaweke het daar volgens Booyens algemene handelskoors op die Kerkpleine van plattelandse dorpe geheers. Dan is dit die tyd van verkoping terwyl die biljette dit op al die straathoeke aankondig dat boereplase, meubels, huise, lewende hawe en allerlei handelsware onder die hamer sal kom. Die winkels op die dorp is goed ondersteun en is daar saamgekuier terwyl aankope gedoen word. Tydens so ’n naweek is daar van koeverte, klere, speelgoed vir die kinders tot soms selfs ’n klavier aangeskaf. Daar is goed gebruik gemaak van die geleentheid om voorrade vir die volgende maande aan te koop. Soms het die boere hulle wol en ander plaasprodukte verhandel en koffie, tee, suiker, tabak en selfs materiaal ingekoop (Booyens 1982:11). Die waens (B) het op Kerkplein gestaan vir die duur van die nagmaalsnaweek en dit is van hier waar al dié handelsbedrywighede plaasgevind het. Nagmaal is gewoonlik vier keer per jaar gevier.

GG Munnik, wat lank in die politiek betrokke was, het in sy memoires genoem dat hy gedurende die 1870’s in Graaff-Reinet gewoon het. Hy onthou dat daar soms meer as twintig volgelaaide waens op kerkplein gestaan het, uitgespan vir ’n week of meer voor hulle weer die lang tog na Port Elizabeth aangepak het. Dit was veral wol wat so na die mark in Port Elizabeth vervoer is. Daar was tussen vyftig en sestig bruin werkers wat saam met die waens getrek het om te help met die op- en aflaai van die vragte. Hulle het vrolikheid na die dorp gebring met hulle musiekinstrumente, soos viole en konsertinas, wat hulle heeldag bespeel het. Die kroeë op die dorp het baie goeie besigheid gedoen en plaaslike brandewyn is teen ’n sjieling per bottel verkoop (Museumbrosjure gd:3).

Op die Roe-foto’s is daar touleiers (C) en van die osse sigbaar. Die werkers was netjies geklee en sommige het volstruisvere (C) in hulle hoede gedra. Van die osse (D) op die foto lyk of hulle suiwer Afrikanerbeeste kan wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Afrikanerbees is ’n inheemse beesras wat al bestaan het voor die koms van die eerste Europeërs na die Kaap. Dié beesras het ’n groot rol in die boeregemeenskap van die voormalige Kaapkolonie gespeel. Gedurende die Groot Trek van 1836-1854 het die Afrikanerbees as trekos ’n deurslaggewende rol gespeel om die migrasie na die binneland moontlik te maak (Labuschagne 2013:36).

6.2.2.3 Waarde en betekenis

Die verweefdheid van tasbare en nie-tasbare kultuurgoedere word deur die foto’s (6.13-6.15) van die dorpsbeelde uitgelig. Die foto’s is tydens verskillende fases in die dorp se ontwikkeling geneem wat dit ’n uitsonderlike bron vir bewaring maak. Die bevestiging van die uitbreiding van die treinspoor na die noorde, die groei wat die dorp oor ’n dekade of meer beleef het, asook die stylveranderings wat die geboue ondergaan het, is terselfdertyed tasbare kultuurprodukte, en toonbeeld van die abstrakte konsep *ontwikkeling*. Die stoomrollermeul verskyn op al drie dorpsbeelde en het nie net in die inwoners se kosbehoeftes voorsien nie, maar ook die behoefte aan nie-materiële kultuurgoedere aangespreek met die opvoering van musiek- en teaterproduksies in die meule.

Met die foto’s (6.16 en 6.17) van Graaff-Reinet se Kerkplein word sosiale aspekte en handelsbedrywighede wat deel van ’n nagmaalsnaweek gevorm het, uitgewys. Deur die eeue het handel in die Europese stamlande op natuurlike wyse aansluiting gevind by kerklike bedrywighede. Die geïsoleerde omstandighede waarin boeregemeenskappe en inwoners van dorpe in die binneland van Suid-Afrika hulle bevind het, het hierdie logiese, ekonomiese handeling genoodsaak. Gedurende die nagmaalsnaweek is daar markverkopings, vandisies en basaars gehou, waartydens daar gesellig verkeer is. In ’n tydperk toe kommunikasiemiddele baie beperk was, het die samekoms die geleentheid gebied om nuus te ontvang en te versprei. Terwyl die ouers handelsware koop en verkoop, het die kinders speletjies gespeel. Saans het die groep waens en tente, met nagvure wat brand, ’n kampkarakter gehad en is daar waarskynlik tot laatnag gekuier en stories vertel. Dan was die geestelik-godsdienstige aspek van nagmaalsnaweek natuurlik ’n belangrike aspek van die hele gebeure.

Al bogenoemde kultuurhistoriese inligting wat uit die fotoreeks onttrek is, dui op die voortdurende wisselwerking tussen die twee pole op die A-B-kontinuum van die Burden-model. Addisioneel kan die C-D-kontinuum aangewend word om verspreiding van patrisiër- en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

volksprodukte in die dorpsbeeld te kontekstualiseer. Die vooruitgang wat in die dorp plaasgevind het oor dié tydperk word weerspieël deur nuwe elemente wat bygekom het en oues wat verdwyn het. Dit is die aspek van kultuuranalise wat deur die E-F-as verteenwoordig word. Dit word ook hieruit duidelik dat selfs die verskillende dimensies raakvlakke het, byvoorbeeld patrisiër/nie-tasbaar, soos die formele godsdiensbeoefening (Nagmaal), teenoor volks/nie-tasbaar, soos die sosiale aspekte van kuier, gesels, stories vertel en sing.

Galla verwys in sy model na beweegbare en nie-beweegbare voorwerpe en beweer dat buitenshuise voorwerpe altyd nie-beweegbaar is. Hy verwys hier onder meer na monumente, strukture en standbeelde wat buitenshuis voorkom en nie beweegbaar is nie (Galla 2002:73). Sy stelling kan egter weerlê word, want rytuie soos ossewaens is tog beweegbare materiële kultuur wat buitenshuis aangetref word.

Die drie foto’s van die verskillende stadiums van dieselfde dorpsbeeld, asook dié van Kerkplein, wys die ontwikkelings en gebeure in die oorspronklike omgewing waarbinne dit plaasgevind het en bevestig die noodsaaklikheid van foto’s in kultuurgeskiedskrywing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.3 Kleredrag

6.2.3.1 Troufoto's

6.2.3.1.1 Onbekende trougroep (1)

Figuur 6.18: Troufoto (1) (Foto: c1900)

By die bestudering van die huweliksfees soos dit in die neëntiende en vroeg twintigste eeu bestaan het, kan 'n mens duidelike ooreenkomste sien met die gebruike tydens Europese huweliksfeeste. Die aard van enige huweliksfees word egter grootliks deur ekonomiese omstandighede bepaal. Die welgesteldes sou uiteraard 'n deftiger fees aanbied as diegene wat nie so welaf was nie (Hudson en Van der Merwe 1977:200).

Die huwelik is in die neëntiende en twintigste eeu as 'n heilige staat beskou. Daarvan getuig die feit dat dit as 'n skande beskou is om net 'n burgerlike huwelik te sluit. Volgens Hudson en Van der Merwe is daar baie huwelike op Maandae net ná die Nagmaalsnaweek voltrek. Dit was glo ook goedkoper om op 'n Maandag te trou. Eers later het Saterdag die gewildste troudag geword (1977:202).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die ontdekking van diamante en goud in Suid-Afrika het ’n nuwe era op die gebied van modes ingelui. Daar het baie meer interaksie tussen Suid-Afrikaners en mense van die res van die wêreld plaasgevind. Met die rykdom wat die ontdekking van minerale gebring het, het die sosiale orde ook verander. Die vermoënde vrouens wat op die diamantvelde saam met hulle metgeselle gewoon het, het die modeneigings vir die res van die land aangedui en hulle het aktief deelgeneem aan sosiale bedrywighede. Die tydperk het ook die afskaling van Victoriaanse naaldwerk ingelui en masjienvervaardigde klere is ingevoer. Die materiaal waarvan die klere gemaak is, was ook nie meer van die goeie gehalte soos voor massaproduksie nie. Daar is ’n kleurstof genaamd anilien ontdek wat die mode vir helderkleurige klere laat opvlam het (Strutt 1975:291). Nie alle mense op die diamantvelde was egter welgesteld nie. Teen hierdie agtergrond moet daar in aanmerking geneem word dat die mense op Graaff-Reinet ook nie almal welgesteld was nie, maar sou tog probeer om van die nuutste modes na te volg.

Op die Roe-foto (6.18) is dit opvallend dat die mense baie strak en ernstig voorkom. Dit is as gevolg van die beligtingstyd van die foto. Hulle mag vir ’n hele paar sekondes glad nie beweeg het nie. Die foto is in Roe se foto-ateljee geneem. Die gordyne op die agtergrond word meermale in Roe-foto’s opgemerk. Die bruidspaar staan, terwyl ’n lid van die gevolg op ’n bentwoodstoel sit en ’n angorabokvel is duidelik sigbaar.

Bruide het nie altyd ’n wit trourok gedra nie. Baie maal het die bruid verkies om ’n gekleurde rok te dra wat weer na ander geleenthede aangetrek kon word. Daar is na sodanige rokke as “Sunday’s best” verwys. As daar onlangs dood in ’n familie voorgekom het, het baie bruide pers, grys en selfs swart trourokke gedra (Malan 1993:1).

Die meeste van die trourok-materiaal wat gedurende die Victoriaanse era in Europa beskikbaar was, is na Suid-Afrika ingevoer. Daar het advertensies verskyn in Suid-Afrikaanse koerante met bestelvorms waaruit die toekomstige bruide, moeders van die bruid en strooimeisies die verlangde materiaal direk van Europa kon bestel. Dit is opvallend dat die meeste materiaal wat bestel is katoen en ander ligte materiale was (Strutt 1975:290). Dit hou moontlik verband met die Suid-Afrikaanse klimaat. Soos gemeld kon welvarende bruide die volledige trourok en bykomstighede as pakket vanuit Europa bestel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die bruid en strooimeisie op die foto het waarskynlik albei ’n gekleurde uitklokromp en bloes aan. Dié trourok is nie die tradisionele Victoriaanse trourok nie en sou maklik na die troudag as uitgaanrok kon dien. Die bloes het ’n hoë neklyn en is met valle versier. Malan verwys na ’n soortgelyke trourok op ’n Suid-Afrikaanse troufoto van 1885 en verwys na die rok as ’n *popelienrok* (1993:2). Tortora en Eubank verwys ook na dié mode as *bell-shaped* rompe en dat wye moue nog steeds teen die laat neëntiende en vroeg twintigste eeu mode was, maar dit het ’n sagter voorkoms as voorheen aangeneem (1990:261-26).

Telford verwys in sy boek *Yesterday’s dress* na soortgelyke rokke. Hy maak melding van rokke en rompe aan die einde van die neëntiende eeu wat nog steeds vroue se dun middellywe beklemtoon het, maar die bostuk het nie meer so styf gespan nie. Baie maal het die vroue erge ongerief verduur as gevolg van die middel wat so styf ingetrek moes word. Hy verwys ook na die hoë neklyne soos op die foto en verduidelik dat dit styf teen die nek gedruk word met behulp van ’n been of draadstruktuur (1972:173-175). Daar is borduurwerk as versiering aangebring op die trourok in die Roe-foto en dit word afgerond met ’n borsspeld. Die wye moue word meestal met ’n val afgerond by die pols. Die romp is met lintwerk versier en klok uit. Daar kom ook valle as versiering voor op die romp. Telford verwys na die moue (*leg-of-mutton)* wat saam met die wye rompe ’n mooi geheelbeeld vorm (1972:173).

Die strooimeisie se rok is tweekleurig met die borsgedeelte wat kontrasterend met die res van die rok is. Dié rok het plooiwerk en opnaaisels as versieringsmotiewe. Net soos die bruid se rok het dié van die strooimeisie wye moue met ’n val by die pols. Daar is kant vasgewerk op die strooimeisierok asook ’n groot strik as versiering op die bors. Albei vroue het hoede as kopbedekking op. Die hoede is met blomme versier. Soos die neëntiende eeu tot ’n einde gekom het, het die plat wye hoede al hoe meer gewild geword. Die hoede is soms met kunsblomme, soos wat op die foto voorkom, of met nagemaakte vrugte versier (Telford 1972:175). Die bruid het nie die tradisionele sluier op haar kop nie. Die bruid en haar strooimeisie het ruikers wat meer uit loofblare as blomme bestaan.

Die mans se klere is baie eenvoudig. Die bruidegom het nie ’n swaelstertmanelpak aan soos wat dikwels die geval was nie, en dit wil voorkom asof die broek en baadjie van die bruidegom nie van presies dieselfde materiaal gemaak is nie. Die baadjie lyk donkerder as die broek. Die hemde het stywe wit boordjies. Die strooijonker se pakklere is nie formeel nie. Manskleredrag is soms deur die militêre uniform beïnvloed (Tortora en Eubank 1998:283-284). Die strooijonker se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

baadjie toon ooreenkoms met ’n militêre baadjie. Die skouers van sy baadjie is nouer en hy dra nie so ’n stywe boordjie soos die bruidegom nie. Beide mans dra skouerruikers wat moontlik lemoenbloeisels kan wees. Hudson en Van der Merwe dui aan dat die knoopsgatruikers van die bruidegom en strooijonker dikwels van lemoenbloeisels was; later het die rooi angelier die plek daarvan ingeneem (1977:204). Die bruid en bruidegom op die Roe-foto, sowel as die strooimeisie, dra handskoene. Die bruid hou een handskoen in haar hand vas en daar is ’n ring aan haar ringvinger. Die huweliksformulier was die belangrikste bestanddeel van die plegtigheid. Die trouring is met die gee van die regterhand aangesteek (Hudson en Van der Merwe 1977:205).

6.2.3.1.2 Onbekende trougroep(2)

Figuur: 6.19: Troufoto (2) (Foto: c1910)

Die huweliksfees was deur alle tye een van die heel vernaamste gemeenskapsfeeste. By dié geleentheid het die bruilofsmaaltyd die hoogtepunt verteenwoordig. Tydens ’n huweliksfees word die materiële sowel as nie-materiële aspekte van kultuurskepping en -beoefening uitgebeeld en oorgedra.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die voorbereidings vir die huwelik was baie belangrik en het onder meer die aanwysing van strooijonkers en strooimeisies, blommemeisies en hofknapies ingesluit. Hoe meer mense daar in die gevolg was, hoe meer welgesteld was die ouers van die bruid. Die hoofvlagryer (wat die beste en vinnigste ruiter met die sterkste perd in die distrik moes wees), die koetsier van die bruidskar en die seremoniemeester is almal met sorg gekies (Hudson en Van der Merwe 1977:203). Daar is nie blommemeisies en hofknapies in die gevolg van die bruidspare op die twee foto's (6.18 en 6.19) onder bespreking nie. Die afleiding kan gemaak word dat die bruidspare se ouers nie welvarend genoeg was om 'n groter gevolg te bekostig nie.

Die huwelik was die basis van die gesinslewe en daar het baie leesstof oor die onderwerp bestaan. In Joseph Droz se gewilde boek *Essay on the Art of being Happy* verwys hy na die huwelik as 'n manier om vir beide man en vrou geloofwaardigheid in die gemeenskap te gee. Tydens die Victoriaanse era het die samelewing jou sukses en rykdom aan jou huwelikstatus en gesinslewe gemeet (Kerr-Jarrett 1993:16). Dit is waarskynlik hoekom die neem van foto's van die troue vir elke bruidspaar belangrik was; hoekom elke foto-ateljee, ook dié van William Roe, oor so baie troufoto's beskik het. Die troufoto was 'n bewys van die huwelikstatus en van die paartjie se nuwe geloofwaardigheid in die gemeenskap.

Die bruid moes sorg dat sy op haar troudag op haar beste lyk. Sy moes lank voor die tyd reeds uit die son bly om "uit te bleik". Wanneer sy wel buite gekom het, was dit met moffies aan die hande en 'n groot kappie op die kop. Die bruidsrok moes verkieslik al drie weke voor die huwelik gereed wees. Hieraan het die moeder en dogter en ander vriendinne hard gewerk. Soms by welgestelde mense is die rok laat maak. Die meer welgestelde mense wat nader aan die Kaap gebly het, het selfs die trourok uit Engeland bestel. Die trourok het by die heersende modes aangepas (Hudson en Van der Merwe 1977:203). Dit is onwaarskynlik dat baie bruide wat op die platteland getrou het, hulle trourokke uit Engeland sou bestel, maar hulle het wel idees vir hulle rokke uit Europese modetydskrifte en patroonboeke gekry.

Hoewel Engeland die toon aangegee het vir die modeneigings aan die Kaap, het die Franse modes ook 'n invloed gehad. Rokke se style het vanaf die begin van die neëntiende eeu geleidelik met die *Empiremode* se slanke lyne na die krinolienmode van die 1860's beweeg. Dié styl het oorgegaan in die busselrokke wat eers teen die 1890's geleidelik met uitklokrompe (*bell-shaped)* vervang is (Malan 1991:181). Die rokke op die foto (6.19) het net effe uitgeklok. Albei die rokke het wye moue wat met kantwerk versier is. Daar is stik- en borduurwerk asook valle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat as versiering dien. Die bruid op die foto dra ’n pêrelhalssnoer en borsspeld. Die borsspeld is een van die oudste vorms van klereversiering. Dit is aanvanklik vir funksionele doeleindes gebruik, maar het mettertyd ook ornamenteel geword. In die Victoriaanse tydperk was die borsspeld ’n absolute moet vir vroue wat die modegiere nagevolg het. Borsspelde is gebruik om mantels, krae en boordjies van kledingstukke in plek te hou (Malan 1991:180). Hoewel die egpare op albei foto’s duidelik nie besonder welgesteld was nie, het hulle tog so ver as moontlik die modes nagestreef.

Die bruid en strooimeisie op die foto (6.19) dra ’n sluier. Dit was ’n algemene gebruik van daardie tyd, maar net die bruid het haar gesig daarmee bedek. Die strooimeisie se sluier was soos dié van die vrou op die foto agter teen haar kop vasgemaak. Baie bruide het hulle sluiers van ’n sterk kantmateriaal gemaak, want hulle het dit ná die troue as ’n sjaal om die skouers gedra (Malan 1993:5). Die handruikers van die twee vroue op die Roe-foto (6.19) bestaan uit groen takke met enkele blomme tussenin. Hudson en Van der Merwe wys daarop dat bruide soms ook ’n bruidskroon van blomme, blare en vergulde versierings gedra het (1977:154). Die strooimeisie (6.19) se een skoen steek onder haar rok uit sodat ’n versiering bo-op die skoen sigbaar is.

Die bruidegom is in die tradisionele swaelstertmanelpak en onderbaadjie geklee. Beide die bruidegom en sy strooijonker het wit hemde en boordjies aan. Die strooijonker dra ’n tweekleurige pak klere. Volgens Tortora en Eubank het mansmodes gedurende die eerste dekades van die twintigste eeu minder formeel geword. Donkerblou wolbaadjies was veral baie gewild. Baadjies se knope het hoog toegeknoop en die baadjielapel het kleiner geraak (1989:283). Altwee mans dra handskoene wat moontlik van leer kan wees. Tradisioneel het die bruidegom wit handskoene gedra, want as hy die bruidskoek sny, moes hy dit met rein wit hande aanraak (Hudson en Van der Merwe 1977:208).

Op albei foto’s (6.18 en 6.19) sit die strooijonkers op *bentwood* stoele. Aan die einde van die agtiende eeu het vakmanne en ontwerpers die tegniek ontwikkel om dié betrokke stoele te vervaardig. Samual Gragg, ’n Amerikaner, het in 1810 die ontwerp in Boston gepatenteer, maar dit was die Duitser Michael Thonet wat die tegniek om hout te buig wêreldwyd bekendgestel het. In 1860 het Thornet reeds vyftigduisend meubels per jaar met hierdie tegniek vervaardig. Nadat Michael Thornet in 1871 sterf, het sy vyf seuns volgehou met die vervaardiging van *bentwood* meubels. Feitlik al die verskillende style wat by die Europese bentwoodstoele gebruik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is, is ook aan die Kaap vervaardig. Inheemse houtsoorte is meestal by die Kaapse weergawe van bentwoodstoele gebruik (Kench 1994:32-33).

6.2.3.1.3 Waarde en betekenis

Die waarde van troufoto's vir bewaring lê daarin dat dit bydra tot die kennis van 'n bepaalde modestyl (dié van trouklere) in 'n spesifieke tydperk. Indien troufoto's in dokumente en artikels van historiese belang gebruik word, kan dit bydra tot die rekonstruksie van 'n era en sodoende word 'n geheelbeeld van kleredrag daargestel.

Wanneer negentiende-eeuse foto's bestudeer word, word heelparty tipies-Victoriaanse tendense en eienskappe daarin herken. Gedurende daardie era het daar 'n sin vir detail geheers en was die mense ingestel op noukeurige dokumentering van hulle eie milieu. Dit was vir hulle belangrik om mylpale en belangrike gebeure in hulle lewens te dokumenteer. Met behulp van die kamera en fotografie kon selfs die middelklas in die samelewing nou die groot gebeurtenisse in hulle lewe op foto's laat vaslê. Vroeër was dit net vir die ryk mense in die samelewing beskore om hulle portrette deur portretskilders te laat skilder. Die drang om jou status in die gemeenskap te benadruk, is duidelik sigbaar in die hoeveelheid troufoto's wat gedurende hierdie tydperk geneem is. Die byna kwistige aanwending van geraamde troufoto's as deel van die binneversiering tydens die Victoriaanse era, bevestig hoe gewild troufoto's werklik was.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.3.2. Kinderkleredrag

6.2.3.2.1 Vera Bernadette Sandford

Figuur:6.20: Vera Bernadette Sandford (Foto: c1900)

Die naam Vera Bernadette Sandford is agterop hierdie foto aangebring. Daar is twee foto's van haar in die Roe-versameling. Die ander een is van haar as klein babatjie op haar oppasser se skoot. Daar is geen datums op die foto's nie.

Reg deur die neëntiende eeu is kinders wêreldwyd tuis toegelaat om ligte, los, wasbare en in groot mate, vormlose, klere te dra. Daar is egter van dié reël afgewyk tydens formele fotosessies waarop die kinders saam met hulle ouers verskyn. Op sulke foto's dra die babas en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kinders fluweel- asook stywe sykledingstukke. Klein seuntjies het rokke gedra en ouer seuns wye *hansworsbroeke*, pof kniebroeke en los baadjies. By baie formele geleenthede het seuns hemde met kant- en lintversierings asook fluweelpakke gedra. Dogtertjies het by formele geleenthede wye onderrokke gedra. Selfs skool toe moes dogters onderrokke dra wat hulle beweging ingeperk het. Hulle het kleiner weergawes van vroue bussel- en klokvormige rokke gedra. Die stywe bo-stuk van krinolien asook die groot wye moue was baie ongemaklik. Teen die einde van die eeu het die neklyn van dogters se klere hoër geword, maar dogtertjies kon darem nou meer vrylik rondhardloop soos hulle broers, want die some van hulle rokke is gelig wat beweging vergemaklik het (Strutt 1975:386-396). Die dogtertjie op die foto (6.20) het ’n wye jas oor haar rok aan. Haar kappie is met linte versier. Die foto wys dat bogenoemde modes ook in Suid-Afrika aangetref is, en is weer eens ’n bevestiging dat die mense in Suid-Afrika wel die heersende modes nagevolg het.

Die dogtertjie hou ’n pop op haar skoot vas, wat lyk asof dit ’n *bisquepop* (beskuitporseleinpop) kan wees. Vanaf die middel van die neëntiende eeu tot vroeg in die twintigste eeu het Duitse popfabrieke die wêreldmark oorheers. Die fabrieke was meestal in die suide van Duitsland geleë, waar hout, klei en goedkoop arbeid volop beskikbaar was. Massaproduksie was aan die orde van die dag en groot hoeveelhede poppe is uitgevoer. Die meeste van die wêreld se kinders het gedurende die neëntiende en vroeg twintigste eeu met Duitse poppe gespeel. Dit het eers na die Eerste Wêreldoorlog verander (Cieslik 1979:49-53).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.3.2.2 Onbekende kind

Figuur: 6.21: Kinderkleredrag en troeteldier (Foto: c1895)

Seuntjies en dogtertjies se kleredrag het nie drasties verskil in die laat neëntiende eeu en vroeg twintigse eeu nie. Kerr-Jarrett skryf dat dit ’n groot dag vir ’n seuntjie was as hy romdom sy sewende verjaarsdag nie meer rompe moes dra nie, maar sy eerste broek kon aantrek. Daar is geglo dat rompe warmer as broeke was en kinders moes te alle tye warm gehou word (1993:34). Bronne verskil oor die presiese ouderdom waarop seuns nie meer rompe gedra het nie, maar die algemene praktyk was tussen vyf en sewe jaar, soms selfs vroeër as 5 jaar. Waarskynlik het die beskikbaarheid van klere ’n rol hierin gespeel. Kinders het gereeld klere van ouer broers en susters gedra.

Hierdie foto is ’n goeie portretstudie wat in Roe se foto-ateljee geneem is. Die agterdoek van die foto is duidelik sigbaar en pas by die komposisie. Mense was baie erg oor troeteldiere en daar bestaan baie foto’s uit hierdie tydperk waar mense saam met hulle diere, soms selfs ’n perd in die ateljee, poseer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens Telford het dogters meestal lang hare in poniesterte gedra. Linte is ook as versiering om die poniestert vasgeknoop (1972:167). Die kind op die foto (6.21) het kort hare en is dus moontlik ’n seuntjie.

Matroospakkies was gewild as kinderkleredrag en groot krae aan die hemde en bloesies het dikwels voorgekom. Die rokkies van dogtertjies het soos klein weergawes van hulle moeders se klere gelyk met hoë neklyne en wye rompe, maar hulle roksome was korter as wat die geval met vroueklere was (Telford 1972:170).

Die geplooide romp met bypassende jassie en groot kraag wat die kind op die foto (6.21) dra, is ook in nabootsing van kleredrag vir volwassenes. Hy dra ook ’n kant kniebroek met wit kouse. Sy velskoene was volgens Strutt die algemene skoendrag vir kinders van daardie tyd (1975:386-395). Dit is nie duidelik of die stewels met gespes of veters vasgemaak is nie.

6.2.3.2.3 Post mortem foto van baba

Figuur 6.22: Post mortem foto van baba

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Carol Hardijzer het die Roe-foto (6.22) van ’n afgestorwe baba op sy oppasser se skoot, in Bloemfontein aangekoop. Agterop die foto word aangedui dat die baba oorlede is. Die baba lê op ’n wit kombersie en dit lyk asof sy of hy rustig slaap. Volgens Hardijzer bestaan daar baie min van hierdie foto’s waar inligting oor die oorlede persoon aangeteken is (2014:onderhoud). Die oppasser van die oorlede baba wou moontlik ’n foto ter herinnering aan die kind hê.

Gedurende die laaste dekades van die neëntiende eeu het foto’s van mense na hulle dood, groot aftrek gekry. Daar is ook na dié foto’s as *Memento Mori* (onthou dat jy sterflik is) verwys. Hierdie foto’s het dan ook ’n integrale deel van die rouproses uitgemaak. Daar is ’n groot hoeveelheid van die foto’s gedruk en dan aan familielede gestuur. Hierdie foto’s is veral geneem as daar nie ’n foto van die oorledene in lewe bestaan het nie (Hardijzer 2014:onderhoud). Daar bestaan ook ’n Roe-gesinsfoto waar die pa ’n foto van ’n jong vrou vashou. Dit is waarskynlik ’n foto van ’n oorlede familielid vir wie hulle ook graag op die gesinsfoto wou hê..

6.2.3.2.4 Waarde en betekenis

Met die ontwikkeling van fotografie het kinderfoto’s gewilde versierings van die interieurs van huise geword. Kinders het in hulle beste klere op foto’s verskyn en was gewoonlik geklee in die heersende modestyle. Die gewildheid van matroospakkies vir kinderkleredrag kan duidelik waargeneem word. In sommige gevalle is die kinderkleredrag wat op foto’s verskyn moontlik geleen vir die geleentheid.

Daar bestaan baie min *post mortem* foto’s van kinders, want daar het ’n stigma aan sulke foto’s gekleef dat dit ongeluk sou aanbring. Die naaste familie van die oorledene sou wel die foto’s veilig bewaar as herinnering aan hulle geliefde. Daar is nie baie Suid-Afrikaanse fotograwe wat nadoodse foto’s geneem het nie en sodanige foto’s is baie werd vir sowel fotoversamelaars as kultuurhistorici.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.3.3 Gesin-portretstudies

6.2.3.3.1 Onbekende gesin (1)

Figuur 6.23: Portretstudie van 'n onbekende gesin (1) (Foto: c1915)

Die foto is waarskynlik rondom 1915 geneem en dit bevestig die vermoede dat William Roe tot kort voor sy dood in 1916 nog aktief foto's geneem het.

Hierdie portretstudie is waarskynlik van 'n weduwee en haar kinders. Met die wegval van die vaderfiguur het die moeder tegelyk die vader en moeder se rol in die gesin vertolk. Daar het op die oudste seun dadelik 'n groot verantwoordelikheid gerus, selfs al was hy reeds getroud. Hy moes sy moeder in alle sake bystaan. Daar sou ook onder sulke omstandighede 'n leeftydsrangorde onder die kinders ontstaan, waardeur jonger kinders onder die gesag van die ouer kinders sou staan (Grobbelaar 1974:157). Groot gesinne soos op die foto (6.23) is beskou as 'n seën van God.

Die moeder van die gesin hou 'n Bybel op haar skoot vas. Die Bybel versinnebeeld die nie-tasbare kultuurverskynsel van geloof in 'n Opperwese. Godsdienstige inslag was 'n opvallende kenmerk van die families van daardie tyd. Die gewoonte om soggens en saans huisgodsdiens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te hou, is feitlik in elke huisgesin aangetref. Die godsdiensbeoefening was ’n gesinsbedrywigheid en was onafskeidbaar van die alledaagse lewe (Grobbelaar 1974:158).

Die vroue op die foto (6.23) se kleredrag lyk anders as die vroueklerdrag op van die ander gesinsfoto’s wat bespreek word. Die rede is waarskynlik dat dit ’n latere Roe-foto is en waarskynlik in die tweede dekade van die twintigste eeu, kort voor sy dood, geneem is.

Ná 1910 verander die mode geleidelik en maak die klok-vormige rompe plek vir sagte wye rompe. Vroue het hulle rompe langer en nouer by die voete gedra; soms is daar ’n spleet in die rok gemaak om beweging te vergemaklik (Laver 1977:224). Dié mode om rokke uit sagte materiaal soos moeselien en katoen te maak, is sigbaar op dié foto. Drie van die rokke se rompgedeeltes toon ooreenkoms met mekaar maar het verskillende splete in. Van die vroue se rokke toon hoë neklyne waarby hulle juwele soos nekhangertjies en borsspelde gedra het.

Modevoorskrifte ten opsigte van bykomstighede het net soos vir kleredrag gegeld. Hierdie neigings is deur handelaars, immigrante en reisigers na Suid-Afrika gebring. Baie maal het die vrouens self hulle klere gemaak met behulp van patrone wat hulle van oorsee bestel het (Malan 1991:180).

Ná 1913 het die koms van die V-nek by bloese ’n revolusie in modekringe veroorsaak, in so ’n mate dat daar van die preekstoel daarteen kapsie gemaak is as sou dit nie kuis genoeg wees nie. Medici het gewaarsku dat vroue ’n koue gaan opdoen as hulle dié *pneumonia blouse* dra. Ten spyte van die teenkanting het die V-nek bloes met kleiner krae vinnig ’n baie gewilde damesmode geword (Laver 1977:227). Twee van die vroue op die foto het nie meer die hoë neklyn bloese aan nie, hoewel die V’s nog baie klein en hoog was.

Al die vrouens dra hoede wat met kant en lint versier is. Die ma se kleiner hoed is waarskynlik ouer as dié van die dogters, want dit het nie die meer moderne breë rand soos die dogters se hoede nie. Volgens Telford het vrouehoede rondom 1910 soms uitspattig voorgekom as gevolg van al die kunsblomme, kunsvrugte asook vereversierings wat daarop aangebring is (Telford 1972:175). Die vroue op die foto het lang hare wat netjies uit die gesig geneem is. Tortora en Eubank beskryf soortgelyke haarmodes as sag rondom die gesig en in ’n rol agter of bo-op die kop vasgemaak (1990:280). Die ma dra die tipiese ronderaambril wat in die laat neëntiende eeu in die mode was.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Strutt wys daarop dat wit skoene en kouse eers teen die einde van die neëntiende eeu mode geword het. Die skoene en kouse het by die sagte lyne en kantversierings van onderrokke wat by die rompe uitgesteek het, gepas. Daar was selfs diegene wat dapper genoeg was om rooi skoene en kouse te dra. Kouse van katoengaring is meestal bedags gedra, terwyl sykouse meer saam met aanddrag gedra is. Leerskoene met gespes asook stewels was gewild by vroue (1975:377). Op die foto kan wit kouse saam met donker- en ligterkleurige skoene gesien word.

Die dubbelborspak was teen die einde van die neëntiende eeu nie meer hoogmode nie. Mansklere het minder formeel geword en het groter beweegruimte gelaat. Die baadjies het sakke gehad, die hemde sagter krae en ontspanningsdrag het baie meer algemeen geword (Payne ea 1992:545-547). Die mans (figuur 6.23) is almal in driestuk pakke geklee met wit hemde en boordjies. Vier van die ses mans op die foto het donkerder dasse aan. Die mans het netjiese kort haarstyle met kantpaadjies en twee van hulle het snorre, terwyl die man regs agter ook ’n ronderaambril dra.

Kleredrag was ’n teken van status in die gemeenskap en mans en vroue het die heersende mode probeer navolg. Modes is in modetydskrifte beskryf en bybehore soos horlosies en juwele kon vir elke geleentheid by smouse gekoop word of uit tydskrifte bestel word (Payne ea 1992:547). Die ma en haar groot gesin het waarskynlik goeie status in die gemeenskap geniet. Veral die dogters se kleredrag en bykomstighede dui daarop dat hulle ’n daadwerklike poging aangewend het om die heersende mode na te volg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.3.3.2 Onbekende gesin (2)

Figuur 6.24: Portretstudie van 'n onbekende gesin (2) (Foto: c1895)

Hierdie gesinsfoto het skaarsheidswaarde, want daar is nie baie foto's van bruin mense gedurende dié tydperk op Graaff-Reinet geneem nie. Die mense op die foto kom as 'n statige gesin voor en was waarskynlik welvarende inwoners van die dorp.

Net die feit dat dié mense 'n gesinsfoto laat neem het, wys dat hulle welaf moes wees, want die neem van foto's was 'n luuksheid. Daar is fisiese kontak tussen die een seun en sy ma sowel as tussen die dogter en haar pa. Dit is waarskynlik hoe Roe die mense vir die foto geplaas het. Die jonger mans het beide driestukpakke aan met sakdoeke as versiering in die bo-sakke van hulle baadjies. Die pak klere saam met stywe boordjies en kleiner dasknope was volgens Telford gewild as manskleredrag van daardie era. Hy wys ook daarop dat mans graag baarde of snorre gedra het (1972:172). Tortora en Eubank beskryf manskleredrag van daardie tyd en verwys na die neiging dat mansbroeke en -baadjies van verskillende materiale en kleurskakerings algemeen voorgekom het. Dit is die geval met die ouer man se broek en baadjie. Die baadjies is langer gedra, hulle het hoog toegeknoop en die lapelle was kleiner as wat 'n dekade vroeër die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geval was (1990:283). Volgens Telford was velskoene soortgelyk aan dié wat die ouer man op die foto dra, baie hard en ongemaklik (1972:166).

Die ma se wye uitklokrok met styfpassende moue was hoogmode gedurende die laaste dekades van die neëntiende eeu. Sy dra ’n skouermantel en ’n kappie as hoofbedekking. Skouermantels in verskillende groottes, lengtes en materiaaltekstuur was wêreldwyd van tyd tot tyd baie gewild. In Suid-Afrika was die skouermantel, veral swart mantels, uiters gewild. Mantels was baie warm in die Suid-Afrikaanse klimaat en is daar gepoog om hulle van dunner materiale soos satyn te maak. Nadat die rokke se moue kleiner geword het, was dit makliker om die skouermantels te dra om sodoende die skouers groter en breër te laat voorkom (Strutt 1975:383). Weens die warm klimaat van Suid-Afrika en die feit dat vroue lang ure buite moes deurbring, was dit nodig dat sy haar vel teen die hitte en direkte sonlig moes beskerm. Oor die ontstaan van die kappie is al heelwat gegis. Hoewel die fatsoen duidelik ’n ontwikkeling van die heersende mode was, is die oorsprong van die kwiltwerk wat die stywe rand gevorm het, nog nie sonder twyfel vasgestel nie. Dit hou waarskynlik verband met die wit kwiltwerk van Suid-Frankryk. Hoewel hierdie tegniek meestal vir bedspreie en stywe onderrokke gebruik is, was dit die ideale metode om ’n stywe rand vir ’n kappie te vorm. Kappies het verskillende fatsoene gehad waarvan die pofbolkappie die oudste is. Al die verskillende soorte kappies het ’n val gehad wat die nek of deel van die skouers bedek het (Pretorius 1992:106-107). Die ouer vrou op die Roe-foto dra ’n donker gekwilte kappie. Op die oorspronklike foto is dit baie duidelik dat die kappie gekwilt is en nie uit ’n reeks frille of klein valletjies bestaan soos wat die geval met die tipiese Namakwalandse kappies is nie.

Die dogter (6.24) se bo-stuk is noupassend met nousluitende moue (*bishop style)* en ’n hoë neklyn. Die kantfril by die hoë neklyn en borsspelde waarvan Tortora en Eubank in hulle boek melding maak, is sigbaar op die foto. Die wye klokvormige-romp met val by die soom kom ook ooreen met rokke wat in bronne oor kleredrag bespreek word (1990:276-277; Telford 1972:169). Die dogter se hare is agtertoe geneem en haar ore is oop, wat deel uitmaak van die heersende haarmodes, hoewel dit ook dikwels in ’n “pompadour” op die kop of agterkop vasgemaak en sagter om die gesig weggesteek is (Tortora & Eubank 1990:264-265).

Twee van die mans dra horlosiekettings wat ook ’n aanduiding kan wees dat die gesin welaf was, want nie alle mans kon sakhorlosies bekostig nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

William Roe se foto-ateljee het weer die kenmerkende gordyne as dekor in die agtergrond. Voor links op die foto (6.24) sit die vader van die gesin op ’n Rococo-stoel met ’n slanke kabrioolpoot (Burden 2013:159). Die stoel is waarskynlik tydens die Victoriaanse tydperk na Suid-Afrika gebring. Regs agter op die foto is ook ’n gestoffeerde Victoriaanse stoel sigbaar.

Die foto is belangrik vir bewaring, want dit wys nie net die meubels en kleredrag van die tydperk nie, maar dit weerspieël ook die tydsgees van daardie tyd wat duidelik die klasseverskil in die gemeenskap uitwys, wat nie noodwendig dui op ’n rasseverskil nie. Dié foto bewys daar het welaf mense oor die hele spektrum van die gemeenskap van Graaff-Reinet voorgekom. Die bruin mense op die foto dra Westerse klere en die dra van sakhorlosies deur die mans is ook ’n Westerse gebruik. Die foto laat die vermoede ontstaan dat die gemeenskap op sosiale gebied nie gediskrimineer het nie en dat verskillende kulture op Graaff-Reinet gemeng het. Hierdie stelling kan met meer as een Roe-foto bevestig word.

6.2.3.3.3 Onbekende gesin (3)

Figuur 6.25: Portretstudie van ’n onbekende gesin (3) (Foto: c1915)

Teen 1900 kon mense gerieflik en vinniger per trein of stoomboot reis. Telefone het gesorg vir beter kommunikasie; kameras is meer algemeen in gebruik en mense het foto’s van hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

alledaagse lewe geneem. Hulle het musiek met ’n grammofoon geluister, beligting van geboue was beter en op mediese gebied is aansteeklike siektes beter behandel en beheer. Privaat mense het motors besit, want Henry Ford se Model T was bekostigbaar vir ’n groot deel van die samelewing. Parys het die modehoofstad van die wêreld gebly. Vrouetydskrifte het die nuutse modeontwerpe en -neigings vanuit Parys en New York die wêreld ingestuur (Payne ea 1992:543-544).

Dié foto (6.25) van ’n groot gesin is waarskynlik in Roe se ateljee geneem. Die foto is gemaak van een van die beskadigde glasnegatiewe wat bewaar gebly het en is waarskynlik van sy latere foto’s.

Die tafel waarop die twee jongste kinders sit, is met ’n bokhaartafeldoek bedek. Dit skep ’n baie sagte atmosfeer in die foto. Die muur agter is ook met ’n muurskildery bedek waarop daar vensters asook ’n pilaar as versieringsmotiewe verskyn. Die ateljee kom meer professioneel voor as by sommige van die ander Roe-foto’s waar die ateljee-gordyne nie altyd netjies voorgekom het nie.

Manskleredrag aan die begin van die twintigste eeu was vereenvoudig en daar is baie op ’n standaardsnit vir baadjies en broeke staatgemaak. Die pak klere vir mans het in die mode gebly, maar die baadjies was baie meer enkelbors- as dubbelborsbaadjies (Payne ea 1992:545-546). Dit wil voorkom asof die man op die foto se baadjie ook ’n standaardsnit enkelborsbaadjie is.

Vroeekleredrag gedurende hierdie periode het min variasies getoon. Klere is van ’n paar basiese patrone gemaak. Om verskeidenheid te hê, is daar van verskillende materiale en versieringsmotiewe gebruik gemaak. Welgestelde vroue het soms hulle klere van ’n ongewone snit gemaak, in ’n poging om indiwidualiteit te toon. Vroeekleredrag het minder formeel geword en groter beweeglikheid bevorder. Payne ea beweer dat daar in hierdie jare ’n romantiese herlewing plaasgevind het. Dit het neerslag gevind in die materiaal en kant wat vir vroeeklere gebruik is (1992:546). Laver beskryf die S-vormige vroeeklere wat sag oor die heupe af na die voete toe val. Hy wys ook daarop dat kant gewild was vir vroeeklere. Minder welvarende vroue het in die plek van duur kant Ierse hekelwerk op hulle klere gebruik. Die hoë neklyne is in posisie gehou met behulp van beenwerk (1977:215-216). Die vroue en dogters op die foto dra rokke wat van moeselien en katoen gemaak is. Die rokke, veral dié van die dogters, is met kant

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

versier en die ouer vroue dra die gewilde Victoriaanse borsspelde en ander juwele. Die borsspelde wat die vrouens en selfs die babadogterjie dra, was hoog mode gedurende die laat neëntiende eeu en volgens Deirdre O'Day het die Victoriaanse vrou nie meer so baie juweliersware soos vroeër gedra nie, maar die borsspeld was steeds baie gewild. Die klem het nou meer op die kleur en tipe steen wat in die ontwerp gebruik word, geval. Diamante vanuit Suid-Afrika het groot aftrek in Engeland gekry (1974:12-13). Borsspelde en ander juweliersware is vanuit Engeland ingevoer en die gegoede Victoriaanse vrou in Suid-Afrika het dit met trots gedra.

Laver bevestig dat die kraag soos dié wat die moeder op die foto dra, hoogmode was. Hierdie krae is van wit linne en kant gemaak en met stysel gestyf (1992:216-224). Die vrouens se hare is agtertoe geneem en met 'n strik vasgemaak. Tortora en Eubank maak melding daarvan dat die eerste permanente karteling van hare in 1904 plaasgevind het. Die mode was om hare sag uit die gesig te neem en in 'n bolla agter die kop vas te maak (1990:278).

Die dogtertjie regs op die foto het nie lank genoeg stil gestaan vir die foto nie en Roe kon dus nie 'n skerp beeld van haar vasvang nie. Twee van die dogterjies dra versierde haarbande om die langhare uit hulle oë te hou. Die seuntjie wat staan se klere lyk asof dit bietjie te groot is vir hom. Hy kom selfbewus voor en staan met sy een hand in die hempsak. Die ander seuntjie op die tafel se pakkie klere is met 'n wit omboorsel op die groot kraag versier. Die snit en patroon van seuntjies se rokke en rompe was baie dieselfde as wat klein dogtertjies sou dra (1990:288). Die seuntjie se kraag herinner aan dié van 'n matroospakkie. Volgens Strutt was die matroospakkie baie gewild vir beide dogters en seuns gedurende die neëntiende eeu asook in die eerste dekade van die twintigste eeu (1975:393). Die babadogtertjie dra 'n borsspeld as versiering op haar rokkie.

Groot gesinne het volop voorgekom en was die norm in die Victoriaanse era. Koningin Victoria het self die voorbeeld gestel met nege kinders. Dit het eers vroeg in die twintigste eeu meer aanvaarbaar geword om minder kinders te hê. Die middelklas het toe begin om geboortebeperking toe te pas en groot gesinne het negatiewe kommentaar ontlok (Malan 1996:43).

Kinders is dikwels deur kinderoppassers grootgemaak. Dit wil voorkom asof dit ook die geval was met dié groot gesin. Die vrou in die wit romp en bloes wat agter in die middel van die foto

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

staan, is heelwaarskynlik die kinders se oppasser. Dit is ook moontlik dat sy ’n familielid is wat help met die kinders en nie soseer aangestel is as kinderoppasser nie. Die feit bly egter staan dat dit ’n algemene praktyk gedurende die Victoriaanse era was dat ouers nie self kinders groot gemaak het nie. Die kinders is vir die grootste gedeelte van die dag in die oppasser se sorg gelaat en sou slegs ’n uur of wat na die middagtee saam met die ma spandeer (Malan 1996:44).

6.2.3.3.4 Onbekende Gesin (4)

Figuur 6.26: Portretstudie van ’n onbekende gesin (4) (Foto: c1905)

Foto’s kan met reg beskou word as ’n oomblik in tyd wat gevries het, want sodra die foto geneem is, is die oomblik verby. Hierdie foto (6.26) is die perfekte voorbeeld van so ’n oomblik in tyd wat onherroeplik verby is.

Hierdie is ’n baie spesiale gesinsfoto, want dit is nie soos die meeste gesinsfoto’s in ’n foto-ateljee geneem nie. Roe was dalk bevriend met die mense op die foto en het die neem van die foto met ’n kuier gekombineer. Dit wil ook voorkom asof die gesin welvarend was. Volgens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Payne ea het kleredrag jou status in die samelewing bepaal. As jy volgens die jongste mode aangetrek het, het jy hoë aansien in die gemeenskap geniet. Vir sommige mense was dit baie belangrik om die regte klere en bykomstighede te dra om sodoende in die hoër klas van die samelewing aanvaar en opgeneem te word (1992:547).

Die gesin in die foto bestaan uit die pa, ma, twee seuntjies en ’n dogtertjie. Hulle ontspan in die koelte van die druiweprieel wat vol blare is en dit is ’n aanduiding dat dit lente of meer waarskynlik somer op Graaff-Reinet was. Daar is verskillende tuinplante in blom en die sipresbome wat so eie aan die dorp is, staan ook in hulle agterplaas. Op die tafeltjie is ’n tafeldoek gegooi en potplante verfraai die tafel. Die ma sit op ’n rottangstoel wat baie gewild was in die Victoriaanse era. Dié tipe meubels is baie as stoepmeubels gebruik asook seilstoele soos die een wat regs op die foto verskyn. Seilstoele is gebruik vir ontspanning, in die tuin sowel as op die strand.

Manskleredrag het gedurende die tydperk meer informeel geraak. Mans het sportdrag ook in die dag begin dra en manelbaadjies, jasse en keile is meer dikwels as aanddrag of tydens formele geleenthede in die dag gedra (Payne ea 1992:546). Die man op die foto is egter nog baie formeel in manelpak geklee. Dit is dalk met die oog op die foto aangetrek. Sy hemp het waarskynlik ’n stywe wit boordjie en hy dra ’n das. Die foto is nie duidelik genoeg om met sekerheid te sê dat hy ’n sakhorlosie met ketting dra nie, maar dit wil so voorkom en is hoogs waarskynlik. Die man het ’n welige bos swart hare en ’n baard. Die ma het ’n wit rok aan en dra ’n klein versierde hoed op haar kop. Tortora en Eubank skryf dat vrouehoede laat in die neëntiende eeu kleiner geword het. Hoede is met kant, vere en linte versier (1990:265). Die dogtertjie wat op die ma se skoot sit het ’n wit rokkie aan. Die rokkie is waarskynlik van ’n fyn wit katoen gemaak met kant afwerking. Die dogtertjie het ’n kappie op haar kop om haar teen die warm karooson te beskerm.

Die twee seuntjies op die foto dra albei matroospakkies met kort broekies, donker kouse en skoene. Die seuntjie links op die foto sit op ’n hobbelperd terwyl die een regs op die foto by sy driewiel staan. Geen kinderkamer was sonder ’n hobbelperd nie en fietse was baie gewild in Engeland sedert die 1860’s. Daar was ook verskillende soorte fietse soos eenwiel, hoë tweewielfietse asook driewiele, en gou was dit ook in Suid-Afrika baie gewild (Hart-Davis 2001:132; Kerr-Jarrett 1993:141).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.3.3.5 Waarde en betekenis

Die vraag kan gevra word of kleredrag op foto's 'n aanduiding kan wees van ekonomiese welvaart. In sommige gevalle kan dit wel die geval wees, maar op die platteland het mense dalk pronkklere geleen vir 'n fotosessie. Mense het soms net een stel deftige klere besit wat net tydens spesiale geleenthede gedra is. Dit is belangrik dat daar nie ongegronde aannames gemaak word nie.

Nog 'n vraag wat ontstaan is of kleredrag op foto's 'n aanduiding is van die heersende modes van 'n betrokke tydperk. Vrouetydskrifte het die nuutste modeontwerpe asook modeneigings vanuit Parys en New York die wêreld ingestuur. Dit het Graaff-Reinet ongetwyfeld ook bereik, want op die Roe-foto's kan duidelik gesien word dat vroueklere saam met die heersende modes verander. Die foto's wat vroeg in die twintigste eeu geneem is, is 'n duidelike aanduiding dat daar van die klok-vormige rompe weg beweeg is na sagte wyer rompe. Materiale soos moeselien en katoen wat wêreldwyd gewild was, is ook op Graaff-Reinet vir dié nuwe modeneiging gebruik. Manskleredrag was meer vereenvoudig en daar is lank van 'n standaardsnit vir baadjies en broeke gebruik gemaak. Die tendens om weg te beweeg van die dubbelborsbaadjie na enkelborsbaadjies en minder formele mansdrag is ook op die Roe-foto's waargeneem.

Bestudering van kleredrag op foto's dra nie by tot bewaring van die kledingstukke as sodanig nie, maar wel tot die rekonstruksie van 'n era. Sosiale gebruike uit 'n spesifieke tydperk word weergegee op foto's en dien as hulpmiddel tot rekonstruksie, wat 'n vorm van bewaring is.

Die mense van die laaste dekades van die neëntiende eeu was besonder gesteld op die dokumentering van hulle milieu en lewe. Hulle het ook 'n skerp sin vir feite en detail getoon. Fotografie het die Victoriane se leefwyse dus baie goed gepas. Feitlik alle families het die ideaal gekoester om familieportrette deel van die binneversiering van hulle huise te maak. Dit sluit nou aan by hulle sin vir detail en ingesteldheid op noukeurige dokumentering van hulle bestaan. Danksy die toeganklikheid van fotografie was dit nou ook vir die middelklas moontlik om geraamde familieportrette deel van hulle huise se interieur te maak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.4 Sport

6.2.4.1 Tennis

Figuur 6.27: Die Star Tennisklub (Foto: c1910)

Georganiseerde sport lewer ’n belangrike bydrae tot die kultuurlewe van die meeste gemeenskappe. Gedurende die Victoriaanse era was daar gewoonlik ’n vriendelike gees van wedywering tussen die betrokke spanne of deelnemers. Sportsoorte soos tennis het daarin geslaag om mense van diverse agtergronde byeen te bring. In 1884 maak ’n tennisklub sy verskyning op Graaff-Reinet (Henning 1986:117-118). Tennis is in die vroeë neëntiende eeu slegs binnenshuis gespeel, maar toe daar teen die middel van dié eeu ’n rubberbal vir die spel begin gebruik is, het dit as buitenshuise sport ook in Suid-Afrika baie gewild geraak. In 1884 het ’n Suid-Afrikaanse skoolseun, EL Williams, tot die eindronde van die mansdubbelspel op Wimbledon in Londen deurgedring (Schirmer 1981:202). Gedurende die 1870’s het grasbaantennis baie aftrek in Engeland gekry en was dit die ideale sportsoort om in die groot tuine van die Victoriaanse huise te speel (Tames 1997:25).

Volgens Minnaar het tennis as sport in Graaff-Reinet vinnig in gewildheid toegeneem, maar ook op omliggende plase is daar klei tennisbane opgerig en het tennisspeel ’n sosiale geleentheid

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geword (Minnaar 1987:130). Vanaf die sewentigerjare van die neëntiende eeu was dit ’n sosiale voordeel om tennis te speel en die verdere voordeel was dat dit geskik was vir deelname deur beide geslagte (1990:44).

Die eerste tennisklub op die dorp wat *The Star Tennis klub* geheet het, se baan is naby die ou tronkgebou opgerig. Hierdie tennisklub se bane is later na Parkstraat oorkant die botaniese tuin verskuif, waar dit in ’n woonerf opgerig is. In 1884 is *Gem Tennis Club* gestig en op 6 September 1905 het die voorsitter, CH Collett, die nuwe tennisbane formeel geopen. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 het die *Star Tennis Club* doodgeloop, maar in 1916 is daar begin met die lê van nuwe tennisbane vir die *Star Tennis Club* deur die Botaniese tennisklub. Vir baie jare het daar groot wedywering tussen die twee tennisklubs in Graaff-Reinet geheers (Minnaar 1987:130).

Dié foto (6.27) bied heelwat inligting van kultuurhistoriese belang. Roe het die foto van die tennisklub se lede op die tennisbaan gaan neem. Die groep mense sit en staan teen die heining. Dit lyk asof daar appelkoosbome net agter die heining groei. Die mans en vroue is almal baie formeel in Victoriaanse kleredrag geklee. Strutt beskryf vroue se tennisdrag van 1885 en meld dat hulle nog met handskoene, stywe korsette, noupassende bo-stukke en modieuse hoede gespeel het. Dit het min ruimte vir beweging toegelaat. Vroeg in die neëntiende eeu het vroue begin om net wit rokke op die tennisbaan te dra. Hierdie gebruik het tot in die tweede helfte van die twintigste eeu voortgeduur. Daar is nog steeds stywe korsette onder die rokke gedra en met dié dat die rokke met stysel gestywe is, het vroue nie makliker op baan rondbeweeg nie (1975:364). Die wit broeke wat die mans dra kan as die sportdrag van daardie tyd beskou word. Die mans het ook almal hoede op wat wissel van hardebol keile, strooihoede, pette, tot vilthoede. Severn beskryf soortgelyke hoede (1963:188-200).

Die meeste spelers hou hout tennisrakette vas, maar ’n vrou regs op die foto hou ook die handgereedskap vas wat soos ’n roller gewerk het om die baan gelyk te maak. Daar is ’n groot houtkis waarop ’n tennisbal en rakette neergesit is en dit is opvallend dat die tennisrakette op die foto (6.27) ovaalvormig is met die bopunte van die ovaal afgeplat, in teenstelling met moderne rakette waarvan die punte ovaalvormig is. Die kis is waarskynlik as pakplek vir die gereedskap en tennistoebehore gebruik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die belangrikheid van die geleentheid het ook in die sosiale samesyn gelê, want baie jongmense het tydens die informele geleenthede hulle toekomstige lewensmaats ontmoet. Die spel tennis is nie-tasbaar, maar die toebehore en die kleredrag is die tasbare aspekte wat in die foto (6.27) ter sprake kom. Die spel as sodanig kan nie van die foto afgelei word nie, maar die sosiale verkeer en gebruike soos die rol van die baan kom na vore. Die rol wat tennis in die samesyn en smee van vriendskapsbande tydens hierdie periode op Graaff-Reinet gespeel het, word duidelik deur die Roe-foto weerspieël. Spelers kom ontspanne voor en sommiges het selfs hulle troeteldiere saamgebring. Die ontspanne luim van die spelers word uitgebeeld deur die manier waarop hulle vir dié tennisklubfoto poseer.

6.2.4.2 Sportbyeenkoms

Figuur 6.28: Atletiek, fietsry en boeresport-byeenkoms (Foto: c1910)

Hierdie Roe-foto is een wat nie dikwels in uitstallings gebruik word nie. Die negatief waarvan dit verkry is, is deur die jare beskadig en verbleik.

Die baan op die foto was aan die suidekant van die dorp geleë en is vir baie verskillende byeenkomste gebruik. Jare later het dit die skougronde gehuisves en in 2014 is die veilingkrale van die dorp op dieselfde perseel (Baartman 2014: e-pos).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens A de V Minnaar het die Graaff-Reinet en distrik krieketklub (GRDCC) die atletiekbaan by die bestaande sportterrein laat bou. Fietsry was ook baie gewild gedurende daardie tyd en die baan is ook vir fietsrykompetisies gebruik (1987:128).

Atletiek het gedurende die laat neëntiende eeu in Engeland gewild geword en in 1863 is ’n atletiekklub in Londen gestig (Tames 1997:25). Voor 1883 word daar nie ernstig atletiek in Graaff-Reinet beoefen nie en vind daar net tydens spesiale geleenthede byeenkomste plaas. Een so ’n voorbeeld is die byeenkoms van 24 Mei 1875 waartydens koningin Victoria se verjaarsdag gevier is. Hierdie wedlope is meer in die gees van outydse Boeresport gehou en die hele gemeenskap het deelgeneem. Dit was in teenstelling met latere jare toe slegs wit mense aan sportbyeenkomste op Graaff-Reinet deelgeneem het. Die wedloop met die hoogste prys was die donkiewedren, waar deelnemers hulle teenstanders se donkie moes ry, en die laaste dier by die wenpaal is dan as wenner gekroon (Henning 1986:117).

Dié byeenkomste is gekenmerk deur ’n kermisatmosfeer en die toeskouers het in hulle deftigste klere by die byeenkomste opdaag. Mense is met verskillende voertuie, van elegante “spaiders”, tot versierde donkiekarre, na en van die byeenkomste vervoer. Ná 1880 dra die amateurblaasorkes tot die feesatmosfeer by (Henning 1986:117). Op die foto is oorwegend mans sigbaar, maar die vrouens sit waarskynlik op die paviljoen. Die paviljoen het ’n driehoekgewel en is versier met broekiekant figuursaagwerk in hout, tipies van die Victoriaanse era.

Daar bestaan nog foto’s van sportbyeenkomste op dié sportterrein, asook van sosiale geleenthede wat daar gehou is. Een so ’n foto is geneem tydens ’n byeenkoms op 31 Mei 1900 wat as die Volkskongres bekend gestaan het, waar Olive Schreiner die eerste keer in die openbaar as spreker opgetree het (Schoeman 1992:95). Al die foto’s van die sportterrein is baie waardevol, want die paviljoen en baan bestaan al vir jare nie meer nie en die Roe-foto’s is al getuienis wat oorgebly het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.4.3 Boogskiet

Figuur 6.29: Die boogskietbaan (Foto: c1895)

Victoriaanse sportfoto's kom baie maal geposeer en passief voor. Dit is deels toe te skryf aan hulle selfbewustheid en word ook beïnvloed deur die beperkinge wat die tegnologie nog op fotografiese tegnieke en toerusting geplaas het. Teen die einde van die eeu het daar reeds heelwat ontwikkeling ten opsigte van die tegnologiese faktore plaasgevind.

Payne ea beskryf die vroueklerdrag van 1870-1880 as stywe hoënek bostukke, hoër middellyn en vol uitklokrompe wat soms agter uitgebult het (1992:524). Die klere van vroue wat aan buitemuurse aktiwiteite deelgeneem het, was oor die algemeen van swaar materiale soos tweed of handgeweefde materiale gemaak en meestal donkerkleurig (Laver 1977:209). Hierdie beskrywing is van toepassing op die kleredrag van die vroue op die foto. Die vroue dra klein hoede, *bonnets* asook versierde strooihoede wat met linte onder die ken vasgemaak is. Dit stem ooreen met die modeneiging vir vrouehoede tydens die 1880's (Payne ea 1992:526).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar kom ’n groot verskeidenheid manshoede, keile, pette en strooihoede op die foto voor. Al die hoede was gewild gedurende hierdie tydperk. Die rolstoel waarin een van die vrouens sit, het waarskynlik houtspeek-wiele gehad.

Dit wil voorkom asof hierdie Roe-foto van die boogskutvereniging op Graaff-Reinet tydens ’n kompetisie op die boogskutbaan geneem is. Die baan is omring deur landerye en bome en die teiken waarna geskiet is, asook die tellinghouers, is sigbaar op die foto. Daar is mans, vrouens sowel as kinders op die foto. Dit bewys weer dat Roe baie van die fasette van die daaglikse lewe op die dorp deur middel van foto’s gedokumenteer het. Die boogskietvereniging is in 1869 op die been gebring (Henning 1986:118). Daar kon nie met sekerheid vasgestel word waar in die dorp die baan geleë was nie. Teen 1880 was dié vereniging se jaarlikse bal een van die sosiale hoogtepunte op Graaff-Reinet (Henning 1986:118).

6.2.4.4 Waarde en betekenis

Baie verskillende sportklubs is gedurende die neëntiende eeu op Graaff-Reinet gestig, soos byvoorbeeld die krieketklub wat in 1861 gestig is, die renklub, skietklub, tennisklub en die atletiek- en fietsryklub. Daar bestaan Roe-foto’s van onder meer ’n gholfspeler, die dorp se krieketspan, Graaff-Reinet se rugbyspan van 1913 asook van fietryers op die *Oval-baan*. Hondewedrenne is ook deur middel van Roe se foto’s gedokumenteer.

Baie van die sportsoorte wat op Graaff-Reinet beoefen is, het vanaf Engeland na Suid-Afrika gekom. Rugby en krieket is voorbeelde van sportsoorte wat groot aftrek gekry het. Rugby is aanvanklik in die strate en veld met ’n bal wat van ’n varkblaas gemaak is, gespeel. Daar is eers na 1863 ’n *Football Assosiation* in Engeland gestig waar daar op reëls vir die spel besluit is. Teen die einde van die eeu het mense graag rugby gespeel en wedstryde bygewoon (Thomson 2007:14). In 1891 het WE Maclaglan se Britse rugbyspan ’n baanbrekertoer na Suid-Afrika onderneem. Hulle het onder meer in Johannesburg, Durban en Kimberley rugby gespeel. Op Kimberley moes hulle uitvind dat daar geen gras op die veld was nie, net ’n harde stuk rooi grond, en een van die deelnemers het so hard geval dat hy nie in die volgende 7 wedstryde kon speel nie (Geen skrywer 2011: www.springbokrugby.webs.com/...). Krieket is, in vergelyking met sommige ander sportsoorte wat hulle oorsprong by die antieke Grieke of die Romeine gehad het, nie baie oud nie. Die eerste krieketspelers was skoolseuns op die Engelse platteland wat probeer het om boomstompe en skaapkraalhekke met ’n bal raak te gooi. Engeland het ook

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

krieket in hulle koloniale gebiede ingevoer en teen die middel van die neëntiende eeu is wedstryde reeds in van die gebiede gespeel. Krieket is reeds so vroeg soos 1840 in Port Elizabeth gespeel (Rosenthal 1975:7; geen skrywer 2012: www.sahistory.org.za/...). Thomson beskryf hoe die bal aanvanklik onder die arm deur gegooi is en bevestig die gewildheid van die sportsoort in Engeland vanaf 1835 (2007:15). Boogskiet is ’n baie ou sportsoort. Naas die gebruik van die pyl en boog deur prehistoriese jagters, soos bewys deur rotstekeninge, was dit die belangrikste wapen van die Middeleeuse voetvolk. Oefeninge in boogskiet is later op sportvelde gehou en boogskiet het ’n gewilde sportsoort geword. In die neëntiende eeu het die Amerikaners boogskietklubs in Philadelphia gestig (Schirmer 1981:196).

Die rol wat sport reeds vir baie jare op Graaff-Reinet speel, word deur die Roe-foto’s weerspieël en gee ’n blik op die sosiale lewe en wyses van ontspanning wat op die dorp beoefen is. Die Engelse invloed is duidelik sigbaar in die breë spektrum sportfoto’s wat Roe geneem het. Tiperend van die Victoriaanse sportfoto’s is die geposeerde passiwiteit van die mense in die foto’s.

Dit is veral die AB- en EF-asse van die Burden-model wat op die sportfoto’s van Roe toegepas kan word. Die kombinasie van die abstrakte konsep van ’n spel en die materiële toebehore wat daarmee saamgaan, vorm die AB-as. Behalwe vir die spel as nie-materiële element is daar ook belangrike sosiale en modeaspekte wat uit die foto’s na vore kom. Die E-pool van die EF-kontinuum verteenwoordig die tradisionele, en dit is wat die Roe-foto’s weergee. Maar dit kan deur navorsing met die eietydse weergawes van die sportsoorte (die F-pool) vergelyk word, om die veranderinge en ontwikkelings wat ingetree het, aan te dui. Dit bevestig die dinamika van kultuur.

Galla verwys ook in sy model na materiële en nie-materiële kultuur, maar omskryf die terme nie duidelik genoeg nie. Hy wys glad nie uit dat daar ’n kombinasie van die twee moontlik is nie en dit kom baie duidelik na vore by die bestudering van Roe se sportfoto’s. Galla se fokus val op die onderskeiding van beweegbare en nie-beweegbare kultuurgoedere. Tog is daar al telkemale bewys dat nie-beweegbare goedere nie altyd net buitenshuis aangetref word nie en alles wat binnenshuis voorkom nie altyd beweegbaar is nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.5 Feesvieringe en openbare geleentheid

6.2.5.1 Feesviering in Pastoriestraat

Figuur 6.30: Feesviering in Pastoriestraat (Foto: c1887)

Daar kon nie met sekerheid vasgestel word presies wanneer hierdie foto geneem is of wat die geleentheid was nie.

Die foto is in die huidige (2014) Pastoriestraat op Graaff-Reinet geneem. Die kerk op die foto het bekend gestaan as *Die Groot Londen* en was die oorspronklike kerkgebou vir die Londense Sendinggenootskap op Graaff-Reinet. Die kerkgebou en pastorie is in 1850 ingewy (Henning 1986:129). Dié gebou is in 1969 deur dr Anton Rupert aangekoop en gerestoureer en staan bekend as die John Rupert teater (Nunn 2008:42).

Daar kan gespekuleer word dat dit ’n viering van koningin Victoria se goue-jubileum in 1887 was, maar dit kon ook ’n viering van haar verjaarsdag gewees het, of selfs ’n ander viering. Die rede vir die vermoede dat dit aan koningin Victoria gekoppel word, is die opvallende teenwoordigheid van die Britse vlag op die wa. Daar is ’n openbare vertoon van soldate wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

agter die blaasorkes in gelid loop. Die foto is noukeurig ondersoek en geanaliseer vir moontlike bevestiging van ’n datum, maar dit kon nie met sekerheid vasgestel word nie.

Botha bevestig dat baie inwoners van Graaff-Reinet, wat Afrikaners ingesluit het, geheg geraak het aan koningin Victoria. In menige Afrikanerhuis het haar portret gehang en met haar afsterwe op 22 Januarie 1901 het dr TNG te Water, die burgermeester van Graaff-Reinet, in sy roubeklag gesê dat die hele gemeenskap haar innig lief gehad het, en dat haar dood as groot skok vir die dorp gekom het (1991:133).

Die voorspoed van die laat sewentigerjare van die neëntiende eeu op Graaff-Reinet laat die entoesiasme groei vir die plaaslike blaasorkes. Die orkes tree nou saam met die koorvereniging van die dorp op en bied later hulle eerste promenadekonsert in die Botaniese tuin op die dorp aan. Die orkes se bydrae tot openbare, sosiale en sportfunksies verleen glans aan elke geleentheid (Henning 1986:95-96).

Vlaggies is oor die straat gespan en ’n groot vlag wapper voor die kerk. Die wa is waarskynlik deur perde getrek en ’n perderuiter en perd is langs die wa sigbaar. Die hele gemeenskap neem deel aan die optog. Voor hardloop ’n swart vrou wat in ’n Victoriaanse rok geklee is en agter haar stap ’n wit en bruin kind uitbundig agter die wa aan. Baie mense kom in die straat afgestap om deel van die optog te wees.

Die Drosdyhotel is sigbaar op die foto. Die foto is waarskynlik geneem toe die hotel as *Kromm se hotel* bekend gestaan het. Die gebou op die foto is ’n enkelverdieping gebou, maar dit wil voorkom asof dit reeds Victoriaanse kenmerke soos ’n veranda toon. Daar kan dus met sekerheid gesê word dat die foto voor 1904, toe die hotel na ’n dubbelverdieping verander is, geneem is.

Die mens se behoefte om as ’n groep saam fees te vier, kom duidelik op die foto na vore. Die skare is uitbundig en almal deel in die feesviering. Sulke geleenthede het seker nie so gereeld op die dorp plaasgevind nie, vandaar die groot belangstelling en deelname aan die geleentheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.5.2 Openbare geleentheid

Figuur 6.31: Openbare geleentheid (Foto: c1910)

Daar is niks bekend oor die foto nie. Die bord wat die middelpunt van belangstelling is, is goed bestudeer om ’n datum of bewoording te ontsyfer, maar sonder sukses.

Wat die foto wel wys, is die samekoms van verskillende rasse tydens ’n byeenkoms op Graaff-Reinet. Die meeste mense op die foto is jongmense wat die vermoede laat ontstaan dat dit moontlik ’n skool- of sondagskoolbyeenkoms kon wees. Die volwasse persone op die foto is dalk onderwysers.

As daar na die posisie van die berg op die foto gekyk word, is die foto moontlik in een van die groot erwe in Plasketstraat geneem. Die meeste huise het in hierdie tyd groot erwe gehad. Die erwe is soos klein plasies bedryf en is daar groot hoeveelhede perskes, druiwe, appelkose, pere en lemoene op die dorpserwe verbou. Op Markplein was daar ’n produktemark wat die inwoners gehelp het om hulle goedere van die hand te sit. Hier is onder meer rosyne en ander droë

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vrugte, asyn, withond, brandewyn, vars vrugte en groente te koop aangebied. Oral in die dorp was ook klein smouswaentjies waarop vars vrugte en groente uitgestal is. Later het die dorpsmense van hulle produkte ook na Port Elizabeth en Kimberley gestuur (Lawrie 1953:70). Rabone verwys ook na die kweper- en granaatlanings wat langs die groot erwe aangeplant is. Volgens hom het die inwoners met mandjies vol groente soos boontjies, wortels, beet en aartappels gesmous en selfs onder mekaar uitgeruil (1966: 100-101).

6.2.5.3. Samekoms op 10 Mei 1899



Figuur 6.32: (foto1) (Foto: 1899) *Figuur 6.33: (foto 2) (Foto: 1899)*

Samekoms met die vertrek van prof Price se ballon

William Roe het dié foto's van die opblaas van 'n ballon (6.32) op 10 Mei 1899 op Graaff-Reinet geneem. Op die foto's is daar na dié ballon verwys as "prof Price se ballon". Die ballon is opgeblaas deur dit bo 'n steenkoolvuur te hou en daar is na dié ballonne verwys as "rookballonne"(Museumbrosjure gd:1). Van die mans op die foto (6.32) lyk soos soldate en dit laat die vraag ontstaan of daar dalk in Mei 1899 reeds Britse soldate op Graaff-Reinet gestasioneer was. Op dié foto's is daar baie mense wat belangstellend toekyk. Dit was vir die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inwoners van Graaff-Reinet baie opwindend om te sien hoe die ballon lugvaardig gemaak word. Baie mans help met die proses en daar kan ook perderuiters op die foto (6.33) gesien word. Op dieselfde foto waar die mans rondom die ballon lê, is daar ’n hoop gekapte hout op die voorgrond. Die hout is moontlik saam met steenkool vir die vuur onder die ballon gebruik. Spandauskop en ’n sipreslaning is sigbaar in die agtergrond. Bronne verwys meestal na ballonne wat met behulp van verhitte waterstof opgestyg het, en daarom het die Roe-foto’s van die “rookballon” op Graaff-Reinet beslis skaarsheidswaarde.

Die gebruik van ballonne in oorlogsituasies het reeds so vroeg as 1794 tydens die Franse Revolusie begin. Hierdie ballonne asook dié wat in 1861 tydens die Amerikaanse Burgeroorlog gebruik is, het met behulp van verhitte waterstof opgestyg. Sedert 1862 het die Britse weermag eksperimente met ballonne uitgevoer en teen 1890 is die aanvanklike probleme om waterstof veilig te berg met hoëdruk silinders opgelos en kon die ballonne veilig vervoer word (Rolt 1966:178-179). Reeds voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het ’n spesialis ballon-afdeling van die Britse weermag na Suid-Afrika gekom (Smith 2009:1).

Na die Jameson-inval oor Nuwejaar 1896 het daar ’n oplewing van nasionalisme onder die Afrikaners in sowel die Boere-republieke, as dele van die Britse kolonies in Suid-Afrika ontstaan. Die spanning in die land het opgelaai en in 1898 het Brittanje al verklaar dat daar is geen ander manier om die probleme van Suid-Afrika op te los nie, behalwe hervorming in Transvaal of oorlog (Pretorius 2012:236-237). Bogenoemde verklaar moontlik die teenwoordigheid van die ballon en Britse soldate op Graaff-Reinet, reeds vóór die aanvang van die Anglo-Boereoorlog.

Die Britse magte het ongeveer ’n honderd ballonne tydens die Anglo-Boereoorlog gebruik om vanuit die lug die skuilplekke en kampe van die Boeremagte aan die Britse soldate bekend te maak. Dit is veral met groot welslae by die veldslae van Modderrivier en Magersfontein gebruik. Die ballonne is ook aangewend om die swak bestaande kaarte te verbeter en sketse van die landskap te maak. Daar is ook vir die eerste keer lugfoto’s van gevegsfronte vanuit die ballonne geneem. Die kommunikasie tussen die ballon en grondmagte het verbeter, wat spioenasie nog meer vergemaklik het. Die Boeremagte was aanvanklik skrikkerig vir die ballonne en het sonder sukses daarop geskiet, maar toe die oorlog in die guerrilla-fase ingaan, was die ballonne minder suksesvol en het die boere hulle troepe op hoogte gehou van waar die ballonne gebruik word (Geen skrywer 2012: www.newworldencyclopedia.org/...).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgens Sykes was ballonvaart as sport wêreldwyd baie gewild rondom 1900 en hy verwys na ’n foto van so ’n ballonvaart naby Dublin in Ierland. Volgens hom het die sport teen 1908 ’n hoogtepunt bereik en met die koms van die vliegtuig het die sport se gewildheid baie afgeneem (1980:151).

6.2.5.4 Byeenkoms tydens toneelopvoering

Figuur 6.34: Toneelopvoering

Ondanks die feit dat die glasnegatief van hierdie foto (6.34) baie beskadig was, word die foto in dié ondersoek ingesluit. Dit is opvallend dat, in teenstelling met baie van Roe se ander foto’s, die mense op hierdie foto baie jolig en vrolik voorkom. Die vroue is van verskillende ouderdomsgroepe, maar almal deel in die pret. Hulle dra kostuums wat wissel van ’n Oosterse japon, Hollandse drag, ’n toga met bypassende hoed, sigeunerdrag, kelnerinklere en daar is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

selfs een wat soos ’n koningin met ’n kroon op haar kop aangetrek is. Hulle dra hooftooisels, kappies en hoede, bont sokkies en skoene met versierings en van die vroue hou musiekinstrumente asook ’n sambreel vas.

Met die aankoms van immigrante, veral uit Engeland en Duitsland, het die lewendige kultuurlewe van Europa ook by die mense van Graaff-Reinet aanklank gevind. Hierdie foto (6.34) van ’n groep mense in verskillende kostuums bied ’n blik op wat as ’n lewendige teaterlewe op die dorp beskryf is. Mense oor die hele spektrum van die gemeenskap het geesdriftig deelgeneem en dit was nie vreemd om ’n handelaar, professionele mense, vakmanne en huisvroue saam in ’n amateurteaterproduksie te sien optree nie. Graaff-Reinet se eerste “Amateur Dramatic Club” word in 1858 gestig met Harry Bolus as sekretaris, terwyl SE Wimble na die vereniging se geldsake moes omsien. Tussen 1858 en 1874 word 67 verskillende toneelstukke aangebied. Dit het onder meer klugspele en musiekopvoerings ingesluit en is in die nuwe stoomrollermeule met sitplek vir 300 mense gehou. Daar is ook toneelopvoerings in die pakkamers van handelaars soos Dixon, Schimper en Rubidge gehou (Henning 1986:93-94).

Een van die werke wat met groot sukses in Desember 1873 opgevoer is, was *Robinson Crusoe*. Hierdie werk is ’n brulesk, met danse, ’n tjou-tjou van vrolike rympies, asook parodieë oor plaaslike gebeure. Volgens die pers het hierdie opvoering almal verras en die toeskouers het gereeld in lagbuie uitgebars (Henning 1986:94). Harriet Rabone skryf in ’n brief aan ’n familielid in Engeland dat sy en haar gesin na die teateropvoering *Box en Cox* gaan kyk het. Volgens haar het die teatergangers hulle vergaap aan die vertoning en was die toneelspel baie goed. Die hoofrol is deur ’n man met ’n fyn stem soos dié van ’n vrou, vertolk. Hy het baie mense om die bos gelei. Die vroulike hoofspeler en die bediende het volgens Harriet uitstekend gespeel. Die vertoning was nie sonder insidente nie, want die gepraktiseerde bed van plank en kussings het op die hoofspeler ingetuimel en een van die spelers het ’n kers omgestamp wat ’n brand op die stel veroorsaak het. Gelukkig is dit gou en onder groot gejuig geblus (Rabone 1966:111-112). Toenemende kompetisie van professionele reisende toneelgeselskappe wat Suid-Afrika binnegestroom het om hulle fortuin op die Diamantvelde te soek, het die plaaslike teaterverenigings ’n knou toegedien (Henning 1986:94).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.5.5 Waarde en betekenis

Die foto van die feesviering in Pastoriestraat (6.30) en die openbare geleentheid (6.31) bring die gevoel van samehorigheid wat gedurende hierdie tyd op Graaff-Reinet geheers het, na vore. Die verskillende rasse kon onverstoord meng en het saam feesgeleenthede bygewoon. Daar was nog nie afsonderlike woonbuurte vir die verskillende rasse nie. Met die bespreking van die foto (6.30) van die feesviering in Pastoriestraat is daar bespiegel dat die gebeurtenis dalk met koningin Victoria verband kan hou. Die aanwesigheid van soldate en Britse vlae skep die vermoede. Victoria was baie gewild in Suid-Afrika en fotografie het baie hiertoe bygedra. Haar foto het in baie Suid-Afrikaanse huise gehang. Henning skryf dat haar verjaardag op 26 Mei gewoonlik as ’n openbare vakansiedag op Graaff-Reinet gevier is (1986:64).

Openbare geleenthede was baie gewild en mense het graag sulke byeenkomste ondersteun. Dit het ’n gulde kans gebied om sosiaal te verkeer, sake van die dag te bespreek en nuus uit te ruil. Musiek speel ’n rol by openbare geleenthede soos die blaasorkes wat by die feesviering in Pastoriestraat optree.

Henning verwys na ’n *skietkommando* wat tydens geleenthede op Graaff-Reinet sou optree (1986:64). Dit verklaar moontlik die teenwoordigheid van soldate tydens die feesviering (6.30) asook met die opblaas van die ballon (6.32). Die foto’s (6.32 en 6.33) van die opblaas van die ballon se waarde vir bewaring lê veral in die feit dat dit ’n unieke gebeurtenis op die dorp vasgevang het en weer eens ’n faset van die lewe op dié plattelandse dorpie, kort voor die Anglo-Boereoorlog op film vasgelê het. Hoewel lugballonne in daardie stadium reeds bekend was, was dit sekerlik ’n totale nuwigheid en aardigheid vir ’n afgeleë plattelandse gemeenskap in Suid-Afrika. Dit maak die betekenis van Roe se vaslegging daarvan soveel groter.

Die waarde van die samekoms tydens teateropvoerings en musiekkonserte op Graaff-Reinet lê daarin dat dit die gemeenskap byeengebring het. Musiekkonserte en teateropvoerings is ook gebruik om fondse vir sportklubs of verenigings op die dorp in te samel. Die atmosfeer was ontspanne en dit het ’n gulde geleentheid gebied om mekaar beter te leer ken. Dit kan aanvaar word dat mense van alle rasse die opvoerings bygewoon het. Baie van die jongmense het hulle toekomstige man of vrou by sulke opvoerings ontmoet. Vir die inwoners van die dorp het dit ook ’n gulde geleentheid gegee om hulle horisonne te verbreed en die betrokke teaterstukke is moontlik lank na die opvoering nog bespreek. Roe se foto (6.34) gee die emosies van diegene

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat aan teaterproduksies deelgeneem het, baie goed weer. Die kameraderie wat tussen die vroue geheers het, kom duidelik na vore. Al was Graaff-Reinet ver van Kaapstad geleë, het die inwoners se kultuurbelewenis in hierdie opsig nie drasties van die mense van Kaapstad verskil nie.

6.2.6 Die Anglo-Boereoorlog

6.2.6.1 Vonnisoplegging van rebelle

Figuur 6.35: Vonnisoplegging (Foto: 14 Augustus 1901)

Hierdie Roe-foto van die vonnisoplegging van sogenaamde rebelle tydens die Anglo-Boereoorlog is op 14 Augustus 1901 op Kerkplein, Graaff-Reinet geneem. Daar is baie Britse soldate op die foto, asook belangstellendes. Voor is mans op ’n perd en ’n fiets onderskeidelik. Vrouens in deftige Victoriaanse klere asook bediendes met kappies is sigbaar. Daar kan aangeneem word dat mense verteenwoordigend van die hele gemeenskap die geleentheid bygewoon het. Jordaan verwys in sy boek *So het hulle gesterf!* na hierdie vonnisoplegging van die dertien sogenaamde rebelle op Graaff-Reinet (1944: 45). Daar word na die rebelle as “sogenaamde” rebelle verwys, want daar kan nie met sekerheid gesê word dat hulle wel rebelle was nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die simpatie wat sommige Graaff-Reinetters vir die twee Boererepublieke gehad het, moet nie gemeet word aan die aantal inwoners wat met die vuurwapen tot hulle hulp gekom het nie. Dat daar wel sterk simpatie was, blyk duidelik uit die koerantberigte en die gereelde verslae wat die Resident-magistraat se kantoor na Kaapstad gestuur het. Met die verskyning van Boerekommando's in die Graaff-Reinetse distrik het heelwat Afrikaners Kaapse Rebelle geword, maar dit is moeilik om presies vas te stel hoeveel die wapen teen die Britse regering opgeneem het. Die volle name en vanne van die rebelle is soms in amptelike publikasies of koerante verengels, soos Pieter Johannes wat Peter John geword het. Die Graaff-Reinetters wat lojaal aan die Britse regering was, het die Kaapse Rebelle as struikrowers gesien en hulle met die grootste minagting bejeën. Hulle is beskou as arm, onopgevoede bywoners (Botha 1991:137-139).

Onder die dertien sogenaamde rebelle wat in Augustus 1901 op Graaff-Reinet ter dood veroordeel is, was LFS Pfeiffer, Petrus J Fourie en Jan van Rensburg (Jordaan 1944:49). Jan van Rensburg was ongeveer 22 jaar oud en van Aberdeen afkomstig. Hy het tereggestaan weens hoogverraad, moord, brandstigting en diefstal. Petrus J Fourie, veertig jaar oud, het op die plaas *Uitkomst* in die distrik van Jansenville geboer. Daar kon nie meer inligting oor LFS Pfeiffer opgespoor word nie (Jordaan 1944:49).

Jordaan beskryf in sy boek *So het hulle gesterf!* die vonnisopleggingsproses soos volg: "Om kwart voor vyf is hulle tussen troepe na die kerkplein gebring om hul vonnisse te verneem. Daar te midde van 'n regiment en 'n skaar mense, waarvan baie gekommandeer was, het die twee ongelukkiges hul doodvonnis ontvang" (1944:47).

Die voltrekking van hulle vonnisse het op 19 Augustus 1901 op 'n plaas met die naam *Semelpoorthoogte* buite Graaff-Reinet plaasgevind en die terdoodveroordeeldes is begelei deur Coldstreamsoldate en die dorp se blaasorkes. Hulle is al drie gelyktydig doodgeskiet terwyl die blaasorkes 'n triomfmars gespeel het (Jordaan 1944:49).

Die militêre verhore, en veral die teregstellings in Graaff-Reinet, kon moontlik daartoe bygedra het dat baie Republikeinse simpatiseerders nie die wapen teen die regering wou opneem nie. Die feit dat sommige Afrikaners in Graaff-Reinet beveel is om die straf wat Kaapse Rebelle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opgelê was aan te hoor, is ’n bewys dat die owerheid dit as afskrikmiddel gebruik het (Botha 1991:142).

Dié Roe-foto (6.35) dien as getuie van die onmenslikheid wat met alle oorloë gepaard gaan en is weer eens bewys dat foto’s ’n waardevolle bydrae lewer tot die ondersoek na die verlede.

6.2.6.2 Soldate tydens die Anglo-Boereoorlog

Figuur 6.36: Boere soldaat (Foto: c1900)

Figuur 6.37: Britse soldate (Foto: c1900)

Die Roe-foto van die Boer en Britse soldate is tydens die Anglo-Boereoorlog in ’n ateljee geneem. Roe het tydens die oorlog met sy kameratoerusting na Aberdeen gereis en ’n tydelike ateljee daar ingerig. Hy het die foto’s moontlik tydens so ’n besoek geneem. Die verskil in dekor van die ateljees is opvallend, aangesien die Boer-foto se ateljee baie meer tydelik en ongeorden voorkom. Die agtergrond is egter die gewone skilderdoek wat op baie Roe-foto’s verskyn. Die Boer sit op bakstene wat slordig opgestapel is, maar daar is ’n tapyt by sy voete geplaas, moontlik in ’n poging om die dekor te versag. Hy het ’n donkerkleur baadjie met ligter broek, wit hemp en strikdas aan. Payne ea verwys na hierdie drag as informele sportdrag (1992:545). Sy hoed, met ’n veer in, lyk soortgelyk aan dié wat Gideon Scheepers en ander Boeremagte tydens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die oorlog gedra het. Daar bestaan ’n foto deur Ivy Allan van Gideon Scheepers waar hy ’n soortgelyke hoed dra. In Jordaan se boek is daar ’n foto van Izak Liebenberg wat in Januarie 1902 op Aliwal-Noord tereggestel is. Hy was, net soos Scheepers, ’n sogenaamde rebel en sy hoed lyk presies soos die van Scheepers (1944:102;108).

Volgens die beskrywing van wapens in Lategan en Potgieter se boek is dit ’n Lee-Metford geweer wat die Boer vashou. Verskeie modelle en tipes van die geweer is gebruik en dit het in Suid-Afrika algemeen bekend gestaan as die “Lemetfort”. Die boere het dikwels twee bandeliere oorkruis gedra (1982:121-124).

Daarenteen is die ateljee waarin die Britse soldate en een burgerlike persoon afgeneem is meer formeel en georden (6.37). Die agterdoek skep die illusie van ’n stel trappe met reling. Die soldaat links op die foto is formeel in die volledige Britse offisiersrang uniform en helmet geklee. In die publikasie wat die regulasies vir militêre drag tydens die Anglo-Boereoorlog bevat, is daar duidelike riglyne wat daarop dui dat die soldaat links op die foto die rang van kaptein kon beklee het. Daar is twee ster-tekens op elke skouer van sy baadjielapelle. Die soldaat regs op die foto is ook in die Britse weermag, maar hy het nie ’n hoër rang as tweede lieutenant gehad nie, want hy dra nie rangtekens op sy skouers nie. Hy het ’n hoed op wat in die publikasie ’n *terai hoed* genoem word en wat van ’n stywe materiaal gemaak is (Wolseley 1900:1,77). Die offisier se helmet is met ’n kakiekleur lap gedrapeer. Hierdie *helmet curtain* is gebruik om in uiterste weersomstandighede die gesig van soldate te beskerm. Hulle stewels is vir veldtoestande aangepas en die regulasies het bepaal dat alle stewels kniehoogte moes wees (Wolseley 1900:1).

Die woord *khaki* kom van die Hinduwoord vir *stowwerig*. Troepe in Indië het hulle onpraktiese wit uniforms in modder geweek om die kakie kleur te verkry (Greenspan 2007: www.milataryphotos.net/...). Alle buitelandse soldate van die Britse Magte, behalwe die soldate in Kanada, het kakiekleur uniforms gedra. Dit is as die beste kleur vir koue en warm weerstoestande beskou. Die Webley rewolwer en ammunisiehouer van die Britse soldaat was ook standaard toerusting (Wolseley 1900:75, 76, 103). Die Webley-rewolwer is in 1887 amptelik deur die Britse leër aanvaar. Die sogenaamde “British Bulldog” is in die Anglo-Boereoorlog aan Engelse kant gebruik, maar daar is bewyse dat Boere-offisiere ook Webleys besit het (Lategan & Potgieter 1982:124-126).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die leë stoel heel regs is ’n voorbeeld van ’n tipiese laat neëntiende-eeuse Victoriaanse stoel met Regency-invloed in die bo-stel en Windsor-invloed in die onderstel. Die stoel regs waarop die soldaat sit, is ’n Amerikaanse Windsorstoel wat ook ’n “office chair” of ’n “captain’s” chair genoem word (Kench 1987:28-29). Die stoel links op die foto is ’n neëntiende-eeuse variasie van die Romeinse curule wat net soos die vorige stoel deel vorm van die kothuisstyl wat gestrek het van ongeveer 1890 tot 1940 (Burden 2013:52, 310;).

Die inwoners van Graaff-Reinet het ook die groot omwenteling wat die Anglo-Boereoorlog veroorsaak het, gevoel. Die oorlog bring ’n duidelike skeuring in die geledere van plaaslike Afrikaners. Baie mans wie se familie in een van die Boererepublieke gewoon het, het by die Boeremagte aangesluit. Plaaslik het die owerheid verwag dat die boere alle militêre bewegings en aktiwiteite moes rapporteer (Henning 1986:76).

6.2.6.3 Waarde en betekenis

Geheue vorm ons verbintenis met die verlede en die verskillende maniere waarop ons onthou definieer ons huidige konteks. Die belangrikheid van foto’s in die geheue vorm deel van die algemene patos van die verlede. Foto’s dien as onmisbare inligtingstukke asook as bykomende inligting by geskrewe bronne om te help om die inventaris van die verlede so volledig as moontlik op te stel. Dit is veral van toepassing op die foto’s wat Roe tydens die Anglo-Boereoorlog op Graaff-Reinet geneem het. Hierdie foto’s vul ’n leemte in ons geheue en maak navorsingsprojekte meer geloofwaardig. Die belangrike rol wat die visuele speel om die geheue te ondersteun moet nooit onderskat word nie. Omdat die mens se geheue nie altyd so betroubaar is nie, speel foto’s ’n groot rol om die geheue aan te vul. Die foto (6.35) van die vonnisoplegging van rebelle op Kerkplein is ’n uitstekende voorbeeld van hoe foto’s ’n rol kan speel in die proses van in herinnering roep van trauma vir mense wat dit nie self beleef het nie.

Dit is asof die verlede al hoe groter populariteit as tevore geniet. Die twee foto’s (6.36 en 6.37) van die Britse soldaat en ’n lid van die Boeremagte bied waardevolle historiese inligting oor onder meer kleredrag en wapens wat tydens die Anglo-Boereoorlog in gebruik was.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.7 Landskapsfoto's

6.2.7.1 Vallei van Verlatenheid buite Graaff-Reinet

Figuur 6.38 Vallei van Verlatenheid (Foto: c1895)

Die Vallei van Verlatenheid is ongeveer 14 kilometer buite Graaff-Reinet geleë. Die vallei kon aanvanklik slegs per voetpad bereik word, maar in 1930 is daar 'n tweespoor pad daarheen gebou. In 1935 is die Vallei van Verlatenheid tot 'n gedenkwaardigheid verklaar. Die belangrike geologiese formasies bestaan uit sandsteen, sliksteen en moddersteen (Henning 1986:138). Loodregte kranse en hoë dolerietpilare staan teen die agtergrond van die vlaktes. Dié prominente kranse is die gevolg van vulkaniese uitbarstings asook erosie van ongeveer 160-180 miljoen jaar gelede (Nunn 2008:121).

William Roe moes aanvanklik sy swaar fotografiese toerusting met behulp van werkers tot bo by die uitkykpunt van die vallei dra. Die vraag kan gevra word of hy dieselfde roete soos wat vandag bestaan, gevolg het. In die Roe-versameling is daar heelwat foto's wat hy tydens geleenthede soos pieknieks en ander sosiale byeenkomste by die vallei of oppad daarheen geneem het. Min fotograwe was destyds bereid om te reis om landskapfoto's te neem, want dit was 'n beslommernis om met al die toerusting te reis. Dit maak dié foto nog meer spesiaal en dit is baie waardevol as daar in ag geneem word dat kultuurlandskappe drasties kan verander soos

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat die geval met die *Vinger van God* rotsformasie in Namibië was. Al wat daar vandag van dié rotsformasie oor is, is foto's.

6.2.7.2 Plaaslandskap: Wellwood

Figuur: 6.39: Die plaas Wellwood in Graaff-Reinet distrik (Foto: c1890)

Die plaas Wellwood behoort al vir geslagte lank aan die Rubidge-familie. Charles Rubidge, die eerste eienaar van Wellwood, is op 27 Oktober 1818 op die dorpie Gletwyn in Wallis gebore. Sy vader was Robert Henry Rubidge en sy moeder Hannah Payne (néé Jones). Charles het saam met sy ouers op 10 April 1821 na die Kaap gekom waar hulle 'n kort rukkie gebly het voordat hulle hulle in die Albaniedistrik naby Grahamstad gevestig het. Dit is belangrik om te weet dat hulle nie wou bekend staan as Britse Setlaars nie, aangesien hulle op eie onkoste na Suid-Afrika gekom het en nie hulp van die Staat ontvang het nie. Hulle het hulle plaas Gletwyn na hulle geboortedorp in Wallis genoem (Malherbe 1998:63).

Charles Rubidge het saam met George Southey en ene Powell vanaf die Oosgrens na Graaff-Reinet verhuis (McMagh 1968:48). Hy is op 18 Junie 1840 met Frederica Louisa Wilhelmina Liesching getroud. Die huwelik is op die plaas Letskraal deur ds Andrew Murray bevestig (McMagh 1968:50).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Charles en Louisa het op drie plase, Patrysfontein, Grootnek en Platrug geboer. Platrug het baie min lopende water gehad. Charles en Louisa het hulle na hulle troue op Patrysfontein gevestig, maar dié plaas was baie ver van die dorp geleë en dit was moeilik om die ver afstand van twee en veertig myl (±71 km) na die mark gereeld af te lê. Charles het ’n skeerhok en ’n klein woning op Platrug opgerig. Hy was van die heel eerste verskaffers van wol en bokhaar en het ook van die eerste angorabokke na Suid-Afrika ingevoer. Hulle besluit om na Platrug te trek en die plaas te ontwikkel. Hy het geboor vir water en lemoenboorde aangelê. Die plaas, wat vandag as Wellwood bekend staan, het ’n baie vooruitstrewende wol-, sybok en lemoenproduserende plaas geword. Wellwood is ook bekend vir ’n museum wat fossiele huisves. Dr Sidney Rubidge, ’n kleinseun van Charles Rubidge, het die fossiele ontdek en geïdentifiseer (McMagh 1968:49). Richard Stephen Rubidge, agterkleinseun van Charles se seun Robert Henry Rubidge, boer tans (2014) op die plaas.

Hierdie foto van Wellwood is ’n voorbeeld van hoe ’n plaaswerf aan die einde van die neëntiende eeu in die Graaff-Reinet-distrik daar uitgesien het. Die leidamme wat gebruik is om onder meer die tuin, groentetuin, landerye asook lemoenboorde nat te lei, is sigbaar op die foto. Daar staan ook ’n windpomp op die plaaswerf. Soos gemeld het Charles Rubidge vir water geboor en windpompe opgesit toe hy en sy gesin na Platrug (Wellwood) getrek het. Windpompe is belangrike hulpmiddels op ’n Karooplaas. Die vroegste ingevoerde windpomp wat aangeteken is, was die Halladay Standard-windpomp. Dié windpompe is in Amerika vervaardig en PJ du Toit van Hopetown het in 1874 die eerste Halladay-windpomp ingevoer. Die toring, wiel en lemme van die windpomp was uit hout vervaardig. Laat in die neëntiende eeu was hierdie windpompe baie gewild in die Graaff-Reinet distrik. Daar het gereeld advertensies vir windpompe in die *Graaff-Reinet Herald* verskyn en die dorp het ook as verspreidings-sentrum vir windpompe gedien. Vanaf 1905 het Charles E Geard en seun vanuit hulle ysterwarewinkel op Markplein in Graaff-Reinet Manvel-windpompe verkoop. Hierdie windpomp het ’n soliede houtwiel gehad. William Roe het foto’s van ’n Manvel windpomp op die plaas Adendorp naby Graaff-Reinet geneem, asook die uitstalling van Geard se windpompe by die landbouskou op die dorp (Walton 1998: 9-20).

Dit is opvallend dat die meeste bome wat op die foto verskyn uitheemse bome soos wilger- en bloekombome is. Daar is wel enkele inheemse doringbome sigbaar. Die bome is aangeplant vir skadu in die warm somermaande. Die tuin, landerye en boorde is moontlik aan die voorkant van die huis aangelê.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die huis het ’n staandak met ’n platdakgedeelte en die aanbouings aan die linkerkant van die huis is sigbaar. Dit is waarskynlik ’n kombuis wat aangebou is, aangesien die vuurherd se skoorsteen duidelik links op die foto sigbaar is. Die sinkdakhuis het twee eenvoudige driehoekentgewels met ’n solderdeur in die gewel. Daar is kosvoorrade op die solder gestoor, want die dorp was ver en produkte nie altyd verkrygbaar nie.

Daar is twee verskillende soorte vervoermiddels op die foto sigbaar. Regs op die foto is ’n kapkar waarmee mense vervoer is en in die middel van die foto staan ’n houtwa (ossewa) wat vir die vervoer van goedere gebruik is. Muller verwys na die kabriolet (een-perdekarretjie) en die koets wat as gewilde vervoermiddels vir mense tydens die laat neëntiende eeu gedien het (1990:36).

Daar staan ten minste ses mense op die werf rond en perde en skape kan ook op die foto gesien word. Links staan twee buitegeboue, waarvan een moontlik die ramstal is, wat met ’n kraal verbind is. Charles Rubidge het met sy vee in die kraal gewerk. Die ander platdak gebou is moontlik vir die berg van voer gebruik, maar baie keer het dit ook as skuiling gedien waar klein volstruisies of sybokkies grootgemaak is. Gedurende dié tydperk het baie boere volstruise aangehou, want die prys van volstruisvere was vir ’n tyd lank baie goed. Die foto vang die gees van ’n plaaswerf vas en die tasbare kultuurgoedere wat deel uitgemaak het van ’n Karoo plaaswerf dra by tot die skep van ’n bepaalde plaasatmosfeer.

Dié foto is veral van belang vir die Rubidge-familie wat al vir soveel geslagte op dié plaas boer. Dit wys met trots op hulle sukses as boere wat later sou uitbrei na sukses as sakemanne en bewaarders van tasbare kultuur soos fossiele. Daar bestaan nog Roe-plaasfoto’s waar landboubedrywe soos werkers in lemoenboorde, grootveeboerderye asook die wildbedryf uitgebeeld word.

6.2.7.3 Waarde en betekenis

Die historiese belangrikheid van ’n landskap-foto word deels bepaal deur die verandering wat die landskappe oor die jare ondergaan het, en wat op foto’s vasgelê word. Die veranderinge en ontwikkeling wat plaasgevind het in die natuur en op kultuurgebied asook die verweefdheid van tasbare en nie-tasbare elemente, is veral van belang by die twee landskapsfoto’s van Roe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar het min veranderinge by die Vallei van Verlatenheid plaasgevind, behalwe die mensgemaakte paadjies en uitkykpunte. Die natuur is nog in ’n groot mate ongeskonde. Die Vallei van Verlatenheid lok jaarliks duisende toeriste na Graaff-Reinet. Die natuurlike omgewing is ’n belangrike element van die aantrekkingskrag van hierdie natuurwonder, insluitende die ryk fauna en flora en diversiteit van die omgewing. Die waarde van die Roe-foto lê daarin dat dit ’n aanduiding is van die belang wat die natuurwonder daardie tyd reeds vir die mense van die omgewing gehad het, en die foto beklemtoon die feit dat die mense moeite gedoen het om daar uit te kom.

Dit is egter nie die geval met die plaaswerf-foto nie. Hier het groot mensgemaakte veranderinge oor die jare plaasgevind. Op die foto is baie van die mens se kreatiewe en skeppende vermoëns sigbaar. Kultuurtoerisme vind ook by die kultuurlandskap plaas, want mense kom met die uitsluitlike doel om na die wêreldbekende fossiele op die plaas te kyk. Groot getalle besoekers kan ongelukkig ’n nadelige effek hê op die plekke wat hulle besoek en daar moet gepoog word om byvoorbeeld uittrapping en gronderosie romdom beide die landskappe tot die minimum te beperk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.8 William Roe in die diamantveld

6.2.8.1 Diamantveld naby Kimberley

Figuur 6.40: Delwery by Kimberley (Foto: c1870)

Die verhaal van die ontdekking van diamante en die ontstaan van Kimberley is al deur baie skrywers vertel. Die romantiek van die era kry groot aftrek by skrywers, maar dit is belangrik om te onthou dat baie van die pioniers van daardie tyd met hulle lewe geboet het in hulle poging om Suid-Afrika se mynindustrie op die been te bring. Die bydrae wat fotograwe in daardie eerste jare van die delwerye gehad het, moet ook nooit onderskat word nie.

Van die vroeëre fotograwe was van nature avonturiers en swerwers. Nie baie van hulle het suksesvolle besighede op die platteland bedryf nie en hulle is gedwing om tussen verskillende dorpe rond te reis en het groot afstande afgelê. Soms het hulle lang reise in hulle waens onderneem. Hierdie waens is as tydelike foto-ateljees ingerig. ’n Reis vanaf Cradock na Bloemfontein, en vandaar na Potchefstroom en weer terug na klein dorpies, het deel van hulle werksverpligtinge geword (Bull & Denfield 1970:130-131).

Die ontdekking van diamante het fotograwe na die delwerye laat stroom. Die meeste van hulle het self gedelf, maar het hulle kameras altyd byderhand gehou en ook die verskillende

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kampterreine besoek en gefotografeer. Teen die einde van 1872 het ongeveer 12% van die Kaapse fotograwe al besoek by die diamantveld afgelê (Bull & Denfield 1970:131).

Roe het aan die einde van 1869 na die Diamantveld vertrek. Dit sou die eerste van vele besoeke aan die gebied wees. Die foto's wat Roe van die Pniël-delwery in 1869 geneem het, word beskou as van die eerste fotografiese rekords van die Diamantveld. Roe het in 'n brief aan sy vriend Sidney Rabone geskryf: "My old Kimberley views are often of interest – they are unique. I have made several copies of late of what I have left of the plates...." (Bull & Denfield 1970:132).

In November 1870 het Roe na Graaff-Reinet teruggekeer ná sy tweede kort besoek aan Kimberley en omgewing. Sy panorama-foto's is baie hoog aangeskryf vir hulle kwaliteit. Hulle het ook die omstandighede waaronder die delwers gewoon en werk het goed weergegee en sy foto's was sover as Kaapstad in aanvraag. Mense het die foto's vir hulle vriende gewys en die *Graaff-Reinet Advertiser* het die fotoversameling bemark. Slegs 'n paar maande later is 'n groot panorama-foto en verskeie kleiner foto's na Londen gestuur waar dit in die venster van die *Tomahawk Refreshment Rooms* uitgestal is. Die uitstalling was so groot dat dit die diamantdelwery uit alle rigtings getoon het. Hierdie fotoversameling was baanbrekerswerk, want dit het die eerste keer vir mense in Engeland geïllustreer wat op die Diamantveld in Suid-Afrika gebeur (Bull & Denfield 1970:135-136).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.8.2 Delwerskamp naby Kimberley



Figuur 6.41: *Die lewe in die delwerskamp (*Foto: c1870)

Kort na die begin van die groot uittog na Kimberley en omliggende delwerye (1869), het Roe ook vanuit Graaff-Reinet daarheen vertrek. Hy het sy besittings en fotografiese benodigdhede op sy eenperd-waentjie gelaai en baie foto's vanuit hierdie waentjie geneem. Oppad na die Diamantveld het sy wa gereeld gebreek. Hy het herhaaldelik die waentjie waar dit stukkend en soms sonder wiel in die veld staan, gefotografeer en eie aan sy positiewe geaardheid het hy die foto die volgende byskrif gegee: "Stopped for want of the Circulation Medium" (*Lantern* 1989:55-56).

Die Roe-foto hierbo van die woonplek van die delwers het ook baie aandag getrek, want dit het die lewe op die delwerye goed vasgevang. Die tente en waens waarin die delwers gewoon het, is duidelik sigbaar. Daar verskyn mense van verskillende rasse en geslagte op die foto.

Volgens Bull en Denfield het die reeks Roe-foto's oor die Diamantveld die verskillende aspekte van die delwerye goed weerspieël. Benewens die waens en tente het Roe se foto's ook die groot rotsblokke gewys waarmee die delwers hulle kleims afgebaken het. Daar was ook stalletjies waar mense goed te koop aangebied het. Op een so 'n stalletjie is die woord *Store*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geverf wat die teenwoordigheid van kleinhandel in die westerse ekonomie aandui. (Bull & Denfield 1970:136).

Karel Schoeman skryf dat baie van die fisiese mynaktiwiteite by die diamantmyne en kleims deur swart arbeiders van reg oor die land en selfs uit ander dele van suidelike Afrika, uitgevoer is. Volgens hom was daar ongeveer 50 000 arbeiders per jaar werksaam op die diamantmyne. Hulle is sodoende in die westerse ekonomie ingetrek en het baie van hulle tradisionele stamgebruike verwaarloos. Die mynwerkers is gedwing om saans na werk al hulle klere uit te trek sodat hulle vir diamantdiefstal ondersoek kon word. Volgens Schoeman bestaan daar ’n reeks foto’s van hierdie onmenslike behandeling van swart mynwerkers (1996:83-84).

In die *Illustrated London News* van Maart 1872 is die eerste foto’s van die delwerye in Suid-Afrika gepubliseer. Dit was ’n afdruk van ’n Roe-foto (Yeld 1986:3).

6.2.8.3 Waarde en betekenis

Roe se foto’s van die delwerye is ’n bewys dat daar selfs in een van die uithoeke van die Britse Ryk en onder unieke omstandighede fotografie van hoogstaande gehalte beoefen is. Die feit dat Roe met groot moeite vanuit Graaff-Reinet na Kimberley gereis het om foto’s van die groot geskiedkundige gebeurtenis te neem, wys daarop dat Roe waarskynlik besef het dat hy ’n groot bydrae kon lewer. Sy fotografiese nalatenskap is van onskatbare waarde, juis te meer omdat die fotoversameling ’n groot ekonomiese aktiwiteit in Suid-Afrika met toewyding gedokumenteer het. Dit is ’n bewys dat Roe met sy kenmerkende werkywer en pligsbesef wel ’n kolossale bydrae tot die bewaring en behoud van erfenis gemaak het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 7
EVALUERING

Tydens die periode van ’n mens se verblyf op aarde word daar baie spore nagelaat. Latere geslagte kan op hierdie spore terugloop en so kan die verlede beter begryp word. Die term *dokument* kan baie wyer geïnterpreteer word as bloot geskrewe materiaal, want pikturale bronne is ’n onderafdeling daarvan, waaronder fotomateriaal op sy beurt resorteer. Dit is deel van die dokumentêre spore wat die mens nalaat om vir die erfgename van kultuurerfenis as riglyne te dien vir die interpretasie van die verlede.

Tydens die analisering van die Roe-fotoversameling in ’n geselekteerde tydgleuf in die geskiedenis van Graaff-Reinet, het dit aan die lig gekom dat die kultuurhistoriese waarde van hierdie beeldende bronne ’n substansiële bydrae gelewer het tot die verstaan van die dorp se geskiedenis. Een van die belangrikste doelwitte van hierdie studie was om met behulp van die analise van die fotomateriaal, bewys te lewer dat fotografie en in besonder die Roe-fotoversameling ’n deurslaggewende rol in die kultuurhistoriese bewaringsprosesse op Graaff-Reinet gespeel het en in die toekoms nog kan speel. Historiese foto’s word dikwels bloot as illustrasiemateriaal beskou en as sodanig aangewend terwyl dit ’n dinamiese bron in eie reg is. Dit is immers die enigste bron wat ’n oomblik in tyd sigbaar vasvang en verewig.

Die ondersoek het ook aan die lig gebring dat die Roe-fotoversameling direk daartoe bygedra het dat bewaring op Graaff-Reinet eties toegepas word. Dit het ’n groot rol gespeel tydens die restourasie van geboue. Nie net het dit gehelp om geboue te restoureer nie, maar dit was ook deurslaggewend in die prosesse om geboue na die oorspronklike vorm of vorige stadiums terug te neem. Reinethuis is met behulp van ’n Roe-foto suksesvol na die oorspronklike vorm geneem. Dieselfde het onder meer met die drosdy en Urquharthuis gebeur. Daar is nog vele voorbeelde waar konkrete bewyse gevind is dat die foto-nalatenskap van Roe direk gehelp het om ’n hoë mate van historiese juistheid en egtheid van die karakter van argitektoniese erfenis te bewerkstellig.

Graaff-Reinet is een van die dorpe wat met toewyding en kennis bewaar word. Daar word daadwerklike pogings aangewend om ’n verbinding tussen die hede en verlede te behou. Die deurslaggewende rol wat die Roe-fotoversameling in die kultuurhistoriese bewaringsprosesse gespeel het, gaan verder en vorm ’n essensiële deel van historiese navorsing oor hierdie dorp

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en sy gemeenskap. Geen bron is op sigself allesopenbarend nie en die inligting wat uit die Roe-foto's bekom is, word ondersteun en beaam deur verwysings uit verskeie bronne oor Graaff-Reinet.

Fotografie het die navorser se verwysingsraamwerk verbreed en die Victoriaanse foto-bronne wat Roe nagelaat het, het die soeklig op onder meer argitektuur, kleredrag, landskappe, sportbyeenkomste, samekomste en sosiale gebruike in die algemeen laat val. Die feit dat Roe so 'n wye verskeidenheid onderwerpe en voorwerpe gefotografeer het, beklemtoon sy insig in die belang van die breë sosiale konteks in die geskiedenis van die dorp en gemeenskap en sy pogings om dit deur middel van fotografie te verewig. Die Roe-fotoversameling is bewys as 'n nuttige aanvullende bron om die sosiale leefwyse van mense in die Victoriaanse era na te spoor. Die bestudering van die foto's het die versameling meer bruikbaar en toeganklik gemaak, want sonder navorsing sou hulle waardeloos gebly het, en slegs 'n interessantheidswaarde gehad het. Deur hierdie studie is die fotoversameling meer toeganklik gemaak en die relevansie en akademiese waarde daarvan uitgewys.

Dit is dus duidelik dat die oorkoepelende doel van die studie bereik is en dat die uitgangspunt dat fotografie 'n deurslaggewende rol kan speel in die kultuurhistoriese bewaringsproses, bewys is.

Die kultuurhistoriese ontleding van geselekteerde Roe-foto's is deurgaans in hoofstuk 6 toegepas. Die kontekstualisering van elemente op die foto's in 'n tydsraamwerk en binne 'n sosiaal-kulturele milieu, dra by tot die interpretasie van 'n bepaalde era in Graaff-Reinet se geskiedenis. Die probleemareas in erfenisbewaring op Graaff-Reinet wat geïdentifiseer is, is waarskynlik minder as op baie ander dorpe, omdat die Roe-foto's in die verlede reeds aangewend is tydens bewaringsprojekte. Daar bestaan egter nog areas waar bewaring meer professioneel hanteer kan word. Een van die grootste tekortkominge is die gebrek aan kennis van die verlede, wat deur opvoedingsaksies of –projekte aangespreek kan word. Hierin kan die plaaslike museum en bewaringsorganisasies leiding neem. Roe-foto's kan vir die meeste van sodanige projekte benut word. Nog 'n tekortkoming is die gebrek aan belangstelling van die publiek se kant in die doen en late van die dorp se bewaringsinstansies en dit ontbreek aan die nodige ondersteuning. Algemene jaarvergaderings waarheen die publiek uitgenooi word, word swak bygewoon. Probleemareas rondom bewaring, soos die soeke na versoening tussen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bewaring en ontwikkeling asook onetiese aspekte in restourasieprosesse wat die gevolg is van onkunde by die verantwoordelike instansies blyk 'n voortdurende probleem te wees.

Riglyne wat in die toekoms moontlik gevolg kan word is onder meer die volgende: Dit sou sinvol wees vir die bewaringsliggame op Graaff-Reinet om die bestaan van die Roe-fotoversameling meer bekend te stel en te propageer as onontbeerlike bron by bewaringsaksies. 'n Herwaardering van die navorsingsbron is noodsaaklik en kan in skole en deur plaaslike koerante en nuusbriewe van bewaringsorganisasies bevorder word. Dan is dit ook nodig dat foto's meer holisties geïnterpreteer word en daar na die tyd-dimensie gekyk word waar tradisioneel en modern, of oud en nuut teenoor mekaar afgespeel kan word. Die verbintenis tussen die geestelike prosesse en die materiële kultuurprodukte wat op die foto's waargeneem word, moet ook benadruk word.

Konseptualisering van onder meer kultuurgeskiedenis as vakdissipline word in hierdie studie in oënskou geneem, omdat die oorkoepelende doel die bestudering van neëntiende-eeuse fotografie aan die hand van die kultuurgeskiedenis die kern van hierdie ondersoek uitgemaak het. Verskeie historici het die uitspraak gemaak dat kultuurgeskiedenis die ondersoek na die verbande tussen kultuurelemente is. Die ondersoek na die verbande tussen kultuurelemente is belangrik, maar die analisering van onderdele of komponente is juis ook ter wille van hulleself belangrik. Kultuurgeskiedenis is interaktief van aard en kan met gemak met dissiplines oor ekonomie, sosiale en politieke vlakke skakel.

Burden gee 'n uiteensetting van die vakgebied: Kultuur is die skeppingsproses en die resultaat van die skeppende werksaamheid van die mens en kultuurgeskiedenis is in die wydste sin die studie daarvan. Die wese van kultuurgeskiedenis is dan die maak van 'n studie van die kultuurproduk, die skeppingsproses wat dit tot stand gebring het, die stimulus wat die proses geïnisieer het en van die samehang van of verbande tussen kultuurprodukte en die dimensies waarbinne hulle tot stand gekom het (Burden 2000:19). Bogenoemde konsep word in die studie van die Roe-fotoversameling toegepas. Nie net is kultuurhistoriese kenmerke of elemente uitgewys nie, maar dit is ook geanaliseer en die waarde daarvan vir die studie van 'n era is bepaal sowel as die waarde vir bewaring in die eie tyd. Burden se model vir Kultuurgeskiedenis verduidelik in watter verhoudings verskillende aspekte van kultuur teenoor mekaar staan. Dit verskaf aan navorsers 'n verwysingsraamwerk waarmee hulle op 'n sistematiese wyse inligting kan klassifiseer. Hierdie raamwerk kan volledig toegepas word op die Roe-foto's, deurdat die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verband tussen die materiële en nie-materiële, die patrisiër- en volks elemente en die tradisionele en eietydse voortdurend uitgewys kan word.

Bestaande studies spreek nie die Roe-foto's se bydrae tot die bewaring van nie-tasbare sowel as materiële kultuur aan nie. Die foto's van die religieuse geboue se bydrae tot bewaring kan as méér as bewaring beskryf word, want die interpretasie van die foto's binne die holistiese siening van kultuurgeskiedenis en religie in die algemeen mag nie nagelaat word nie. Dit sluit die nie-tasbare kultuurprodukte soos mense se verwagtinge, drome en religieuse beskouings in en word in die boukuns versinnebeeld, soos in baie ander van die mens se tasbare kultuurgoedere. Dit wil sê die bydrae wat die foto's lewer lê nie net op die vlak van die materiële kultuur nie, maar 'n foto van 'n kerk simboliseer die geloof en lewensingesteldheid wat daarmee saam gaan. Dit is fotografie se vermoë om blikke uit die verlede in die outentieke kultuurhistoriese milieu waarbinne dit plaasgevind het, aan te bied, wat die Roe-fotoversameling se waarde in geskiedskrywing bevestig. Dit kan egter nog lank neem voordat die rol wat fotografie in geskiedskrywing speel, volledig besef en aanvaar word.

Dit is belangrik om die tydgleuf waarbinne 'n kultuurverskynsel geskep is, in konteks te plaas. Roe se foto's help om 'n holistiese beeld van die gemeenskap van Graaff-Reinet tydens die laaste dekades van die neëntiende eeu te skep. Wanneer die foto's in die breër konteks van die hede saam met moderne of eietydse geboue op Graaff-Reinet bestudeer word, kom die waarde van erfenisbewaring na vore. Dan word die EF-as, of die tyd-dimensie van die Burden-model die medium waarmee tradisioneel en modern, of oud en nuut teenoor mekaar afgespeel word. Die onlosmaaklike verbintenis tussen die geestelike prosesse en die materiële kultuurproduk (die AB-as van die model) word duidelik uitgebeeld.

Die foto's van die openbare geboue weerspieël fasette van die alledaagse lewe van die gemeenskap. Die stylbeskrywings van die geboue in hierdie studie stel 'n nuwe rekord beskikbaar aan toekomstige navorsers, juis omdat nie al die eienskappe wat bespreek word op die foto's waargeneem kan word nie. Sommige eienskappe is net waarneembaar op die geboue wat tans nog bestaan, en is dus deur middel van hierdie studie bygewerk by die analisering van die foto's. Volgens Oberholster dra ingeligte en konstruktiewe waardering vir al die geestelike en materiële samelewingstrukture by tot bewaring asook tot die behoud en waarheidsgetroue rekonstruksie van die kulturele en historiese rekords (1988:38-39). In hierdie geval is dit baie toepasbaar op Graaff-Reinet.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die kombinasie van nie-materiële en materiële kultuur kom veral by die foto's van die dorpsbeelde na vore. Die foto's toon die verskillende fases in die dorpsontwikkeling en wys die uitbreiding wat plaasgevind het uit. Argitektoniese stylveranderinge aan die geboue kan opgemerk word. Die rollermeule wat op die foto verskyn, het nie net in die fisiese behoeftes van die inwoners van die dorp voorsien nie, maar spreek ook die nie-materiële kultuurgoedere aan, want daar is gereeld teaterproduksies in dié meule opgevoer. Met die foto's van Kerkplein word handelsbedrywighede sowel as sosiale gebruike uitgewys, want die geestelik-godsdienstige aspekte van Nagmaalsnaweek wat ook op en rondom Kerkplein afgespeel het, word in die ontleding van die foto's beskryf.

Die analisering van trou- en ander foto's waarin die ontleding op kleredrag fokus, dra by tot kennis van 'n bepaalde modestyl in 'n spesifieke era, in hierdie geval die Victoriaanse era. Gedurende hierdie tydperk was die mense baie ingestel op noukeurige dokumentering van hulle eie milieu. Wanneer kleredragfoto's in dokumente en artikels van historiese belang gebruik word, dra dit by tot die rekonstruksie van 'n era en dra sodoende ook by tot 'n geheelbeeld.

Die kultuurkringloop waarin die mens hom bevind, word gekenmerk deur die wisselwerking tussen die verlede en die hede. Tydens die mens se interaksie met kultuurgoedere ontstaan daar 'n behoefte om sy leefwêreld te herskep en te vernuwe om aan te pas by veranderende omstandighede. Met die verloop van hierdie proses speel kultuurbewaring 'n groot rol deur die beklemtoning van gevestigde tradisies – tradisies wat moet dien as lanseerplatforms vir nuwe idees (Oberholster 1988:43). In hierdie studie se geval is dit 'n kombinasie van kultuurbewaring deur middel van die foto's asook die navorsing wat dit interpreteer, wat 'n lanseerplatform kan word vir die toekoms en kan lei tot nuwe idees.

Kultuurbewaring is nie iets wat in 'n lugleegte plaasvind nie en behoort nooit 'n toevallige aktiwiteit te wees nie. Oberholster sê vervolgens ook dat kultuurbewaring nie in die eerste plek 'n voorvereiste is vir 'n beter perspektief op die verlede nie, maar 'n voorwaarde vir toegeruste en verantwoordelike toegang en optrede wat die hede en die toekoms betref (1988:43). Die kultuurhistoriese analise van die Roe-fotoversameling lewer 'n groot bydrae tot die verstaan van die kultuurgeskiedenis van 'n bepaalde periode. Die aanwending van die analise-resultate vir eietydse bewaring, dit wil sê bewaringsfilosofie, -etiek en -praktyk, kan 'n groot bydrae lewer tot die dissipline van Kultuurgeskiedenis en die sub-dissipline Erfenisbewaring.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die resultate van die studie sal regstreeks in die gemeenskap geïmplementeer word deurdat die studie beskikbaar sal wees in die openbare bliblioteek en die navorsings-afdeling van die Graaff-Reinet Museum.

Sontag se opmerking oor die essensie van fotografie kan ook toegepas word op die Roe-versameling en die waarde wat dié foto's vir Graaff-Reinet en vir Suid-Afrika bied:

> It is nostalgic time right now, and photographs actively promote nostalgia. Photography is an elegiac art, a twilight art. Most subjects photographed are, just by virtue of being photographed, touched with pathos. An ugly or grotesque subject may be moving because it has been dignified by the attention of the photographer. A beautiful subject can be the object of rueful feelings, because it has aged or decayed or no longer exists. All photographs are *memento mori*. To take a photograph is to participate in another persons's (or thing's) mortality, vulnerability, mutability. Precisely by slicing out this moment and freezing it, all photographs testify to time's relentless melt (Sontag 1977:15).

Hierdie navorsing oor die Roe-fotoversameling het die potensiaal daarvan as historiese bron uitgewys en die weg gebaan vir kultuurhistorici om die beskikbare skat van Victoriaanse foto-bronne wat Roe nagelaat het, sowel as ander ou fotoversamelings, optimaal as bronne te benut.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BRONNE

LITERATUUR

Andrews, R, J Brown, P Lee & R Humphreys	2004	*The Rough Guide to England,* Rough Guides: New York.
Arizpe, L	2000	Cultural Heritage and Globalization (in Avrami ea (reds): *Values and Heritage Conservation,* Navorsingsverslag, Getty: Los Angeles).
Arnold, HJP	1977	*William Henry Fox Talbot. Pioneer of photography and man of science,* Hutchinson Benham: Londen.
Baldwin, G	1991	*Looking at photographs: Guide to technical terms,* J Paul Getty Museum: Malibu.
Beaton, C	1944	*British photographers,* Collins: Londen.
Beaujot, A	2012	*Victorian fashion accessories*, Berg: Londen.
Becker, P	1971	*Peoples of Southern Africa. Their customs and beliefs,* The Star: Johannesburg.
Bensusan, AD	1966	*Silver Images, History of photography in Africa,* Howard Timmens: Kaapstad.
Bentley, N	1974	*Edwardian Album,* Weidenfeld en Nicolson: Londen.
Blake, A	2010	*Boereverraaier teregstellings tydens die Anglo-Boereoorlog*, Tafelberg: Kaapstad.
Blanckenberg, NA	1953	History of the press in Graaff-Reinet (in CA Els (red): *Graaff-Reinet: Die Juweel van die Karroo*, Spandau Boekhandel: Graaff-Reinet).
Blumenson, JJG	1989	*Identifying American Architecture,* Norton: New York.
Böeseken, AJ	1966	*Die Nuusbode,* NASOU: Kaapstad.
Booyens, B	1982	*Nagmaalsnaweek deur die jare*, NG Kerk-uitgewers: Kaapstad.
Boshoff, A	2002	Stories uit die grensoorlog (*Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 58 (2)).
Botha, CS	1960	*Die fotokuns, fotografie vir die amateur,* Nasionale boekhandel Bpk: Kaapstad.
Botha, CG	1976	*Social life and Customs during the 18th Century,* Struik: Kaapstad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Botha, TA	1991	Graaff-Reinet tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 (ongepubliseerde Magister-tesis, Universiteit van Port Elizabeth).
Botha, TA	1994	Graaff-Reinet tydens die Eerste Wêreldoorlog 1914-1918 (ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Universiteit van Port Elizabeth).
Brümmer, NJ	1918	De Afrikaner en de universiteit (*Stellenbosch Universiteitsblad* 19(3), Mei).
Buckingham, A	2004	*Eyewitness Guides: Photography*, Dorling Kindersley: Londen.
Bull, M & J Denfield	1970	*Secure the shadow, The Story of Cape photography from its beginnings to the end of 1870,* Terence McNally: Kaapstad.
Burden, M	1991	Die Afrikaanse volkslied onder die bruinmense (ongepubliseerde DPhil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch).
Burden, M	1997	Remnants of the apartheid era in Afrikaans popular language: An exploratory investigation to illustrate the importance of oral history (*Southern African Journal for Folklore Studies* 8(1)).
Burden, M	2000	Die metodologie van Kultuurgeskiedenis (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 14 (2), November).
Burden, M	2003	Die waarde en betekenis van tradisionele Afrikaanse ballades in ’n eietydse samelewing (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 17(2)).
Burden, M	2007	Museums and the intangible heritage: the case study of the Afrikaans Language Museum (*International Journal of Intangible Heritage,* volume 2).
Burden, M	2013	*Ou-Kaapse Meubels. Studies in style,* SUNMeDia: Stellenbosch.
Burden, M & B Ekermans	2001	’n Klassifikasiestelsel vir Kultuurgeskiedenis (*Suid-Arikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 15(2)).
Burke, P	1997	*Varieties of Cultural History,* Polity Press: Cornwall.
Burke, P	2004	*What is Cultural History?* Polity Press: Cornwall.
Carducci, G	2005	‘Ethics, law and heritage’ (*ICOM News*, volume 3).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Charnes, GG	2004	Keeping History, Cartes-de-Visite – the first pocket photographs ("*Keeping History" column of the Inquirer & Mirror,* summer 2004*).*
Choy, L	2000	*Andrew Murray, the authorized biography,* CLC Publications: Fort Washington, Pennsylvania.
Cieslik, J & M Cieslik	1979	*Dolls: European Dolls 1800-1930,* Cassel: Londen.
Clare, JD	1993	*Industrial Revolution*, The Bodley Head: Londen.
Clavir, M	1998	The social and historic construction of professional values in conservation (*Studies in Conservation,* 43).
Coertze, PJ	1977	*Inleiding tot die algemene volkekunde*, Voortrekker Pers: Johannesburg.
Crane, AL	2002	*Victorian Chic,* Sterling: New York.
Crinson, M (red)	2005	*Urban memory history and amnesia in the modern city,* Routledge: New York.
Cruywagen, WA	2006	Die waarde van genealogiese en familiegeskiedenis vir kultuurgeskiedenis in die Suid-Afrikaanse konteks (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 46(2), Junie).
Cronjé, G	1963	*Die Westerse kultuur in Suid-Afrika,* Van Schaik: Pretoria
Cronjé, G	1974	Die sosiale ordening van die Afrikaner (in Grobbelaar (red): *Mens en Land,* Tafelberg: Kaapstad).
De Kock, WJ	1971	*History of South Africa*, Heer-uitgewers: Pretoria.
De Marly, D	1989	*Fashion for men. An illustrated history*, BT Batsford: Londen.
De Villiers, J	2012	Die Kaapse samelewing onder Britse bestuur, 1806-1834 (in F Pretorius (red): *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag,* Tafelberg: Kaapstad).
De Wet, R	1984	Die laat-Victoriaanse interieur 1880-1890 (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 1(1), Januarie).
Donaldson, R	2005	Conserving the built environment in South Africa: Challenges and dilemmas *(Joernaal vir Publieke Administrasie*, 40(4)).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dondolo, L	2005	Intangible Heritage: The production of indigenous knowledge in various aspects of social life (*Indilinga – African journal of indigenous knowledge systems, 4(1)).*
Dreyer, PS	1987	Verband tussen geestelike en stoflike kultuur *(Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis,* 1(1), Januarie).
Du Bruyn, D	2010	Oral testimonies as a source of community history, with special reference to the Batho project, Bloemfontein (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 24(2)).
Du Toit, S	1993	*Die ontstaan van die Gemeente Nuwe Kerk op Graaff-Reinet,* NMB drukkers: Port Elizabeth.
Dorson, R	1972	*Folklore and folklife, an introduction,* University of Chicago Press: Chicago.
Eaton, N	1966	*Bewaring van ons erfenis: Restourasie van geboue,* J Walter Thompson SA (Edms) beperk: Kaapstad.
Edwards, C	1993	*Victorian furniture technology and design*, Manchester University Press: New York.
Edwards, E	2001	Photography and the performance of history (*Kronos,* (27)).
Edwards, E (red)	2006	*Sensible objects: Colonialism, Museums and Material Culture*, Berg: New York.
Eley, G	1995	What is Cultural History? (*New German Critique: Cultural History/Cultural Studies*, 65).
Els, CA	1953	The united Church of England and Ireland (in CA Els (red): *Graaff-Reinet: Die Juweel van die Karroo,* Spandau Boekhandel: Graaff-Reinet).
Esterhuyse, WP	2009	*God en die gode van Egipte: In die voetspore van die onsienlike,* Lux Verbi: Wellington.
Evans, A	1992	*Victorian law and order*, BT Batsford: Londen.
Eybers, GW	gd	*Outydse sketse en stories uit die ou reisigers,* Maskew Miller: Kaapstad.
Fagan, G	2008	*Brakdak platdakke in die Karoo*, Breëstraat Publikasies: Kaapstad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ferreira, OJO	1997	Kultuurgeskiedenis by ’n kruispad *(Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 11(2)).
Fransen, H	1981	*Drie eeue kuns in Suid-Afrika,* Anreith: Pietermaritzburg.
Fransen, H	2004	*The old buildings of the Cape,* Jonathan Ball: Johannesburg.
Fransen, H	2005	*A Cape camera,* Jonathan Ball: Johannesburg.
Fransen, H	2006	*Old towns and villages of the Cape,* Jonathan Ball: Johannesburg.
Friis, J	2014	Ierse Fotograaf verewig geskiedenis in foto’s (*Die Burger (Naweekbylaag),* 28 Junie 2014*).*
Frizot, M ea	1994	*The new history of photography,* Köneman: Keulen.
Galla, A	1998	The Tshwane Declaration: setting standards for heritage tourism in South Africa (*Museum International*, 50(4)).
Galla, A	2002	Culture and heritage in development (*Humanities Research*, 9(1)).
Galla, A	2003	Frequently asked questions about intangible heritage (*ICOM News, 4)*.
Gasset, J	1946	*Mission of the university*, Kegan Paul and Company: Londen.
Gernsheim, H	1955	*The history of photography,* Oxford University Press: Londen.
Gernsheim, H&A	1971	*A concise history of photography,* Thames en Hudson*:* Londen.
Geyer, AL ea	1955	*Geskiedenis van Suid-Afrika,* NASOU: Kaapstad.
Gie, SFN	1928	*Geskiedenis van Suid-Afrika of ons verlede 1652-1795,* deel 1, Pro Ecclesia-Drukkery: Stellenbosch.
Gie, SFN	1932	*Geskiedenis vir Suid-Afrika of ons verlede 1795-1918,* deel 2, Pro Ecclesia-Drukkery: Stellenbosch.
Giliomee, H	2004	*Die Afrikaners: ’n Biografie*, Tafelberg: Kaapstad.
Giliomee, H & B Mbenga	2007	*Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika,* Tafelberg: Kaapstad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ginsburg, M	1982	*Victorian dress in photographs, Batsford: Londen*
Goldberg, V	1991	*The power of photography,* Abbeville Press: New York.
Gorsline, D	1980	*What people wore,* Bonanza Books: New York.
Gouws, A	2012	Die mevroue Zuma (*Die Burger,* 21 April).
Green, A	2008	*Cultural history,* Palgrave Macmillan: New York.
Green-Lewis, J	2000	At Home in the Nineteenth Century: Photography, nostalgia, and the will to authenticity (in J Kucich & DF Sadoff (red): *Victorian afterlife,* University of Minnesota Press: Minneapolis).
Grobbelaar, PW	1974	*Volkslewe van die Afrikaner,* Tafelberg: Kaapstad.
Grobbelaar, PW (red)	1974	*Die Afrikaner en sy kultuur, Mens en Land, Tafelberg: Kaapstad.*
Grobbelaar, PW (red)	1977	*Boerewysheid,* Tafelberg: Kaapstad.
Grobbelaar, PW	1984	Dit is Kultuurgeskiedenis (*Die Kultuurhistorikus* 1 (1)).
Grobbelaar, PW	1987	Die volkskundige benadering tot die kultuurgeskiedenis (*Die Kultuurhistorikus*, 2 (1)).
Grobbelaar, PW	1987	Geesteskultuurvorsing: Op soek na die ontasbare (*Die Kultuurhistorikus, 2 (2)).*
Grobbelaar, PW	1990	Dit is Kultuurgeskiedenis (*Die Kultuurhistorikus,* 5(1)).
Grobbelaar, PW (red)	1994	*Waar die volk skep*, (Rubrieke in *Die Brandwag* deur Abel Coetzee).
Grobbelaar, PW	1997	*Die rooi lappieskombers. Volkskwatryne,* Human & Rousseau: Kaapstad.
Grobbelaar, PW	2009	*Kinders van konings. Volksballades – tekste en bladmusiek*, Protea Boekhuis: Pretoria.
Grobbelaar, PW	2011	*Jakkals en Wolf*, Human en Rousseau: Kaapstad.
Grobler, JEH	2008	*The war reporter,* Johathan Ball: Johannesburg.
Grobler, JEH	2012	Staatsvorming en stryd, 1850-1900 (in F Pretorius (red): *Geskiedenis van Suid-Afrika:* Van *voortye tot vandag,* Tafelberg: Kaapstad).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Grove, AT	1967	*Africa, south of the Sahara,* Oxford University Press: Londen.
Grundlingh, A	2013	Gister skuil nét hier (*Rapport,* 14 April).
Hanlon, DR	2007	Pilgrims on Paper: The Calotype Journey of Leavitt Hunt and Nathan Flint Baker (*History of Photography* 31(4)).
Hart-Davis, A	2001	*What the Victorians did for us*, Headline: Londen.
Harrop-Allin, C	1975	*Norman Eaton: Architect: A study of the work of the South African architect Norman Eaton 1902-1966,* Struik: Kaapstad.
Hardijzer, C	2008	The Cape craze for carte-de-visite (*Village Life,* 28).
Hardijzer, C	2008b	Tintypes the poor man's photographs (*Village life*, 31).
Hardijzer, C	2008c	AD Bensusan. Pioneer of SA photo history (*Village life*, 32)
Hardijzer, C	2009	Trove of vintage images found (*Village life*, 35*)*.
Hattingh, ASJ	1985	*Kunswaardering*, Perskor: Johannesburg.
Haviland, WA	1987	*Cultural Anthropology*, Holt, Rhinehart & Winston: New York.
Herd, N	1982	*Killie's Africa: The achievements of Dr Killie Campbell,* Blue Crane Books: Pietermaritzburg.
Herholdt, AD	1994	*Eight beautiful Gothic revival churches of Port Elizabeth*, AD Hoc: Port-Elizabeth.
Henning, CG	1975	*Graaff-Reinet – A cultural history 1786-1886*, TV Bulbin: Kaapstad.
Henning, CG	1986	Die kultuurontwikkeling van Graaff-Reinet, 1786-1986 (*Lantern*, 35(2), Julie).
Hildebrandt, A	1973	*Balloons and Airships,* Constable: Yorkshire.
Hofmeyr, G	2002	*NG Kerk 350,* Paarl Print: Kaapstad.
Howarth-Lommes, BEC	1974	*Victorian Photography: A Collectors Guide,* Ward Lock: Londen.
Hudson, CW & H van der Merwe	1977	Van die wieg tot die graf (in PW Grobbelaar (red): *Boerewysheid,* Tafelberg: Kaapstad).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Huyssen, A	1995	*Twilight Memories, marking time in a culture of amnesia,* Routledge: New York.
Jaff, F	1963	*They came to South Africa,* Howard Timmins: Kaapstad.
Jeffrey, I	1996	*Photography – A concise history 1786-1886,* Thames and Hudson: London.
Jones, BE	1974	*Encyclopedia of Photography,* Arno: New York.
Jordaan, G	1944	*Só het hul gesterf!*, HAUM: Kaapstad.
Immelman, RFM & GD Quinn (red)	1968	*The preservation and restoration of historic buildings in South Africa,* AA Balkema: Kaapstad
Karusseit, C	2007	Victorian domestic interiors as subliminal space (*South African Journal of Art History,* 22(3)).
Kench, J	1994	*Cottage furniture in South Africa,* Struik: Kaapstad.
Kerr-Jarrett, A	1993	*Life in the Victorian Age*, Reader's Digest: New York.
Kirsten, JM	1984	Verskuiwinge in die eietydse kultuurbegrip (*Suid-A*frikaanse *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 2 (1)).
Kapp, P	1999	*Hulle het ons eeu gevorm,* Human & Rousseau: Kaapstad.
Kingwill, AA	1953	Short history of "The DR church pastorie" now known as "Reinet House" – 1953 (in CA Els (red): *Graaff-Reinet, Die Juweel van die Karroo*, Spandau boekhandel: Graaff-Reinet).
Koch, R	1998	*Van die oewer van die Dwyka na Graaff-Reinet se sand*, Oorlogsmuseum: Bloemfontein.
Kraszna-Krausz, A ea	1975	*The Focal Encyclopedia of Photography,* Focal Press: Londen.
Kriel, L	1995	Negentiende-eeuse fotografie as spieëlbeeld van die Victoriaanse tydgees (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis, 9(1)).*
Kros, C	2003	Heritage vs history: the end of a noble tradition? *(Historia,* 48(1)).
Kruger, DW (red)	1965	*Geskiedenis van Suid-Afrika,* NASOU: Kaapstad.
Kucich, J & DF Sadoff	2000	*Victorian Afterlife*, University of Minnesota Press: Minneapolis

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kuyper, A & J Kuyper	1985	*Social Science encyclopedia,* Routledge en Kegan Paul: Londen.
Labuschagne, P	2013	The Afrikaner Cattle breed as a foundational symbol in Afrikaner Culture: The legacy of Rooi Joseph du Plessis *(Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis, 27(2)).*
Lategan, F & L Potgieter	1982	*Die Boer se roer tot vandag: Die ontwikkeling van die vuurwapen in Suider-Afrika,* Tafelberg; Kaapstad.
Laver, J	1977	*A concise history of costume,* Thames and Huson: Londen.
Lawrie, IB	1953	The Public Library of Graaff-Reinet (in CA Els (red): *Graaff-Reinet Die Juweel van die Karroo,* Spandau boekhandel: Graaff-Reinet).
Le Roux, W & A White	2004	*Voices of the San,* Kwela: Kaapstad.
Leach, N	2005	9/11 (in M Crinson (red): *Urban Memory History and amnesia in the modern city,* Routledge: New York).
Lewis, RH	1976	*Manual for Museums* (National Park Service US Department of the Interior: Washington).
Lichtenstein, MKH	1928	*Travels in Southern Africa in the years 1803-1806,* Van Riebeeck Vereniging: Kaapstad.
Lighton, C	1956	*Arthur Elliott – A memoir of the man and the story of his photographic collection,* AA Balkema: Kaapstad.
Loock, J	1953	Die woonplaas van generaal Andries Pretorius (in CA Els (red): *Graaff-Reinet Die Juweel van die Karroo,* Spandau boekhandel: Graaff-Reinet).
Malan, A	1991	Victorian brooches in South Africa: a reflection of European fashion *(Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 5(4)).
Malan, A	1993	Victorian weddings in South Africa: Evidence from personal recollections, letters and photographs (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 7(1)).
Malan, A	1996	The use of historical photographs as source for cultural history: The Sammy Marks photograph *collection* (ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Malkogeorgou, T	2006	The ethics of conservation practice: a look from within (*Conservation Journal, V&A Museum*, 52).
Malherbe, JF	1998	’n Kultuurhistoriese ontleding van gebou en bewoner: Gevallestudies van Residensie en Avondrust, Graaff-Reinet (ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch).
Mandela, NR	1994	*Long walk to freedom,* Macdonald Purnell: Randburg.
Maslow, AH	1954	*Motivation and personality,* Harper: New York.
Matero, FG	1993	The conservation of immovable cultural property: ethical and practical dilemmas (*Journal of the American Institute for Conservation*, 32(1)).
McCord, M	2000	*The calling of Katie Makanya*, David Philip-uitgewers: Kaapstad.
Mackenzie, R	2007	*David Livingstone: The truth behind the legend,* Fig Tree: Chinhoyi.
McLeod, AJ	2000	*Die verloop van die Anglo-Boereoorlog in ’n neutedop,* Ravan Press: Randburg.
McMagh, K	1968	*A dinner of herbs,* Purnell: Kaapstad.
McNaughton, A	gd	*When ants get angry! The importance of Graaff-Reinet in the Anglo-Boer War,* The Graaff-Reinet Advertiser Drukkers: Graaff-Reinet.
Miller, J & M	2005	*Victorian Style*, Octopus: Londen.
Minnaar, A de V	1987	*Graaff-Reinet 1786-1986,* Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing: Pretoria.
Mitchell, WJT	2005	*What do pictures want?* The University of Chicago Press: Chicago.
Moholy, L	1939	*A hundred years of photography,* Penguin books: Londen.
Morgan, KO	2006	*The history of Britain and Ireland*, Oxford University Press: Oxford.
Motsi, A & M Minicka	2008	Conserving the Timbuktu manuscripts (*Quest* 4(4)).
Mouton, J & HC Marais	1992	*Basiese begrippe. Metodologie van die geesteswetenskappe*, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing: Pretoria.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Muller, CFJ	1977	*500 jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* Nasionale Boekhandel: Kaapstad.
Muller, A	1990	Die maatskaplike bestel aan die Kaapkolonie in die 19de eeu – 'n Kultuurhistoriese oorsig (*Die Kultuurhistorikus,* 5(1), Junie).
Müller, L	2008	Intangible and tangible landscapes: An anthropological perspective based on two South African case studies (*South African Journal of Art History,* 23(1)).
Mulligan, T & D Wooters (reds)	2005	*A history of photography: From 1839 to the present,* Taschen: Los Angeles.
Naudé, JF	1928	*Kerklike moelikhede op Graaff-Reinet 1921-1928,* "Ons koerant" Drukkers: Graaff-Reinet.
Naudé, B	1995	*My land van hoop. Die lewe van Beyers Naudé,* Human en Rousseau: Johannesburg.
Neethling-Pohl, A	1974	*Dankbaar die uwe,* Human & Rousseau: Kaapstad.
Nel, PG	1983	*Kultuurfilosofie, Kultuurbeskouings en Kultuurgeskiedenis,* Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
Nel, PG	1984	Kultuurgeskiedenis as wetenskap (*Suid-AfrikaanseTydskrif vir Kultuurgeskiedenis 1(1)).*
Nora, P	1989	Between Memory and History: Les Lieux de Mémoire (*Representations* (special edition), 26*).*
Nunn, T	2008	*Graaff-Reinet: An illustrated historical guide*, Westby Nunn: Kaapstad.
Oberholster, AG	1988	Definisies en beginsels van kultuurbewaring: die kultuurkringloop (In I Coetzee & GM van der Waal (red): *Kultuurbewaring: Veranderende konteks en uitdagings.* Verrigtinge van die Suid-Afrikaanse Konferensie oor Kultuurbewaring, 6-10 Junie 1988).
Obholzer, AM, M Baraitser & WD Malherbe	1985	*The Cape House and its Interior*, Stellenbosch Museum: Stellenbosch.
O'Day, D	1974	*Victorian Jewellery*, Charles Letts: Londen.
Odendal, FF (red)	1994	*Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal,* Perskor: Johannesburg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Oosthuizen, AV	1999	*Rebelle van die Stormberge: Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902,* JP van der Walt: Pretoria.
Olick,JK	2008	Collective Memory (in WJ Darity (red): *International encyclopaedia of the Social Sciences,* Macmullan: New York).
Osband, L	1991	*Victorian House Style*, British Library: Londen.
Pakenham, T	1981	*Die Boere-Oorlog,* Jonathan Ball: Johannesburg.
Parker, MSJ	2008	*Life in Victorian Britain,* Pitkin: Londen.
Payne, B ea	1992	*The history of costume,* Harper Collins: New York.
Philips, A	2007	*Multiculturalism without culture,* Princeton University Press: New Jersey.
Picton-Seymour, D	1977	*Victorian buildings in South Africa,* AA Balkema: Kaapstad.
Picton-Seymour, D	1989	*Historical buildings in South Africa*, Struikhof: Kaapstad.
Pike, HR	1988	*A history of Communism in South Africa,* Christian Mission International of South Africa publishers: Germiston.
Pitman, NM	1986	The peoples of Graaff-Reinet and district (*Lantern*, 35(2), Julie).
Pollack, P	1977	*Photography,* Thames en Hudson: Londen.
Potgieter, DJ (red)	1975	*Standard Encyclopedia of Southern Africa (SESA),* volume 10*, NASOU: Kaapstad*
Preller, GS	1940	*Scheepers se dagboek,* Nasionale Pers: Kaapstad.
Pretorius, F	2001	*Op Kommando: Die lewe in die veld tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902,* Protea Boekhuis: Pretoria.
Pretorius, F (red)	2012	*Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag,* Tafelberg: Kaapstad.
Pretorius, JC	1988	*Op trek,* Scripta Africana-uitgewers: Pretoria.
Pretorius, JC	1990	’n Bronne-indeling vir Kultuurgeskiedenis (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 5 (1)).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Pretorius, JC	1992	*Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika,* Vlaeberg: Kaapstad.
Rabone, A	1966	*The records of a pioneer family,* Struik: Kaapstad.
Rabone, A	1968	Graaff-Reinet days and nights (*The Graaff-Reinet Advertiser,* 5 September).
Ranger, T	2001	*Colonialism, consciousness and the camera,* The Past and Present Society: Oxford.
Roe, FG	1952	*Victorian furniture*, Phoenix House: Londen.
Rolt, LTC	1966	*The aeronauts. A history of ballooning 1783-1903,* Longmans: Londen.
Rosenthal, E	1975	*Victorian South Africa*, Tafelberg: Kaapstad.
Rossouw, T	2003	Die Erasmuskasteel (1903) in Pretoria: 'n kultuurhistoriese studie (ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria).
Roth, M	1999	*Hulle het ons eeu gevorm,* Human & Rousseau: Kaapstad.
Rousseau, L	2005	*Die groot verlange*, Protea Boekhuis: Pretoria.
Rautenbach,W	2005	*Pilgrim's rest*, Lapa: Pretoria.
Roux, A	1991	Die Meisies-tehuis te Graaff-Reinet (1899-1926). 'n Eietydse antwoord op armoede en onderwys, (ongepubliseeerde skripsie, ingelewer ter gedeeltelike voltooiing van die graad B Th, Universiteit van Stellenbosch).
Rupert, A	1981	*Prioriteite vir medebestaan,* Tafelberg: Kaapstad.
Ruskin, J	1907	*The seven lamps of architecture,* George Allen & Sons: Londen.
Schapera, I	1974	*David Livingstone South African papers 1849-1853,* Van Riebeeck Vereniging: Kaapstad.
Schirmer, P	1981	*Die beknopte geïllustreerde Ensiklopedie van Suid-Afrika,* CNA: Johannesburg.
Schoeman, K	1992	*Only an anguish to live here. Olive Schreiner and the Anglo-Boer War 1899-1902,* Human & Rousseau: Kaapstad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Schoeman, K	1996	*The face of the country, a South African family album 1860-1910,* Human & Rousseau: Kaapstad.
Scholtz, L	1984	*Beroemde Suid-Afrikaanse krygsmanne,* Rubicon: Kaapstad.
Serjeantson, RM	1911	*A history of the church of St Giles, Northampton,* W Mark Publishers: Northampton.
Severn, B	1963	*Here is your hat*, Van Rees: New York.
Seymour, J	2007	*Forgotten househould crafts,* Dorling Kindersley: Londen.
Smith, A ea	2000	*The Bushmen of Southern Africa,* David Philip: Kaapstad.
Smith, KW	1976	*From Frontier to Midlands. A history of the Graaff-Reinet District, 1786-1910,* Institute of Social and Economic Research, Rhodes University Press: Grahamstad.
Socolow, SM	1999	Putting the "Cult" in Culture*, (The Hispanic American Historical Review* (special edition)*,* 79(2)).
Sontag, S	1977	*On photography*, Picador: New York.
Strauss, D	2011	Skakeringe van die begrip kultuur – in historiese en sistematiese perspektief (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(4)).
Strasser, A	1942	*Victorian photography,* Focal Press: Londen.
Steinberg, MD	2006	Stories and voices: history and theory (*Russian Review,* 55(3)).
Strutt, DH	1975	*Fashion in South Africa 1652-1900*, AA Balkema: Kaapstad.
Swart, MJ	1987	Wese van kultuur met besondere verwysing na die Afrikaner *(Suid-AfrikaanseTydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis,* 1(4)).
Sykes, CS	1980	*Country house camera,* Book Club Associates: Londen.
Tames, R	1997	*What do we know about the Victorians?* Wayland: East Sussex.
Taylor, MA	2001	*Preserving your family photographs*, Betterway books: Cincinnati.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Telford, AA	1972	*Yesterday's dress*. *A history of costume in South-Africa,* Purnell: Kaapstad.
Thom, HB	1965	*Die lewe van Gert Maritz,* NASOU: Kaapstad.
Thomson, R	2007	*A Victorian childhood at play,* Franklin Watts: Londen.
Thrupp, GA	1969	*The history of coaches*, Meridan: Amsterdam.
Tomaselli, KG	1986	*A contested terrain, struggle through culture,* University of Natal Press: Pietermaritzburg.
Tortora, P & K Eubank	1990	*A survey of historic costume,* Fairchild: New York.
Tschudi-Madsen, S	1976	*Restoration and anti-restoration: a study in English restoration philosophy*, University Press: Oslo.
Uys, I	2007	*Feitegids: 'n Kernensiklopedie,* Pharos Woordeboeke: Kaapstad.
Van Aswegen, HJ	1982	*Geskiedenis van Afrika*, Academica: Pretoria.
Van Bart, M & L Scholtz	2003	*Vir vryheid en vir reg,* Tafelberg: Kaapstad.
Van den Bergh, S	2010	"Die verhaal van 'n siekte": Afrika-perdesiekte en die direkte invloed daarvan op die noodsaaklike ontwikkeling van veeartsenykunde in Suid-Afrika vanaf ongeveer die 1890's tot die 1920's (*Historia*, 55(2)).
Van der Merwe, A	2007	Die verklaring kultuurlandskappe: voor- en nadele (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch).
Van der Merwe, H	1988	Die ontwikkeling van 'n verantwoordelikheidsin ten opsigte van kultuurbewaring in die weste – 'n historiese oorsig (in I Coetzee & GM van der Waal (red): *Kultuurbewaring: Veranderende konteks en uitdagings*. Verrigtinge van die Suid-Afrikaanse Konferensie oor Kultuurbewaring, 6-10 Junie 1988).
Van Graan, R	1989	William Roe – Graaff-Reinet photographer (*Lantern*, 38(1), Februarie).
Van Heerden, P	1963	*Kerssnuitsels*, Tafelberg: Kaapstad.
Van Jaarsveld, FA	1976	*Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974,* Perskor: Johannesburg.
Van Niekerk, AAJ	1975	*Herneuter*, Tafelberg: Kaapstad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van Niekerk, A	2011	Hoe leer ’n mens etiek? (*Die Burger,* 23 Augustus).
Van Schalkwyk, W	2007	*Aberdeen of the Cape: A Retreat of the future,* Westby-Nunn: Kaapstad.
Van Vuuren, CJ	2008	The intricacy of intangible cultural heritage; some perspectives on Ndebele earthen architecture *(South African Journal of Art History* 23(2)).
Verhoef, G	2012	’n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu (In F Pretorius (red): *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*, Tafelberg: Kaapstad).
Vickers, H	2008	*The Royal line of succession,* Royal Collection Enterprises Ltd: Londen.
Visser, W	2012	Die ontwikkeling van vakbonde en georganiseerde arbeid (In F Pretorius (red): *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag,* Tafelberg: Kaapstad).
Wallis, F	2000	*Nuusdagboek-feite en fratse oor 1000 jaar*, Human & Rousseau: Kaapstad.
Walton, J	1998	*Windpumps in South Africa,* Human & Rousseau: Kaapstad.
Warner, B	1989	Eerste foto’s aan die Kaap *(Sagittarius Tydskrif,* 4(3)).
Weinstein, RA en L Booth	1978	*Collection, use, and care of historical photographs*, American Association for State and Local History: Nashville.
Whitlock, ES	gd	*’n Album ou foto’s van Graaff-Reinet*, Port Elizabeth.
Wolseley, KM	1900	*Dress regulations for the Army 1900,* Harrison & Sons: Londen.
Yeld, J	1986	The story of a dusty little Karoo town (*Weekend Argus,* 26 Julie).

PERIODIEKE PUBLIKASIES

Conservation Journal, Victoria & Albert Museum (52) 2006

Commercial review of Cape Colony 1905

Die Burger

22/8/1994

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

22/7/1998

5/12/1998

21/10/2000

10/2/2001

24/5/2003

26/3/2011

23/8/2011

21/4/2012

Die Graaff-Reinet Advertiser

5/9/1968

14/3/2008

Die Kultuurhistorikus

2(1), 1987

2(2) 1987

5(1) 1990

Die Staatskoerant, 28/4/1999

Historia 48(1) 2003

Historia 55(2) 2010

History of Photography 31(4) 2007

Humanities Research 9(1) 2002

ICOM news (4) 2003

Inquirer & Mirror Summer 2004

Indilinga – African journal of indigenous knowledge systems 4(4) 2005

International Journal of Intangible Heritage 2/2007

Journal of The American Institutute for Conservation 32 (1) 1993

Joernaal vir Publieke Administrasie 40(4) 2005

Kronos (27) 2001

Lantern

35(2) Julie 1986

38(1) Februarie 1989

Museum International 50(4) 1998

New German Critique (65) 1995

Onze Koerant 13/4/1916

Rapport 14/4/2013

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*Representations (*26) 1989

Russian Review 55(3) 2006

Sagittarius 4(3)

South African Journal of Art History

22(3)

23(1)

23(2)

South African Journal of Folklore Studies 8(1) 1997

Suid-AfrikaanseTydskrif vir Kultuurgeskiedenis

1(1) 1984

2(1) 1984

1(1) 1987

5(1) 1990

5(4) 1991

7(1) 1993

9(1) 1995

11(2) 1997

14(2) 2000

15(2) 2001

17(2) 2003

24(2) 2010

Suid-AfrikaanseTydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis

1(1) 1987

1(4) 1987

The Hispanic American Historical review 79(2) 1999

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

46(2) 2006

51(4) 2011

Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal

58(2) 2002

Village Life

(28) Februarie/Maart 2008

(31) Augustus/September 2008

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(35) Winter 2009

Volkstem 27/06/1874

Weekend Argus 26/7/1986

ARGIVALE BRONNE

Drakenstein Heemkring

Inligtingspamflet oor fotograaf Gribbel in besit van die Drakenstein Heemkring, Paarl gd

Graaff-Reinet Museum

AA Kingwill DMR lêer 141

AA Kingwill-houer: los koerantuitknipsels uit onbekende koerante 1942

Dirk Visser: Verslag oor restourasie van drosdy op Graaff-Reinet 1977

Feesbrosjure 1936

Gedenkboek van Middellandse Hospitaal 1975 (ongepubliseerd)

Graaff-Reinet Museum publikasie gd

Graaff-Reinet Museumlêer 9(b)

DMR museumpamflet gd

DMR lêer 141 gd

IB Lawrie: Manuskrip oor Graaff-Reinet Biblioteek-geskiedenis 1953

Luscombe artikel in museumbrosjure gd

Museumbrosjure geskiedenis van die DMR gd

Museumbrosjure oor William Roe gd

Museumbrosjure Riena Reinet gd

Norman Eaton: Verslag oor restourasie van Reinethuis 1981

Pamflet oor Willam Roe gd

Reklamevereniging-brosjure gd

Peter Whitlock: Verslag oor restourasie van Urquharthuis op Graaff-Reinet 1993

Soewenierbrosjure van opening van waterwerke 14/7/1925

South African Museums Association (SAMA): *Professional Standards and Tran Indicators* 2007

Graaff-Reinet NG Grootkerk

M Krüger: Manuskrip oor die geskiedenis van NG gemeente op Graaff-Reinet (1953)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

D Every: Manuskrip oor NG Kerk op Graaff-Reinet gd

PP Joubert: Manuskrip oor NG Sendinggemeente, Graaff-Reinet (1931)

Hoër Volkskool

Jaarboek 50ste herdenking van skool 1972

Public Records Office, Verenigde Koninkryk (VK)

Public Record Office (VK), HO 10 7/814/1: Northampton

Public Record Office (VK), HO 10 7/1739: Northampton

BROSJURES

Graaff-Reinet toerismebrosjure gd

Caltex-brosjure: Bewaring van ou geboue en historiese oorblyfsels Kaapstad (1966)

MANUSKRIPTE

Persoonlike manuskripte

Plakboek van mnr AA Kingwill met koerantknipsels uit 1942 koerante

Rubidge: gd Familie-aantekeninge. Handgeskrewe manuskrip in besit van Mev Nancy Kingwill Bourke Court, Graaff-Reinet

STATUTÊRE BRONNE

Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet no 25 van 1999

VISUELE BRONNE

Foto's

Versameling ongenommerde William Roe foto's	Eiendom van Graaff-Reinet Museum
Versameling ongenommerde foto's	Eiendom van Carol Hardijzer

Glasnegatiewe

Versameling ongenommerde glasnegatiewe	Eiendom van Graaff-Reinet Museum

TER PLAATSE ONDERSOEK

Engeland

St Giles Kerk in Northampton 2008

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Graaff-Reinet

Die Ou Biblioteek 2014

Drosdyhotel 2013

Grootkerk 2014

Reinethuis 2013

St Jameskerk 2014

Urquharthuis 2014

REFERATE

Burden, M	1998	Die metodologie van mondelinge oorlewering, toegepas op twee gevallestudies: die volkslied en die volkstaal (Kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis: Stellenbosch).
Burden, M	2008	Erfenisbewaring: Beginsels en etiek (Kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis: Pretoria).
Clarke, A en C Johnston	2003	Place, memory, meaning: preserving intangible values in monuments and sites (Internasionale wetenskapsimposium: Victoriawaterval).
Hattingh, J	1988	Die konsep kultuur *(*Winterskool, Universiteit van Stellenbosch).
Ito, N	2003	Intangible cultural heritage involved in tangible cultural heritage (Wetenskapsimposium: Victoriawaterval).
Sofeleng, K	2008	Safeguarding of Intangible Cultural History in South Africa (Tokyo).
Webb, DA	1989	The Cheshire Cat's advice and the problems of history in museums (SA Museumvereniging*:* Bloemfontein).

MONDELINGE BRONNE

Hardijzer, CH mnr	2010-2014	**Adres:**	Beverlystraat 20 Constantiakloof Roodepoort

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

		Beroep:	Bedryfsielkundige
		Geboortedatum:	08/11/1960
Lipshitz, LC mev	2009	**Adres:**	Andries Pretoriusstraat 8 Graaff-Reinet
		Beroep:	Bibliotekaris
		Geboortedatum:	21/10/1955
Malherbe, P mnr	2012	**Adres:**	Waterval Graaff-Reinet
		Beroep:	Student
		Geboortedatum:	11/9/1989
Mulder, D mnr	2014	**Adres:**	Somersetstraat 93 Graaff-Reinet
		Beroep:	Afgetrede sakeman
		Geboortedatum:	24/8/1936
Naude, M mnr	2012	**Adres**	Ditsong Nasionale Museums van Suid-Afrika Visagiestraat 49 Pretoria
		Beroep	Museumkundige
		Geboortedatum	07/10/55
Roodt, D mnr	2011	**Radio-onderhoud**	Monitor: Radio Sonder Grense (29 Mei)

ELEKTRONIESE BRONNE

E-posse

Naam	**E-posadres**	**Datum van e-pos(se)**
Baartman, Hermi	hermibaartman@yahoo.com	16/10/2012; 04/11/2012; 02/06/2014
De Swardt, Natie	natiedes@telkomsa.net	04/03/2013; 08/08/2013; 02/02/2014; 16/05/2014

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Fransen, Hans	fransen@telkomsa.net	21/03/2013
Hardijzer, Carol	chardijzer@fnb.co.za	06/11/2009; 13/03/2010; 04/03/2011; 08/5/2011; 01/06/2012; 23/11/2012; 23/01/2013; 04/05/2013; 24/4/2014; 16/05/2014; 27/06/2014
Kayster, Anziske	anziskekayster@gmail.com	08/05/2009; 23/07/2010; 19/09/2011; 24/8/2013; 19/9/2013; 04/11/2013; 04/05/2014
Laubscher, Jack	jacklaubscher@telkomsa.net	12/02/2013
Naude, Mauritz	mauritz@ditsong.org.za	04/05/2012; 09/05/2012
Senekal, Mark	marksenekal@telkomsa.net	11/10/2013; 07/04/2014
Whitlock, Peter	mwa@adsactive.com	23/04/2013; 06/08/2013; 23/05/2014

Webblaaie

Banerjee, J	2010	www.victorianweb.org/gender/bardettcoutts (afgelaai: 16 Maart 2014)
Barach, J.	gd	www.motorera.com/history/hist06 (afgelaai: 23 Oktober 2010)
Clarke, A en C Johnston	2003	www.openarchive.icmos.org/504/1/B3-7_-_Johnston.pdf (afgelaai: 7 Mei 2012)
Duggan,B	2013	www.bigthink.com/picture (afgelaai:1 Oktober 2014)
Greenspan, P	2007	www.militaryphotos.net/history/timeline (afgelaai: 25 April 2011)
Geen skrywer (gs)	2010	www.smartcape.org.za/life-style/general/timbuktu-manuscripts (afgelaai: 20 Julie 2012)
gs	2011	www.blog.icomos-uk.org/stable (afgelaai: 7 Mei 2012)
gs	2011	www.springbokrugby.webs.com/1891lions (afgelaai: 25 Maart 2013)
gs	2012	www.ikizo.org.za/static/page/history-of-koopmans-de-wet-house (afgelaai: 19 November 2012)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gs	2012	www.newworldencylopedia.org/entry/Balloon (afgelaai: 11 Januarie 2013)
gs	2012	www.sahistory.org.za/topic/port-elizabeth-timeline-1799-1986 (afgelaai: 11 Januarie 2013)
gs	2013	www.sahra.org.za/about/about-sahra (afgelaai: 31 Maart 2014)
Markwood, J	2010	www.agorajournal.org (afgelaai: 1 Oktober 2014)
Prins, R	2009	www.bintphotobooks.blogspot.com/2009/10/human-figures-in-motion-eadweard (afgelaai: 14 Februarie 2010)
Smith, K	2009	http://www.bwm.org.au/site/Aircraft.asp (afgelaai: 28 Julie 2009)
Tankard, K	2009	www.knowledge4africa.com (afgelaai: 31 Oktober 2009)
Tyrrell. B	2010	www.ezakwantu.com/Gallery_Killie_Campbell_Tribute (afgelaai: 25 Mei 2014)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM A



418

24

Parish or Township of Northampton — Ecclesiastical District of — City or Borough of Northampton — Town of — Village of

Name of Street, Place, or Road, and Name or No. of House	Name and Surname of each Person who abode in the house, on the Night of the 30th March, 1851	Relation to Head of Family	Condition	Age of Males	Age of Females	Rank, Profession, or Occupation	Where Born	Whether Blind, or Deaf and Dumb
	Jane Clarke	Head	Widow		51	Scholar	North'n Northampton	
	Eliza do	Daughter	Unm		14	Scholar	Do Northampton	
	Priscilla Jones	Lodger	Mar	63		Retired Master	Stafford Whitmore	
	Sarah Hunger	Visitor	Widow		7	Scholar	Wiltshire London	
47	William Roe	Head	Mar	24		Cart Maker	Northampton	
	Mary Ann do	Wife	Mar		24		Do	
	William do	Son		3		Scholar	Do	
	Elizabeth do	Son		6 mo			Do	
48	2 Alton Street James Day	Head	Mar	56		Gardener	Berkshire Stratfordby	
	Mary do	Wife	Mar		57	Laundress	North'n Northampton	
	Edward do	Son	Unm	30		Gardener	Northampton	
	Robert do	Son	Unm	22		Servant	Do	
	Elizabeth do	Daughter	Unm		21	Dressmaker	Do	
	James do	Son	Unm	16		Gardener	Do	
	John do	Son		12		Scholar	Do	
49	William Philby	Head	Mar	29		Shoe Maker	Do	
	Elizabeth do	Wife	Mar		29		Bedford	
	Sarah do	Daughter			4 mo		Northampton	
	Ann Jefferds	Visitor			10 mo		Northampton Carlton	
100	Bartholomew Smith	Head	Mar	26		Brick Maker	North'n Northampton	
Total of Houses I 1 U B			Total of Persons	9	11			

PUBLIC RECORD OFFICE 1 2 3 4 5 6
Reference :— H.O. 107/1739
COPYRIGHT PHOTOGRAPH—NOT TO BE REPRODUCED PHOTOGRAPHICALLY WITHOUT PERMISSION OF THE PUBLIC RECORD OFFICE, LONDON

Sensus-inskrywing in openbare register, Northampton (30/3/1851)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM B



Sensus-inskrywing in openbare register, Northampton (ongedateer)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM C

en made
, of Port
in Shares,
of the ori-
ving alleged

l,
on the 15th
own to the

, Cashier.

y.

CCORD,"
rtment of
ERY,

nt,

r, &c, &c.,

s in great

very Low

D & Co.

JBLIC

inform the
o start

P.E TELEGRAPH,
October 7th, 1858

T o
o
Gamtoos River by the above opportunity to take their passage at DORWARD'S Livery Stables.

G. F. MULLER,
Mail Contractor.

PORTRAITS! PORTRAITS!

IN THE FINEST STYLE OF ART;

AT REASONABLE PRICES.

WM. ROE,

PHOTOGRAPHER.

(Late in connexion with the London School of Photography,)

INTENDS during a short stay in the Bay, taking his Superior Portraits, unsurpassed for delicacy, beauty, and truthfulness.

Every variety of Photographic Art practised and taught, Portraicts and Groups for the Stereoscope, Lockets, &c., Views of Buildings, Copies of Pictures, Plans or Photographs taken on Glass or Paper.

Attention is particularly requested to the immense advantages of Paper Photographs to those who wish to send to a distance, as Portraits, Groups and Views of Stores or Residences may be sent by post without fear of injury, they are warranted permanently fixed and cannot be injured by damp.

Specimens may be seen at Mr. COLLARD's, Main-street, and at the Portrait Room, on the Hill, behind Mr. SAVAGE's Store, distinguished by the Flag.

Portraits taken from Sunrise to Sunset—in any weather.

Board.
All school
of the pupils.
The Board
shall be requ
half-yearly e
proceed from
during the ex
proper and e
receive from
reports of th
schools, prep
Board, shall
report of the
ports, togeth
expenditure
ally publishe
bute all prize
ELEME
The Teach
attendance,
every school-
to the Board
chargeable
which instru
arithmetic w
to the Instit
All Rules
framed by th
of the Board
The Teach
the School-b
the Senate.
All School
at the expen
All fees,
tary or Trai
through an
purpose.
That it sh
the Element
open the du
reading of a
however, wi
instruction,
during the
service.

Advertensie van Roe se foto-ateljee in die *PE Telegraph* (7/10/1858)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM D

Banktjeks wat Roe aan sy verskaffers uitgeskryf het (|Roe lêer|:Graaff-Reinet Museumargief).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM E



Death Notice.

PURSUANT TO THE PROVISIONS CONTAINED IN THE ADMINISTRATION OF ESTATES ACT, 1913.

1. Name of deceased: William Roe
2. Birthplace and Nationality of deceased: Northampton, England
3. Names and addresses of the parents of the deceased: Father: Not known; Mother: Not known
4. Age of the deceased: Eighty nine years months.
5. Occupation in Life of the deceased, or, if a woman, of her husband: Photographer
6. Ordinary place of residence of the deceased, or, if a woman, of her husband: Graaff Reinet
7. Married or Unmarried, Widower or Widow: Married

(a) Name of surviving spouse, if any, and whether married in community of property or not: Mary Ann Roe (born Durham) married in community of property

(b) Name or names and approximate date of death of previous spouse or spouses: ----------

(c) Place of last marriage: Manchester England

8. The day of the decease: On 12th April 1916
9. Where the person died: House: At his dwelling house in Parliament Street; Town or Place: Graaff Reinet; District:
10. Names of children of deceased, and whether majors or minors. (State separately those of different marriages and give the date of birth of each minor). Names must be written out in full. If there are no children, and either or both parents be dead, then give the names and addresses of the brothers and sisters of the deceased: There were four children of the marriage all deceased and none of them left any issue
11. Has the deceased left any movable property? Yes
12. Has the deceased left any immovable property? No
13. Is it estimated that the estate exceeds £300 in value? Yes
14. Has the deceased left a Will? Yes

Dated at Graaff Reinet

this 14th April 1916

Wife of deceased

State in what capacity, and whether at the time at or near the place of death: Present at the time of death.

William Roe se doodsertifikaat (Roe lêer: Graaff-Reinet Museumargief).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ADDENDUM F



Grafsteen van William Roe en sy seun William Edward Roe (Foto: JF Malherbe)